

DS. W. J. NAUDE, ALIWAL NOORD.

WAARVANDAAN ONS BYBEL ?

Deur

DS. W. J. NAUDÉ, B.A., B.D.

UITGEGEE DEUR
DIE CHRISTEN—STUDENTEVERENIGING
VAN SUID—AFRIKA

VERKRYGBAAR BY
C.S.V.—BOEKHANDEL
BUS 25 STELLENBOSCH
EN
C.S.V.—BOEKHANDEL
BUS 8459 JOHANNESBURG

OPGEDRA AAN
DIE N. G. GEMEENTE, ALIWAL-NOORD
VIR SOWAT 30 JAAR MY GEMEENTE

GEDRUK EN GEBIND IN GROOT BRITANJE VIR MARSHALL MORGAN EN SCOTT, BEPERK
DEUR FURNELL EN SEUNS, BEPERK, PAULTON, ENGLAND

WOORD VOORAF

Ek voldoen aan die versoek van die skrywer om 'n woord vooraf hier te plaas.

Hierdie boek is die vrug van jarelange arbeid. Goed onthou ek toe die eerste stuk van „Waarvandaan ons Afrikaanse Bybel” in Die Kerkbode verskyn het.

Nou wil Ds. Naudé dat sy arbeid van vele jare nie verlore sal gaan nie. Wat dit betref is daar baie wat dit met hom eens is. Hy het dan ook, aangemoedig deur meer as een, besluit om aan sy stukke wat in Die Kerkbode verskyn het, saam met wat hy bygewerk het, permanente vorm te gee, en die leser het dit nou in die boekwerk wat hy in sy hand het.

Hierdie boek voorsien sekerlik in 'n groot behoefte wat in ons land bestaan. Dit is die geskiedenis van die ontstaan en die bewaring van die Boek wat ons volk so goed ken, waarvan ons volk sedert 1933, in die Afrikaanse vorm, 400,000 eksemplare gekoop het. Maar oor hierdie Boek is daar nog veel onkunde wat sy wese, sy ontstaan en bewaring betref. In verband hiermee is die geskrif van Ds. Naudé van groot waarde. Dit vertel ons van die persone wat oor 'n tydperk van honderde jare, een ná die ander, elk sy deel van die Bybel op skrif gestel het. Ons kom in hierdie geskrif iets te wete van die tale waarin die mense uit die voortyd hul uitgedruk het, en van die klippe, die papyrus en perkament waarop hulle opgeteken het die woorde wat hulle van God ontvang het. In die tweede gedeelte

van hierdie werk word uitvoerig vertel hoe die Bybel bewaar is. Die skrywer kry dan die geleentheid om die een en ander te sê van die vasstelling van die Kanon. Dan wei hy uit oor die Apokriewe Boeke en die Apokriewe Evangelies en Briewe; ook oor die eerste Christelike skrywers; die Apostoliese Vaders en veel meer. Ek kan amper vra: Wat kry die leser hier nie?

En alles het ons hier in duidelike taal en eenvoudige styl. Wetenskaplik is die behandeling, maar die skrywer bring die leser nie in die war deur die gebruik van moeilike tegniese terme nie. Taal, styl en behandeling is populêr, maar dit in die beste sin van die woord. *Ons het hier 'n ware volksboek.*

Dan, die grootste van alles: die skrywer lê nadruk, nie maar eenmaal nie, maar herhaaldelik op die goddelike inspirasie van die Bybel. Die Bybel is van God afkomstig en dit op besondere, heeltemal enige wyse. Dit is geïnspireer soos dit die geval is met geen ander boek nie. „Die Auctor Primarius, die Eerste Skrywer is God die Heilige Gees.”

My bede is dat die seën van God op hierdie werk mag rus.

J. D. KESTELL.

Bloemfontein,
8 April 1938.

VOORWOORD

OP een van die baie feeste in verband met die verskyning van die Bybel in Afrikaans het ek 'n voorlesing gegee oor die onderwerp, waar die Bybel vandaan kom. Uit hierdie voorlesing is hierdie boek gebore, vandaar dat die „Afrikaanse Bybel” so 'n groot rol speel in die boek. Persone wat ons gehelp het, wil ons baie bedank. Ons begin met Mej. J. O. Huisman van Aliwal Noord wat baie tikwerk gedoen het. Ook moet ek hartlike dank betuig aan Ds. Strauss wat nou op Aliwal help, vir hulp betoon by die nasien van proefkopieë. Veral moet ek hartlike dank bring aan Dr. Kestell vir sy hulp en raad, en vir sy woord van aanbeveling.

Bewus van sy vele foute, dra ons hierdie werk, die eerste van sy soort in Afrikaans, aan die Afrikaanse Volk op.

W. J. NAUDÉ.

ALIWAL NOORD.

15 Februarie 1938.

INHOUD

HOOFSTUK	BLADSY
INLEIDING	
I. DIE VRAAG	9
II. DIE NAAM „BYBEL” —SKRYFMATERIAAL	12
III. DIE NAAM „OU EN NUWE TESTAMENT”	16
IV. SKRYFKUNS BEKEND	18

DEEL I

DIE KANONIEKE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT: HUL WORDING EN ONTSTAAN

I. DIE TAAL	23
II. LESSE UIT DIE HISTORIESE KRITIEK	28
III. DIE PENTATEUG	35
IV. DIE PROFETIESE BOEKE	43
V. DIE LATERE PROFETIESE BOEKE	52
VI. DIE SKRIF-PROFETE	61
VII. DIE SKRIF-PROFETE SE GESKRIFTE	69
VIII. DERDE DEEL VAN DIE OU TESTAMENT. RUT—KRONIEKE	77
IX. DIE PSALMS	83
X. DIE GESKIEDENIS VAN DIE PSALMBOEK	90
XI. DIE PSALMS—VERDELING IN VYF BOEKE	94
XII. DIE WYSHEIDSLETTERKUNDE VAN ISRAEL	102
XIII. DIE WYSHEIDSBOEKE VAN DIE OU TESTAMENT	108
XIV. DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEK SPREUKE	111
XV. DIE LAASTE BOEK VAN DIE OU TESTAMENT	116

DEEL II

DIE KANONIEKE BOEKE VAN DIE NUWE TESTAMENT: HUL WORDING EN ONTSTAAN

I. SKRIF EN TAAL	123
II. NEGE SKRYWERS	129
III. DIE ONTSTAAN VAN EVANGELIEBOEKE	135
IV. DIE EVANGELIEBOEK MARKUS	139

HOOFSTUK	BLADSY
V. DIE EVANGELIEBOEK MATTHEUS	143
VI. DIE GESKRIFTE VAN LUKAS	149
VII. DIE BRIEWE VAN DIE NUWE TESTAMENT	155
VIII. JOHANNES SLUIT DIE BYBEL AF	161

DEEL III

DIE KANON VAN DIE OU TESTAMENT

I. DIE WOORD KANON	165
II. DRIE DELE—DRIE KANONS	172
III. TYDPERK TUSSEN OU EN NUWE TESTAMENT	177
IV. DIE SEPTUAGINT EN JESUS CHRISTUS	181
V. JOSEFUS EN DIE JOODSE SINODE VAN JAMNIA	187

DEEL IV

DIE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT

I. NUWE-TESTAMENTIESE APOKRIEWE BOEKE— EVANGELIEBOEKE	191
II. DIE ANDER APOKRIEWE BOEKE EN ANDER OU CHRISTELIKE BOEKE	200
III. GETUIENIS VAN DIE OU CHRISTELIKE SKRYWERS	209
IV. OU CHRISTELIKE SKRYWERS NOGEENS	215
V. HOE DIE KEUSE VAN DIE 27 KANONIEKE BOEKE GEDOEN IS	221
VI. DIE TWEDE KANON EN DIE OU CHRISTELIKE SKRYWERS	224
VII. DIE OU CHRISTELIKE SKRYWERS VAN DIE JAAR 200	232
VIII. OU BYBEL-KATALOGUSSE	237
IX. DIE DERDE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT	239
X. DIE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT AFGESLUIT	245

DEEL V

HOE HET DIE BYBEL NA ONS TOE GEKOM?

I. DIE VRAAG	253
II. DIE WEG VAN DIE AFSKRIFTE	255
III. DIE OUDSTE HANDSKRIFTE	259
IV. DIE WEG VAN DIE BYBELVERTALINGS	265
V. DIE WEG VAN BYBELAANHALINGS IN DIE OU GESKRIFTE	276
VI. DIE TEXTUS RECEPTUS	278
VII. ONS AFRIKAANSE BYBEL	283

WAARVANDAAN ONS BYBEL?

INLEIDING

I

DIE VRAAG

DIE belangrikheid van hierdie vraag! Die oorsprong van enige ding is vir ons belangrik en die ondersoek en navorsing daarvan is vir ons interessant. So leer ons die kinders op skool om in die gees op die Drakensberge te staan en die stroompie wat later Oranjerivier word, op te merk. Dit is vir hulle interessant en leersaam om te weet: „Hier kom die Oranjerivier vandaan.” So leer ons katkisanter waar die Christelike Kerk vandaan kom. Ons leer hul om ver terug 'n blik te kan slaan op die oorsprong van die Christendom en dit as 't ware te sien begin. Dit het op ons gemoed 'n geweldige uitwerking en dit laat ons sien die grootheid, die grootsheid, die goddelike majesteit van die Christelike Kerk. Dit laat 'n mens verlang om 'n lewendige lidmaat van Jesus se Kerk te wees.


Dit kan ook nie anders nie. Dit is slegs natuurlik dat dit vir ons in hierdie dae van feesviering oor die Afrikaanse Bybel seker belangrik en interessant is om oor die eeue heen terug te kyk en die wonderlike geskiedenis na te gaan van die oorsprong van die Bybel en om te sien waar die Afrikaanse Bybel vandaan kom.

Natuurlik kom dit van God. „Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die

wil van die mens nie" (Ned. Geloofsbelydenis, Art. 3.). „Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Tim. 3: 16). Die Eerste Skrywer of Auctor Primarius is God, die Heilige Gees. Dit bely en glo die Christelike Kerk van ouds af. Maar God het mense gebruik. Petrus is een van die mense wat God gebruik het, en hy het geskrywe: „Deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek" (2 Petr. 1: 21).

Wil ons dan die afkoms van die Bybel naspoor, dan staan ons voor die vraag: watter mense het God gebruik, en waar en wanneer het hul gelewe; wat was hul omstandighede en opvoeding, en in hoeveel tale het hul geskrywe; hoeveel mense, hoeveel jare het verloop vanaf die eerste skrywer wie se naam in Gods Woord voorkom, tot op die laaste? Dan was daar nog behalwe die eintlike skrywers vele profete, predikers, redakteurs, sekretarisse (b.v. Silas en Timotheus, wat sekretarisse van Paulus was), oor- en af-skrywers en vertalers, bewaarders, versamelaars ens.

Ons leer gewoonlik dat die Bybel, soos dit nou verdeel is, uit 66 boeke bestaan en dat God van 30 tot 40 mense as skrywers gebruik het. Presies hoeveel weet ons nie, en dit het God nie behaag om almal se name vir ons te gee nie. Ons publiseer ook 'n kaart, waarop ons probeer aanskouelik voor te stel waar die Bybel vandaan kom. Heel onderaan lees u: „1933—die Afrikaanse Bybel", en heel bo-aan sien u voorgestel die oorspronklike geskrifte van die Ou Testament, die naam Moses bo en Kronieke onder, Moses as die eerste skrywer, die Kronieke waarskynlik die laaste boek van die Ou Testament. Dan sien u weer onderaan voorgestel die oorspronklike geskrifte van die Nuwe Testament met die naam Paulus bo aan, as die eerste skrywer, en



DIE WORDING VAN ONSE BYBEL

onderaan die naam Johannes as die laaste skrywer van die Nuwe Testament, wat geskrywe het teen die einde van die eerste eeu.

As u dan van „1933—die Afrikaanse Bybel” opkyk tot bo by Moses, vind u in kort voorgestel die geskiedenis van die Bybel vanaf Moses tot by ons. As ons aanneem dat Moses geleef het in die tyd van Amenhotep van Egipte (1450—1400 voor Christus), dan het ons ruim 1400—1500 jaar van Moses tot by Johannes. Dan, met groot eerbied sy dit gesê, het dit die Almagtige 1400—1500 jaar gevat om Sy Woord daar te stel. Hoe groot is Sy Woord dan nie! Hoeveel moeite het dit God dan nie gekos nie! Met hoeveel dankbaarheid moet ons dan nie sing nie: „God gee ons Sy Woord genadig.” Dan sien ons ook hoeveel jare daar verloop het tussen Moses en ons Afrikaanse Bybel.

II

DIE NAAM „BYBEL”—SKRYFMATERIAAL

DIE WOORD „BYBEL.”

DIT is van Griekse afkoms en kom van die Griekse woord „Biblia”, wat letterlik die betekenis het van „boekies” of „klein boeke”. Volgens die afkoms dan dui die woord „Bybel” aan dat dit ’n bundel, ’n versameling is van verskillende klein boeke. Het die ou gewoonte by ons, dat met huisgodsdienste die vader sê: „Bring die boeke”, of van die huisgodsdienste te hoor praat as: „Ons vat die boeke”, of selfs die vraag: „Vat, lees julle die boeke,” iets hiermee te doen? So sien ons dat die naam Bybel ’n versamelnaam is en nadruk lê op die feit dat ons te doen het met ’n versameling van aparte klein boeke en dat dit dus ’n

biblioteek is van 39 boeke in die Ou Testament en 27 in die Nuwe Testament. So wil die Groot Skrywer, die Heilige Gees, so dikwels ons die naam „Bybel” op die lippe neem, ons herinner aan die wonderbaarlike geskiedenis van die wording en ontstaan van Sy Woord bestaande uit verskillende boeke.

Dog die naam „Bybel” het vir ons nog ’n ander en indien moontlik nog ’n dieper betekenis en definitiewe boodskap. Die gebruik het in die loop van die eeue in die mond van Gods volk uitgedruk, nie die veelheid van „klein boeke” nie, maar die eenheid—dat dit een Boek is. „Het woord Bijbel geeft te kennen dat die vele boeken bijeen hooren, één zelfden goddelijken oorsprong hebben, en daarom van alle boeken zijn te onderscheiden.” Dit kom tot ons deur al die eeue heen met ’n goddelike boodskap van „hoe groot my sonde is, hoe ek van my sonde kan verlos word, en hoe ek God daarvoor dankbaar moet wees,” asof dit net een boek is. Daarom word hierdie wonderlike Boek, die Boek van alle boeke, ook „Gods Woord” of „die Heilige Skrif” genoem.

Hoewel die naam „Bybel” vir ons dierbaar is, tog is dit aan die ander kant waar dat die woord Bybel as ’n vreemde woord ons minder toespreek, en dat die naam „Gods Woord” of „Heilige Skrif” vir ons meer toespreek, en vir ons meer direk en onmiddellik op God wys. So is dit ook verstaanbaar dat ons byna sonder uitsondering op die kansels hoor, „Laat ons lees uit Gods Woord,” of „uit die Heilige Skrif,” asof dit meer pas by die waardigheid van Gods huis en die kansel. So voel ons ook vanself dat dit nie sal pas om ’n boekverkooper te vra na „’n halfkroon Gods Woord” nie, maar daar koop ons „’n halfkroon se Bybel.”

DIE SKRYFMATERIAAL.

Waar is daar in die ou dae op geskrywe? Dit blyk uit die geskiedenis dat *klip* die eerste materiaal was waarop daar geskrywe is. Dit leer ons uit die menigte inskripsies op klip wat in later jare opgegrawe is en waarop belangrike dinge uit die oudheid geskrywe staan en bekend geword het. Hierdie stene of klippe, b.v. die Rosetta-steen en die Wetboek van Hammurabi wat albei later opgegrawe is, is vandag te sien in die musea van Europa. Die Rosetta-steen of—klip word so genoem na die stad Rosette op die oewer van die Nyl waar dit onlangs opgegrawe is. Dit bevat 'n inskripsie van ruim agt eeue voor Christus en het al die eeue daar onbekend begrawe gelê. Later is daar op sagte materiaal geskrywe, naamlik op *klei*, wat dan in vorms gedruk is en met die letters daarop in die son gedroog en selfs in vuur gebak is. So kry ons vandag nog in die musea te sien ou kleitafels of kleitablette wat eeue oud is, b.v. die Tel-el-Amarna-kleitabelle wat omtrent die tyd van Moses ontstaan het. In Babilonië het hul op kleitafels geskrywe, 'n materiaal wat in die vrugbare Babilonië volop was. Dit is egter so goed as seker dat die Bybelskrywers nie van ons Bybelboeke as 'n geheel op klip of klei geskrywe het nie, hoewel ons lees dat God self Sy Tien Gebooue op klip geskrywe het en ons dikwels lees van „kliptafels” in verband met die Wet van God. In Job 19: 24 waar ons lees: „met 'n ystergriffel en lood vir altyd in 'n rots ingekap,” en in Jesaja 8: 1 waar ons lees: „neem vir jou 'n groot tafel en skrywe daarop met 'n mensegriffel”, en ook in Jes. 30: 8 en Hab. 2: 2 is daar duidelik sprake van skrywe op klei-tafeltjies. Verder lees ons ook in Josua 8: 32 dat Josua „'n afskrif van die Wet

van Moses op klippe geskrywe het.” Ons moet egter terloops daarop wys dat daar in die Bybel herinnerings voorkom uit die ou steenperiode, b.v. in Exodus 4: 25 waar ons lees van die besnydenis deur Sippora met „’n skerp klip”, en in Josua 5: 3: „, Toe het Josua vir hom klipmesse gemaak.” So ook moontlik in Deut. 3: 11, waar ek vrees dat die vertaling „ledikant, ysterledikant” verkeerd is, en dat dit ’n klipledikant was.

Waar ons seker van kan wees is dat die eerste Bybel-skrywers, Moses en andere, op *papirus* geskrywe het. Papirus was die naam van ’n grasplant wat op groot skaal al in Moses se tyd in die Nyl-delta gekweek is. Hierdie plant is dan in reepe gesny en in blaaië of rolle geplak. Dit was die skryfmateriaal wat vanaf die oudste tye in gebruik was in Egipteland. En ’n menigte van hierdie „papiri”, soos dit gewoonlik kortweg genoem word, is met opgrawings in die Egiptiese graftes gevind en kan vandag in die wêreld se musea gesien word. Ons kan aanneem dat selfs skrywers van die Nuwe Testament nog op papirus geskrywe het, en dat hierop gedoel word in 2 Joh. 12. Maar ’n ander skryfmateriaal wat lang-samerhand die gebruik van papirus verdring het, omdat dit taaier en langer gehou het, was die *perkament*—dit is diervelle wat sag gebrei en op albei kante beskrywe is. Hierdie perkament was in gebruik by die ou Egiptenare en Israeliete.

Geskifte op hierdie papirus of perkament is in rolle vervaardig, sodat ons in die Bybel lees van „die rol van die boek,” of van die rol van Jesaja waaruit Jesus gelees het in die Sinagoge in Nasaret. Paulus het op perkament geskrywe volgens 2 Tim. 4: 13.

Die Bybelskrywers het dan op hierdie materiaal geskrywe met ink met ’n puntige skryfriet of pen of

griffel: „Die sonde van Juda is geskrywe met 'n ystergriffel, met 'n diamantpunt” (Jer. 17: 1), (Job 19: 24) en in 3 Joh. 13: „Ek wil nie met ink en pen aan jou skrywe nie.”

III

DIE NAAM „OU EN NUWE TESTAMENT”

BEHALWE die name „Bybel”, „Gods Woord”, „Heilige Skrifte”, of „Heilige Skrif”, wil ons ook nog noem die name wat so dikwels met groot eerbied op ons lippe geneem word, naamlik „Ou Testament” en „Nuwe Testament”.

Hierdie naam, „Testament”, het vir ons 'n diepe betekenis. Die woord „testament” laat ons al dadelik dink aan 'n dokument wat met sorg en liefde opgetrek is, aan 'n vaderhart vol van liefde en belangstelling vir sy kind, aan 'n erfenis wat so 'n ouerhart bemaak vir sy kind om te sorg vir die toekoms van die geliefde kind.

So toon hierdie benaming van die Bybel as „Ou” en „Nuwe Testament” op homself al dadelik die doel van God met Sy volk aan, soos vir ons in die „Testament” beskrywe en te boek gestel as 'n onverbreekbare plegtige dokument. Dit spreek dadelik tot ons van 'n *verbond* tussen God en Sy volk. So sien ons dan ook dwarsdeur die „Ou Testament” die gedagte van 'n verbond met God daaragter as die „eerste oorsaak”, wat van God kom, en waardeur die Heilige Almagtige God vir Hom laat bind ten opsigte van Sy volk.

Hierdie Verbond tref ons aan in Genesis 3: 15 by die moederbelofte, waar God vir Hom verbind ten behoeve van die arme mensdom om die stryd met Satan, die ou Slang, aan te knoop, en dit te beëindig

in die oorwinning oor en die algehele vernietiging van Satan, en om so vir die mensdom uiteindelik verlossing en triomf te waarborg. Weer sien ons dit vernuut met Noag, Abraham, met Israel deur die redding uit Egipte, en daarna uiterlik afgebeeld in die ark van die Verbond, en so voort in die Psalms en die Profetiese Boeke.

In Jeremia 31: 31-34 bereik die profesie sy toppunt in die aankondiging van 'n Nuwe Verbond, wat volgens Hebreërs 8: 6-13 en 10: 15-17, in Christus vervul geword het. Hierdie uitdrukking „Nuwe Testament” is deur Jesus Christus oorgeneem en gebruik by die instelling van die heilige Nagmaal, en is later deur Paulus in 2 Kor. 3: 6 gebruik vir die inhoud van sy prediking. Die idee van 'n erfenis in verband met hierdie Testament kom duidelik uit in Hebreërs 9: 15-17, en word hier in verband gebring met die dood van Christus. Sy dood, so redeneer die gewyde skrywer van die Hebreërbrief, bevestig die Verbond, die Testament, en bring die erfenis wat die Testament bevat, te weeg. Paulus was in 2 Kor. 3: 14 die eerste om van die Bybelboek van die Ou Verbond te spreek as „die Ou Testament”, en so het dit later gebeur dat van die „Evangelieboeke, en Apostoliese briewe ens.” gespreek is as „die Nuwe Testament,” en so lees ons nou vooraan in ons Afrikaanse Bybel: „Die Bybel, dit is die ganse Heilige Skrif, wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat.”

Hierdie benaming was in die begin van die derde eeu 'n vasgestelde gewoonte, toe b.v. Origenes kon praat van „die Heilige Skrifte, die sogenaamde Ou en Nuwe Testament.”

Van die woord „Bybel” kan ons nog dit sê, dat dit afkomstig is van die Biblus-plant, ook papirus-plant

genoem, wat in Egipte gegroei het, waarvan die mense die blad gebruik het om op te skrywe, en so het dit later die betekenis gekry van „boeke” of „biblia”, wat beteken „klein boekies.” Die naam Bybel vir die Heilige Skrifte kom die eerste maal voor in die Brief wat aan Clemens van Rome toegeskrywe word, en wat in die middel van die tweede eeu verskyn het.

IV

SKRYFKUNS BEKEND

Maar kon die mense in die ou dae geskrywe het? As ons terugdink aan die dae, 1500 jaar voor Christus, dan ontstaan die vraag as vanself of Moses, Josua, Samuel en David dan kon skrywe. Ek herinner my hoedat ons op die Kweekskool onder Prof. Marais moes leer en bewys dat die skryfkuns in daardie ou, ververwyderde dae al bekend was. Wel, hiervoor is die bewyse legio, en dit wel allereers uit die Bybel self.

BYBELGETUIENIS.

Dwarsdeur die Bybel spreek die Bybelskrywers op 'n heel natuurlike wyse van boeke en dokumente wat in hulle tyd bekend was en waarna hul die lesers van hulle tyd verwys, met die duidelike veronderstelling dat elke leser oorbekend was daarmée. So, om maar te wys op 'n paar voorbeelde uit die vroegste boeke, sien ons dat die skrywer van Kronieke verwys na „die Boek van die Koninge van Juda en Israel,” „die Kronieke van die Koning David,” „die geskiedenis van Samuel,” „die geskiedenis van die profeet Natan,” ens. Of die skrywer van die boek Konings praat van „die geskie-

denisboek van Salomo" (1 Kon. 11: 41). Dan weer lees ons in Rigters 8: 14 van Gideon: „hy vang 'n seun van die mense van Sukkot en die het die vorste van Sukkot en sy oudstes opgeskrywe." Nou spreek dit tog vanself, as 'n ou klonkie van Rondebosch kan skrywe, hoeveel te meer kan die geleerde predikant en sy scriba nie ook skrywe nie! Maar ons kan nog verder teruggaan na die boek Josua, en daar lees ons in Josua 18: 4 van litterariese werksaamheid waar Josua die land verdeel en elkeen se deel „beskrywe". Hierdie woord „beskrywe" kom tot driemaal voor. In Josua 24:26 lees ons van die verbond tussen God en Israel toe Josua uitgeroep het: „Maar ek en my huis, ons sal die Here dien," en die volk geantwoord het, „Ons sal ook die Here dien;" ook het Josua hiervan 'n skriftelike akte gemaak. Nog meer, ons sien in Josua 10:13 dat hy verwys na 'n toe bekende geskrif (gedigte), „die Boek van die Opregte". Al hierdie boeke het vir ons verlore gegaan, maar hulle bewys dat die skryfkuns oud is. Ons wys nog op een voorbeeld uit die Bybel van 'n stad Kirjat-Sefer in Josua 15: 15, wat letterlik beteken „boekestad", of soos die Griekse vertaling van die Ou Testament dit het, Kurjat-Sofer, „geleerde stad".

MONUMENTE-GETUIENIS.

Maar laat ons nou vir verdere bewyse na die geskiedenis buitekant die Bybel gaan. In die outyd was daar *drie skrifsoorte* in gebruik, nl. *die hieroglifiese, die spykerskrif* en *die letterskrif*.

Die Letterskrif: Dit spreek vanself dat die letterskrif wat letters gebruik het en nie aftekeninge van beelde was nie, verreweg die jongste is. „In vergelyking met andere schriftsoorte is het letterschrift jong." Tog sal

ons sien dat die oudste aan ons bekende letterskrif ons terugvoer na ver voor die tyd van Moses. Dit is die inskripsie op klip, opgegrawe in die Skiereiland Sinai by 'n tempel, wat deur die Egiptenare gebou was en wat bestaan het tussen die jare 2000-1100 voor Christus. Die taal van hierdie inskripsie is nie Egipties nie, maar Semities, en word geskat afkomstig te wees van tussen 1850-1450, dit is tussen Abraham en Moses—in elk geval van voor die Uittog uit Egipte. Van hierdie Skrif is nog 'n inskripsie opgegrawe in Egipte wat geskrywe was in 1850 voor Christus, omtrent die tyd van Abraham.

Die Spykerskrif: Die ouer skrif, nl. die spykerskrif, tref ons aan by die oudste volke van Asië, veral by die Babiloniërs. Van die Sumeriërs b.v. weet ons dat, toe hul politieke mag gebreek is omtrent 2100 voor Christus, hul geleerdes begin het om hul geskiedenis te beskrywe, en dat hulle koningslyste opgemaak het van die konings voor die tyd van die Sondvloed. Ons weet dat God Abraham geroep het uit Ur, en onlangs het hul opgrawings by die stad Ur gedoen van inskripsies wat die geskiedenis van konings beskrywe van 3100-2900 voor Christus—dit is meer as 1000 jaar voor Abraham. So is daar ook in die Sinaitiese Skiereiland opgegrawe die welbekende Tel-El-Amarna-tablette, dit is 360 kleita-feltjies in genoemde spykerskrif, wat veel lig werp op die geskiedenis van voor Moses se tyd, en waarin ook die naam voorkom van die „ Chabiroe”, na alle waarskynlikheid die Hebreërs, en waarin die vors van Palestina die hulp van Egipte inroep teen die Hebreërs, die „ Chabiroe”. Die mening is dat Israel toe op pad was onder Moses na Kanaan, en dat die reis hier beskrywe word.

In Gen. 14 lees ons ook van Amrafel; ook op

inskripsies „Am-rafilu”, „Amrabilu” genoem, koning van Sinear. Nou weet ons dat 'n wetboek op 'n groot klipblok uitgeskrywe ontdek is, waarop sekere Hammurabi (ook Hammurapilu), koning van Babilon, sy wette uitgevaardig het in spykerskrif. Vele meen dat hierdie Hammurabi dieselfde koning is as Amrafel. Dan was hy 'n tydgenoot van Abraham, sodat ons dan weer sien dat in die tyd van Abraham mense geskrywe het.

Die Hieroglifiese Skrif: Nog belangriker is vir ons die lig wat opgaan omtrent 'n ou volk, genoem die Hetiete. Ons ontmoet hulle in Gen. 10: 15, en toe Abraham in Hebron die spelonk van Magpela gekoop het van „die seuns van Het” (Gen. 23: 18). Ons tref hierdie volk aan in die letterkunde van die Babiloniërs, Assiriërs, Egiptenare en uit hul eie letterkunde. Dit was 'n magtige groep volkere wat omtrent 2000 voor Christus bestaan het en hul hoofstad in Klein-Asië gehad het. Hierdie volk was so ontwikkel dat hul geskrywe het in twee skrifsoorte, nl. die spykerskrif van Babilon, en die hieroglifiese skrif van ou Egipte. So het ons van hul kleitafels in spykerskrif en ook opskrifte opgegrawe in Karchemis in 'n skrif wat lyk na die hieroglifiese.

Aangaande die ou beter bekende Babilonië kan ons kort wees en net daarop wys dat van die vier stede van Babilonië, genoem in Gen. 10: 10, die name van drie, nl. Ereg, Akkad en Babel, voorkom in die Babiloniese geskrifte as baie ou stede, en dat hierdie geskrifte ons terugvoer na die jare 2500 voor Christus, en dat daar opgegrawe is groot Babiloniese biblioteke met honderde kleitablette.

Ten slotte wil ons wys op Egipte die land wat ons so dikwels in die heilige geskiedenis aantref, en so ver terug as in die dae van Abraham en Josef. Toe die

Romeine en selfs die ou Grieke nog wilde en ongekultureerde volke was, het die Egiptenare al 'n letterkunde gehad. Hul oudste geskrifte gaan so ver terug as 3000 voor Christus. Hul het groot kennis van sterrekunde gehad, en mediese geskrifte en selfs teologiese geskrifte gehad, om nie eens melding te maak van hul boukuns nie, waaruit die piramide, so beroemd, gebore is. Hul mees beroemde tempel was die van Karnak, waarmee 'n begin gemaak was 2000 jaar voor Christus. Daar is vandag nog te sien die beroemde muurskildery van Beni-Hasan van 'n karavaan van 37 Asiate wat Egipte intrek, wat deur sommige verklaar word as 'n voorstelling van Jakob of Abraham se intrek in Egipte. Die geskrifte van hierdie ou volk leer ons ken uit hul inskripsies op tempels, op graftes, op papyrus, op perkament (velle). In hierdie wonderland van ouds het Moses dan sy opvoeding gehad in die Staatsuniversiteit van Farao.

Met die oog op al hierdie bogemelde gegewens sou dit eenvoudig onverklaarbaar wees as David, Samuel en sy profeteskolle, Josua, Moses, Abraham en Josef nie kon geskrywe het nie.

DEEL I

DIE KANONIEKE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT: HUL WORDING EN ONTSTAAN

I

DIE TAAL

ONS wil nou probeer duidelik maak so eenvoudig moontlik en met vermyding van moeilike tegniese terme die ontstaan van die Boeke van die Ou Testament.

DIE TAAL.

Vireers 'n paar woorde oor die Taal waarin die Ou Testament geskrywe is. Dit is die Hebreuse Taal. Dit het ons aangeteken op die kaart wat verskyn in hoofstuk 1, waar ons probeer het om aan te toon die oorspronklike Geskrifte wat met Moses begin en met Kronieke eindig.

Hebreus was die volkstaal van die lande van Kanaan en Phoenicië, of liever, dit was die Israelietiese dialek of taal-vorm van die groot Kananietiese taal.


Dat daar 'n verwantskap was tussen die twee blyk baie duidelik by voorbeeld uit die aantekeninge of aanmerkings op die bekende Tel-El-Amarna-tablette.

Hierdie *Tel-El-Amarna-tablette* het 'n baie interessante geskiedenis. Hul word so genoem na die stad waar hul ontdek is in 1887 in die nabyheid van Sinai

deur 'n eenvoudige Egiptiese boerevrou wat per geluk op hul afgekom het. Dit was 'n groot aantal klei-tablette of -tafeltjies waarop geskrywe was, en toe die geleerdes die saak ondersoek, het hul bevind dat hul van baie groot waarde en van groot ouderdom is en dat hul geskrywe was in die jaar 1500 voor Christus, dit is omtrent die tyd van Moses en selfs nog voor sy tyd.

Dit was 'n reeks van "offisiële" briewe veral gerig aan die Farao van Egipte in die ou Babiloniese taal wat toe die wêreld se offisiële korrespondensietaal was vir die wêreldregeerders om in te skrywe. Die skrif was die ou Spykerskrif. Onder hierdie briewe was daar 'n brief van die Vors van Palestina. Hoewel hul almal in die Babiloniese taal geskrywe was, was daar aantekeninge of „glosse” op in die Kanانيتiese taal wat woorde bevat wat Hebreeus is. Dit leer vir ons twee baie belangrike dinge aangaande die taal van die Ou Testament, naamlik, dat dit al bestaan het voor die verowering van Kanaan en dat dit verwant was aan die taal van die Kanانيتiese volk. Tereg sê Wildeboer in sy werk „Nieuw Licht Over het Oude Testament”: „Door deze brieven is tot zekerheid geworden: dat nl. de inheemse taal van Kanaan voor de verovering door de Hebreëen ongeveer dezelfde was als daarna. Verschillende glossen by Assyrische woorden komen byna geheel overeen met woorden ons uit het Oude Testament bekend.” Dus ken ons die Hebreeuse taal nie alleen uit die Ou Testament se boeke nie, maar ook uit hierdie Tablette en korrespondensie tussen die Vorste van Palestina en die Farao van Egipteland.

Maar behalwe dit ken ons die Hebreeuse taal ook uit die bekende en sogenoemde „*Siloa-Inskripsie*” wat nie



DIE MOABITIESE KLIP.

solank gelede opgegrawe is nie—en wat geskrywe was in die tyd van koning Hiskia, asook uit 'n *landboukalender* wat geskrywe was in Hebreeus omtrent 600 jaar voor Christus, en wat opgegrawe is in die ou stad Geser waarvan ons al in Josua se tyd lees (Josua 12: 12); en ook uit die beroemde sogenoemde „Moabietiese Steen,” en uit nog 'n paar ander opgegrawe stukke wat geskrywe was in die Hebreeuse taal.

Laat ons iets meer meedeel omtrent hierdie bogenoemde „Siloa-Inskripsie”, omdat dit vir ons van belang is vanweë die taal waarin dit beskrywe is. By Jerusalem was daar 'n bad water waarvan ons lees in Joh. 9: 7 en Jesaja 8: 6: „die waters van Siloa wat saggies vloei,” en Neh. 3: 15: „waterleiding by die koning se tuin.” Hierdie bad of poel is eintlik die end van 'n tunnel (oor die 500 meters lank), en in die jaar 1880, toe 'n seun daarin geswem het, het hy die klip ontdek waarop hy gesien het dat daar iets op geskrywe staan.

Toe die geleerdes dit ondersoek, het hul bevind dat dit beskrywe was in Hebreeus en 'n beskrywing is van die deurgrawe van die tunnel en dat dit uit sowat ses reëls bestaan. Dit begin met die woorde: „en dit is die geskiedenis van die deurgraving,” en eindig met die woorde: „en op die dag toe dit deurgrawe was, het die mynwerkers gekap om mekaar te ontmoet, pik teen pik, en die waters het gevloei van die bron van die poel.”

Van die bogenoemde *Moabietiese Klip* gee ons 'n afdruk. Dit word so genoem omdat dit enige jare gelede ontdek is in die land van Moab. Dit bestaan uit sowat 1100 woorde en dit gee 'n kort beskrywing deur die Koning van Moab, Mesa, van sy opstand teen Israel waarvan ons lees in 2 Kon. 1: 1 en 3: 5. Hierdie verhaal stem presies ooreen met ons Bybelverhaal.

Dit leer ons dat ook die koning van Moab in Hebreeus geskrywe het, en dat Hebreeus dus 'n bekende taal was in daardie dae.

Dit is onseker of Israel van die begin af, voor Jakob na Egipte getrek het, Hebreeus as taal gehad het, en of hul dit aangeleer het in Kanaan na hul intrek onder Josua.

Persoonlik meen ek dat Jakob al in sy tyd dit gepraat het in Kanaan en dat die verdrukking en die verblyf in Egipte nie by magte was om hul taalgevoel dood te maak nie, en dat hul dus so, nadat hul honderde jare uit Kanaan verwyder was en weer onder Josua se leiding in Kanaan was, hul eie taal daar behou het dwarsdeur al die eeue tot aan die end van die Ou Testament.

Na die val van Israel deur die Babiloniese ballingskap het die Hebreeuse taal begin verswak, en het dit later opgehou om te bestaan as 'n spreektaal en was dit net 'n dooie boektaal vir geleerdes. Dat dit in die dae van Nehemia nog die volkstaal van Israel was, blyk o.a. uit wat ons lees in Nehemia 13: 24, waar ons lees dat die kinders van die Jode, wat Asdodiese vroue gehad het, nie meer Joods kon praat soos die volbloed-Joodse kinders nie. Maar dat dit tussen Nehemia en Jesus se tyd opgehou het om te bestaan, en dat dit geruime tyd voor Christus nie meer deur die Jode verstaan of gepraat is nie, en dat dit moes plek maak vir Aramees, wat in Jesus se tyd die volkstaal was, is bekende geskiedenis. Hierdie Aramese taal was al in Hiskia se tyd die offisiële gemeenskapstaal van Wes-Asië, soos blyk uit 2 Kon. 18: 26, toe Sanherib Jerusalem beleër het en sy generaal nie met Hiskia se generaal wou Aramees praat nie, maar wel Joods. Hiskia se generaal wou hê dat hy in Aramees moes onderhandel, omdat hy nie wou hê dat Israel se

burgers Sanherib se boodskap moes hoor en daardeur beïnvloed word nie.

So het Aramees stadig maar seker ingedring, sodat die boeke van die Ou Testament wat na die ballingskap ontstaan het, talle van Aramese woorde en sinswendinge het, b.v. Ester, Daniel, Esra, totdat Hebreeus later geheel-en-al opgehou het om te bestaan. Behalwe Aramees word in die Ou Testament ook melding gemaak van die „taal van Egipte,” b.v. in Ps. 81: 6 en 114: 1, waar dit ook genoem word, „'n vreemde Taal wat ek nie geken het nie.” In die Ou Testament word Hebreeus genoem, „die taal van Kanaän” in Jes. 19: 18, en „die Joodse taal” in Jes. 36: 13; 2 Kon. 18: 26-28; Nehemia 13: 24. In hierdie taal dan, die Hebreeus, of „die taal van Kanaän,” het God vir ons gegee die wonderlike letterkunde wat ons noem die „Ou Testament”. In hierdie taal het godsmanne, soos Moses, David, Jesaja, Jeremia gedink, gebid, gepraat, gepreek en geskrywe. Hierdie Hebreeuse Bybel het ons Heiland liefgehad en daarvan gepraat as: „die Skrifte”; „Het julle nooit in die Skrifte gelees nie?” (Matt. 21: 42); „Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie” (Matt. 22: 29).

Uit hierdie Hebreeuse Bybel het Hy vir Satan geantwoord: „Daar staan geskrywe,” en het Hy aan die kruis uitgeroep: „Eli, Eli, Lama sabachtani!”

HOEVEEL TYD.

Laat my in hierdie hoofstuk nog net aantoon hoelank die teboekstelling van die Ou Testament geduur het. Dit het ek op die kaart probeer aantoon, naamlik dat Moses geskrywe het omtrent die jaar 1400 voor Christus. Hy is die eerste skrywer wie se naam duidelik in die Bybel genoem word, en dit word algemeen aangeneem

dat hy die letterkundige grondslag van die Bybel gelê het vir ander om op voort te bou. Met Moses dan begin die Bybel, en in besonder die Ou Testament. Op die kaart staan dan ook onderaan die Ou Testament die naam van die boek „Kronieke” wat beskou word as die laaste boek van die Ou Testament om klaar geskrywe te wees, en die datum wat aangegee word vir die teboekstelling van Kronieke, is geruime tyd na die terugkeer uit Babilon, naamlik omtrent 350-336 voor Christus. Dus het dit, met eerbied gesê, God meer as duisend jaar geneem om die Ou Testament klaar te laat skrywe! Hoe wonderlik is die Woord dan nie! Hoe sondig is dit dan nie om die Woord, waaraan God soveel tyd en aandag gegee het, te verwaarloos nie! Geen wonder dat God onkunde aangaande die Ou Testament van Israel gestraf het nie, en in Hosea se tyd gekla het: „My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis” (Hos. 4: 6).

Dat Kronieke die jongste of laaste boek van die Ou Testament is, blyk uit die feit dat Jesus Christus in Matt. 23: 35 nie vir Uria nie (Jer. 26: 20-23), maar vir Sagaria noem as die laaste martelaar van die Ou Testament, omdat sy naam voorkom in die boek Kronieke (2 Kron. 34: 12).

II

LESSE UIT DIE HISTORIESE KRITIEK

'N ALGEMENE STELLING.

MET betrekking tot die ontstaan van die 39 boeke van die Ou Testament neem ons die volgende algemene opmerking uit die „Christelike Encyclopedie” oor: „Van een goddelijk bevel tot teboekstelling van deze

geschriften blijkt niets. Slechts hooren we voor zoover het de historische geschriften aangaat, met betrekking tot de geboorte geschiedenis des volks in Egypte en in de woestijn van een opdracht om de gebeurtenissen dier dagen aan de later komende geslachten te vertellen (Ex. 10: 2, Deut. 4: 9), wat uiteraard de teboekstelling in de hand moet hebben gewerkt. Voor het overige moesten Israels historische zin en de begeerte om de leidingen Gods ook in het verleden des volks te verstaan, dringen tot 'n geleidelijk verzamelen van hetgeen dien-aangaande in zijn midden werd verhaald. Daardoor ontstonden verzamelwerken als , het Boek des Oprechten,' , het boek der Oorlogen des Heeren,' , het boek der Kronieken van Israels of Judas Koningen,' en vele andere, wier namen niet tot ons gekomen zijn en waarin grootere of kleinere perioden van Israels geschiedenis werden behandeld. Deze werden weer op hun beurt door andere geschiedschrijvers gebruikt." Verder spreek die artikel die mening uit dat al hierdie „overgeleverde stof" deur die gewyde skrywers gebruik is in die teboekstelling van die historiese boeke van die Ou Testament.

In verband met hierdie algemene opmerking wil ons nadruk daarop lê dat ons rekening moet hou met seker feite wat lig werp op die vraag: Waar die Ou Testament vandaan kom, of hoe God te werk gegaan het om Sy volk die Ou Testament te gee. Hierdie feite ontleen ons aan die wetenskap van:

DIE SOGENAAMDE HISTORIESE KRITIEK.

Dit is naamlik:

(a) Dat daar nie juis sprake kan wees van 'n duidelike, bepaalde opdrag of bevel van God aan elke individuele

skrywer om sy geskrif te skrywe nie. Waar ons b.v. lees in Ex. 34: 27 dat die Heer vir Moses sê: „Skrywe vir jou hierdie woorde op,” of aan 'n profeet gesê het om te skrywe, het dit betrekking op een of ander bepaalde gebeurtenis of boodskap, maar nie op die aparte Bybelboeke soos hulle hier voor ons lê nie. Ons moet dus meer aan die Bybelboeke dink elkeen as 'n geboorte onder goddelike ingewing gebore, en nie as 'n bepaalde opdrag nie. Geen enkel Bybelskrywer sê ons ook dat hy sy hele geskrif op goddelike bevel opgestel of georden het nie. Dit is dan ook nie die opdrag of bevel tot die teboekstelling wat dit vir ons goddelik maak nie. „De Bijbelboeken zijn goddelijk genoeg door den geest, die ze bezielt, en den verheven inhoud, dien zij bevatten.”

(b) Dat die Ou Testament langsaam ontstaan het, dat God nie met haas te werk gegaan het nie. Reeds het ons aangetoon dat dit vanaf Moses tot op die skrywer van Kronieke meer as duisend jaar geduur het.

(c) Dat eer daar iets op skrif gestel was, Gods volk afhanklik was van die vertellinge, mondelinge verhale, mondelinge oorleweringe. Ons kan ons goed voor die gees skilder hoe Noag, Abraham, Isak en Jakob in Palestina saans rondom die vuur sit en aan die ou volk vertel van die wonderlike leiding van God. So sien ons ook in Egipte hoe Josef in Gosen vertel van Israel, en Moses later in die woestyn, en Josua, ens., en hoe later hierdie mondelinge vertellinge te boek gestel is.

(d) Dat die oosterling 'n geheue gehad het en nog het, waarvan ons as westerlinge geen begrip het nie, sodat verhale van geslag tot geslag oorgelewer en oor en oor vertel is, ja vir honderde jare in die geheue woord vir woord ingeprent was. So lees ons b.v. dat

Mohammed sy openbaringe wat hy as goddelik beskou het, woord vir woord aan sy volgelinge toevertrou het. Niks verhinder ons om aan te neem dat God selfs vir Israel onder die oosterlinge spesiaal met 'n stale geheue geseën het met die oog op die bewaring van Sy Woord. „Het geheugen der kinderen was het geschiedboek der vaderen, want de overlevering is de moeder der Schrift” (Van Koetsveld).

(e) Dat die gewyde en geïnspireerde skrywers van die Ou Testament ander geskrifte voor hulle gehad het wat hulle gelees het en waaruit hulle geput het, sover God dit goed gevind het. So weet ons b.v. van geskrifte buitekant Israel, wat nie in die Bybel genoem word nie. So was daar skeppingsverhale afkomstig uit Babilon wat in later jare opgegrawe is, en ook 'n verhaal van die Sondvloed waarin daar o.a. selfs van die „duif” gespreek word wat „nie rusplek” kon vind nie en teruggekom het, en van „'n kraai wat nie teruggekom het nie,” en van 'n reënboog. Hierdie verhale is geskrywe omtrent 2,000 jaar voor Christus, dus omtrent die tyd van Abraham. Seker kan ons aanneem dat Abraham en Moses hierdie verhale geken het. Wat is ook natuurliker as om te dink dat in die ou dae voor die ontstaan van ons Bybelse skeppings- en sondvloedverhale daar denkers was om oor die groot dinge soos die skepping en sondvloed te skrywe? Vir ons as gelowiges wat die Bybel as Gods Woord aanneem en ken, is dit ook baie geloofversterkend om b.v. ons skeppings- en sondvloedverhale naasaan die uit Babilon te sit en te sien hoeveel punte van ooreenstemming daar b.v. in verband met die duif en die reënboog is, maar ook om te sien dat die verskil so groot is, dat dit 'n verskil in wese is.

DIE GETUIENIS VAN DIE GRAAF.

Ook met betrekking tot die Tien Gebooie. Ons weet dat God Sy gebooie gegee het op Sinai en dit Self geskrywe het op twee tafels van steen. Vroeër jare het baie geleerdes onder die Bybel-critici gemeen dat hierdie verhaal van die wetgewing op Sinai slegs legende en geen ware geskiedenis is nie, omdat mense in die tyd van Moses nog nie kon skrywe nie. Nou egter het die stene en klippe waarop geskrywe was lank voor die tyd, antwoord gegee. Dus verval hierdie beswaar. Toe was daar weer 'n tweede argument, dat dit nie afkomstig was soos die Bybel voorgee nie, omdat die inhoud van die Tien Gebooie te groot is om op twee steen- of kliptafels geskrywe te word en deur een man, nl. Moses, gedra te word. Maar nou het die opgrawings bewys dat nog groter geskifte in die ou hieroglifese skrif van Egipte op steen geskrywe is wat een man kan dra. So verval ook hierdie beswaar. Maar nou was daar 'n derde argument, en dit is eintlik waarop ons in hierdie verband wil wys, nl. dat die Tien Gebooie baie later gegee is en ontstaan het as in Moses se tyd, omdat hulle van 'n te hoë sedelike gehalte is, asof daar nog nooit tevore 'n wetgewing in die ou wêreld was van sedelike inhoud nie! Maar nou het die ontdekkings en opgrawings andermaal geleer dat honderde jare voor Moses se tyd daar in Babel en Egipte sedelike wette geformuleer was teen diefstal, bloedvergieting en valse getuienis, ens. „Men kan gerust zeggen dat de algemeen-menschelijke geboden van den Decaloog (die Tien Gebooie) gemeengoed waren van het oude oosten, reeds lang voor Mozes” (Obbink). Dat Moses al as student in Egipte met sulke gebooie bekend was, moet ons

beskou as baie aanneemlik, en dit is nie in stryd met die feit van die goddelike oorsprong van die Tien Gebooië (soos vermeld in Exodus) dat God dit self gegee en self geskrywe het nie.

Die punte van ooreenstemming is daar, maar die punte van verskil is, soos in die reedsvermelde gevalle van die skeppings- en sondvloedverhale, so groot dat dit 'n verskil in *wese* is. Dat dit duidelik is dat in die ganse ou wêreld die Tien Gebooië van Sinai hul gelyke nie gehad het nie, is seker. Van nou af aan het Sinai vir Israel en die wêreld geleer dat alle gode buiten God, Jehova, afgode is, dat daar net één ware God is.

DIE WETBOEK VAN HAMMURABI.

So kan ons ook beweer dat Moses by die optrek van sy verdere wetgewing van Ex. 21:–23 voor hom gehad het die Wetboek van Hammurabi, moontlik Koning Amrafel van Gen. 14, wat 'n tydgenoot was van Abraham, en dat dit vreemd sou gewees het, as Moses hierdie Wetboek nie geken het nie, en as daar nie „aanwysbare aanrakingspunten” tussen die twee was nie. Ons het dit reeds genoem in hoofstuk II. Nou, as ons die twee met mekaar vergelyk, tref ons die ooreenkoms, maar nou moet weer, soos hierbo gesê, getoon word dat die ooreenkoms net geld vir burgerlike en sosiale wetgewing, en dat die verskil geld op godsdienstige gebied. Die wet van Hammurabi het heeltemal geen godsdienstige bepalings nie; hoewel Hammurabi op die klip waarop die wet gegraveer is, voorgestel word as besig om dit van die godheid te ontvang. Hammurabi het net maatskaplik-sosiale bepalings wat ons maklik kan verklaar uit Gods algemene genade en openbaring. Hammurabi het „geen enkel religieuse


gedachte" nie. „Dat wat in Israel ten grondslag ligt: Gij zult den Heere, uw God, liefhebben met geheel uw hart, word't te Babel zelfs niet genoemd." So is die verskil dan ook hier 'n verskil, nie in graad nie, maar 'n verskil in *wese*.

Daar is seker nog meer geskryfte buitekant die Bybel wat die skrywers van die Ou Testament kon geken het, boeke geskrywe deur Babiloniërs, Egiptenare, en ook deur Israeliete. Maar nou wil ons, eer ons van hierdie punt afstap, wys op geskryfte wat in die Ou Testament genoem of na verwys word.

HULPBRONNE IN OU TESTAMENT GENOEM.

Op die kaart van die eerste hoofstuk het ons die Ou Testament aangeteken as 'n sirkel bevattende die oorspronklike geskryfte. So kan u buitekant die sirkel skrywe: „Ander skryfte van profete, geskiedskrywers, digters en spreuke." Laat ons as voorbeeld neem die skryfte wat die skrywer van Kronieke noem: Die kronieke van Koning Dawid (1 Kron. 27: 24); die geskiedenis van die siener Samuel, en die geskiedenis van die profet Natan, en die geskiedenis van die siener Gad (1 Kron. 29: 29); die geskiedenis van Salomo, die profesie van Ahia, die siener Jedi (2 Kr. 9: 29). Sien nog verder 2 Kron. 12: 15; 13: 22; 2 Kron. 24: 27; 20: 34, ens. So ook het die skrywer van die boek Josua geken „die boek van die Opregte" (Jos. 10: 13; 2 Sam. 1: 18). So word ook in Num. 21: 14, 15 genoem „die Boek van die Oorloë van die Here." Toe Moses sy reisjoernale opgetrek het, het hy hierdie boek voor hom gehad.

Met die opstel en versameling van die spreuke van die boek Spreuke het daar voor die skrywer gelê die



DIE WETBOEK VAN HAMMURABI.

Die swart klip ontdek in Susa in 1901. Dit stel voor hoe dat Koning Hammurabi die wette van sy godheid ontvang. Onderaan sien ons sy Wet in Spykerskrif.

versameling „ van die manne van Hiskia, Koning van Israel” (Spr. 25: 1). So was daar ook liederbundels, b.v. die „ Booglied” (2 Sam. 1: 18), „ die Lied van die Put” in Num. 21: 17. Uit 1 Kon. 4: 32, 33 leer ons dat Salomo, behalwe „ liedere, duisend-en-vyf in getal,” ook selfs ’n werk van suiwer wetenskaplike aard geskrywe het oor „ die bome, van die seder op die Libanon tot die hisop wat op die muur uitspruit,” en ook ’n ander een oor „ die vee, die kruipende diere en visse.” Die feit dat hierdie en nog meer boeke in die Ou Testament genoem word, is bewys dat die gewyde skrywers hulle geken en kon geraadpleeg het. Dit alles maak vir ons die ontstaan van die boeke van die Ou Testament so natuurlik, so waaragtig menslik; maar ook hier geld die waarheid van die uitdrukking: hoe meer menslik hoe goddeliker.

III

DIE PENTATEUG

ONS moet begin met daarop te wys dat daar ’n belangrike onderskeid is tussen die rangskikking in ons Bybel van die Bybelboeke van die Ou Testament en die rangskikking van die ou Jode. Ons verdeling is in hoofsaak ontleen aan die Latynse Bybel van die Roomse Kerk, die welbekende Vulgata, en die vertaler van hierdie Latynse Bybel, oor wie ons later skryf, het weer die verdeling oorgeneem van die ou Griekse vertaling van die Ou Testament. Op die kaart wat ons geskets het by die eerste hoofstuk, wys ons hierdie twee Bybels aan onder die hoof „ A-vertalinge.” Ons Protestante het natuurlik die sogenoemde Apokriewe Boeke van die Griekse en Latynse vertalinge nie oorgeneem nie.

Ons verdeling is in drie dele: eers die 17 geskiedkundige boeke, wat met Genesis begin; daarna die vyf digterlike, en dan die 17 profetiese boeke. Dus alles tesame 39 boeke.

Die verdeling van die Jode was anders, nl.: die Wet, die Profete en die Skrifte, deur die Jode in Hebreeus genoem: Torah, Nebhiim, Kethubim. Hul het 24 boeke getel, omdat hul b.v. die twaalf kleiner Profete as één boek beskou het, en ook Samuel en Konings as één boek, en ook Esra en Nehemia.

Opmerklik is dit dat hierdie Joodse verdeling vóór Jesus se tyd in gebruik was en ook in Sy dae. So hoor ons b.v. ons Heiland praat van die Ou Testament as „die Wet van Moses en die Profete en die Psalms,” waar Hy die Psalms noem vir die derde deel, die Skrifte, omdat dit die vernaamste was van daardie afdeling.

In ons bespreking van die ontstaan van die boeke van die Ou Testament gaan ons vir ons hou by die Joodse indeling, omdat dit vir ons geriefliker is.

DIE ONTSTAAN VAN DIE VYF BOEKE VAN MOSES.

Waar ons praat van „die vyf Boeke van Moses,” het die Jode ook „Die Wet,” „Torah,” in vyf verdeel. Dis dan ook duidelik dat ons vyf aparte boeke het, wat van die begin af van mekaar onderskeie was, en nie slegs later so by toeval verdeel is in vyf aparte dele nie. Die Jode het hul genoem na die beginwoord van elke boek. So was die eerste boek deur die Rabbyne genoem Bereshith en die vyfde Dbaarim. Ons bekende name is afkomstig van die eerste Griekse vertaling, hierbo reeds genoem, en dui aan die aard of inhoud van elke boek. So het ons „Genesis,” wat in Grieks beteken oorsprong of wording, omdat in hierdie boek, *Genesis*,

ons beskrywe vind die wording van alle dinge, die wêreld, die mensdom, Israel as Gods uitverkore volk, ens. Genesis is die Boek van Oorspronge. „Het is 't boek der geboorten van hemelen en aarde en van 't menschelyk geslacht, van den zondeval en de wederoprichting.”

Exodus weer beteken uittog en beskrywe die uittog uit Egipte. *Levitikus* is die Levieteboek, en was die wetboek vir die geestelike lewe vir Israel. *Numeri* is Latyns, omdat die Vulgata die naam in Latyn vertaal het, omdat die Griekse naam, Arithmoi, moeiliker was om uit te spreek. Hierdie boek begin dan ook met die volkstelling van Israel. *Deuteronomium* beteken tweede Wetgewing en word so genoem, omdat dit 'n herhaling bevat van die sedewet met onderskeie verklarings. „Wij zien hier Israel onder de woorden des Verbonds voor het aangezicht des Heeren staan.”

Op die vraag hoe hierdie boeke ontstaan het, moet ons vooraf weer wys op die belangrike plek wat die mondelinge oorlewering en vertelling in daardie dae onder Gods beskikking in Gods raad opgeneem het. Dit het ons reeds in die vorige hoofstuk aangeraak, toe ons melding gemaak het van die bevel wat God aan Israel gegee het (Exodus 10: 2: Deut. 4: 9), om die gebeurtenisse aan die opkomende geslagte *oor te vertel*. God het vir Hom vanaf die vroegste tye goeopenbaar in gebeurtenisse, deur mondelinge mededeling, gesigte en drome, en vir eeue en eeue is dit deur mondelinge oorlewering meegedeel en voortgeplant.

Gedurende die hele tydperk voor Moses se leeftyd, 'n tydperk van duisende jare, was daar wel letterkundes van Babiloniërs, Hetiete en Egiptenare, dog nog geen goddelike openbarings in *geskrif* nie. „Door mondelinge

overlevering bleef toen de goddelijke openbaring bewaard." So sien ons in die gees Adam en Eva sit en vertel aan Set en die nageslagte wat daar in die Paradys plaasgevind het, en seer sekerlik hoor ons hom vertel van die moederbelofte van die saad van die vrou wat die oorwinning nog sou behaal oor die slang. In Genesis 4: 26 lees ons: „Toe het hulle die naam van die Here begin aanroep," waaruit ons leer, dat daar toe al onderlinge mededelings plaas gehad het van geopenbaarde waarhede wat toe al aangeneem en bely was.

Lameg b.v. het gevolglik op hierdie manier gehoor van wat God in die Paradys belowe het. Daarom het hy met die geboorte van sy seun, Noag, gemeen dat nog moontlik hierdie seun die beloofde Oorwinnaar was, en vir hom „Noag" genoem en gesê: „Dit is hy wat ons sal troos oor ons werk." Later het God die voortplanting en bewaring van die geopenbaarde waarhede toevertrou aan Abraham, aan wie God temidde van afgoderye vir Hom geopenbaar het as Skepper en Regter van hemel en aarde, te meer omdat omtrent Abraham se tyd die Babiloniese afgodiese skeppingsverhale, waarvan melding gemaak is in die vorige hoofstuk, bekend was of ontstaan het.

Na die sondvloed kon Noag vertel het van hierdie groot gebeurtenis. So praat die Nuwe Testament van Noag as die prediker van geregtigheid, en ons weet dat Noag gesterwe het kort voor Abraham se geboorte, en terwyl Abraham ook kon bekend gewees het met die Babiloniese sondvloed-geskrifte, kon hy die suiwere waarheid omtrent die sondvloed gehoor het van Noag se nageslagte en so gesien het die groot verskil tussen wat hy gelees het en nou in Kanaan moes hoor. So kon hierdie mondelinge oorleweringe, en nog meer, al die

later lewensgeskiedenis van die groot aartsvaders met Jakob in Egipte aangekom en voortgeplant geword het, en kon dit saam met al die later gebeurtenisse waarna die bo aangehaalde verse in Exodus 10: 2 en Deut. 4: 9 verwys, nl. die wonderbaarlike redding uit Egipteland, ens., as 'n goue kleinood onuitwisbaar diep gegrif geword het in die geheue. „Toch was de mondelinge overlevering op den duur niet voldoende om de geopenbaarde waarheid zuiver voort te planten.” „Sonder geschreven woord kon de Kerk op den duur niet bestaan. De Kerk des Heeren kon wel ontstaan zonder geschreven woord, maar bestaan kon zij niet zonder het Woord van Gods getuigenis” (Van Goor).

So moes alles wat God doen en gespreek en aan Moses geopenbaar het, onder Gods besondere leiding en aandrywing of inspirasie op skrif gestel word. Dit bring ons as vanself by

MOSES.

Moses is dan die eerste Bybelskrywer wie se naam in Gods Woord as skrywer genoem word, daarom staan sy naam ook bo-aan in die kaart wat ons geskets het. Hy het gelewe sowat 1450-1400 v. Chr.

Die vorige geslag van Ou Testamentiese skrifgeleerdes het altyd van Moses gepraat as slegs 'n legende. Daar het nooit so 'n man werklik gelewe nie, het hul gesê. Kyk, het hul gesê, daardie ou storie van die seuntjie in die Nyl in 'n kissie van biesies wat Farao se dogter gekry het, is niks anders as 'n legende nie. Dan het hul daarop gewys dat daar nog meer sulke legendes in die ou dae was, so b.v. van Sargon die Grote wat ook op so 'n manier deur 'n koning se dogter gevind was, en Sargon was 'n legende, het hul gesê. Maar nou in ons

tyd weet ons beter. Ons weet dat die stene en klippe andermaal gepraat het, en ons weet nou deur die opgrawings dat die naam „Sargon” op die monumente voorkom, en dat hy ’n mens was soos ons. So is dit ook met Moses. Hy was ’n mens, het geleef in die tyd waar Gods Woord hom sit, en het gedoen en geskryf soos Gods Woord vir ons leer. Dat hy werklik in Egipte geleef het, bewys ook die feit dat sy naam „Moses” Egipties is en ’n gewone naam was in Egipteland.

Die naam Moses beteken in Egipties: „Kind”, „Seun.” Dat Farao se dogter haar pleegkind die naam Moses (seun) gegee het, is maklik te verstaan. Dikwels het ook hierdie naam in Egipte voorgekom en was dit verbind met die naam van een of ander godheid, b.v. Thoet Moses (seun van Thoet), Ach Moses (seun van Ach). Nou is dit omtrent seker dat sy pleegmoeder sy naam verbind het met die een of ander godheid, sodat hy ook ’n langer naam gehad het as net Moses, maar dat Israel, wat juis van hierdie man, Moses, die naam van die ware God as Jehova geleer het, die god van Egipte nie wou erken en eer nie, en dus sy naam geskrap het, is so natuurlik. En so het net die naam „Moses” oorgebly.

Hierdie Moses, „seun” van Egipte, onder Gods leiding opgevoed in al die geleerdheid en wetenskap waaroor die universiteite van Egipte beskik het, het die grondslag gelê van die groot letterkunde van die hele Ou Testament, ja selfs van die groot versameling, die groot Biblioteek, die Bybel!

Was ooit ’n man geskikter om vir altyd beskou te word as die „grondlegger” van die Bybel as Moses? Of Moses moet beskou word as die enigste skrywer van die Pentateug, van die eerste vyf Bybelboeke tot

in die eindredaksie, en of hul hul teenswoordige vorm gekry het na sy dood—op hierdie vraag gaan ons nie in nie. Dit sal hier nie pas nie, en ons het hiertoe ook nie die bevoegdheid en vakkennis nie. Voor my lê vier outoriteite, en twee daarvan, o a. Van Goor in sy uitleg van ons Belydenis, 'n man van groot regsinnigheid en geleerdheid, verklaar met oortuigingserns: „Deze vijf boeken zijn door Mozes beschreven, uitgenomen de hoofstukken 33, 34 van Deuteronomium, die door 'n later schrijver er bij gevoegd zijn.” Maar naas die twee lê twee ander outoriteite, o.a. die Christelike Encyclopaedie, manne van net so groot regsinnigheid en geleerdheid, en hul verklaar met net so groot oortuigingserns: „Aan de totstandkoming van een uitvoerig geschiedwerk als de Pentateuch” (die vyf boeke van Moses) „dat over een tijdsverloop van vele eeuwen handelt, heeft meer dan een persoon medegewerkt.” Weer sal die eerste twee outoriteite redeneer dat Moses die boeke geskrywe het, en dat hule dit kan bewys uit die vyf boeke self, uit die orige deel van die Ou Testament en nog meer uit die Nuwe Testament. Hierop sal weer die ander twee outoriteite antwoord: „In den Pentateuch zelf wordt Mozes nergens als de auteur van het geheel aangeduid”; en wat die orige deel van die Ou Testament betref, antwoord hul weer: „Raadplegen wij weer de overige boeken van het Oude Testament, dan vinden wij daarin wel gewag gemaakt van de Mozaische Wet, maar er is geen enkel aanduiding dat deze met den Pentateuch te vereenzelvigen is.” Wat betref die Nuwe Testament, waar dit spreek van „die wet van Moses”, of „die boek van Moses,” ens., antwoord hul aan Van Goor en andere: „Dat hieruit niets mag worden afgeleid voor de eigen meening van

het Nieuwe Testament omtrent het auteurschap van den Pentateuch." „De meening dat het Nieuwe Testament bepaald Mozes tot auteur van den geheelen Pentateuch zou stempelen, vindt in die uitspraken geen genoegzamen grond."

Waar Van Goor en andere beweert, dat Mozes dit nog as 'n geheel voor sy dood kant en klaar geskrywe het, beweert die Christelike Encyclopaedie en andere dat al die „overgeleverde stof," van vertellinge van Adam, Noag, Abraham en Jakob, ens., en ook die vertellinge van die gebeurtenisse vermeld in Exodus 10 en Deut. 4, en al die „schriftelijke werkzaamheid van Mozes, die betrekking heeft op bepaalde onderdeelen van den Pentateuch: Ex. 17: 14; 24: 4-8; 34: 27; Num. 33: 2; Deut. 31: 9"—kon „bework" gewees het „in de sinds Samuel krachtig opbloeiende profetenscholen en langs dezen weg ontstonden onder de leiding des Geestes," o.a. ook die vyf boeke van Mozes. Op 'n ander plek sê dieselfde outoriteit: „Als we hierop letten heeft het veel meer voor zich om aan te nemen, dat een na Mozes levende auteur, die dan met het oog op Gen. 36: 31 op zijn vroegst in het allereerste begin van Sauls regeering zou kunnen worden gesteld, aan den Pentateuch zijn tegenwoordige gedaante zou hebben gegeven."

So bly daar dan verskil hieroor onder die regsinnigste reuse, of Mozes letterlik alles geskrywe het, en of dit na sy dood voltooi is. Waarvan ons egter seker is en waaroor daar geen verskil is nie, is dat Mozes gelewe het, 'n man Gods was, dat ons aan die boeke na sy naam genoem nie kan dink sonder aan Mozes ook te dink nie, dat ons hier het die eerste teboekstelling van Gods openbaringe, „dat de eerste, echte en onbetwifelbare

oorsprong van den Pentateuch tot Mozes zelve opklimt; en er blijft alleen omtrent de meerdere of mindere omwerking en bijwerking van lateren tijd, maar altijd in zijnen geest] en naar zijn verhevene bedoelingen, nog twijfel over."

IV

DIE PROFETIESE BOEKE

IN ons vorige stuk het ons gesê dat die ou Jode hul Bybelboeke in drie dele ingedeel het, nl. die Wet of Thorah, die Profete of Nebhiim en die Skrifte of Kethubim. Dit mag van belang wees om dit net te noem, dat die ou Joodse Rabbynse letterkunde die Ou Testament kortweg die naam gegee het van „Theunakh”, ’n naam wat hul opgemaak het uit die beginletters van die hierbogenoemde name, Thorah, Nebhiim en Kethubim. Ons wil nou probeer om kortliks die ontstaan te beskrywe van die tweede deel van die Ou Testament, nl. die profetiese boeke, die Nebhiim van die Joodse indeling.

Hierdie Nebhiim of Profetiese Boeke het hul verdeel in die twee dele: die „vroeëre” en die „latere” profete. Hierdie „vroeëre” profetiese boeke was: Josua, Rigters, Samuel en Konings. In die Hebreuse Bybel word hul genoem Nebhiim Rishonim. Hierdie boeke vind ons in ons Bybel ingedeel onder die geskiedkundige boeke, en dis van groot belang om daarop te let, waarom hul in die Hebreuse Bybel onder die profetiese boeke getel word. Waarom dan vind ons hierdie geskiedkundige boeke, Josua, Rigters, 1 en 2 Samuel en 1 en 2 Konings, in die Hebreuse Bybel ingedeel onder die profetiese boeke? Hiervoor moes tog ’n rede gewees het.

PROFETISME.

Om dit goed te verstaan moet ons vooraf wys op twee sake. Die eerste is, ons moet wys op die betekenis van *Profetisme* in Israel. Wil ons probeer om die Profetisme in Israel te verstaan, dan staan ons voor een van die belangrikste verskynsels, miskien die allerbelangrikste verskynsel, nie alleen in Israel se geskiedenis nie, maar ook in die godsdienstige geskiedenis van die hele mensheid. Israel was deur en deur 'n Oosterse volk. Net soos ons vandag kan praat van 'n Westerse kultuur, was daar ook in die ou dae, en is daar vandag nog, 'n Oosterse kultuur. In hierdie Oosterse kultuur was Israel, wat betref sedes, gebruike, spreek- en skryfwyse, diep ingegroei, en veel van Israel se lewe en denke kan vandag verklaar word uit daardie Oosterse kultuur. Dog hier is die Profetisme van Israel 'n groot uitsondering. „Nergens beter dan in het Profetisme blykt Israëls geestelike zelfstandigheid. Israëls Profetisme is eenig in de wereldgeschiedenis. Een werkelijke parallel is nog nergens gevonden.” In ander woorde, hierdie Profetisme van Israel moet verklaar word uit die *besondere* Openbaring van God. Ons tref dit enkel en alleen by Israel aan, omdat Israel die uitverkore, die openbaringsvolk van God vir die ou wêreld was. Uit hierdie Profetisme was die profete van Israel gebore. Hul is in die Ou Testament by verskillende name genoem, wat ons laat verstaan wat hul werk was. Ons dink aan name soos, „wagter”, „man van God”, „kneg van God”, „tolk”.

DIE NAME VAN DIE PROFETE.

Om egter duidelik te maak wat die roeping van 'n profeet was, wil ons veral op twee name wys.

Siener.

Die eerste is die naam „siener”, wat vir die eerste maal voorkom in 1 Sam. 9: 9, „Vroeër het die mense in Israel so gesê as hul gaan om God te raadpleeg: Kom, laat ons na die siener gaan. Want die profeet van teenswoordig het hulle vroeër siener genoem.” Hul was „mense aan wie die vermoë geskenk was om te sien (en ook om te hoor) wat vir ander mense onsigbaar was, en waarvoor hul oog deur God geopen was.” So 'n siener is Samuel genoem. Mense het hom kom raadpleeg oor allerlei dinge, selfs oor hulle verlore esels, sowel as oor hulle verlore siele. So word ook honderde jare later nog Amos siener genoem. „Die woorde van Amos wat hy gesien het in Israel” (Amos 1: 1), en uit wat hy „gesien het” was sy prediking gebore.

Nabi.

Die tweede naam waarop ons wil wys is die naam „Nabi”, vanwaar die naam Nebhiim vir die profetiese boeke kom. Hierdie naam „Nabi” word vertaal „profeet”. Dis moontlik dat Israel hierdie naam ontleen het aan en oorgeneem het uit Babilon, van die godheid se naam, Nebo, wat die Babiloniese godheid van „verkondiging” was. In ander woorde, die werk van die Nabi, die profeet, was om hom besig te hou met „die verkondiging” van Gods weë, Gods gedagtes, Gods bevele. Hierdie Nabi, die profeet, was die spreker Gods, „uit wiens mond het goddelijk woord zich uitstort gelijk een beek over de velden” (Sillevis-Smit). Dit is, ons moet nie, soos dikwels verkeerdelik gedoen word, die Bybelse woord „profeteer” verstaan in die beperkte sin van toekomstige dinge „te voorspel” nie.

Wel is hierdie voorspellings van toekomstige gebeurtenisse, soos b.v. die Babiloniese ballingskap, die koms van die Messias, deur die profete gedoen, dog dit was maar 'n deel van hul werk. Hul roeping was om te praat in die naam van en ten behoeve van God en Sy goddelike Koninkryk. Hy was die draer van die waarheid Gods, van die boodskap van die verborgenhede van Gods heil, uit 'n kennis wat op bonatuurlike wyse aan hom geopenbaar is.

DIE ROEPING VAN ISRAEL.

Die tweede saak waarop ons moet wys, is *die roeping van Israel* as 'n nasie, om te verstaan waarom hierdie geskiedenisboeke in die Hebreeuse Bybel ingedeel is by die profetiese boeke. As Gods uitverkore volk was dit die roeping van Israel om te lewe as Gods openbaringsvolk en om die wêreld God te leer ken deur die feite van sy geskiedenis. Uit Israel moes die Bybel en die Messias kom. Israel is nou gevestig in Kanaän. Hul het van God Sy Thorah, Sy Wet, ontvang deur Moses. Reeds honderde jare, miskien 'n duisend jaar voor Moses, het Israel van Abraham, hul vader, die roeping en die kennis van God ontvang, want Abraham was self 'n profeet. „Want hy is 'n profeet,” lees ons in Gen. 20: 7. Maar nou is dit alles deur Moses voltooi geword of tot 'n toppunt gebring. Hierdie basis het Moses vir hul beskrywe in Sy Wetboek van die Verbond. Moses is nou dood, maar die fondament Gods, die basis, bly staan en nou moet Israel op hierdie fondament gaan bou. Dis hul roeping, hul nasionale roeping. Hoe sal Israel nou aan hierdie roeping beantwoord? Het hulle aan hierdie roeping beantwoord? Die geskiedenis van Israel vanaf die dood van Moses moes nou hierop antwoord gee.

DIE VROEËRE PROFETIESE BOEKE.

Dit bring ons by die 4 geskiedenisboeke van Josua, Rigters, Samuel en Konings. Op hierdie vrae gee God nou antwoord in die boeke Josua tot Konings, „welke in beelden hadden te geven van de wijze, waarop Israel zich tegenover het verbond hadden gedragen, een commentaar in feiten, als het ware, op de bond-sluiting,” sê die Christelike Encyclopaedie tereg.

In ander woorde, die skrywers van hierdie viertal boeke het ten doel gehad om Israel uit hulle eie werke en daede en geskiedenis te leer en op te voed as Gods volk. Hul doel was nie in die eerste plek bloot om geskiedenis te skrywe nie, dog slegs sekere van die ver- naamste gebeurtenisse uit hul geskiedenis vir hierdie doel te neem. Dit wil sê, die skrywers van hierdie boeke was nie gewone geskiedskrywers nie. Hulle het geskiedenis geskrywe met 'n profetiese blik in die raad Gods en om te laat uitkom hoe Gods raad in die loop van dinge vir hom ontwikkel het. Hul was profetiese geskiedskrywers en hul werke profetiese geskiedskrywings. Blote geskiedenisboeke was daar genoeg in Israel. Elke koning het sy eie offisiële geskiedskrywers en ryksannale gehad. Maar hierdie skrywers se doel was „die handhawing en ontwikkeling van die Teokrasie, die besondere en heilige Godsregering oor Israel.” So vind ons in hierdie viertal boeke „in 'n deurlopende reeks die ontwikkeling van die Teokrasie sedert Moses, hul worsteling met die slawe-aard, en die gedurige verbastering van 'n hardnekkige volk.” Wat Moses gedoen het, vervolg nou weer die profete. „Deur die groot feite van die geskiedenis arbei hul aan die

opvoeding van Gods volk." Daarom word die genoemde boeke getel onder die Profetiese werke.

Dit is diep te betreur dat ons Protestante nie gebly het by hierdie indeling volgens die Hebreeuse Kanon nie. Deur die oornam van die indeling van die ou Roomse Bybel, wat dit weer gekry het by die ou Griekse vertaling, het ons hierdie profetiese doel van die viertal boeke uit die oog verloor.

BOEK JOSUA.

Laat ons nou as voorbeeld kortliks behandel die ontstaan van die boek Josua. Dit word na hom genoem, omdat hy die held van die boek is, en nie omdat hy die skrywer is nie. Wel het die Joodse oorlewering gesê dat hy dit geskrywe het, dog dat hy dit nie gedoen het nie, blyk uit die feit dat hy dood was voor die einde van die boek, en dat daar b.v. in Jos. 24: 31, na sy dood, gepraat word van: „lank na Josua nog in die lewe was". Wie die skrywer was is onmoontlik om uit te maak uit die boek self, sodat die skrywer moet beskou word as 'n onbekende wat „in heel zijn arbeid is geleid geworden door den Heiligen Geest, zoodat hij in zijn boek een deel van het Woord Gods tot heil der menschheid op onfeilbare wijze heeft op schrift gebracht."

Dat hierdie skrywer of samesteller ander geskrifte gehad het om te raadpleeg, en dat hy daarvan gebruik gemaak het, is duidelik uit b.v. Jos. 5: 1. Dis ook duidelik uit Jos. 18: 4-8 dat die skrywer ook gebruik gemaak het van 'n dokument wat deur Josua of onder sy toesig opgetrek was, asook van 'n verbond, 'n skriftelike akte, deur Josua geskrywe waardeur Israel vir hul verplig het om God te dien (Jos. 24: 26). Ja,

moontlik het die skrywer nog meer sulke ou „aan-tekeninge” gehad, sodat hy na ’n ou geskrif verwys wat vir ons verlore gegaan het, nl. „die Boek van die Opregte” (Jos. 10: 13). „Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie?” vra hy.

KONINGS.

Laat ons nog net die boeke van Konings behandel om te sien hoe die ontstaan het. Niemand weet wie die skrywer was nie. Wat ons wel weet is dat Israel sy ryksannale, ryksgeskrifte, gehad het vir elke koning deur persone daartoe aangestel. So het Dawid as sy koninklike skrywers aangestel Samuel, Natan en Gad, soos ons lees uit 1 Kron. 29: 29 dat „die vroeëre en latere geskiedenis van Koning Dawid beskrywe is in die geskiedenis van Samuel, Natan en Gad”. So het Salomo ook gehad as sy ryksekreterisse Natan, Ahia en Iddo, van wie ons lees in 2 Kron. 9: 29. So het Josafat gehad vir Jehu as skrywer (2 Kron. 20: 34), „en die ander geskiedenis van Josafat, die vroeëre en die latere, kyk, dit is beskrywe in die geskiedenis van Jehu”. So lees ons ook, om nog maar een voorbeeld op te noem, in 2 Kron. 26: 22: „En die ander geskiedenis van Ussia (die koning van wie se dood ons lees in Jes. 6) het die profeet Jesaja beskrywe.”

So kan ons goed verstaan dat, as die skrywer van die boek Josua wat maar ’n klein tydperk moes beskrywe, van ander geskrifte gebruik gemaak het, die skrywer van die boeke Konings—’n lang tydperk van honderde jare vanaf Dawid as koning tot die vernietiging van die ryke van Israel en Juda deur die wegvoering na Babilon—dat hy nog meer van ander geskrifte moes gebruik gemaak het vir sy werk. „Het stuk historie door ons

Koningsboek beschreven, begint dus met het sterfjaar van David (972) en eindigt met het sterfjaar van Nebukadnezar (561)." Geen wonder dan ook dat hy drie sulke bronne opnoem nie, nl. „die geskiedenisboek van Salomo" (1 Kon. 11: 41), „die Kroniekboek van die Konings van Juda," genoem in 1 Kon. 14: 29, en „die Kroniekboek van die Konings van Israel", genoem in 1 Kon. 14: 19. Tot vyftien maal noem hy die tweede bron, en sewentien maal noem hy die derde bron.

POLITIEKE GESKIEDENIS.

Ons het hierbo gesê dat hierdie boeke van 1 en 2 Konings profetiese geskiedboeke is en in die Hebreuse Bybel onder die profetiese indeling val, omdat die skrywer nie bedoel het om 'n suiwer geskiedkundige boek te skrywe nie, maar wel 'n boek met profetiese strekking. Dit blyk juis so duidelik uit die verhouding wat hy opneem teenoor hierdie drie bronne voorheen deur ons genoem wat hy beskou het as suiwer politieke geskiedboeke.

Vir die suiwer geskiedenis verwys hy die lesers geduriglik, vyftienmaal en sewentienmaal, na hierdie boeke. Tereg sê die Christelike Encyclopaedie: „De redaktor legt namelijk geen nadruk op het gebruik dat hij ervan heeft gemaakt, maar juist op het gebruik dat hij ervan niet heeft gemaakt. Aan het einde van haast elke regering geeft hij een kortere of langere opsomming van dingen, waarop hij niet nader wenscht in te gaan, maar die de lezers kunnen vinden in de door hem genoemde bron. Daaruit blijkt nu dat de bronnen zuiver politieke geschiedenissen waren." „De enige maal, dat er iets genoemd wordt op religieus terrein, is

bij de zonde van Mannasse," wat „beskrywe is in die Kroniekboek van die Konings van Juda" (sien 2 Kon. 21: 17).

DIE GODSDIENSTIGE STANDPUNT.

Die godsdienslike doel en standpunt van die skrywer het hy voortdurend geput uit die boek Deuteronomium wat hy voor hom gehad het, of sekerlik geken het. Van die diep geestelike strekking van die boek Deuteronomium was hy deurdronge en voortdurend sien ons hoe hy vir Israel vergelyk by die grootse ideale en standaard van Moses, soos vervat in Deuteronomium. Dit sien ons b.v. in sekere uitdrukkings wat hy oorgeneem het uit Deuteronomium. In Deut. 11: 1, b.v., lees ons van die „onderhou van Sy (Gods) ordening, insettinge, gebooue," wat u terugvind in 1 Kon. 2: 3, „Onderhou die ordening van die Heer jou God—Sy insettinge, gebooue." En baie ander.

Dis verder duidelik dat die skrywer nog meer bronne gebruik het as die drie hierbo genoem, bronne wat hy nie duidelik noem nie, en werke wat binne die bereik was van elke leser van daardie tyd, so b.v. die profete-verhale van Elia en Elisa.

Wanneer hierdie twee boeke klaar geskrywe is, is 'n ingewikkelde vraag. In kort kan ons sê, dat dit na die dood van Nebukadnesar moes gewees het, omdat sy dood hier genoem word, en ons weet dat hy gesterwe het 'n kwarteeu na die verwoesting van Jerusalem en die Tempel deur hom.

Ons het net by wyse van voorbeeld die eerste en die laaste van hierdie viertal boeke se ontstaan probeer beskrywe. Wat dus van die boeke Josua en Konings se ontstaan geld, kan ook in hoofsaak gesê word van

die ander twee, nl. Rigters en Samuel. Waarom Rut, Kronieke en ander geskiedenisboeke nie onder hierdie „vroeëre profetiese boeke”, die Nebhiim Rishonim val nie, sal ons later aantoon.

In kort kan ons sê dat ons (volgens die Christelike Encyclopaedie) die ontstaan van die boeke Josua—Konings moet soek in „de sinds Samuel krachtig opbloeiende profetenkringen” wat allerlei bronne geraadpleeg het in die opstel van hul werke. Die skrywers het hulself vergeet en nooit met hul name op die voorgrond getree nie. Hul doel was Gods verheerliking. Ons sluit met 'n treffende aanhaling uit die Christelike Encyclopaedie, waar die doel van die skrywer van Konings opgesom word: „Hij wilde de geschiedenis der Koningen stellen in profetisch licht. Zijn werk moest voortsetting wezen van wat we bezitten in de boeken Jozua, Richteren, Samuel. Met elkander stellen ze heel de geschiedenis van het vóór-exilische (voor die ballingskap) Israël in Kanaän in profetisch licht.”

V

DIE LATERE PROFETIESE BOEKE

ONS het in die vorige stuk gesê dat die Hebreuse Kanon die boeke van die Ou Testament in drie dele verdeel, waarvan die tweede deel, die Nebhiim, die Profete genoem word. Ook het ons gesê, dat hierdie Nebhiim weer in twee dele verdeel word, nl. die vroeëre, nl. Josua, Rigters, Samuel en Konings, en die latere.

Waar ons in hoofstuk IV probeer skets het die redes waarom hierdie geskiedenisboeke in die Hebreuse Kanon onder die profete getel word, asook die ontstaan

van hierdie boeke probeer skets het, wil ons nou handel oor die ontstaan van die „Latere Profetiese Boeke”, nl. die van Jesaja tot Maleagi.

Vooraf egter 'n paar algemene aanmerkings. Ons het reeds nadruk gelê en wil dit nogeens doen, op die groot feit dat die Profetisme by Israel nie alleen van die allerhoogste betekenis in die heilige geskiedenis is nie, dog ook dat dit uniek en enig is in die godsdienstige geskiedenis van die volkere van die wêreld. Tereg sê Rhiem in sy Bybelse Woordeboek: „Het Bijbelsch Profetisme is na de menswording van den Zone Gods het grootste en merkwaardigste verschijsnel, waardoor de godsienst der Openbaring zich van de andere godsdiensten onderscheidt en boven (let wel) deze verheft. De profeet wordt geen tolk van Gods wil en raad ten gevolge van een natuurlijke gave, maar door een goddelijke zelfmeededeeling.” Dit is, die Profetisme is enkel en alleen te verklaar uit die *spesiale Openbaring en selfmededeling* van God. Daar is dus geen verwantskap tussen die Bybelse Profetisme en die towery, waarsêery en stuiptrekkings wat 'n mens aantref by die heidense godsdienste nie.

DIE HISTORIESE GROND VAN ONTSTAAN.

Waarin vind die Bybelse Profetisme, of liewer die Profetestand, die grond van sy ontstaan? Op hierdie vraag moet 'n antwoord. Uit die antwoord sal ons sien dat daar iets pateties, iets treurigs, verbonde is aan die ontstaan van die Profetisme. Ons weet vir seker wat die grond is van die ontstaan van die priesterskap wat ons algemeen aantref by alle volkere se godsdienste. Hierdie grond vind ons in die behoefte by die mens aan persone wat as middelaars optree tussen God en mens. So was

elke vader die priester van sy familie en het hy geoffer vir sy huis. So was dit by die aartsvaders, Abraham, Isak en Jakob. So lees ons van Job dat hy „die môre vroeg klaar maak en brandoffers bring vir elkeen van hulle (sy kinders), want Job het gedink: Miskien het my seuns gesondig” (Job 1: 5). Dit staan dan ook duidelik bepaal in die Ou Testament dat dit tot die diens van die priesters behoort om die volk te onderwys. „Die lippe van ’n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is ’n boodskapper van die Here van die leërskare” (Mal. 2: 7). Maar helaas, aan hierdie heerlike werk was die priesterstand waarvan die grondslag gelê was deur Moses, ontrou gewees. Gedurende die tydperk van die Rigters was die priesterdom te laag gesink om vir sy taak bereken te wees, en uit hierdie treurige toestand van die priesterstand is toe ’n nuwe stand ontstaan, nl. die van die Profete.

Ons sal ook later sien dat die groot profete, Jesaja en andere, voortdurend die priesters moes reken tot hul grootste vyande en voortdurend die volk teen hulle moes waarsku. Die treurige les van die geskiedenis is dus dat, as die priesterorde, soos deur Jehova bedoel en deur Moses ingestel, aan sy doel beantwoord het, die profetestand nooit nodig sou gewees het nie. Die Profetisme is dus Gods protes teen die priesterheerskappy.

DIE PROFETE-SKOLE.

Dit bring ons as vanself by die sogenaamde „Profeteskolle”. Was Moses die wetgewer en grondlêer van die Aäronitiese priesterorde, dan was dit deur God aan Samuel opgelê om te wees „de grote reformator en de organisator van de profeten-orde” (Sillevis-Smit).

Was Samuel nie die stigter nie, dan seker was hy die „organisator” van hierdie profete-skole of „profetegroep”. Ons vind ook dat hy in Rama, waar hy gewoon het, aan die hoof gestaan het van so ’n profetegroep. In sy voetstappte het ook onder Dawid en sy opvolgers opgetree profete soos Natan, Gad, Abia, Semaja, Iddo, Hanani en Jehu en verskeie ongenoemde profete. Ander groepe vind ons ook op Betel, Jerigo, Gilgal, en in 2 Kon. 6: 1 word ook gepraat van ’n plek êrens by die rivier, die Jordaan, waar Elisa die yster van die byl op die water laat drywe het. Die naam van hierdie plek word nie genoem nie.

Die groot manne soos Samuel, Elia, Elisa, onder wie se leiding hierdie profetegroep was, is in die reël hul „vader” (1 Sam. 10: 12) of hul „heer” of „hoof” genoem. „Toe gaan die profete-seuns wat in Betel was, na Elisa en vra vir hom: weet u dat die Here vandag u heer bo u hoof sal wegneem?” en toe Elisa vir Elia sien ten hemel vaar, lees ons dat hy uitroep: „My vader, my vader” (2 Kon. 2: 12).

Die manne, wat tot so ’n profetegroep behoort het, het gewoonlik geheet „profete-seuns”.

Somtyds was hierdie profete-seuns baie in getal, sodat ons in 1 Kon. 18: 4 lees dat, toe Isebel die profete uitgeroei het, die godvresende Obadja 100 van hul in ’n spelonk weggesteek het, en ook sien ons in 1 Kon. 22 dat Agab by seker geleentheid 400 van hul bymekaar het, en ook weet ons dat die woonplek by die Jordaan vir hul te klein geword het, sodat hul moes gaan pale kap om vir hul hutte te maak.

Sommige skrifverklaarders meen dat in hierdie „profete-skole” allerlei vakke van onderwys beoefen is in verband met Israel se godsdienste, en ook nog ander

vakke soos geskiedenis, gewyde digkuns en musiek. Dit lyk seker baie waarskynlik, want ons lees in Rigters 5 dat die profetes Deborah 'n „lofsang” gedig het, en ons lees in 1 Sam. 10 dat Saul 'n skare van profete ontmoet het met „harpe en tamboeryne en fluite en sifers”.

So ook lees ons in 1 Kron. 25 dat Dawid „die seuns van Asaf, Henan en Jedutun afgesonder het wat op sifers en op harpe en op simbale geprofeteer het”. So vind ons ook in verskeie profetiese boeke stukke poësie, b.v. in Jes. 12: 1-6, wat „Gesange van Bevryding” genoem word in ons Afrikaanse Bybel, en in Jes. 26: 1 lees ons: „In die dag sal hierdie lied gesing word,” en in Hab. 3 lees ons van die „gebed van Habakuk” wat „op die wysie van Sijjonot” gesing word, en in 2 Kron. 35: 25 lees ons dat Jeremia „'n klaaglied op Josia gedig het”. Dit is nie onmoontlik dat hierdie profete-seuns liedere, psalms, gedig het om by die Tempel te laat sing nie, en dat ons hier die oorsprong moet soek van sommige psalms van ons Bybelse psalmbundel. Dat hul, soos beweer word, geskiedenisonderwys daar ontvang het, is ook baie waarskynlik, veral as ons let op die feit dat die offisiële geskiedskrywer van Dawid die drie Profete Samuel, Natan en Gad was, en die van Salomo, Natan, Ahia en Iddo was, en dat Jesaja die geskiedskrywer was van konings Ussia en Hiskia. Ons kan ook onmoontlik dink dat hierdie honderde manne ledig hul dae sou deurgebring het, en die gedagte reeds in 'n vorige stuk uit die Christelike Encyclopaedie aangehaal, dat ons moontlik by hierdie „profete-kringe” die skrywers moet soek wat die vyf boeke van Moses voltooi het en die profetiese geskiedskrywings Josua tot Konings te boek gestel het, is baie aanneemlik.

Ons moet egter duidelik maak dat die naam „profete-skool” self nooit in die Ou Testament gebesig word nie. Dus is dit beter om nie van „profete-skole” te spreek nie, maar wel van „profete-kringe” of „groep-profete”.

Na Elisa se dae vind ons hierdie kringe nie meer nie, en in die tyd van Jesaja vind ons dat hy slegs enige leerlinge om hom gehad het, want hy sê: „Verseël die wet in die hart van my leerlinge” (Jes. 8: 16). Verder moet ook nog bygevoeg word dat dit nie seker is of juis in hierdie sogenaamde skole daar’n definitiewe opleiding was tot die bepaalde „profete-amp” van Jesaja, Amos en die andere nie.

Hiervan is ons seker dat Amos nie tot hierdie kringe behoort het nie, soos hy self gesê het in Amos 7: 14: „Ek was geen profet en geen profete-seun nie.” In elk geval is dit seker dat dit nie noodsaaklik was om tot so ’n profete-skool te behoort ten einde profet te wees nie.

GROOT PROFETIESE HERLEWING

Ons kan aan die bekende profete Jesaja tot Maleagi nie dink sonder om ook te dink aan ’n profetiese herlewing nie. Hierdie herlewing het tot stand gekom in die tyd van Samuel. Ons het hierbo gesê dat die historiese grond van die ontstaan van die profetestand gesoek moet word in die feit dat die priesterstand op ’n teleurstelling uitgeloop het in die tyd van Eli. Ons moet egter onderskeid maak met betrekking tot die profetiese gees, want die profetiese gees was daar altyd, en die profetestand.

Nou sien ons in 1 Sam. 3: 1 dat in die dae van Eli „die woord van die Here skaars was, gesigte was nie

baie nie." So het die profetiese gees, waaruit ook die profetestand was, naas die priesterstand tot stand gekom.

Gedurende die Rigters se tyd het die volk begin afval van die ware God, gevolglik het God die volk besoek met die een ramp op die ander.

Eli se seuns was mislukkings. Die behoefte aan 'n koning het praktiese politiek geword om die volkseenhed te behou, asook om die volk teen die vyand te beskerm. Weldra sou die volk in twee ryke skeur; Baäl en afgodediens sou die ware godsdienste verdring. Om dit alles sou God Israel swaar moet straf en uiteindelik sou hul moet verban word, soos voortdurend voorspel was. Sulke geweldige veranderinge sou spesiale inmenging van Gods kant noodsaaklik maak. „Gevolglik die noodsaaklikheid van 'n herlewing en uitbreiding van die profetiese openbaring”.

Hiertoe het God vir Samuel geroep, wat dan ook onder God geword het „de groote reformator en de organisator van de profeten-orde”.

Toe God Moses geroep het vir sy groot werk, het hy nodig gehad 'n spesiale teken van sy goddelike aanstelling. So was dit ook met Samuel. 'n Bonatuurlike roeping en gesig was dan ook vir hom gegee aan die begin van sy lewe, toe hy nog maar 'n kind was. Wat die openbaring by die Braambos vir Moses was, was Gods openbaring vir Samuel daardie onvergeetlike nag, toe hy in sy slaap Gods stem gehoor het en God vir hom geroep het om die pynlike aankondiging aan Eli te doen (1 Sam. 3).

Voortaan was dit nou die roeping van die profeet om te waak oor die volk en oor die groot vergaderings met die ontstaan van die koningskap. Hy, die profeet, moes nou die wette van die koninkryk duidelik maak,

die raadgewer van die koning wees, en die Teokrasie handhaaf. En toe, na die skeuring, en veral deur die afval van Jehova wat begin het onder Jerobeam en ten toppunt gestyg het onder die konings van Noordelike Israel, toe was dit dat die gees van profesie veral tot openbaring gekom het, toe ons „ groot profete” soos Amos, Jesaja, ens., te voorskyn gekom het. So het later omtrent die 8ste eeu voor Christus die eerste Profetiese Boeke begin verskyn. Gewoonlik word hier die name genoem van Amos, Jesaja, Hosea en Miga, as die profete van die 8ste eeu voor Christus. So het ons nou gekom in ons behandeling by die „ Groot” of

SKRIFPROFETE

Uit wat ons reeds geskrywe het oor die Profetisme is dit duidelik dat ons die profete kon indeel in drie algemene klasse, te wete: (a) Die wat geprofeteer het deur middel van die *daad*. Hier dink ons aan Noag wat geprofeteer het deur die daad, die bou van die ark, as getuie teen sonde; aan Abraham wat geprofeteer het deur sy vaderland te verlaat en op Gods bevel te trek na 'n land wat hy nie geken het nie. Deur sy trek uit sy vaderland en na die Beloofde Land het hy die waarheid geleer: „dat die lewe met God 'n breek met die oue vereis, en dat die lewe moet gelewe word onder veranderde en nuwe toestande.” So was ook Moses profet, in seker sin die grootste van alle profete, deur sy groot werk om Israel te laat trek uit die Egipteland van sonde, en was die trek uit Egipte 'n ware verlossing en die vestiging in Kanaän 'n ware gawe Gods. So lees ons dan ook in Gen. 20: 7 dat Abraham „'n profet” was, en in Deut. 18: 16, 18 sien ons dat Moses 'n „ profet” genoem word, en ook lees ons in Hosea 12: 14 „ deur

'n profeet het die Here Israel uit Egipte opgebring en deur 'n profeet is hul opgepas." (b) Die tweede klas profete is die wat geprofeteer het enkel deur middel van die *Woord*. Hier dink ons b.v. aan Elia wat teen Agab opgetree het in sy prediking; aan Natan wat na Dawid gegaan het toe hy Uria laat doodmaak het om Bateba as vrou te kry en vir Dawid die oordeel Gods aangekondig het met die woorde: „Jy is die man;” aan Elisa, Gad en andere wat ook profete genoem was, en veral kan ons hier dink aan Samuel wat vir Saul gesalf het, maar ook Gods raad en oordeel aangekondig het.

(c) Die derde en laaste klas profete is die wat geprofeteer het nie alleen deur middel van die daad en die woord nie, maar veral deur middel van die *Skrif*, die *geskrewe woord*. Dit is dan die „Skrifprofete”, ook genoem die „Kanonieke profete”, omdat die Kanonieke boeke van die profetiese boeke Jesaja tot Maleagi na hul name genoem word en hul skrifte bevat.

Verder, die uitdrukking „Profetisme” word in die Bybel gebruik in 'n *wyer* sin en in 'n *enger sin*. In die wyere of meer algemene sin spreek ons dan van Abraham, die patriarge, Moses, die 70 oudstes (Num. 11: 25), Debora en andere as profete. Maar die Bybel spreek ook van profete in die enger sin, en hiervan was Samuel die eerste. „Samuel nu was de eerste die den grondslag legde zoowel van Israëls gemeente als van het Profetisme in dezen eigenlijken en engeren zin.” (Rhiem).

In Hand. 3: 24 vind ons in Petrus se toespraak in die tempel hierdie twee naas mekaar genoem. Hierdie offisiële, „engere of eigenlijke” Profetisme gelê deur Samuel begin dan met Samuel en eindig met Maleagi, die laaste profeet van die Ou Testament. Hierdie Profetisme is dan die tweede fase in die openbaring van God

in die Ou Testament. Dit volg op die Mosaïsme (Moses-openbaring). „Mosaïsme en Profetisme is die twee groot dele van die geskiedenis van die Gods-openbaring in die Ou Testament” (Vos).

Hierdie „eigenlijke en engere profetisme” kan ook weer in twee dele verdeel word (en hierdie punt is van belang), naamlik die eerste deel vanaf Samuel, omtrent die 12de eeu, tot op die eerste Skrifprofete wat met Amos begin omtrent die 8ste eeu voor Christus, en die tweede deel wat begin met die 8ste eeu, met Amos tot op Maleagi, omtrent die jaar 440, en dus uit die Skrif- of Kanonieke profete bestaan.

Hierdie periode van die 8ste eeu tot die jaar 440 was in die geskiedenis van die openbaring van so groot belang, dat die profesieë van hierdie godsmanne op skrif moes gesit word, en so het Gods Kerk vandag die Godsprake van Jesaja tot op Maleagi in die Bybel.

VI

DIE SKRIF-PROFETE

(a) *Die Skrif-profete en hul „eerste” roeping.*

JEHOVA het vir Abraham wat ook profet in die algemene sin was, en wat geprofeteer het deur die „daad”, ’n *spesiale openbaring* van sy roeping gegee in Ur der Chaldeë en vir hom gesê: „Gaan nou uit jou land na die land wat Ek vir jou sal wys”.

By die braambos het Jehova ook vir Moses ’n openbaring, ’n roepingsvisioen, gegee om na Egipte te gaan om Israel te verlos, en „deur ’n profet het die Here Israel uit Egipte opgebring, en deur ’n profet is hulle opgepas” (Hos. 12: 14). Ook vir die seun Samuel het

die Heer by die Tabernakel in Silo in die nag deur middel van 'n roepstem geroep, waaruit hy sy roepingsbewustheid gekry het, en waaruit gebore is die engere en eintlike Profetisme as „'n vasstaande, 'n stelling in die Openbaring van die Ou Testament”.

Dit sou byna onverklaarbaar gewees het, as God nie ook die Skrif-profete geroep het deur 'n besondere openbaring of selfs 'n gesig nie! Veral as in aanmerking geneem word die taak hul opgelê en die plek wat hul moes beklee in die Godsopenbaring.

Dit het dan ook gebeur. „De profeten werden door een biezondere Goddelijke roeping tot hunne taak afgezonderd; veelal geschiedt dit met een bepaalde roepingsvisioen” (Chris. Encycl.) So sien ons dan ook dat die groot profete, naamlik, Jesaja, Jeremia en Esegiel, met nadruk hul „eerste” roeping beskrywe het.

JESAJA:

Jesaja se roeping word vir ons beskrywe in hoofstuk 6 van die boek Jesaja. Dit het so gebeur. Dit was in die sterfjaar van die beroemde koning Ussia, die koning van Juda. Ussia was vir Juda byna wat David vir Israel was voor die skeuring. Hy het die ryk van Juda beroemd gemaak. Hy was 'n geseënde, godvresende, suksesvolle, progressiewe koning—en hy sterf. Dit was vir Israel 'n skok. Almal het weemoedig gevra: „Wat gaan nou van ons word? Ussia is dood! Wie gaan ons nou lei?” Nou tree God in. Ussia is dood! Maar God nie. Daarom staan daar geskrywe: „In die sterfjaar van koning Ussia het ek die Here gesien op 'n hoë en verhewe troon, terwyl Sy some die tempel gevul het”. Ussia sit nie meer op sy troon nie, maar God „sit op 'n hoë en verhewe troon,” en Sy Goddelike Majesteit is so groot

dat „Sy some”, slegs „Sy some die Tempel vul”. Onder sulke omstandighede hoor Jesaja toe die stem: „Wie sal Ek stuur? Wie sal vir ons gaan?”

Dit was vir Jesaja genoeg, sodat hy antwoord: „Hier is ek; stuur my.” Aan hierdie roeping het Jesaja vir hom gewy tot sy dood toe.

JEREMIA

Jeremia beskrywe ook vir ons sy „eerste” roeping in hoofstuk 1: 5 van sy boek. Dit was „in die dae van Josia” (1: 1), die Reformator van Israel se godsdiens, toe „het die woord van die Here dan tot my gekom en gesê: voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken—en het Ek jou geheilig. Ek het jou ’n profeet vir die nasies gemaak.” Jeremia het hieruit verstaan dat God hom roep en het dadelik beswaar gemaak: „Ag, Here, Here, voorwaar ek kan nie praat nie, want ek is jonk”. Maar toe God sy „mond aangeroe” het (1: 9) en gesê het, „hiermee lê Ek my woorde in jou mond,” was die jonge Jeremia gewillig en gehoorsaam tot die dood toe.

ESEGIEL:

So word ook die „eerste” roeping deur *Esegiel* beskrywe in hoofstuk 1: „Toe ek onder die ballinge by die Kebarrivier was, is die hemele geopen en het ek goddelike gesigte gesien. En toe ek dit gesien het, het ek”—as verpletter deur die grootsheid van die taak waartoe God hom geroep het—, „op my aangesig geval en die stem gehoor van Een wat spreek (1: 28). Toe sê God vir hom: „Mensekind, staan op jou voete”. Dis die man wat nie verpletter, moedeloos, magteloos as geslaan deur verlamming neerval nie, wat regop,

penorent staan, die man in sy volle manlikheid, wat God kan gebruik. Daarom sê die Here vir Esegiel en vir ons: „Staan op jou voete, dat Ek met jou kan spreek.”

Ook hy was getrou selfs as hy geroep was tot die allerpynlikste om „die laaste woorde teen Jerusalem” (hoofstuk 24) te spreek. „Mensekind, kyk, Ek neem die lus van jou oë van jou af weg deur ’n sware slag: nogtans mag jy nie rouklaag of ween nie, en jou tranes mag nie kom nie. Sug in stilte; oor die dooies mag jy geen rou bedryf nie; bind jou hoofversiersel vir jou om en trek jou skoene aan jou voete; jy mag ook die baard nie bedek nie en die brood van die mense nie eet nie. Toe het ek die môre met die mense gespreek, en die aand het my vrou gesterwe, en ek het die volgende môre gedoen soos dit my beveel was” (24: 16-18).

So het ook Jesaja dieselfde gedoen toe hy die pyn moes deurmaak om sy volk „’n ander teken van die strafgerig” te gee (Jes. 8: 1): „En ek het na die profetes gekom, en sy het swanger geword en ’n seun gebaar; en die Here het vir my gesê: Noem hom: Net nou is daar buit, gou is daar roof”. (Jes. 8: 3).

Die ander profete beskrywe hul „eerste” roeping minder breedvoerig. Tog is dit daar. Kortweg, om maar een te noem, vertel Amos die skaapboer in Tekoa, die Kalahari van Palestina, van sy roeping: „Maar die Heer het my agter die kleinvee weggeneem, en die Heer het vir my gesê: gaan heen, profeteer vir My volk Israel” (Amos 7: 14, 15).

(b) Die Skrif-profete en die Goddelike Bron.

Hul was as profete die tolke van Gods Raad, dog nie ten gevolge van hul natuurlike bekwaamheid nie, maar

ten gevolge van 'n *goddelike selfmededeling*. Hul was „de vertrouwelings des Heeren, die in alle Gods plannen zijn ingewijd”. Hierdie feit was hul geloofsoortuiging, en word mooi deur Amos uitgedruk: „Sal twee ooit met mekaar wandel, tensy dat hul eers met mekaar afgespreek het? Sal 'n leeu brul as hy geen prooi het nie? Want die Here Here doen niks, tensy dat Hy eers Sy geheimenis aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here Here het gespreek, wie sal nie profeteer nie?” (Amos 3: 3-8).

Dat die profete deurgaans bewus was van hul aanraking met hierdie goddelike Bron, met hierdie goddelike „inspraak”, sien ons uit uitdrukkings wat ons so dikwels as uit die mond van die profete aanhoor, soos b.v. „Mensekind”, sê die Heer, „eet hierdie rol op en gaan spreek. Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my die rol laat eet” (Eseg. 3: 1-3), en „ons het 'n tyding van die Here gehoor” (Obadja 1), of „so sê die Here” (Jes. 22: 15), of „so het die Here met my gespreek,” of „die Woord van die Here wat tot Jeremia gekom het weens die groot droogte” (Jer. 14: 1), of „woorde van Amos, een van die skaapboere van Tekoa, wat hy gesien het” (1: 1). Sulke, en nog ander uitdrukkings, kom baiemaal voor in die profesieë en getuig almal van 'n goddelike Bron waaruit die profete geput het.

Uit hierdie Bron het die godsmanne geput op innerlike, geestelike wyse. Hul het goddelike boodskappe ontvang na en op die gebed—en dit is vir ons van baie belang. Hul was in die eerste plek gebedsmanne, eweas die Groot Profete wat sou kom, Jesus Christus, bo alles en almal 'n Gebedsman was en tot die gebed die toevlug

geneem het. So was dan Jesaja van die gebed afhanklik. „Toe laat Jesaja Hiskia weet: so spreek die Here: Wat jy My gebid het, het Ek gehoor” (2 Kon. 19: 20).

So ook was die groot Jeremia van gebed afhanklik. B.v. in 'n gewone kooptransaksie, „nadat ek die koopbrief aan Barug,” sy sekretaris, „gegee het, het ek gebid en gesê” (Jer. 32: 16); of toe hy in die tronk was: „So spreek die Here: Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge” (Jer. 33: 1-3).

So ook die vrome Habakuk: „Op my wagtoring wil ek gaan staan om uit te kyk en te verneem wat Hy met my sal spreek. Toe antwoord die Here my en sê: Skryf die gesig op” (Hab. 2: 1).

(c) Die Skrif-profete en hul eensaamheid.

Was daar ooit 'n eensamer mens as Elia? Hy moes alleen staan teenoor Agab en Isebel, die hele volk, 450 Baälspriesters en nóg 400 valse profete wat hul roeping ontrou was. Maar eweso kan tereg gespreek word van „de eenzame gestalten van mannen als Amos, Hosea, Jesaja en Micha, Jeremia en Ezechiël”, wat „in onverzwakte trouw aan den Heere” hul roeping moes vervul. Hul moes deurmaak „de smartelike noodzakelijkheid van teen hun eigen amtsgenoten op te treden”—en wat laat jou meer eensaam en alleen in die wêreld voel as dit!

Hierdie ampsgenote was die vele valse profete, en onder hierdie valse profete moet ons nie verstaan die Baälsprofete b.v. van Isebel nie, maar die profete van Jehova wat vals en ontrou geword het. Die opkoms van hierdie valse profete wat aan hul roeping ontrou was, is maklik te verklaar. Die konings van Noordelike

Israel was almal goddeloos, en hul het die profete aangehou vir raadgewers, en hierdie profete was geheel afhanklik van die guns van die konings, „en nu ging aan hen maar vaak het bekende spreekwoord in vervulling: wiens brood men eet, diens woord men spreek”. So het Agab 400 Jehova-profete gehad wat Isebel en Agab na die mond gepraat het. Maar die ware profete soos Elia, en later die Skrif-profete soos Jeremia en Amos, het onverskrokke die sonde bestraf en Gods oordeel aangekondig en die afgodediens en die konings veroordeel. So het manne soos Jeremia teen hul gehad die priesters, die volk, die valse profete en die konings behalwe die enkele vromes.

„De onheilsprofeten stonden meestal alleen, en hadden zoowel de schare als den koning tegenover zich.” Lees maar die stryd van Miga in Miga 3 teen die leiers van die volk en die valse profete. Lees maar die stryd van Jeremia teen Hananja en Semaja (Jer. 28: 1; 29: 24), sodat Jeremia later as verraaier in die tronk gestop is.

(d) Die Skrif-profete en hul oordeelsprediking.

Ons het gesê dat Profetisme in die engere sin begin met Samuel en met Maleagi eindig. Ook het ons aangetoon dat hierdie Profetisme tussen Samuel en Maleagi in twee dele moet verdeel word, nl. vanaf Samuel, die 12e eeu, tot op die begin van die Skrif-profete, die 8ste eeu, en dan weer vanaf die eerste Skrif-profete, Amos, tot op die laaste, Maleagi, dit is vanaf die 8ste eeu tot die jaar 440.

Nou is dit seker, „oordeelsprediking” was daar altyd, want sonde is daar altyd. So het die profete van die 12de, 11de, 10de en 9de eeue ook teen sonde gepreek. Dit het Samuel gedoen teenoor Saul. Natan het vir

Dawid bestraf; so ook het Gad vir Dawid bestraf en die pes as straf aangekondig oor die telling van die volk (2 Sam. 24); so ook Elia, Elisa. Maar hul prediking was met die oog op 'n nasionale herlewing en op die behoud van die aardse Koninkryk van Israel; dit was 'n prediking teen sonde wat roep tot bekering.

Maar nou het dit alles geblyk tevergeefs te wees! Daarom begin die Skrif-profete, en Amos wat die eerste van die Skrif-profete was, met 'n ander soort van oordeelsprediking. Hul preek nou nie teen sonde wat roep tot bekering met die oog op 'n nasionale herlewing of hervorming nie, maar hul preek teen goddeloosheid wat roep om goddelike wraak. Die tyd om Israel se aardse koninkryk vir 'n teokrasie te behou is nou verby. Die tyd dat Jerusalem die hoofstad sal wees van 'n Joodse Ryk is onherroeplik verby. Die goddeloosheid het te ver gegaan. So kondig hul nou aan die val van die volk en die vernietiging van Jerusalem en die ontbinding van Israel se aardse koninkryk en sy volkstaat.

Ewenas God deur met die Sondvloed alles te vernietig met Noag 'n nuwe begin wou maak, en ewenas God met die roeping van Abraham 'n uitverkore volk wou roep en 'n ander begin wou maak, so wil God nou Israel se aardse koninkryk as 'n mislukking ontbind, en op hierdie puin wil Hy oprig 'n ander, 'n geestelike ryk met 'n ander, 'n Geestelike Koning. *God maak nou 'n ander begin.* So spreek die profete vanaf Amos tot Maleagi 'n oordeelsprediking uit oor die ou toestand, en so is uit hulle oordeelsprediking gebore die Messiaanse profesie, die aankondiging van die Messias en van 'n geestelike ryk. „Hoe belangrik hierdie verandering was wat hul aankondig, kan bes besef word uit die feit dat hul profesie nou op skrif gestel moes word.

Vanaf die 8ste eeu het die profete geword Skrif-profete. Hul was die eerste profete om hul godsprake op skrif te stel. Hul het aangekondig ontbinding en vernietiging, dog hul het ook die idee van verlossing gevat. Hul prediking was nie net vir hul tyd nie, dog vir die toekomstige tyd. Die toekomstige geslagte moes oordeel of hul prediking die oordeelsprediking, waaruit die Messiaanse profesie, die verlossingsprediking gebore was, die waarheid was. Daarom moes dit op skrif." (Vos). So gaan ons nou oor om te wys op die Skrif-profete en hul geskrifte.

VII

DIE SKRIF-PROFETE SE GESKRIFTE

AMOS

DIE tyd vir die kort en drastiese Godsprake van die vorige profete soos Samuel, Elia en andere, is nou verby. In plek van hierdie „kort, drastiese Godsprake" kom nou „redevoerings, predikasies van groot lengte," van die profete soos Amos, Jesaja. Hulle het toe onder goddelike ingewing gevoel dat „deur te skrywe, kon hul beïnvloed vele wat hul stem (of hul woorde) nooit sou bereik nie, en so het die geskrewe woord geword 'n blywende besitting van die goddelike kern van die volk wat hul staande gehou het temidde van die duisternis, toe Gods aangesig vir hul verborge was. Sulke boodskappe op skrif gesit was ook vir Gods volk, toe al die ellende en rampe verby was, 'n bewys dat God al die tyd by hul was" (Hastings). Daarom het Jesaja gesê: „Bind die getuienis toe; verseël die Wet in die hart van my leerlinge" (Jes. 8: 16). So het God ook vir Esegïël in die begin van sy loopbaan gesê, en hy toe weer van Israel: „of hulle nou luister

of nie, hul sal moet erken dat daar 'n profeet onder hulle gewees het" (Eseg. 2: 5).

As treffende voorbeelde van „die kort, drastiese Godsprake" waarvan hierbo melding gemaak is, kan ons wys op die boodskap van Samuel aan Saul: „Daarop sê Samuel: Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme" (1 Sam. 15: 22). Of wat „in die veld" plaasgevind het, toe die profeet Ahia en Jerobeam wat die groot skeuring in Israel 'n voldonge feit gemaak het, „alleen was". En hulle twee was alleen in die veld. Toe gryp Ahia die nuwe mantel wat hy aangehad het en skeur dit in twaalf stukke, en hy sê vir Jerobeam: Neem vir jou tien stukke, want so spreek die Here, die God van Israel: Kyk, Ek gaan die koninkryk uit die hand van Salomo afskeur en aan jou tien stamme gee" (1 Kon. 11: 29-31). Of die woorde van Elia aan Agab: „Daarop sê Agab vir Elia: Het u my gekry, my vyand? En hy antwoord: Ek het u gekry. Kyk, Ek gaan onheil bring oor jou en jou skoon wegvee", ens. (1 Kon. 21: 20, 21).

In plek van sulke kort, beknopte boodskappe kom nou lang predikasies van die profete Amos, Jesaja tot op Maleagi.

Dikwels het dit ook selfs gebeur dat God die profete direk bevel gegee het om sekere boodskappe op skrif te sit. So lees ons dat God vir Jesaja gesê het: „Neem vir jou 'n groot tafel en skrywe daarop met 'n mensegriffel" (Jes. 8: 1). „Skryf dit op 'n tafel, en teken dit op in 'n boek, dat dit kan bly vir later dae, vir altyd, tot in ewigheid" (Jes. 30: 8). So het God ook

vir Jeremia gebied: „Skryf hierdie man op as kinderloos,” ens. (Jer. 22: 30). „Neem vir jou ’n boekrol en skrywe daarop al die woorde,” ens. (Jer. 36: 2). So ook aan Esegïël, „Skrywe dit voor hulle oë op, sodat hulle sy hele vorm kan bewaar,” ens. (Eseg. 43: 11).

As ons aan die profete dink as mense, dan sal dit vir ons duidelik word hoe hul uit sulke duidelike bevels, „skryf”, die noodsaaklikheid ingesien het, dat hul nie elke maal nou juis op ’n stem uit die hemel moes wag nie, maar vanself gevoel het dat God wou dat hul prediking op skrif moes gesit word.

Hier toe het sekerlik nog bygedra twee gebeurtenisse wat vir ons beskrywe word wat die profete laat op prys stel het die waarde van die geskrewe woord. Die een gebeurtenis vind ons in 1 Kon. 22 waar hul tydens Josia se vernuwing van die tempel in die tempel ontdek het die boek Deuteronomium. Die voorlees van hierdie boek in ’n groot volksvergadering het op die volk ’n geweldige indruk gemaak. Die ander gebeurtenis vind ons in Jer. 36, waar die voorlees van die rol wat Jeremia geskrywe het, so ’n geweldige indruk op die koning Jojakim gemaak het en op die mense wat Barug, Jeremia se sekretaris, dit hoor voorlees het. Ons sien ook, dat toe Jojakim die rol laat verbrand het, Jeremia weer ’n ander rol geneem en daarop geskrywe het: „Neem vir jou weer ’n ander rol en skrywe daarop al die vorige woorde . . .” (vers 28), en hy het „nog baie dergelike woorde daaraan toegevoeg” (vers 32) Tereg sê iemand hiervan: „Die voorvalle van die boek Deuteronomium en die rol van Jeremia toon aan dat ’n geskrif ’n veel groter indruk gemaak het dan ’n woord deur die profete uitgespreek” (Hastings, Encycl.).

Maar nou moet ons aantoon—en met nadruk—dat ons

duidelik onderskeid moet maak tussen hierdie op skrif gestelde bookskappe deur die profete, en die boeke self, wat na hul name genoem word.

Hoe moet ons dan die ontstaan van die profetiese boeke, b.v. die boek van Jesaja, Jeremia dink? Ons gee 'n aanhaling uit die Chr. Encycl. wat die ontstaan van die boeke in algemene sin beskrywe: „Ook met betrekking tot de profetische geschriften moet worden geconstateerd, dat ze hun ontstaan te danken hebben niet aan de profeten zelve, wier namen ze dragen, maar aan zoogenaamde redaktoren, die de schriftelijke nalatenschap van deze godsmannen rangschikten en ordenden, daarin soms uit geschiedkundige geschriften stukken opnamen, die hun voor de teekening van den arbeid der profeten belangrijk voorkwamen (Jes. 36-39; Jer. 52) of ook gebruik maakten van geschriften van tijdgenooten, indien dezen in het leven van den Godsgezant een gewichtige plaats hadden ingenomen (het geschrift van Barug over Jeremia).”

In ander woorde, ons het dan die volgende faktore in die ontstaan van die boeke, b.v. van Jesaja, Jeremia ens:—

(a) Die profete het self onder goddelike ingewing hul Godsprake, predikasies (of seker die vernaamste en langste daarvan) op skrif gestel.

(b) Sommige van hul het 'n besondere vriend, „'n geheims krywer of sekretaris,” gehad. Jeremia weet ons verseker het vir Barug gehad aan wie hy die goddelike vermanings gedikteer het: „Toe het Jeremia Barug geroep, en Barug het op 'n boekrol geskrywe uit die mond van Jeremia” (Jer. 36: 4).

(c) Dan was daar nog soos in vorige stukke duidelik gemaak, geskiedkundige geskrifte wat geskrywe was

deur die offisiële geskiedskrywers van die verskillende konings en wat gehandel het oor die geskiedenis van die konings wat regeer het tydens die profete.

(d) Dan was daar nog, of kon daar gewees het, een of ander geskrif van 'n tydgenoot van een van die profete. So sien ons uit Jer. 45 dat daar 'n geskrif was van Barug oor Jeremia.

(e) Dan was daar „redaktore”, wat onder Gods ingewing uit al hierdie „skriftelike nalatenskap” van die profete en die ander geskrifte voor hul, te boek gestel het die boeke, wat dan vir Gods volk gegee het die prediking en die lewensbeskrywing van die profete. Hierdie boeke is dan genoem na die naam van die profeet oor wie die boek handel. So handel die boek van Jesaja oor die prediking en lewe van Jesaja, en die boek Esegïel oor Esegïel se prediking en lewe, ens.

Laat ons egter, by wyse van voorbeeld, net een profetiese boek noem, en sy ontstaan beskrywe. (Dit spreek vanself dat daar nie ruimte is vir almal nie).

DIE BOEK AMOS.

Ons sien groot skares van mense uit alle dele van Noordelike Israel wat hul afgeskeur het van Jerusalem, byeen in Betel. Nog altyd stroom die mense Betel in. Wat is daar dan gaande? Daar is 'n groot fees in Betel. Groot vreugde! Dis 'n nasionale fees en ook 'n kerkfees!

Betel is die kerklike hoofstad van Noordelike Israel, so gemaak deur Jerobeam, hul eerste koning na die skeuring. Hy het veral gekonsentreer op Betel wat noord van Jerusalem lê, om sy mense weg te hou van die tempel van Jerusalem. Daarom het hy veral altare

in Betel laat bou en priesters aangestel vir die kalwerdiens en vir die offerandes.

So is Noord-Israel nou in volle sterkte vir feesviering in Betel aanwesig. Nou, vir die eerste maal na jare, het Israel onder Jerobeam II weer militêre sukses behaal in die oorloë teen die Siriërs. Die gebied wat hul verloor het onder die vorige konings, Omri en Agab, het Jerobeam weer teruggeneem. Hul beleef nou 'n nasionale voorspoed en glorie en weelde soos selde tevore! Almal juig oor hul koning Jerobeam! Die priesters is druk besig by die altare met hul offerdiens. Nou, temidde van al hierdie vreugdebedryf, hoor hul 'n harde mans- en boerestem plotseling uitroep dat God hul ryk gaan uitroei! Dat hul koning Jerobeam deur 'n oordeel Gods sal getref word! Soos 'n donderslag uit 'n helder hemel klink sy stem: „ In die dag as Ek die oortredings van Israel aan hom besoek, sal Ek ook besoeking doen oor die altare van Betel, sodat die horings van die altare afgekap sal word.” Die groot, ryk en deftige dames van Israel, teen hulle vaar hy uit: „ Koeie van Basan, wat die armes verdruk,” wat vir hul mans roep: „ bring aan, laat ons drink.” „ O! Israel, maak jou klaar om jou God te ontmoet” (Amos 3: 14, 15; 4: 4-12). „ Ek sal julle anderkant Damaskus in ballingskap wegvoer, sê die Here.” „ Teen die huis van Jerobeam sal Ek met die swaard optree!” (Amos 5: 27; 7: 9). Wat 'n wanklank temidde van feesvreugde! Ons kan verstaan, dat die aanhoor van sulke taal gemoeidere gaande gemaak het. Verstaanbaar is dit dat hul, en die leiers vooraan, op die man wat daar staan en roep, afstorm met vrae soos: „Wie is jy?” „Van waar kom jy?” en „Wie gee jou die reg?” Sy antwoord is: „ Ek was 'n veewagter en kweker van wilde vyebome. Maar

die Here het my agter die kleinvee weggeneem en vir my gesê: Gaan heen, profeteer vir My volk Israel" (Amos 7: 14, 15). Hy het, sê hy, Gods stem gehoor soos die stem van 'n brullende leeu wat prooi gesien het, en hierdie prooi is die lyk van Israel, en nou kan hy nie swyg nie: „Sal 'n leeu brul in 'n woud as hy geen prooi het nie?" „Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here het gespreek, wie sal nie profeteer nie?" (Amos 3: 4, 8).

Hierdie man was Amos, „een van die skaapboere van Tekoa" (1: 1). Tekoa is 'n dorpie suid van Jerusalem op die grense van die woestyn.

Hoelank sy prediking op Betel geduur het, weet ons nie. Sekerlik ten minste 'n hele jaar lank, want ons lees dat hy geprofeteer het: „Twee jaar voor die aardbewing" (1: 1). Maar uiteindelik kon die volk en die koning en die hoëpriester dit nie meer uithou nie. Sulke lastertaal teen Betel en die koning moes nie langer toegelaat word nie. Nou tree Amasia op: „Toe sê Amasia vir Amos: Gaan weg, siener, vlug na die land van Juda en eet daar brood en profeteer daar" (7: 12). So word hy smadelik weggeja! So gaan Amos dan terug na sy plaas en na sy skape en na sy „wilde vyeboome" waarvan hy geleef het.

So verdwyn hy na Tekoa toe. En ons hoor nooit weer van hom nie. Maar ons sien vir hom in Tekoa sit onder „'n wilde vyeboom"—en hy skrywe. Wat skrywe hy? Ons kyk oor sy skouer en lees: „die woorde van Amos, een van die skaapboere van Tekoa, wat hy gesien het. . . ." (1: 1). Hy skrywe sy boek, of die hoofinhoud van sy prediking op Betel gelewer. So het ons die Boek van Amos. Of hy self letterlik hierdie boek wat voor ons in die Bybel lê, kant en klaar geskrywe

het, en of dit later deur 'n redaktor te boek gestel is uit sy prediking wat hy self opgeskrywe het, weet ons nie. Dit maak ook nie saak nie. Ons noem dit die boek, die profesie, die Godsprake van Amos, omdat dit sy profesieë en sy prediking en sy Godsprake bevat en sy optree beskrywe.

Hy word smadelik weggeja! Geen wonder nie! Ons kan dit goed verstaan, want hy het veral een ding gesê wat vir hul ondraaglik was en waarom hul hom wegja. Maar God se hand is in hierdie wegja, want so is Amos gelei om die noodsaaklikheid in te sien van sy profesie op skrif te stel, en het hy geword die eerste, die baanbreker onder die Skrif-profete. Wat is dit dan wat hy gesê het? Dit, dat Jehova vir Israel sal verwerp, en dat Jehova sal ophou God van Israel te wees. Amos het dus vir Jehova gedenasionaliseer. In die hele Asië van daardie tyd was dit onder die heidene 'n vaste geloof dat daar 'n natuurlike bloedverwantskap bestaan, 'n fisiese band, tussen die godheid en die volk, en dat die twee aan mekaar behoort, en dat die godheid net so min sonder die volk kan klaarkom as die volk sonder die godheid. As die volk dus ten gronde gaan, dan gaan ook die godheid ten gronde. So het hul in die geskiedenis gesien dat, toe Babel val, ook die godheid Marduk geval het, en toe die Filistyne val, ook Dagon geval het. Die godheid kan nie sy volk oorlewe nie. Dus het hul gedink, as Israel val, dan sal ook Jehova val. Hierdie heidense bygeloof het ook in Israel diep ingedring. Nou kom Amos met 'n vreeslike nuwigheid, 'n gans ander ding. Hy sê by Jehova is dit nie so nie! God het vir Israel en Jerobeam nie nodig nie. Daar is nie, sê hy, so 'n natuurlike, noodsaaklike en onverbreekbare verhouding tussen God en Israel nie. Die

verhouding is 'n voorwaardelike en sedelike, dus dit kan en dit moet verbreek word, as Israel nie heilig is nie. Jehova en Israel behoort bymekaar, dog kragtens 'n heilige verbond. Openlik sê Amos dat Jehova liever God sonder 'n volk wil wees as God met 'n goddelose volk, soos Israel is. „Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie, O kinders van Israel!” (9: 7).

Hierdie standpunt was vir Israel totaal onaanneemlik en gevaarlik. Daarom jaag hul vir Amos weg. God het dit toegelaat om Amos so ver te bring om sy belangrike prediking op skrif te stel.

VIII

DERDE DEEL VAN DIE OU TESTAMENT

RUT—KRONIEKE

ONS is nou klaar met die behandeling van die eerste twee dele van die Ou Testament, volgens die indeling van die Joodse Kanon, nl. die Thorah en Nebhiim. Nou kom ons by die behandeling van die derde en laaste deel, nl. die Kethubim of „die Skrifte.” Onder hierdie afdeling val die boeke: Rut, Ester, Daniël, Klaagliedere van Jeremia, Job, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied, Esra, Nehemia en Kronieke. Ons sal hier maar 'n paar boeke moet uitkies om die ontstaan daarvan te skets.

DIE BOEK RUT

Die Skrywer: Wie die skrywer van Rut is weet ons nie. In die Heilige Skrif vind ons geen enkele aanwysing of mededeling hieromtrent nie. Dit het God behaag

om nie die naam van die skrywer aan ons bekend te maak nie. Vele van Gods beste werkers en van die mensdom se beste weldoeners het in die stilte gewerk, en hul name is by God alleen bekend. Die ou Jode het gemeen dat Samuel dit geskrywe het, dog hiervan het ons geen bewys of sekerheid nie. Ons moet maar eenmaal in die hemel die skrywer uitvind en vir hom bedank vir so 'n pragtige boekie.

Die Boodskap: Die bedoeling van die onbekende skrywer met hierdie boekie was om aan te toon hoe in 'n tyd van treurige verval, soos die tyd van die Rigters was, daar nog was 'n „treffend beeld van aartsvaderlijke eenvoudigheid en trouw” soos in die geval van Naomi. Verder en veral was sy verhewe bedoeling om aan te toon, hoedat God 'n heidin, soos Rut, kon opneem in Sy groot program, as stammoeder van Dawid. So het hy getoon dat Gods doel selfs groter is as 'n positiewe verbod van die Ou Testament, waar soiets duidelik belet word in Deut. 23: 3, „geen Ammoniet of Moabiet (Rut was 'n Moabitiese) mag in die vergadering kom nie; selfs hul tiende geslag mag nooit”—let op „nooit”—„in die vergadering van die Heer kom nie.”

Ons weet ook uit Matt. 1: 5 dat Rut 'n stammoeder van Christus geword het.

So het hierdie onbekende skrywer in die ou dae al vir ons beskrywe die algemene karakter van Gods Koninkryk, die roeping van die heidene, die universele betekenis van die Middelaar, Jesus Christus. „Hij is de Verlosser, niet maar van Israël, doch van het menschelijk geslacht,” is die les van die boek Rut.

Wanneer: Dit is seker dat die boek moes geskrywe geword het lank na die geskiedenis van die Rigters, want dit wys terug op dié tyd as in die verlede. So b.v.

lees ons in Rut 1: 1 „ en in die dae toe die Rigters geregeer het, was daar hongersnood.” Verder wys dit ook op seker Israelitiese gewoontes as verouderd in die tyd van sy skrywe: „ en dit was vroeër in Israel die gebruik by lossing en by ruiling om enige saak van krag te maak: die een trek sy skoene uit en gee dit aan die ander” (Rut 4: 7). Hierdie ou gewoonte word beskrywe in Deut. 25: 9. Die feit dat in die laaste paar verse van die boek daar van Dawid gespreek word, moet laat dink dat die skrywer geskrywe het toe Dawid nog geleef het, in die glorie van sy ryk was as die man na Gods hart en die roem van Israel.

DIE BOEK ESTER

Ons het gesien dat die boek Rut 'n sterk universele karakter vertoon en die algemeenheid van Gods Ryk beskrywe. Daar is plek, in stryd met die letter van die wet, vir 'n Moabiet soos Rut in die binneste kring van „ die vergadering van die Heer”.

So 'n sterk universele karakter dra ook die profetiese boek Jona. Selfs onder die heidense matrose, leer Jona, het God Sy vromes, want ons lees van hulle: „ Toe roep hul tot die Heer en sê: Ag! Here, laat ons tog nie vergaan weens die lewe van hierdie man nie, en bring geen onskuldige bloed oor ons nie” (Jona 1: 14).

Ja, die heilsprediking gaan ook na die heidenwêreld. Gods barmhartigheid brei hom uit ook oor die boevaardige Ninevé, en sluit ook selfs die diere van Ninevé in. „ Maar Ek mag My nie ontferm oor die groot stad Ninevé nie—en baie vee?” (Jona 4: 11).

Die Boodskap: Teenoor hierdie twee boeke vorm die boek Ester in sekere sin 'n sterk teenstelling. In Ester

spreek 'nst erk partikularistiese gees. Gods volk vind u slegs by die Jode. Gods Koninkryk tref u slegs aan by Israel. Het Haman daarin geslaag om die Jodedom uit te roei, dan het ook verdwyn „die hele sigbare Kerk van God”. Seer treffend word ons dan ook in Ester voorgestel hoe God, Israel se verbonds-God, vir Israel in 'n vreemde land van ballingskap beskerm teenoor die vyandige magte van die hele buitewêreld. Maar die boek Ester vorm ook 'n teenstelling met die vroeër geskiedkundig-profetiese boeke, Josua tot Konings. In hierdie boeke, Josua tot Konings, het ons gesien hoe alles uitgaan van Jehova, Israel se God. Keer op keer word Israel gewys op God, en word godsdienstige taal gebruik. Seer treffend roep b.v. Josua Israel toe, dat hulle moet kies wie hulle gaan dien, „Maar ek en my huis, ons sal die Here dien.” Maar in die boek Ester word die naam van God nie een enkele maal genoem nie, selfs waar ons dit kon verwag het, en waar op God gesinspeel word in Ester 4: 14, vind ons nie Sy naam genoem nie. Mordegai sê hier in 4: 14 vir Ester dat, as sy nie gaan pleit vir Israel se lewe by die koning nie, God op 'n ander manier sal help, dog hy verswyg Gods naam en gebruik 'n uitdrukking wat heel vreemd is: „as jy nou swyg, sal daar van 'n Ander Kant af veiligheid en redding kom”. Hierdie uitdrukking, „van 'n Ander Kant”, sinspeel op God, en is 'n uitdrukking vir God geheel vreemd in die Ou Testament. Hierdie weglating van Gods naam is so opmerklik, dat waar Mordegai (sien Ester 3: 2,4) weier om voor Haman te buig of te kniel, dit enkel toegeskrywe word aan 'n Joodse gewoonte sonder in die minste 'n godsdienstige beginsel op te gee, asof die skrywer bang is om van godsdiens te praat. So ook weer, waar Ester en haar

meisies „*vas*” oor die doodsgevaar wat Israel bedreig van die kant van Haman, voordat sy by die koning gaan pleit, lees ons nie een enkel woord dat sy gebid het nie, terwyl die gebede die hele Ou Testament deur aan die vaste verbonde is. Hierdie verswyging van Gods naam en die ware godsdiens in die boek is des te meer treffend, as ons op die merkwaardige feit let, dat van die Persiese koning Ahasveros meer as 200 maal, en van sy ryk omtrent 30 maal gepraat word. Ons moet hierdie verswyging van die naam van God egter nie verkeerd opvat nie.

Die skrywer het onder Gods ingewing dit opsetlik gedoen. Daar was 'n goddelike doel hiermee. Die verswygings van Gods Woord is ewe betekenisvol as Gods woorde.

Die verswygings van Jesus Christus voor Pilatus is net so gewigvol as Sy duidelike uitsprake. Lees ons nie in die Nuwe Testament dat Gods Gees vir ons bid „met onuitspreeklike sugtinge” nie? (Rom. 8: 26). „Het is waar, die leiding word niet met name genoemd, maar de schrijver laat ze ons met de oogen zien.” Dit is juis die goddelike leiding wat in die boek Ester op so 'n treffende wyse uitkom in die beskerming en bewaring van Gods volk en die vernietiging van die planne van vernietiging van die vyand. Dis 'n troosboek vir Gods volk!

God is nie net in Jerusalem nie, Hy is ook in Babilon waar Sy naam nie eens mag genoem word nie. Dit kan ook wees dat hierdie verswyging van God in die boek Gods vingerwysing is dat die godsdienstige lewe in daardie tyd op 'n baie lae peil was. Maar selfs in so 'n tyd sal God Sy Kerk nie laat verwoes nie, maar haar beskerm.

Die skrywer : Wie die skrywer van hierdie boek is weet ons nie. Israel is nou al vir baie jare in ballingskap. Met die terugkeer na 70 jaar het maar net 'n deel van die volk van die verlot gebruik gemaak. Baie het agtergebly, en verreweg die meeste is gebore en het groot geword in Babilon, en nou is Israel onder die Persiese koning Ahasveros, die Xerxes van die geskiedenis, en waarskynlik is die skrywer een van hierdie Persiese Jode, en moontlik was hy 'n amptenaar in die Persiese staatsdiens. Dis ook moontlik dat hy as staatsamptenaar dit ondiplomaties geag het om van godsdiens te skrywe. Dis duidelik uit die boek, dat die skrywer goed bekend was met die Persiese geskiedenis. Dis ook duidelik dat hy gebruik gemaak het van Ahasveros se offisiële geskiedkundige geskifte waarvan ons lees in 2: 23 en 6: 1: „ en dit is beskrywe in die kroniekboek van die koning,” en „ in dieselfde nag het die slaap van die koning gewyk en hy het gesê dat hulle die gedenkskrifte, die kronieke, moes bring”. Ook lees ons in 10: 2 moontlik van nog 'n ander boek waaruit hy geput het: „ is dit nie beskrywe in die Kroniekboek van die konings van Mede en Perse nie?”

Ook sien ons in 9: 32, en 9: 20 dat Mordegai „ die Purim-boek” geskrywe het, en hierdie boek het die skrywer ook geraadpleeg: „ en die bevel van Ester het die voorskrifte vir hierdie Purim vasgestel, en dit is in 'n boek geskrywe.”

Wanneer : Wanneer die boek Ester geskrywe is, is slegs by benadering te bepaal. Dis duidelik dat dit lank na Ahasveros se dood was, want hy praat in 1: 1 van „ die dae” van Ahasveros—, „ dit is die Ahasveros wat gere-

geer het van Indië af tot by Kus." Die koning is dus vir hom 'n man van die verre verlede, en ons weet dat hy regeer het van 486 tot 456 voor Christus. Ons weet ook dat Xerxes in sy 3de jaar 'n groot vergadering gehad het voor sy oorlog teen die Grieke wat vir hom so noodlottig was in sy neerlae by Salamis en ander plekke. Nou sien ons dat in Ester 1 melding gemaak word van hierdie feestelikheid, en ook dat dit plaasgevind het „in die derde jaar van sy regering" (1: 3), en ons weet ook, dat Xerxes na sy oorloë met die Grieke in die 7de jaar van sy regering weer terug was, en dat hy weens sy neerlae troos gesoek het in die harems met sy boel vroue. Nou lees ons van hierdie feestelikhede met sy huwelik met Ester in 2: 1, en dis duidelik dat al hierdie dinge beskrywe word as gebeurtenisse van die verlede. Hy praat ook van die Joodse Purimfees wat toe ontstaan het ter gedagtenis aan die redding van Israel uit die mag van Haman, en wat in die boek Makkabeë „Mordegaidag" genoem word, as 'n ou bekende fees. Dis dus duidelik dat hy lank na hierdie vermelde gebeurtenisse die boek Ester geskrywe het.

Verder is dit ook duidelik uit die wyse waarop hy praat van die Persiese gewoontes en toestande, dat die Persiese ryk nog bestaan het; dus het hy geskrywe, voordat Alexander die Grote in 330 voor Christus die Persiese ryk vernietig het.

IX

DIE PSALMS

DIE GEBOORTE

DIE kind van God kan homself nie help nie—hy moet sing. Hy moet sy God lofsing. Hy moet sing van sy verlossing. As hy sy God vind, Sy vergifnis en Sy soete

gemeenskap smaak, dan moet hy van vreugde en dankbaarheid aan sy Skepper en Verlosser lofsing. So word as vanself die lofliedere van Gods Kerk gebore. So moet ons die spontane ontstaan van die Psalmbundel verstaan. Die eerste faktor dan wat bygedra het tot die geboorte van die Psalmis, is sy natuurlike behoefte as 'n verlore sondaar om sy Skepper te dank en te loof in sy lofliedere, en om te kla as hy vir hom van God verwyder gevoel, want „Verwijdering van Hem doet klagen, gemeenskap met Hem doet juichen”.

Die opname van die Psalms in die Kanon van die Ou Testament is vir ons 'n bewys dat God 'n lofsingende en gelukkige volk wil hê. Ons moet dan in die eerste plek aan die Psalms dink as 'n ryke versameling van himnes, liedere, gesange en gebede wat bedoel was om gesing te word. Dat dit dan deur Gods volk, en dus deur God Self aan Wie ons altyd dink as die *Auctor Primarius* (die Eerste Outeur), bedoel was as die liederbundel, „die Gesangboek” van Sy ou Kerk, blyk uit baie feite. So staan bo-aan 53 Psalms (b.v. Ps. 39 en 40) geskrywe die uitdrukking „la-menasseach”, wat in ons Afrikaanse Bybel vertaal is: „vir die musiekleier”, en in die ou Statevertaling „voor den opperzangmeester”. Hieruit is dit duidelik dat die Psalms gesing is in die Tempel om luister by te sit by die eredienste.

Hierdie „Musiekleier” was die hoof van die 24 afdelings van die Levitiese sangers wat in die Tempel as tempelkore diens gedoen het. Hierop wys ook die uitdrukking (b.v. bo-aan Ps. 46), „Een lied op *Alamoth*”, wat in ons Afrikaanse Bybel vertaal is: „Met sopraanstemme”, en ook die ander uitdrukking „op die *Scheminit* (b.v. bo-aan Ps. 6 en 12, ens.) wat in Afrikaans lees „met basstem”. Hieruit blyk dus duidelik dat

daardie kore die Psalms gesing het in aparte sangstemme. Verder wys ook hierop die vermelding van die musiekinstrumente, wat by die sing van die aparte Psalms gebruik is. By Ps. 5 lees ons b.v. „vir die musiekleier. Met fluite”. En by Ps. 6 „vir die musiekleier. Met snaarinstrumente”. Nog duideliker word dit aangetoon in uitdrukkings wat aangee op watter wysie die Psalms moet gesing word. B.v. in Ps. 9: 1, „Vir die Musiekleier, op die wysie van , Sterf vir die Seun’,” en Ps. 22: 1, „Vir die Musiekleier; op die wysie van , Die hert van die dageraad’,” en om nog net een voorbeeld te gee, Ps. 45: 1, „Vir die Musiekleier; op die wysie van , Lelies’”.

Hierdie uitdrukkings vind ons onvertaald in die Statebybel. Ps. 9 lees dan „op *Muthlabben*”; Ps. 22, „op *Ajeleth hassachar*.” Die aandagtige leser sal nog sulke opskrifte vind by Ps. 8, 45, 69, 80, 60, 56, 57, 59, 75.

Die woord „*Sela*” wat 71 maal in die Psalms voorkom, is ook ’n musiekteken en beteken miskien „hard” (forte) en toon moontlik aan dat op hierdie tydstip die stemme van die sangers moet vervang word deur die „harde” tussenspel van die snaarinstrumente. Dat die Psalms bedoel was vir ’n gesangboek blyk nog meer uit die opskrif wat by verskeie Psalms staan, nl. „’n lied” (b.v. Psalm 48 en andere.)

Die sterkste bewys van almal is die algemene benaming „Psalm”. Die woord self beteken lofliedere en kom van ’n Griekse woord wat beteken „om te tokkel op ’n snaarinstrument”.

So het dan die duisende feesgenote van ou Israel hierdie liedere gesing met die groot kerk- en nasionale feeste, en het dit die karavane van bedevaartgangers

op pad na Jerusalem saans en in die môre besiel, en het die sing van die „Hallel” (Ps. 113-118) ook ons Saligmaker op die laaste nag van Sy lewe geïnspireer. „De eerste Christenen verkwikten zich aan die milde bron, de Middeleeuwen kozen den Psalter tot Gebedenboek, en onze vaderen beklommen daarmede den brandstapel”. So is daar vandag ook geen Kerk in die wêreld nie, of die Psalms vorm die grondslag van die sangdiens, en so word in ons Kerk in die reël elke diens begin met die sing van een of ander Psalmsvers.

GESKENK VAN ISRAEL

Ons kan die Psalmboek beskou as die geskenk van Israel aan Gods Kerk. Van die drie egte natuurlike soorte van poësie, naamlik van die eenvoudige volks-geskiedenisverhale, epos, en die drama, en die entoesias-tiese liriek, of liersang, kom net die liriek in die Ou Testament tot sy reg. Die epos wat ons vind by die ander ou volkere, berus gewoonlik op allerlei mites en mitologiese voorstellings en het dus nie gepas by die godsdiens van Israel nie, so ook nie die drama nie. Dit het ook minder gepas by die volksaard en aanleg van Israel. Van die ou volkere het Israel die natuurlike gawe gehad vir die liriek. „Israël is een volk geweest van lied en zang”. Vind b.v. ’n vrome Israeliet in die droë streke ’n put of fontein, dan word daar gebore „’n lied van die put” (Num. 21: 17). In die wingerde aan die berge sing die meisies hul wingerdliedere (Rig. 21: 21). Is die druiwetrappers besig om wyn te pars, dan doen hul dit singende (Jes. 16: 10; Jer. 25: 10; Amos 5: 17). By maaltye tree soms die vernaamste gaste op „met liedjies en harp” (Amos 6: 5). Laban verwyt Jakob, toe hy gevlug het: „Waarom het jy stilletjies

gevlug en my dit nie vertel nie, dat ek jou met vrolikheid en liedere, met tamboeryn en siter kon weggebring het?" Van hierdie natuurlike aanleg van Israel vir sang en liersang het God gebruik gemaak, en onder die inwerking van Gods besondere openbaring het ontstaan Israel se godsdienstige liriek, die sange van die religieuse lewe. Dit is ons Psalmbundel.

DIE KEUSE VAN DIE 150 PSALMS

Ons moet nou nie dink dat Israel so arm was aan liriese poësie, dat hulle net die 150 liedere van ons Bybelse Psalmboek gehad het nie. Die keuse van die 150 van ons Bybelse Psalmboek was 'n keuse uit 'n ryke versameling van liedere wat by Israel bekend en in gebruik was.

Ons kan dit verdeel in drie dele, nl: (a) *Die liedere wat nie in die Ou Testament genoem word nie*. So het b.v. in die Griekse vertaling van die Ou Testament, 'n nuwe Psalm 151 verskyn met die opskrif: „'n eie geskrif van Dawid, nadat hy met Goliath gestry het”.

Dit word ook duidelik in die Griekse vertaling gesê, dat hierdie Psalm 151 staan „buitekant die getal” van ons 150. Verder is daar uit Siriese bronne van Siriese vertalings van die Ou Testament ons nog 'n ander viertal Psalms bekend, waarvan twee aan Dawid toegesken word en een aan Hiskia, en die vierde het tot opskrif: „Toe die volk van Cyrus verlof gekry het om na die vaderland terug te trek.” Dan is daar nog in die geskiedenis 'n aparte bundeltjie van 18 Psalms bekend onder die naam „*Psalms van Salomo*”. Ons vind hulle in verskeie Griekse Bybelhandskrifte. Waarskynlik was hulle gebruik in die kerkdienste deur die ou Sinagoge asof hierdie 18 deel uitgemaak het van die

Kanonieke Psalms. Ook vind ons daarin tweemaal die musiekteken „*Sela*”. Die Hebreeuse teks het verlore gegaan. Hierdie bundel dateer waarskynlik uit die eerste eeu voor Christus.

(b) *Die liedere wat in die Ou Testament genoem word.* In die Ou Testament word twee boeke spesiaal genoem, nl. „Die boek van die Oorloë van die Heer” (Num. 21: 4) en „die boek van die Opregte” (Jos. 2: 13; 2 Sam. 1: 18) wat sulke liedere bevat het soos b.v. „die lied van die put.” „Toe het Israel hierdie lied gesing: Spring op, o put! Sing daarvan!” (Num. 21: 17). So is daar nog „Die lied van Lameg,” genoem in Gen. 4: 23, en stukke van ou liedere wat die voortruk van Israel teen die Amoriëte besing in Num. 21: 14, 15, en wat voorkom in „die boek van die Oorloë van die Heer.” So is daar ook die kort triomflied gesing deur die vroue toe Dawid vir Goliat verslaan het: „Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende” (1 Sam. 18: 7), en die heerlike Klaaglied van Dawid op die dood van Saul en Jonatan, b.v. „die Booglied” wat ook voorkom in die „Boek van die Opregte” en waarvan die aanhef so pakkend is: „Die sieraad, O Israel—op jou hoogtes lê dit verslaan. Hoe het die helde geval! Vertel dit nie in Gat nie!” en waarvan die slot so roerend is: „Hoe het die helde geval, en die oorlogswapens verlore gegaan!” (2 Sam. 1: 17). Dan is daar nog Israel se triomflied, gesing by die Rooi See (Exod. 15: 1-19), die lied van Moses in Deut. 32 en 33, en die lied van Debore in Rigters 5.

Van sulke liedere maak ook die Boek Amos melding in hoofstuk 6: 5: „Julle wat liedjies sing met begeleiding van die harp,” en Amos 5: 23: „Verwyder van my die geraas van jou liedere.” Liedere wat in oestyd gesing

is, word moontlik bedoel in Jes. 9: 3, en ook 'n wynboulied in Jes. 65: 8. Verder vind ons ook in Jeremia 9: 17 melding van treurliedere by sterfgevalle gesing: „Roep die klaagvroue dat hulle vir ons 'n klaaglied aanhef.” Dan noem ons nog die gebed van Hanna in 1 Sam. 2: 1-10; die gebed van Salomo in 1 Kon. 8: 15-33; die gebed van Esra in Esra 9: 5-15; die gebed van Nehemia in Neh. 1: 5-11; die gebed van Daniël in Dan. 9; en die laaste hoofstuk van Habakuk.

„Al deze stukken zouden geheel passen in onzen Psalmbundel, maar zijn er om ons onbekende redenen niet in opgenomen”.

(c) Maar daar is nog 'n derde klas van liedere, nl. *wat in die Psalmbundel self genoem word in die opskrif bo-aan sekere Psalms, soos by Psalm 22: „Op Aijeleth hassachar”, by Psalm 45 „op schoschannim” en andere, uitdrukkings wat algemeen aangeneem word as die name van ou bekende, maar vir ons verloregegene liedere. Die name van hierdie liedere gee ons Afrikaanse Bybel aan as volg vertaal: „Sterf vir die Seun” genoem in Psalm 9: 1, „Die hert van die dageraad” genoem in Psalm 22, „die Lelies” in Psalm 45, „Die duif van die ver eikebome” in Ps. 56, „Moenie verwoes nie” in Ps. 57, ens. Die onvertaalde uitdrukking „Op die Getiet” in Ps 8 is ook die naam van 'n ou lied, waarskynlik die naam van 'n ou wynboulied. So sien ons dat daar vir die ou Kerk 'n groot aantal liedere was om uit te kies, en om te kom tot die keuse van 150 Psalms van ons Bybelse Psalmboek. Dit alles maak elkeen van die 150 Psalms vir ons van soveel meer waarde, betekenis en van ryke inhoud. God en Sy volk is nie arm nie, maar baie ryk.*

X

DIE GESKIEDENIS VAN DIE PSALMBOEK

IN ons vorige hoofstuk het ons probeer aantoon dat die eerste faktor wat bygedra het tot die ontstaan van ons Psalmboek, die natuurlike behoefte is by die verlore siel om sy Skepper lof te sing, en dat die 150 Psalms dus deur die ou Kerk onder Gods ingewing in die eerste plek bedoel en gebruik is as 'n „Gesangboek”. Ook het ons gesien hoe, van al die ou volkere, Israel by uitstek die natuurlike aanleg gehad het vir lied en sang. Ook het ons gesien hoe die 150 Psalms uitgekies is uit baie liedere wat vanaf die begin van die geskiedenis van Israel bekend was en gesing is.

Dit moet vir ons duidelik wees dat, as die 150 van ons Bybelboek uitgekies is uit 'n groot versameling van liedere, dit tyd moes gekos het. Die keuse het nie sommer uit die lug geval nie. Dit beteken dan dat die Psalmboek 'n geskiedenis moes gehad het. Ons Psalmboek het dan ook geleidelik ontstaan. God is nooit haastig nie. As die Gesangboek van ons Ned. Ger. Kerk waarmee ons nou besig is, eendag klaar is, sal dit, vanaf die eerste Gesange wat ons uit Holland en Duitsland gekry het, tot op dié wat nou uit ander liederbundels en gesangboeke geneem word, en met almal wat nog in Afrikaans gedig, oorgewerk en vertaal word, 'n geskiedenis hê van honderde jare. So was dit ook met die Psalmboek. Hoe langer dit ook geduur het, des te meer waarde moet dit vir ons hê.

Ons kan die vasstel en ontstaan van die Psalmboek so

beskrywe. In hoofsaak bestaan dit en kom dit uit 'n keuse van vyf bundels van liedere, nl. die volgende:—

VYF BUNDELS.

(a) 'n *Dawids-Psalmbundel*.—Hiervan moes Ps. 72 die laaste gewees het, want ons lees in die laaste vers van Ps. 72: „Hier eindig die gebede van Dawid”. Tot hierdie bundel het dan behoer die meeste van die Psalms van 1 tot 41, met Ps. 72 as die laaste.

(b) *Die Asafs-Psalmbundel*.—Hiertoe moes behoer het, b.v. Ps. 51 tot 71, en nog enige andere.

(c) *Die Seuns van Korag-Psalmbundel*.—Nl. Ps. 42 tot 49, 84, 85.

(d) *Hammaäloth-Psalmbundel*.—Hierdie bundel het bestaan uit Ps. 120 tot 134. Die woord Hammaäloth word in ons Afrikaanse Bybel vertaal „'n Bedevaartslid”.

(e) *Die Halleluja-Psalmbundel*.—Hiertoe moes behoer het ten minste daardie 16 Psalms, onder andere Ps. 106, 113, 146, en andere, wat voor en agter die woord Halleluja bevat. Dit word gewoonlik genoem „die Halleluja-bundel”, omdat die woord Halleluja nêrens by die ander Psalms voorkom nie. Ons het hierbo gepraat van „ten minste daardie 16 Psalms”, omdat dit vandag vir ons heeltetal onmoontlik is om presies te weet hoeveel dit was, of dit net die 16 is van ons Bybel, wat ook vandag in ons Hebreuse Bybel voorkom, en of dit 21 in getal was, soos die ou Griekse vertaling van die Ou Testament het. Dis 'n bekende feit dat die Hebreeus wat in die 3de, 2de eeu vertaal is in Grieks, verlore geraak het, en nogal taamlid verskil het van ons Hebreuse Bybel wat ons nog vandag gebruik vir ons Bybelvertalings van die Ou Testament. So het b.v. ons Bybels 16 Halleluja-

Psalms, terwyl daardie ou Hebreeuse in Grieks vertaalde Bybel 21 gehad het.

Behalwe hierdie vyf genoemde, bekende bundels is dit duidelik dat daar nog ander los Psalms of kleiner bundels was, waaruit ook enige Psalms gekies is om die 150 op te maak. Ons weet ten minste dat vele van ons mees bekende Psalms, b.v. 105, 119, anoniem, naamloos is.

Hierdie anonieme Psalms word gewoonlik genoem „weeskinders” of „wees-Psalms”. Dan weet ons ook dat sommige Psalms die naam dra van „Psalm van Etan” (Ps. 89), „Psalm van Salomo” (Ps. 127, ens).

INTENSIEWE VERWERKING.

Nou is dit duidelik, as ons die 150 Psalms deurlees, dat dit nie die weg van God was om die liedere wat uit hierdie genoemde vyf bundels en die ander los Psalms of kleiner bundels gekies is, so in orde naas mekaar te sit en op mekaar te laat volg nie.

Ons kan b.v. nie vandag sê, „Hier begin die Dawidsbundel”, nl. met Ps. 1, en hier eindig dit met Ps. 41, of 72 nie. Dieselfde is ook die geval met die ander bundels, die van Korag, Asaf en die Halleluja. Net die Hammaäloth-bundel is hier 'n uitsondering. Dit is onaangeraak bymekaar gesit en so gelaat, sodat ons met sekerheid net van hierdie bundel kan sê: „Hier, met Psalm 120, begin die Hammaäloth-bundel, en hier met Ps. 134, eindig dit.” Hierdie Hammaäloth-bundel (Bedevaartsbundel) was die liedere wat Israel gesing het by hul bedevaarte op reis na Jerusalem se tempel, en was oorspronklik waarskynlik vir hierdie doel gedig en moes vir liturgiese, kerkdiensoeleindes, bymekaar behoort. Dit is ook nie moontlik om te sê dat die liedere

van die bundels net so gebly het soos dit van die hand van die digter gekom het nie. Dit is, deur een of meer redaktors of versamelaars is hulle verwerk in die loop van die eeue, totdat dit eindelijk die vorm gekry het soos dit nou in ons Bybels op ons tafels lê. Presies wie hierdie manne was, of wanneer dit geskied het, weet ons nie. 'n Begin kon hiermee gemaak gewees het in die tyd van Salomo, en ook later sekerlik, kort na die ballingskap miskien deur Esra, en later ook deur Nehemia. Kalvyn praat van: „Hetsij Ezra, hetzij een ander, die de Psalmen tot een boekdeel versamelde.” Dit kan ook wees dat die skrywer van Kronieke hieraan gewerk het. „Waarom en naar welke beginselen dit geschiedde, weten wij niet” (Noordzij). Net 'n paar voorbeelde om aan te toon dat so 'n intensiewe verwerking plaasgevind het:

(a) Die Dawids-bundel wat dan bestaan het uit die meeste van Psalms 1 tot 41, en waarvan die laaste vers van Ps. 72 die slot moes gewees het, gee duidelik tekens van so 'n verwerking. Ons sien b.v. dat Dawid se naam nie staan bo-aan Ps. 1 en 2 nie, en dat ander name staan bo-aan Psalms 42 tot 72, en dat na Ps. 72 nog agtien Psalms verskyn met Dawid se naam bo-aan.

(b) Enkele liedere kom tweemaal in die Psalmboek voor, b.v. Ps. 14 en 53, 40 en 70.

(c) Sekere redaktor het Psalms 43 tot 83 verwerk en oral die naam Jahve (Here) vervang met Elohim (God).

(d) Bo aan vele Psalms het sekere redaktor of redaktors opskrifte gesit lank na dit deur die digter geskrywe was, b.v. die musiekopskrifte waarvan ons reeds melding gemaak het, en ook historiese opskrifte wat verwys na een of ander gebeurtenis, b.v. in Dawid se lewe. Hierdie historiese opskrifte is almal ontleen aan die boek

Samuel. So lees ons b.v. bo-aan Ps. 51 die woorde: „Toe die Profeet Natan na hom gekom het nadat hy by Batseba ingegaan het.”

(e) En dan, wat vir ons baie belangrik is, is die posisie wat Psalms 1 en 2 in die boek beklee. Uit die feit dat Dawid se naam nie bo aan hul staan nie, is dit baie duidelik dat hul albei later, en baie laat, die plek gekry het wat hulle nou het, nl. aan die begin. Selfs Kalvyn meen dat een of ander versamelaar hulle moes gesit het aan die begin van die Psalmboek met 'n bepaalde doel, nl. „bij wijze van voorbericht,” as 'n soort van inleiding. Hulle gee terug die *twee groot hoofgedagtes* wat dwarsdeur die Psalmboek op die voorgrond tree, naamlik die seën verbonde aan die oordenking van Gods wet, en so wek dit die vromes op tot oordenking daarvan (Psalm 1); en die heerlijkheid en standvastigheid van die Messiaanse Ryk, en die triomf van die verwagte Messias (Psalm 2).

XI

DIE PSALMS—VERDELING IN VYF BOEKE

ONS het hierbo uitgewei oor die oorspronklike Vyf Bundels wat as hoofbron gedien het vir die keuse van die 150 Psalms. Mcontlik is dit om hierdie rede, nl. die getal vyf, dat die Psalmboek verdeel is in vyf boeke. In ons Hebreeuse Bybel vind ons dit so aangetoon: Bo-aan Ps. 1 staan in Hebreeus „Sphr Rshn”, dit is, „Eerste Boek”, en bo-aan Ps. 42 weer die woorde, „Tweede Boek”, bo-aan Ps. 72, „Derde Boek”, bo-aan Ps. 90, „Vierde Boek”, en bo-aan Ps. 107, „Vyfde Boek”. Sommige meen ook dat die laaste redaktor dit in vyf dele verdeel het, omdat die Pentateug, of Boeke

van Moses, uit vyf aparte boeke bestaan. So sê b.v. die beroemde Delitsch: „ Die Psalmboek is ook 'n Penta-teug, die Echo van die boeke van Moses van die hart van Israel. Dit is die vyf boeke van die Kerk aan Jehova, net soos die wet die vyf boeke is van Jehova aan die Kerk.” Hierdie verdeling in vyf boeke is vandag nog in ons Bybels merkbaar, deurdat elkeen van die vyf eindig met 'n Doxologie (Lofverheffing). Hierdie Lofverheffing of Doxologie vind ons dan op die end van Ps. 41, die slot van die Eerste Boek, op die end van Ps. 71, die slot van die Tweede Boek, op die end van Ps. 98, die slot van die Derde Boek, die end van Ps. 106, die slot van die Vierde Boek. Ps. 150, die laaste Psalm, wat nie alleen die slot van die Vyfde Boek is nie, maar ook van die heel Psalmbundel, is van begin tot end, 'n hele Psalm, één groot lofverheffing. Soos dan Ps. 1 'n lofsang is oor die Wet van God, en Psalm 2 oor die verwagte Messias, en die Psalmboek dan so begin met 'n dubbele lofsang, so eindig dit in Ps. 150 met een groot lofverheffing.

DIE TYD VAN ONTSTAAN.

Laat ons nou 'n bietjie dieper in hierdie kwessie ingaan en probeer vasstel die *terminus a quo*, of begin-datum, en die *terminus ad quem*, of end-datum van die Psalms en die bundel as 'n boek.

Hier moet dan opgelet word dat ons duidelik onderskeid moet maak tussen die ontstaan of die geboorte of die skrywe van 'n Psalm en die versameling van almal tot 'n boek; d.w.s., ons moet onderskeid maak tussen die datums van die komposisie en die kompilasie van die geheel. Ons gaan nou die twee apart behandel, en begin eers (a) met die komposisiekwessie nader te ondersoek.

DIE KOMPOSISIE:

Vanaf die datum dat die eerste Psalm geskrywe is tot op die datum toe die laaste geskrywe is, wanneer, en hoe lank 'n tydperk was dit?

Die leser weet al dat bo-aan vele Psalms, eintlik 102 in getal, daar staan wat genoem word „'n outeursopskrif”, dit is, daar word 'n persoon se naam genoem in Hebreeus voorafgegaan deur die letter of voorsetsel „le”. So lees dit dan „'n Psalm le Dawid”, „le Moses”, „le Salomo”, „le Etan”, „le Heman”, „le seuns van Korag” „le Asaf”.

Wat nou eintlik die betekenis is van hierdie Hebreeuse voorsetsel „le” is moeilik, en miskien onmoontlik, om nou uit te maak. Die Heere moet nog meer lig hierop werp.

Dit kan beteken „van”, dan beteken „le Dawid” gedig van Dawid, „le Moses” gedig van Moses; so ook die ander persoonsverbindings. Dan is die uitdrukking „le Dawid” 'n „outeursopskrif”, en dui dit aan die outeur, die skrywer.

Maar „le” kan ook beteken „oor” of „aangaande”, dan beteken „le Dawid” 'n gedig of lied moontlik deur iemand anders geskrywe „oor of aangaande Dawid”, „le Moses” oor of aangaande Moses, ens.

Daarom het selfs Kalvyn vir ons hier 'n woord van waarskuwing, dat ons in die behandeling van die Psalms eers die inhoud van die Psalm moet ondersoek, of dit aanpas by die naam bo-aan, of dit moet gelees word „van Dawid”, „van Moses” of „oor en aangaande”. Ons sien dat Gereformeerdes, soos Noordtzijs en die Christ. Encycl., gebruik en melding maak van Kalvyn se waarskuwing.

Dan moet ons ook nie vergeet nie, en selfs moet ons hier nadruk op lê, dat dit die Heere nie behaag het om die eintlike digter of skrywer self die opskrif „le Dawid” of „le Moses” te laat sit bo-aan die Psalms nie, maar dat dit later, niemand weet wanneer, deur een of ander redaktor daar gesit is.

Tog meen ons, dat ons moet aanneem, dat die redaktors bedoel het om met die genoemde opskrif die skrywer aan te toon. Dan beteken dit dat die eerste en die oudste Psalm van Moses afkomstig is, nl. Ps. 90, en dan weet ons ook dat Ps. 137, met die opskrif bo-aan, „By die riviere van Babel”, moet dateer uit die tyd van die ballingskap; dan is dit ’n tydperk vanaf omtrent 1400 voor Chr. tot op sowat 450 voor Chr.—omtrent 1000 jaar.

Maar dan is daar nog regsinniges, soos Kalvyn en Delitsch, wat meen dat sekere Psalms, veral Psalms 44, 74, 79 en 83, geskrywe is in die tyd van die Makkabeërs gedurende die eerste eeu voor Christus, dus ’n tydperk van 1300 jaar.

Dr. Obbink stel die tydperk vas as ten minste 700 jaar.

In elk geval, dis ’n kwessie van honderde jare. Selfs as ons aanneem, soos vele, dat Ps. 90 nie self deur Moses geskrywe is nie, maar wel van hom kom, maar deur mondelinge oorlewering lewendig gehou was in die geheue van Gods volk, en later, sê in Dawid se tyd, op skrif gekom het, en dat die laaste dateer van die ballingskap, of sê die tyd van Maleagi of Nehemia, selfs dan het die skrywe van die bundel meer as die helfte van 1000 jaar geduur.

So omtrent staan dit nou met die kwessie van die komposisie.

DIE KOMPILASIE.

(b) Laat ons nou ingaan op die datums van die kompilasie en ons afvra: vandat die eerste Psalm as geskrif die lig gesien het, totdat die versamelaars en redaktors met hul werk van versameling en verwerking klaar was, en die 150 Psalms so in orde gestaan het as 'n boek, soos dit vandag in ons Bybels is, tot wanneer en hoelank was dit? Om hierdie vraag enigszins te beantwoord beskik ons oor net vier duidelike gegewens: (1) Ons lees in die boek van die Makkabeërs wat geskrywe is in die eerste eeu voor Chr., dat Ps. 79: 2 aangehaal word as deel van die kanon van die Psalmboek. Dus moes die Psalmboek goed 100 jaar voor Chr. klaar gewees het. (2) Maar die tweede gegewe bring ons nog verder terug. Ons weet dat in die Spreuke van Jesus Sirag verskeie Psalms aangehaal word as 'n bekende deel van die Ou Testament, dus moes die Psalmboek klaar gewees het in die jaar 180 tot 150 voor Chr., die datum van die ontstaan van Jesus Sirag se Spreukeboek.

(3) Ons kan egter nog verder teruggaan. Ons het reeds gesien dat ons 150 Psalms gevind word in die ou Griekse vertaling van die Ou Testament wat omtrênt in 250 v. Chr. klaar vertaal was. Dit is die ou vertaling wat gewoonlik „die Septuagint” genoem word. Dit bring ons terug na die jaar 250 v. Chr.

(4) Maar ons kan nog verder terug. Ons sien dat Ps. 106: 48, die slotvers van die vierde boek van die Psalms, as Lofverheffing aangehaal word in 1 Kron. 16: 36. Dus moet ons aanneem dat die verdeling van die Psalms in vyf boeke toe al klaar en bekend was. Dit bring ons dan by die datum 350, die datum wat baie aanneem as die van die boek Kronieke. (Sien Hoofstuk XV.)

Dan was die Psalmboek min of meer klaar as boek in 350 v. Chr. Ons sê „min of meer”, want presies kan ons dit nie weet nie. Want vereers weet ons dat die aangehaalde Septuagint nog 'n Psalm 151 gehad het, en dat dit ook nog vyf ander Hallelujapsalms gehad het, en dat dit sommige van ons Psalms bymekaar gesit het as een Psalm, in stede van dit te tel as aparte liedere, sodat dit net op 151 te staan gekom het. Dan is dit glad nie onmoontlik nie, wat ek egter nie aanneem nie, dat die vier reeds genoemde Psalms geskrywe is in die tyd van die Makkabeërs in die eerste eeu voor Christus, en dat dit toe deur een of ander redaktor in die Psalmbundel wat toe sonder hierdie vier in hoofsaak reeds klaar was, ingeskuiwe is as Ps. 44, Ps. 74, Ps. 79, en Ps. 83.

Dit bly dan 'n kwessie van honderde en honderde jare! Wat 'n sonde dan om so 'n boek wat God soveel moeite en eeue gekos het, te verwaarloos!

DIE NAAM.

Wat was die oorspronklike naam van die Bybelboek wat ons vandag „Die Psalms” noem?

In die loop van die eeue was daar „Vier Versamelname” wat vir die 150 in gebruik was.

(1) Bo-aan in ons Hebreuse Bybels staan vandag nog die naam: „Tehillim”. Soms was dit kortweg genoem „Tillim”. Hierdie naam Tehillim beteken „lofsange”. Dit is die naam wat die ou Joodse Sinagoge aan die 150 gegee het; sinds wanneer en tot wanneer weet ons nie.

(2) Wat ons egter wel weet is dat, toe die Ou Testament in Grieks vertaal is in 250 voor Chr., daar 'n ander Joodse naam was. So is daar toe in die Griekse vertaling die naam ontstaan wat ons vandag nog het, nl. „Die Psalms”. Hierdie naam Psalm kom van 'n Griekse

woord wat beteken om te tokkel op die snaar van 'n musiekinstrument. En daar hierdie Griekse vertaling, die Septuagint, vir eeue deur die Jode gebruik is, toe Hebreus opgehou het om 'n spreektaal te wees, en daar dit algemeen in gebruik was in die tyd van Jesus Christus, en deur die Apostels gelees, aangehaal en gebruik is, het hierdie naam Psalms in die Nuwe Testament ingekom.

So lees ons dan ook in Luk. 20: 42 en Hand. 1: 20 van „die boek van die Psalms”. Op die wyse is die naam „Die Psalms” vandag in gebruik in die Protestantse en Roomse Kerke.

(3) 'n Derde Versamelnaam is „Psalterion” of kortweg die Psalter, 'n naam wat dikwels, sowel in Engels as in Hollands, ook gebruik word. Hierdie naam het vir die eerste maal sy verskyning gemaak in een van die mees beroemde Griekse handskrifte van die Bybel.

(4) Dit lyk egter of die oudste versamelnaam die naam „Gebede” was, in Hebreus Tephilah, die naam wat ons vind vir die Dawids-Psalmbundel wat met Ps. 72, die laaste vers, gesluit het. Ons vind b.v. hierdie naam bo-aan Ps. 17 en 86 en andere. Feit bly egter dat die oorspronklike naam vir ons verlore geraak het, en ook is dit feit dat geen enkel naam, selfs nie die vier hierbo genoemde versamelname nie, toereikend is om al die 150 te omvat en te beskrywe nie! Die inhoud van die 150 is te groot, te groots, te veelsydig en ruim, te oneindig ryk vir een naam. Die 150 bestaan uit himnes, liedere, gebede, wat bedoel was om gesing te word by vele verskillende geleenthede as optog-, fees-, oorwinnings-, klaag-liedere, ens. Ons hoor hier die siel jubel, maar ons hoor hom ook kla. Hy roem oor oorwinnings, dan kla hy weer oor neerlae! Ons tref hom hier aan met sy geloof, maar dan weer met sy ongeloof,

met sy verlange na God, maar ook met sy vrees vir God, met sy sonde, maar ook met sy geloofsversekerdheid van Gods gemeenskap, met sy danke, met sy bidde. Ons hoor die Messias uitroep: „My God, waarom het u My verlaat?” maar ons hoor Hom weer juigend opstaan uit die graf en juigend ten hemel vaar. Die Psalms is eg Israelities, maar ook eg menslik, bestem vir die hele mensdom, „en hoe meer echt-menschelik, des te meer het eeuwigheids cachet aan het voorhoofd dragend. De Psalmen hebben geen tijd” (Valeton). Geen enkele naam kan dus op sigself die rykdom van so 'n skatboek omvat nie!

DAWID.

Die naam van Koning Dawid word nog steeds verbind met die bundel, sodat tot vandag toe nog en vir altyd sal gepraat word van „die Psalms van Dawid”. Dit bly ook feit dat ons nie aan hierdie Bybelboek kan dink sonder om ook aan Dawid te dink nie. Die goddelike skrywer van die boek Kronieke beskrywe dan ook vir Dawid in 1 Kron. 15: 16, 25 en verder in 16: 4, 7, as die man wat die fondament gelê het van die nasionale lied van Israel, wat die fondament gelê het van die sangdiens van die Kerk van die O.T. Hy is die vader van die liriek van Gods Kerk. Hy is die vader van die Psalmodie van Gods volk. Hy is die man wat die tempelmusiek ingevoer het, die vereiste sangers aangestel het, en ook ten minste by een geleentheid die Psalm wat moes gesing word, vervaardig het. „Op dieselfde dag, toe vir die eerste maal, het Dawid aan Asaf en sy broers opgedra om , loof die Here' te sing” (1 Kron. 16: 7).

Ons weet ook dat in ons Hebreuse Bybels die opskrif „le Dawid” bo-aan 73 Psalms staan. Ook is dit

geskiedenis: „reeds sedert Davids tijd bestonden er liederenbundels, wier getal en omvang voortdurend aangroeiden” (Obbink), en dis omtrent seker dat Dawid self vele Psalms en liedere en gebede geskrywe het en moontlik ook versamel het. Geen wonder dan ook dat daar in die Kerk sprake is van ’n Dawids Psalmbundel as die eerste van die vyf bronne vir ons 150 nie! Geen wonder dan ook dat ons lees in Ps. 72: 20: „Hier eindig die gebede—die Tephilah—van Dawid, die seun van Isai”. Geen wonder ook dat nie alleen die oudste bundel sy naam dra nie, maar ook die oudste versamelnaam, die Tephilah—die gebede—aan Dawid se naam verbind is nie! En geen wonder dat hy in 2 Sam. 23: 1 beskrywe word as „die lieflike in die sange van Israel” nie!

XII

DIE WYSHEIDSLETTERKUNDE VAN ISRAEL

SALOMO DIE VADER.

DIT is die man van die Ooste wat bo al die volkere van die mensdom van God die aanleg ontvang het van bespieëling, van filosofie. Vandag nog vind ons hierdie gawe van filosofie hoog ontwikkel by die Oosterling, by voorbeeld by die Indiërs. So was dit ook in die ou dae toe die Bybel ontstaan het. Dit lyk asof Edom (Arabië) die bakermat van die wyse manne was en by name die stad Teman, sodat ons Jeremia wat met sulke oosterse wyses in aanraking gekom het, hoor uitroep: „O Edom, is daar geen wysheid meer in Teman nie? Ontbreek raad by die verstandiges? Is hulle wysheid uitgeput?” (Jer. 49: 7). So hoor ons ook vir Obadja uitroep: „Sal

Ek nie in die dag, spreek die Here, die wyse manne uit Edom verdelg nie, en die verstand uit die gebergte van Edom nie?" (Obadja 8). „ Reeds in de tijd van Salomo schijnt de wedijver"—die strewe na wysheid—, van beide volkeren in dit opzicht international te zijn geweest" (Rhiem).

Ook die Egiptenaars was bekend vir hul wysheid en hul kom al vroeg voor in die Bybel, soos in die dae van Josef, toe Farao „ al die wyse manne van Egipte laat roep het" (Gen. 41: 8) om sy drome uit te lê. So sien ons ook in die tyd van Moses dat „ Farao ook die wyse manne laat roep het" om hulle staf te verander in 'n slang, en ook lees ons dat „ Moses opgelei was in al die wysheid van die Egiptenaars" (Hand. 7: 22). Een ding is seker, dat die Egiptiese wysheid in die ou dae spreekwoordelik geword het. Die geskiedenis leer ons ook dat selfs duisend jaar voor Christus daar 'n *Egiptiese Wysheidsletterkunde* was.

By die Babiloniërs tref ons hul ook aan in die geskrifte van Jesaja en Jeremia en ook by die Perse in die tyd van Ester, toe die koning hulle geraadpleeg het: „ en die koning het vir die wyse manne, die kenners van die tye, gesê" (Ester 1: 13). Dit is goed bekend dat Griekeland vol filosofiese skole was en 'n groot filosofiese letterkunde gehad het. Verder lees ons ook van die „Wyse uit die Ooste" in die tyd van Jesus. Dis goed te verstaan dat hierdie wyse manne van die Ooste en hul geskrifte voortdurend in aanraking was met Israel, en dat hul met hulle lewensbeskouings 'n bron van gevaar vir Israel se volkslewe geword het. So sien ons ook dat die groot profete voortdurend met hulle in botsing gekom het en dat hul vir Israel teen hulle moes waarsku. So hoor ons Jeremia teen hulle profeteer: „ die swaard oor die

Galdeërs, en oor sy wyse manne! die swaard oor die grootpratere dat hulle dwaas kan word!" (Jer. 50: 35). „En Ek sal sy vorste en sy wyse manne dronk maak" (Jer. 51: 57), en „laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie" (Jer. 9: 23). Dieselfde skerpe taal hoor ons ook Jesaja teen hul gebruik, waar hy hul op een lyn stel met leuenprofete: „Ek is die Here wat die tekens van die leuenprofete vernietig, en wat die wyse agteruit laat wyk en hul kennis domheid maak" (Jes. 44: 25) en „daarom sal Ek voortgaan, en die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan" (Jes. 29: 14).

Deurgaans het die groot profete die Oosterse wyse manne beskuldig van ydelheid, dwaling en onsedelikheid. En toe Paulus eeue daarna in aanraking kom met die kinders van die Oosterse filosofie in Korinthe wat vol Griekse filosofie was, hoor ons hoe hy die Kerk waarsku: „Ek sal die wysheid van die wyse manne vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak. Waar bly die wyse, het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?" ens. (1 Kor. 1: 19). Ja, ook het die Here Jesus vir hierdie manne op die oog gehad toe Hy gesê het: „Ek loof U, Vader, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het." (Matt. 11: 25).

DIE WYSHEID EN DIE WYSE MANNE VAN ISRAEL.

Het die Ooste sy wysheid en wyse manne gehad wat in filosofiese denke uitgemunt het, dan moet ons verwag dat hierdie vermoë ook sterk ontwikkel was by Israel wat ook 'n oosterse volk was. So was dit ook. „Ook in Israel was een streven naar wijsheid, heeft het groote betekenis voor het volksleven gehad, en nam het een

nieuwe vlucht aan met Salomo" (Rhiem). Salomo was dan die *vader van die wysheidsrigting* in Israel. Ons sien ook dat die wysheid van Salomo spreekwoordelik geword het, en dit was nie sonder grond nie. So lees ons in die Bybel dat God „aan Salomo wysheid en baie groot verstand gegee het, sodat die wysheid van Salomo groter was as die wysheid van die kinders van die Ooste en as al die wysheid van Egipte" ens. (1 Kon. 4: 29). Ja, volgens 1 Kon. 4: 32-34 het sy kennis verder gegaan as „oor die bome van die seders op die Libanon tot die hisop wat teen die muur uitspruit", en „oor die vee en oor die voëls en oor die kruipende diere en oor die visse", want „hy het duisend spreuke uitgespreek en sy liedere was duisend-en-vyf". Volgens die oorlewering was daar ook eenmaal 'n wedstryd in die oplossing van raaisels tussen Salomo en die koning van Tirus en 'n jong wyse Tiriër. So was daar altyd onder Israel ook manne gewees wat hul tot taak gestel het om 'n soort van wysheid te bekom wat meer insluit as net kennis en wetenskap. Dit was 'n soort van praktiese wysheid, praktiese insig in dinge, 'n lewenswysheid van hoe te handel met moeilike vraagstukke. So het daar by Israel ontstaan 'n duidelike, ou-Testamentiese *Wysheid*, gewoonlik *Chokma* genoem. Hierdie *Chokma* was 'n soort van filosofie en was vir Israel wat die filosofie vir die Griek en Indiër was, naamlik 'n soort van filosofie wat op die basis van die Mosaïese Godsdiens berus het en sedelike vraagstukke bevat het en gehandel het oor vraes soos hoe 'n mens moet handel teenoor God. Dus moet ons dit goed verstaan: filosofie, in die egte sin van die woord soos by die Griek en die Indiër, was daar nie by Israel nie, eenvoudig omdat filosofie as sulks, niks veronderstel nie en ook nooit veronderstel het dat daar 'n

God is nie; terwyl Israel as Gods openbaringsvolk altyd, selfs in sy filosofie, van die veronderstelling uitgegaan het van die werklikheid van Gods bestaan en Sy Openbaring. So sien ons uit Gen. 1: 1 dat die Hebreër dit onnodig geag het om te leer en te bewys dat daar 'n God is. Hy veronderstel dit eenvoudig as 'n waarheid en 'n feit wat nie bewys nodig het nie. Hy begin eenvoudig met te sê: „in die begin het God geskep.”

So het Israel dan ook sy wyse manne gehad, en hul het in die loop van die tyd ontwikkel as 'n klas apart van die profete en priesters, en hulle het ook saam met die profete 'n grote invloed uitgeoefen op Israel se volkslewe. So kan ons praat van drie klasse van manne wat leiding aan Israel gegee het, nl. die profete, priesters en die wyse manne. Van hierdie klas van „wyse manne” onder Israel lees ons veral in die boeke Job, Spreuke en Prediker. So leer ons ook uit hierdie genoemde boeke dat daar na alle waarskynlikheid kringe of wysheidskole bestaan het, waar hierdie Chokma geleer is deur sekere wyse manne. Hulle is in Hebreeus genoem Chokamin, en wat hulle geleer het aan die nageslag, is oorgelewer as Wysheid. In hierdie kringe het dit soms baie hewig toegegaan. So sien ons in die boek Job hoedat dit soms gelei het tot 'n hewige twis tussen Job en die vier wyse manne wat vir hom kom raad gee het. „Waarlik ja, julle is die regte mense en saam met julle sterf die wysheid uit” (Job 12: 2); so roep Job hul sarkasties toe en so weer wys Job hul op God as die bron van wysheid, „by Hom is wysheid, Hy het raad en verstand” (Job 12: 13). Weer roep Elifas, een van die wyse van Teman uit Edom, „Sal 'n wyse man met wonderige wetenskap antwoord gee en sy woord vul met oostewind?” (Job

15: 2). Elifas wil weet of dit wysheid is om met Job te redeneer. Weer hoor ons Job sê: „Kom maar altyd weer aan, julle almal, 'n wyse vind ek onder julle tog nie” (Job. 17: 10), ens.

Ons weet dat die poorte van die ou stede groot ruimtes gehad het waar dikwels die koning in die poort gaan sit en die soldate ontvang het. Ons lees dit b.v. van Dawid in 2 Sam. 19: 8; daar het ook die volk gekom om nuus te hoor, en ons lees in Gen. 23: 10, Deut. 25: 7, Rut 4: 1 en 11, dat in die poort die regeerders gesit het en kontrakte en verdrae gesluit het. Hierdie ou Oosterse gebruik vind ons vandag nog in die naam van die Turkse Parlement: „die Hoë Poorte”.

Was daar dan in Israel sulke wysheidsleermeesters, dan is dit begryplik dat hul ook hulle beskouings op skrif gestel het, en so het daar dan in Israel ontstaan:—

DIE WYSHEIDSLETTERKUNDE VAN ISRAEL.

Dit word ook dikwels na die Hebreeus genoem „Chokmatiese” letterkunde. Hieronder word getel sulke boeke wat nie in ons Bybel voorkom nie, as „Die Wysheid van Salomo”, die „Boek van Sirag”, die „Boek van Barug”, die „Boek Ecclesiasticus”. Die vernaamste van hierdie wysheidsboeke was die van Salomo, kortweg genoem die „Boek van Wysheid”. Die vroegste verskynsels van hierdie soort letterkunde by Israel vind ons in die bekende fabel in Rigters 9: 7-15 waarin beskrywe word hoe „die bome eendag gegaan het om 'n koning oor hulle te salf”, ens., en in 2 Kon. 14: 9, „Die distel wat op die Libanon is, het die seder wat op die Libanon is, laat weet: Gee jou dogter aan my seun as vrou! Maar die diere van die veld wat op die Libanon is, het verbygegaan en die distel vertrap”.

Hierdie wysheidsletterkunde was dan by Israel deels poëties en deels godsdienstig-filosofies van aard.

XIII

DIE WYSHEIDSBOEKE VAN DIE OU TESTAMENT

JOB, SPREUKE, PREDIKER

HET Israel soos die ander ou Oosterse volkere die gawe vir filosofie gehad en ook hul wyse manne, en het dus hierdie wyse manne hul beskouings op skrif gestel, dan kan ons goed verstaan dat God van hierdie filosofiese gawe of aanleg van Israel gebruik gemaak het, en dat so deur die inspirasie van Sy Gees ook geïnspireerde *Wysheidsboeke* hul verskyning moes maak, en dat hul vandag in die Ou Testament deel uitmaak van Gods openbaring. Hierdie Wysheidsboeke van die Ou Testament is drie in getal, naamlik die boeke Job, Prediker en Spreuke. Hier skrywe die Wyse van Israel onder die ingewing van Gods Gees, en „de inspirasie van den Heiligen Geest heeft zich hier speciaal gericht op de praktische levenswijsheid” (Christ. Encyclopaedie). Hul lewens- en wêreldbeskouing in hierdie boeke beskrywe het berus op die beginsel van „die vrese Gods”. Dit word in die begin van die boek „Spreuke” duidelik neergelê: „Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis” (Spreuke 1: 7 en 9: 10), en ook in Job: „Vir die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die Here is wysheid, en om van die kwaad af te wyk is verstand” (Job 28: 28), en ook in Prediker 12: 13: „die hoofsaak van alles is: Vrees God en hou Sy gebooe; want dit is die hele mens”.

En het hierdie geïnspireerde wysheidskrywers saam met die profete groot geestelike invloed uitgeoefen op Israel, tog was daar tussen hulle 'n groot verskil. „De wijzen gingen niet uit van een Heilige Schrift” in die eerste plek—dit is, hul doel was in die eerste plek om hul filosofies in te dink in die lesse van die geskiedenis en lewensondervinding en dan hierdie resultaat van hul oorpeinsings neer te lê in spreuke, verhale, gelykenisse ens., en dit te doen op elke lewensterrein.

So druk die wyse van die boek Prediker dit uit: „Ek het my hart daarop gerig om na te speur alles wat gebeur onder die hemel” (Pred. 1: 13). Dan het hulle hierdie resultate van hul filosofiese bespieëlinge getoets aan die geloof om te sien of die geloof gerealiseer word in die praktiese lewe, en wat hierdie geloofstoets nie kon deurstaan nie het hulle verwerp as dwaasheid, soos Prediker dit beskrywe: „dit is tevergeefs en 'n gejaag na wind” (Pred. 2: 26). Die resultate wat hierdie geloofstoets kon deurmaak, het hulle beskrywe as wysheid. Hierdie wysheid beteken in die boeke Job, Prediker en Spreuke meer as kennis of wetenskap of geleerdheid. Dit is in een woord: „*Lewenswysheid*”. So kom dan die genoemde wyse manne van hierdie boeke van die Ou Testament tot die konklusie dat „de wijsheid Gods de enige ware grondslag van de natuurlijke en zedelijke wêreldorde was” (Rhiem).

Die les van die boek Job is ook die van die boek Spreuke en Prediker, nl. „de nietigheid van alle menschelijk streven en trachten. Er is eigenlijk maar één ding dat aan den mensch nog eenige stuur kan geven, nl. het geloof dat God in den hemel is,” „want God is in die hemel en jy op die aarde” (Pred. 5: 1).

JESUS CHRISTUS AS WYSHEID.

So kry in hierdie Wysheidsboeke wysheid dieselfde betekenis as religie of godsdiens. „Daar was geen groter dwaasheid as ongeloof en sonde nie”. Ja, nog meer, in Spreuke 8 tree die Wysheid op as 'n Persoon en spreek hy as 'n Persoon, en hierdie Persoon is niemand anders as die „*Woord van God*” van Joh. 1: 1 nie. Dit is, die ware Wysheid wat hier spreek is niemand anders as die Seun van God nie. Hoor ons dan in Job, Prediker en Spreuke die Goddelike Wysheid spreek, dan hoor ons die stem van Gods Seun, Jesus Christus. Filosofie dus, as dit ware filosofie is en ware wysheid leer, bring die mens in aanraking met Jesus Christus; alle filosofie soek dus na en wys op Christus. Dit is in kort die groot Messiaanse boodskap van die wysheids-letterkunde van die Ou Testament. Geen wonder dat Paulus eeue later aan die filosofiese Korinthiërs skrywe: „Christus is die krag van God en die wysheid van God”, en „Christus Jesus het vir ons geword Wysheid van God”, en hierdie Wysheid beteken drie goddelike gawes nl. geregtigheid, heiligmaking en verlossing (1 Kor. 1: 24, 30).

Soms kom ook in hierdie wysheidsboeke die Wysheid voor met die betekenis van die Heilige Gees. So het ook die Here Jesus Self dit opgevat in die woorde: „daarom het die Wysheid van God ook gesê: Ek sal profete en apostels na hulle stuur, ens”. (Luk. 11: 49). Hier haal die Here Jesus aan uit een of ander ou wysheidsboek wat vir ons verlore geraak is, en wat Hy gelees het. Dis duidelik dat die Here Jesus hier onder die „Ek” wat „sê” en die wat „profete stuur”, nie Homself bedoel nie, maar die Heilige Gees as die

Wysheid van God. So lees ons ook van die sewe diakens: „Kyk dan uit, broeders, na sewe manne vol van die Heilige Gees en wysheid” (Hand. 3: 6). So hoor ons ook Jesus spreek van die bekeerdes as „wysheidskinders”, wedergebore deur die Heilige Gees, „maar die Wysheid is geregverdig deur sy kinders” (Matt. 11: 19). So spreek Jesus ook van Sy boodskap van vergifnis as Wysheid: „die koningin van die Suide het gekom om die wysheid van Salomo te hoor, en—meer as Salomo is hier” (Matt. 12: 42). Onder hierdie woordjie „meer” het Jesus bedoel die boodskap van vergifnis wat baie „meer” was as die boodskap van Jona (vers 41) en van Salomo. So sien ons dat hierdie wysheidsletterkunde van die O.T. sy eie taal en styl en gedagtegang gehad het, en dat die skrywers van die N. T., en ook Jesus, hierdie letterkunde geken het en dat hulle daarvan gebruik gemaak het.

XIV

DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEK SPREUKE

LAAT ons net die ontstaan van één boek van die genoemde Wysheidsboeke behandel om ’n idee te gee hoe God te werk gegaan het met die daarstel van hierdie deel van Sy openbaring. Ons het gesien dat die Psalmboek ’n versameling is en bestaan uit verskillende bundels en uit die hand van verskillende skrywers kom, en dat dit honderde jare gevat het voor dit klaar was. Dit is ook die geval met die boek Spreuke. Dit bestaan uit verskillende spreukbundels en is die werk van verskillende persone en het honderde jare geduur. Ons kan dit so indeel:

SPREUKBUNDELS.

Eers kom die *Inleiding*, Spreuke 1: 1 tot 6. Hierin word 'n kort beskrywing gegee van die doel van die hele boek: „om 'n spreuk en beeldspraak te verstaan, die woorde van die wyse manne en hulle raaisels” (vers 6).

(1) Dan volg die *eerste bundel*, nl. Spreuke 1: 7 tot 9: 18. Hier word weer omskrywe die *doel* van die hele boek om die „jeug te leer”, en dit voer aan as 'n soort motto in die eerste vers van die bundel (vers 7) „dat die vrees van die Here die beginsel is van die kennis”, en dit kom later weer voor aan die end van die bundel in Spreuke 9: 10. Die leser sal sien dat in hierdie bundel die wysheidsleermeester die hoorder toespreek as „My seun”. Ons het in die vorige deel gesien hoe hierdie leermeesters jongelinge om hul versamel het en hul dus toespreek as „my seun”. Ons sien ook hier hoe die wysheidsleermeesters staan en preek „op die pleine”, op die hoeke van die rumoerige strate, by die ingange van die poorte” (Spr. 1: 20-22). Van wie hierdie eerste bundel kom word ons nie vertel nie.

(2) Nou kom die *tweede bundel*, nl. Spreuke 10: 1 tot 22: 16. Ons sal later sien dat hierdie deel eintlik vir eeue lank „*die oorspronklike Boek*” van Spreuke was. Die leser sal sien dat dit tot opskrif het, „die Spreuke van Salomo”. Hier spreek die wyse Salomo sy gehoor net eenmaal toe as „my seun”, nl. in Hoofstuk 19: 27.

(3) Dan kom die *derde bundel*, nl. hoofstuk 22: 17 tot 24: 22. Ons ken nie die name van die manne van wie dit kom nie; dit bevat net die opskrif: „Gee gehoor en luister na die woorde van die wyse” (22: 17). In hierdie bundel word die leerling dikwels toegespreek as „my seun” (23: 15 en 19, ens).

(4) Dan volg die *vierde bundel*, nl. hoofstuk 24: 23-34. Hier word ons ook nie vertel die naam van wie dit kom nie. Dit het net die opskrif: „Ook hierdie spreuke is van die wyse manne afkomstig” wat voorkom in die eerste vers van die bundel, nl. *Vers 23*.

(5) Nou kom die *vyfde bundel*, nl. hoofstuk 25: 1 tot 29: 27. Dus vyf hoofstukke in sy geheel. Dit is ook van Salomo en het tot opskrif: „dit is ook spreuke van Salomo wat die manne van Hiskia versamel het.”

Hier het ons dus 'n versameling van Spreuke van Salomo wat byna driehonderd jaar na Salomo deur koning Hiskia se manne versamel is. Hierdie versameling is gedoen uit mondelinge oorleweringe wat geleef het in die hart van die volk, en uit nagelate geskrifte van Salomo. Ons weet dat koning Hiskia een van die vroomste konings van Juda was en dat hy, gelei deur profete soos Jesaja en Miga, oorgegaan het tot die suiwering van die godsdiens van Israel, omdat hy gesien het dat Juda alleen as volk kon bestaan, as hy hom hou aan God. So het Hiskia met die hulp van hierdie Hiskia-kollege van wyse manne hierdie versameling gemaak van die spreuke van Salomo.

(6) Nou volg nog *drie kleiner bundels* van wyse manne. Die eerste van hierdie kleinere, of die *sesde* van die hele boek, is die van „Agur, die seun van Jake”, nl. hoofstuk 30. Hier vind ons in vers 1 die pragtige vertaling van ons Afrikaanse Bybel: „Ek het my moeg gemaak O God, ek het my moeg gemaak, O God, en ek sal oorwin”, wat baie beter is as die vertaling van die ou Statebybel nl.: „tot Ithiël, tot Ithiël en Uchal”. Agur, sal ons later sien, was 'n onbekende wyse.

(7) Nou kom die tweede van die drie kleiner bundels,

of die *sewende* van die hele boek, nl. hoofstuk 31: 1-9. Dit het tot opskrif „die woorde van Lemuel, die koning; die spreuke waarmee sy moeder hom vermaan het”. Hierdie Lemuel was koning van Massa, ’n Arabiese stam, en soos ons reeds gesien het, was Edom (Arabië) goed bekend vir hul wyse manne.

(8) Die laaste van die kleiner bundels, en ook die *agste* van die hele boek, is dié van hoofstuk 31: 10-31, waar die boek ook eindig. In hierdie deel word beskrywe die lof van „’n deugsame vrou”.

KORTE SAMEVATTING.

Hieruit moet nou vir ons duidelik wees dat die boek Spreuke ’n versameling is van verskillende en aparte bundels. Ons kan dit so voorstel: Eers was daar die drieduisend spreuke van Salomo waarvan ons lees in 1 Kon. 4: 32. Moontlik het Salomo later self uit hierdie drieduisend sommige opgeneem, ons weet nie hoeveel nie, en saam met nog andere sy eerste bundel opgestel (Spreuke 10 tot 22: 16). Ons het reeds gesien dat hierdie *eerste bundel* van Salomo vir ruim driehonderd jaar „*die enigste, en dus die oorspronklike Spreukeboek*” van die Bybel uitgemaak het, en dat dit so gebly het tot omtrent 300 jaar later, toe die wyse manne van koning Hiskia die tweede versameling gemaak het van die bundel van die spreuke van Salomo (Spreuke 25 tot 29: 27). Toe het ander versamelaars in die loop van die tyd die ander bundels hierbo genoem bygevoeg, d.i. die van ’n onbekende skrywer (Spreuke 1: 7 tot 9: 18), die van Agur en Lemuel, en die laaste oor „*die deugsame vrou*”. Hoeveel versamelaars dit gedoen het weet ons nie. Omtrent seker is dit dat die laaste van hierdie versamelaars die inleiding van die eerste ses

verse geskrywe het, en die hele boek gesit het op die naam van Salomo. Daarom begin die boek Spreuke met die woorde „ die spreuke van Salomo ” (hoofstuk 1: 1). Dit het hy gedoen omdat Salomo beroemd was vir sy wysheid en die eerste spreukeboek vir ruim 300 jaar van hom was, en omdat Salomo nog kan beskou word as die vader van die Ou Testamentiese en van die Israe-lietiese wysheidsletterkunde. Wanneer die boek dus klaar gekom het weet ons nie; moontlik was dit na die Ballingskap. Dus het dit die Almagtige en Sy Kerk veel moeite en eeue gekos. Die Bybel, en dus ook die boek Spreuke, het nie somaar uit die lug geval nie.

EGIPTIESE INVLOED

Voor hiervan afgestap word, moet nog verder gewys word op 'n ander merkwaardige feit, nl. dat die wyse manne van Israel in die versameling en daarstel van die boek Spreuke in aanraking gekom het, en dus punte van ooreenkoms het, met die wysheidsletterkunde van ander Oosterse volkere. So b.v. wys sommige geleerdes daarop dat daar omtrent 'n duisend jaar, voordat Christus die lig gesien het, 'n *Egiptiese spreukebundel* was wat nog in aansien gestaan het en op Egiptiese skole in gebruik was, en dat hierdie Egiptiese spreukebundel, genoem die Spreuke van Amen-en-Ope, groot ooreenkoms het met ons spreukebundel en in besonder, dat hoofstukke 22 en 23 van ons Spreukebundel byna woordelik ooreenstem met wat daarin voorkom. Dit moet ons dan laat dink „aan direkte invloed door de Egyptische wijzen uitgeoefend op de inkleding van Hebreeuwsche gedachten ” (Christ. Encyclopaedie).

ANDER INVLOEDE:

Maar ons kan verder gaan as die Egiptiese invloed; ons kan ook daarop wys dat ons sesde Spreukebundel, nl. dié van Agur, afkomstig is van 'n buitelanders wat binne Israel gelewe het, maar nie self 'n Hebreër was nie. Agur was 'n Massaiet en het behoort tot „die kindere van die Ooste”. Ja, ons kan selfs nog 'n stap verder gaan en daarop wys dat die sewende bundel, naamlik dié van Lemuel, afkomstig is van 'n man uit 'n Arabiese stam. So sien ons dat wat nie van Israelitiese oorsprong was nie, plek gekry het in die Ou Testamentiese Bybel se Spreukeboek. So sien ons dat God in Sy selfopenbaring Hom laat geld het buitekant die Israelitiese volkslewe en die wyse van Egipte en Arabië en Babilonië gebruik het vir Sy Openbaring in die boek Spreuke. Die boek Spreuke dan, hoewel dit eg Israelities is, behoort tog ook tot die hele mensdom.

XV

DIE LAASTE BOEK VAN DIE OU TESTAMENT
KRONIEKE

OP die kaart wat in die begin van hierdie reeks verskyn, het ons aangetoon dat die Ou Testament begin met Moses en eindig met die boeke van Kronieke. Ons weet dat Moses die eerste skrywer is wie se naam in die Ou Testament genoem word. Hy het gelewe omtrent 1450 voor Christus. Dat Kronieke die laaste boek van die Ou Testament is, hieroor is daar verskil van sienswyse. Sommige meen dat Daniel, andere weer Ester of selfs die Psalms, die laaste geskrywe is.

Algemeen egter word *Kronieke* beskou as die laaste boek van die Ou Testament. Een rede is omdat dit die laaste is in die lys van boeke in die Hebreeuse Bybel. Hierdie rede is egter nie voldoende nie. 'n Meer voldoende rede is die feit dat ons Saligmaker, toe Hy gepraat het van die martelaars van die Ou Verbond, vir Abel eerste en vir Sagaria as die laaste genoem het (Matt. 23: 35), en Sagaria se naam kom voor, en sy marteldood word beskrywe in 2 Kron. 24: 20, 21. Nou weet ons dat in Jeremia 26: 20-23 die naam van Uria voorkom as martelaar, maar die Here Jesus noem nie vir Uria as die laaste martelaar nie, maar wel vir Sagaria. „Eindelik blijkt uit het feit dat in Matt. 23: 35 niet Uria (Jer. 26: 20) maar Zacharia (2 Kron. 24: 20) als laatste martelaar word genoemd, dat bij het begin onzer jaartelling Kronijken het laatste boek was van den Oud-Testamentischen Canon, evenals nu” (Christ. Encyclo.).

DIE DATUM VAN DIE LAASTE BOEK.

Op die kaart hierbo vermeld is die datum by benadering aangegee as 350 voor Christus. Die volgende feite help om die tyd van ontstaan min of meer vas te stel:

(1) *Die Taal.* Die taaleienaardighede van *Kronieke* wys op 'n datum baie later as die van die ander geskiedenisboeke van die Ou Testament, soos Samuel en Konings.

(2) *Die Doel.* Die doel van die skrywer van *Kronieke* was nie om slegs die geskiedenis van Israel te behandel nie, soos die doel was van die skrywers van Samuel en Konings nie. Dit lyk asof hy oor die geskiedenis van sowat 4,000 (vierduisend) jaar teruggekyk het met 'n ander blik as om bloot volksgeskiedenis te lees in die

verlede. Hy staan op 'n punt toe die Ballingskap al lank verby was, en vandaar uit kyk hy ver terug tot by die begin van die mensheid waar Gods Kerk se geskiedenis begin, en veronderstel hy dat die leser dit alles weet en die inhoud van die ander geskiedenisboeke ken en ook besit om te lees. Die doel van die skrywer „was meer dié van 'n preek as van 'n geskiedskrywing”, en dit lyk asof die skrywer hierdie „preek” geskrywe het, nadat die geskiedenis van Israel al te boek gestel was en feitlik afgeloop was tot op die datum waar hy staan.

Die leser sal sien dat die boek begin met die name van die aartsvaders Adam, Set, Enos, ens., dit is, hy gee die heilige linie van Gods heilsbelofte aan waaruit die Christus sou gebore word. Nou toon hy aan dat hierdie heildraende linie nie met die ballingskap doodgeloop het, soos by baie in Israel die mening was nie, maar dat dit nog lewe in die deel van Juda en Benjamin. Die Noorde-like tien stamme word deur hom as afvalliges behandel, maar die Kerk leef voort in Juda en Benjamin. Daarom noem hy ook nêrens in sy boek die Tien Stamme nie. Hul word deur hom oor die hoof gesien en dood geswyg, omdat hul afvalliges was. „Zoo wordt ons de goddelijke bedoeling met dit boek duidelijk: het is de wording van den Christus die voor ons oog zich hier ontplooit, de volvoering van den goddelijken heilsraad tot behoudenis van zondaren” (Christ. Encyclo.). Dan is dit baie verstaanbaar en van pas dat juis Kronieke die laaste boek is van die Ou Testament.

(3) *Kores*. Dit is duidelik dat Kronieke moet dagteken na die ballingskap waaraan 'n end gemaak was in 536 deur Koning *Kores*, want ons lees in 1 Kron. 36: 22 dat sowel die naam van *Kores* as die vrylating van Israel deur hom voorkom. Dus seker na 536.

(4) *Griekse Tydperk.* Nog duideliker word dit vir ons uit die natuurlike wyse waarop daar in 2 Kron. 36: 20, 22, 23 gepraat word van „die koninkryk van Persië” en van „die koning van Persië”, nl. Kores, dat die skrywer geskrywe het, óf laat in die Persiese ryk, óf nog later, nl. in die Griekse tydperk. Dit bring ons dan ’n hele end verder terug as die jaar 536.

(5) *Die Dariëk.* Dan sien ons weer dat in 1 Kron. 29: 7 die naam voorkom van ’n geldstuk, die „dariëk”, soos tereg vertaal in die Afrikaanse Bybel, en hierdie „dariëk” was ’n Persiese geldstuk ingevoer deur die Perse, en dit word genoem na die Koning Darius wat regeer het tussen 522 en 486 voor Christus. Dus blyk dit dat hy kon geskrywe het in die tyd of na die tyd van Darius.

(6) *’n Geslagsregister.* Maar die tyd van ontstaan kan nog later vasgestel word. In 1 Kron. 3: 19–24 word die geslagsregister van Serubbabel aangegee. ’n Juiste studie van hierdie register bring ons af tot in die 9de geslag van Serubbabel. Nou weet ons dat Serubbabel die leier was van de terugkeer uit Babilon na Palestina in die jaar 536, en as ons nou nege geslagte bereken op 200 tot 240 jaar, dan kom ons by die datum toe Kronieke geskrywe is in 336, of soos hierbo gesê, by benadering in die jaar 350–336 voor Christus. Dan het die skrywe van die hele Ou Testament van Moses tot Kronieke, omtrent 1,100 jaar gevat. God is nie haastig nie.

DIE BRONNE.

As Kronieke dan die laaste boek van die Ou Testament is, dan spreek dit as vanself dat die gewyde skrywer sowel die ou bronne waaruit die skrywers van boeke soos Samuel en Koninge geput het, as die boeke Samuel en

Konings self geken, en dat hy dit geraadpleeg het, of dit kon gedoen het. „Dat de Kronijken skrywer, wiens werk over een tydperk van zoo groote uitgebreidheid loopt, van het begin der menschheid tot aan het eind der vierde eeuw voor Christus, bij de samenstelling gebruik heeft gemaakt van velerhande bronne, spreek vanzelf” (Christ. Encyclo.).

Vereers weet die leser dat die eerste nege hoofstukke van 1 Kron. bloot geslagsregisters is, en hiervoor was die skrywer afhanklik van boeke soos Genesis, Exodus, Numeri, Josua en Samuel. Ofskoon hy nie melding maak van sulke geslagsregisters nie, tog gaan hy uit sy pad uit om op twee plekke te verwys na twee sulke geslagsregisters. Dit vind ons in 1 Kron. 5: 17 en 1 Kron. 9: 1. Die Psalm wat ons vind in 1 Kron. 16 is opgemaak uit drie van ons welbekende Psalms, nl. Pss. 105, 96, 106. Maar ons kan verder gaan en sien dat hy in sy boek 'n heelparty geskifte duidelik noem as bronne. So b.v. „die boek van die Konings van Juda en Israel” (2 Kron. 16: 11), „die boek van die Konings van Israel en Juda” (2 Kron. 27: 7). Hierdie twee is waarskynlik een en dieselfde boek en nie twee aparte boeke nie, en dit moet nie verwar word met die Bybelboek Konings nie. Dit is 'n ou geskiedenisboek wat destyds bestaan het en wat vir ons verlore geraak het.

Verder noem hy „die geskiedenis van die konings van Israel” (2 Kron. 33: 18), „die geskiedenis van Hosai” (2 Kron. 33: 19), „die uitleg van die boek van die Konings” (2 Kron. 24: 27), „die uitleg van die profet Iddo” (2 Kron. 13: 22). Hierdie boek, „Uitleg” was waarskynlik een selfstandige werk of twee werke met aantekeninge op die reeds genoemde boeke wat vir ons verlore geraak het.

Dan nog noem hy „die gesig van die profeet Jesaja in die boek van die Konings (2 Kron. 32: 32), „die geskiedenis van Jehu wat opgeneem is in die boek van die konings van Israel” (2 Kron. 20: 34), en kleiner werkies soos „die geskiedenis van die siener Samuel, profeet Natan, die siener Gad” (1 Kron. 29: 29), „die woorde van die siener wat met hom gepraat het in die Naam van die Here” (2 Kron. 33: 18), en nog andere. Wat Lukas dus moes doen in die opstel van sy Evangelieboek om „alles van vooraf noukeurig te ondersoek”, (Lukas 1: 1-3) moes ook hierdie laaste skrywer van die Ou Testament doen.

DIE SKRYWER.

Wie was hy? Ons weet dit nie. Hy tree nie in sy boek op die voorgrond nie. Wel word daar 'n paar maal in die boek gepraat van een of ander skrywer, maar nie een van dié kan met die skrywer van ons Kroniekeboek vereenselwig word nie. So lees ons b.v. van „Semaja, die skrywer, uit die Leviëte” (1 Kron. 24: 6), van „Josafat was kanselier” en „Sausa was skrywer” (1 Kron. 18: 15, 16), en „hy het Safan, die kanselier, gestuur” (2 Kron. 34: 8). Hierdie titel „kanselier” was van toepassing op verskillende amptenare. Hy was 'n soort van argivaris van die ryk wat aan die hoof gestaan het van die geheime kabinet om aan die koning verslag te doen van die gebeurtenisse. Of hy was 'n soort van staatskrywer wat 'n kanselary, 'n groot kamer, gehad het waar dikwels vergaderings gehou is. So vertel Jeremia ons: „hy gaan toe af na die huis van die koning en die kamer van die skrywer, waar juis al die amptenare gesit het” (Jer. 36: 12, 20, 21). Maar nie een van hierdie manne het die Kronieke geskrywe nie. Die Joodse oor-

lewing noem Esra as die skrywer, dog ons kan dit nie aanneem nie, omdat ons hierbo aangetoon het dat die boek lank na Esra se leeftyd geskrywe is. Heel waarskynlik is die skrywer van die boeke Esra, Nehemia en Kronieke een en dieselfde persoon, maar wie hy was weet ons nie. Met enige sekerheid kan vasgestel word dat hy 'n Leviet was en 'n man was van groot erns en groot geloof. Vandaar dan ook dat sy boek „meer 'n preek is as 'n geskiedskrywe”.

So het dit God behaag om die Ou Testament as boek te laat afsluit deur 'n man wie se naam ons nie ken nie. Hy verberg sy naam agter Christus op wie sy boek wys.

DEEL II

DIE KANONIEKE BOEKE VAN DIE NUWE TESTAMENT: HUL WORDING EN ONTSTAAN

I

SKRIF EN TAAL

AAN die begin van hierdie reeks het ons geskrywe oor die skryfkuns in die ou dae lank voor die tyd van Christus. Ons het toe aangetoon dat reeds lank voor die dae van Moses die ou volkere hul skrywers en hul letterkundes gehad het. Nou dat die ontstaan van die Nu-Testamentiese boeke moet beskrywe word, is dit van belang om een en ander mee te deel aangaande die Nu-Testamentiese skrif.

DIE NU-TESTAMENTIESE SKRIF.

Die eerste maal dat ons in die N.T. lees van die skryfkuns is in Lukas 1: 63, waar Sagaria 'n skryfbordjie gevra het om Johannes se naam daarop neer te skrywe. Hierdie skryfbordjie was 'n Romeinse skryflei, 'n houtplankie met was bestryk waarop dan met 'n griffel van staal geskryf is. Hierdie handskrif kon dus weer maklik uitgevee word deur net die was gelyk te smeer. 'n Aantal sulke „skryfbordjies” is ontdek, onder andere in Pompeii. Dan lees ons ook nog in die Nuwe Testament van „papier en ink” wat gebruik was. So

lees ons in 2 Joh. vers 12 dat Johannes skrywe: „Alhoewel ek veel het om te skrywe, wou ek dit nie met papier en ink doen nie”, en in 3 Joh. vers 13: „Ek het baie dinge gehad om te skrywe, maar ek wil dit nie met ink en papier aan jou skrywe nie”. Hierdie „papier” was ’n blaar van die papirusplant, en sulke kort briewe as dié van 2 en 3 Joh. was waarskynlik net op een enkel papirusblaar geskrywe. So ook die brief aan Filemon, waar Paulus sê: „Ek, Paulus, het dit met my eie hand geskrywe” (vers 19). Vir ’n langer geskrif, soos die Evangelies en die ander lang briewe van Paulus, is ’n aantal sulke papirusblare aanmekaar vasgelym. Dit is dan genoem ’n „boekrol” of „boek” of „opgerolde boek”. So lees ons in Hebr. 10: 7: „Kyk, Ek kom, in die boekrol is van My geskrywe”. Sulke boekrolle het soms ’n taamlike lengte gehad. Daar is sulkes gevind van 20 tot 40 meters lank. So lees ons ook van „boek” in Lukas 4: 17 en 20, waar hul vir Jesus in die sinagoge te Nasaret die rol van Jesaja gegee het, en in Openb. 5: 1. ’n Rol van korter lengte word ook in die Nuwe Testament „boekie” genoem, b.v. „En in Sy hand het Hy ’n geopende boekie gehad” (Openb. 10: 2, 8, 9). Daar is gewoonlik net op een kant van die papirusblaar geskrywe, die ander kant is met ’n soort olie geel geverf. Slegs op een plek in die Nuwe Testament lees ons van ’n geval waar daar op albei kante geskrywe is, naamlik Openb. 5: 1, waar ons lees van „’n Boek geskrywe van binne en van buite”. „Van buite” beteken dan aan die agterkant. Die „pen” waarmee Johannes, hierbo aangehaal, en die skrywers van die Nuwe Testament geskrywe het, was van „riet” wat in hierdie tyd, die Grieks-Romeinse tyd, in twee gesplits is. Die „ink” het bestaan uit ’n

mengsel van roet, gom en water. Hierdie ink het nie ingetrek in die papirusblaar nie en kon dus, veral as dit nie lank tevore geskrywe was nie, weer van die blad afgewas word. Hierop sinspeel die belangrike vers in Kol. 2: 14, waar ons lees dat Jesus Christus „die skuldbrief teen ons uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis te nael”. In die Romeinse tyd, nl. die tyd van die Nuwe Testament, was dit wet dat alle offisiële dokumente op so 'n blad geskrywe met 'n „seël” moes gesluit word, en volgens die Romeinse wet moes 'n testament, om eg en wettig te wees, met sewe seëls verseël wees. So lees ons in Openb. 5: 1 dat die „boek” wat in Jesus se hand was, „met sewe seëls verseël was”. Maar hierdie papirusblad (papier) was nie so taai en duursaam nie. Dus het Paulus en andere ook op 'n beter en sterker materiaal geskrywe wat van vel gemaak was, en wat „perkament” genoem was. Dit is so genoem na die stad Pergamus waar die mening is, dat dit gemaak was. Hiervan lees ons waar die Apostel aan Timotheüs skrywe dat hy die „perkamente” na Rome moes bring (2 Tim. 4: 13). In die vorm van 'n „rol” het die boeke in die dae bestaan vanaf voor 3000 voor Christus, tot op die vierde eeu na Christus, toe boeke min of meer ingebind is soos ons dit vandag het; dit wil sê, vanaf die dae van die Ou Egiptanare, Babiloniërs, Perse, Grieke, Romeine, tot die vierde eeu toe. Hierdie rolle van papirus is in daardie ou dae bewaar in „erdepotte”, „dat hulle baie dae kan bly bestaan” (Jer. 32: 14). Partykeer is dit ook opgerol en regop gesit in 'n vierkante doos, of ingeskuif of ingerol in 'n soort van leersak of leeromslag en op reis gebruik as 'n soort van „reisboek”. Daar is ook skrifverklaarders wat meen dat die Griekse woord wat in 2 Tim. 4: 13 vertaal word „reismantel”,

moet vertaal word „leeromslag” of „leersak”, en dat die vers aangehaal dan moet lees: „as jy kom moet jy die ‚leeromslag’ (leersak) bring wat ek by Karpus in Troas laat bly het, en die boeke, veral die ‚perkamente’”. Dit is moontlik.

DIE TAAL—GRIEKS

Om die taal van die Nuwe Testament te verstaan moet ons eers ’n end teruggaan in die geskiedenis van Israel. Die taal van die Ou Testament is Hebreeus, maar met die ballingskap in Babilon het die Jode onder vreemde nasies verval. Toe het die Hebreeuse taal langsaam verswak en moes dit stadig maar seker padgee vir ’n nuwe taalvorm van die ou Hebreeus. Hierdie taalvorm van die ou Hebreeus, of ons kan dit ook selfs ’n nuwe taal noem, was die Aramese taal. Ons sal sien dat hierdie Aramese taal in Jesus se tyd die spreektaal van Israel was, en nie meer die ou Hebreeus nie. Die ou Hebreeus was toe al ’n dooie taal, en net die geleerde Jode het dit geken. Maar die Nuwe Testament is nie geskrywe in hierdie Aramees nie, maar in ’n ander taal. Naas hierdie Aramees is in die loop van die eeue voor Jesus se koms nog ’n ander nuwe taal gebore. Dit was weer ’n taalvorm van die ou Griekse taal, en hierin is die Nuwe Testament geskrywe. Maar, kan gevra word, hoe het dan hierdie nuwe Griekse taal so ver in die Ooste en in Palestina gekom waar die Nuwe Testament geskrywe is? Dit het gebeur met die aankoms in die Ooste uit Grieks-Masedonië in die verre Weste van die groot wereldveroweraar, Alexander die Grote, meer as 300 jaar voor Christus. Vanaf Alexander die Grote se tyd was daar toe in die Ooste werksaam ’n sterk Griekse invloed. Toe was die Jode al die hele wêreld deur

verstrooi, en hierdie verstrooide Jode en al die ander yerowerde nasies in die Ooste het verkeer onder hierdie Griekse invloed en het selfs hierdie Griekse invloed onder hul eie nasie bevorder.

In Palestina, by voorbeeld, was sekere stede, soos Cesarea, Tiberias en die dorpe van Dekapolis, in Jesus se tyd al baie sterk Grieks. So het die offisiële taal van die Regering en van die handel in die Ooste Grieks geword, en so het die ou Griekse taal in die mond van die volk van Israel en al die nasies in die Ooste 'n langsame verandering ondergaan en het daar in die loop van tyd 'n nuwe Griekse taalvorm ontstaan. Dit word genoem „Hellenistiese Grieks”, of kortweg „Koine”, 'n Griekse woord wat „algemeen” beteken.

Nou het die Heilige Gees dit goedgevind dat Paulus, Johannes en andere wat hierdie nuwe Griekse taal goed geken het, sowel as Aramees, in hierdie nuwe wêreldtaal moes skrywe. Die Aramese taal was slegs beperk tot die Joodse nasie, en God het die Nuwe Testament bedoel vir die hele wêreld en nie net vir Israel nie. Die boodskap van die Evangelie moes 'n wêreldbodskap wees.

Dat daar in elk geval hier en daar in die Nuwe Testament Aramese woorde gebruik is deur die skrywers, is verstaanbaar, soos by voorbeeld die woorde „Abba”, „Maranata”, „Akeldama” en „Raka”.

Volgens Hand. 21: 40, waar die gevangening van Paulus in Jerusalem beskrywe word, is dit duidelik dat die Jode verwag het dat hy as Apostel van die heidene hulle sou toespreek in Grieks, maar toe hy hulle toespreek in Aramees, hul eie huistaal, het dit daartoe bygedra om hulle te kalmear.

Dit is ook verstaanbaar dat daar in die Nuwe Testament voorkom Latynse, Egiptiese, en selfs Persiese

woorde—die woord „Paradys” is ’n Persiese woord—omdat Israel al vir eeue in aanraking was met sulke nasies.

Ons weet ook dat baie van die verstrooide Jode in Noord-Afrika gewoon het. So was daar ’n Joodse kolonie in Alexandrië, ’n Griekse stad gebou deur Alexander. Hier in Alexandrië is tussen die tweede en derde eeu voor Christus die ou Hebreuse Bybel vertaal in die nuwe Griekse taal. Hierdie Griekse vertaling van die Ou Testament was vir die Jode ’n tweede Joodse Bybel, en hulle kon dit beter verstaan en het daar meer gebruik van gemaak as van die ou Hebreuse Ou Testament. Hierdie Griekse Ou Testament het Paulus, Johannes, ens., geken en geleses, en dit het ook daartoe bygedra dat die Nuwe Testament geskrywe is in Grieks. Ons weet ook dat byna al die aanhalings in die Nuwe Testament uit die Ou Testament geneem is uit hierdie Griekse Bybel. So het ons dan die Nuwe Testament in die gewone volkstaal, die Grieks van die eerste eeu. Nou moet ons egter nie dink dat die Nuwe Testament geskrywe is in ’n plat taal nie. Nee, naas die gewone spreektaal was daar ook ’n deftiger skryftaal, en hierin is die Nuwe Testament geskrywe.

DIE TAAL VAN JESUS CHRISTUS.

Die huistaal van die Jode was dan die Aramese taal. So was dit ook die huistaal in daardie huis van Nasaret waar Jesus opgegroei het. So het onse Heiland van kleins af leer praat in Aramees. Ons moet dan aanneem dat Jesus al sy toesprake en preke gelewer het in Aramees, en dat die vier Evangeliste met die opstel van die Evangelies, sy toesprake en preke vertaal het in Grieks. Natuurlik is dit te verwag dat hulle sekere Aramese uitdrukkings, wat Jesus gebruik het, net so

oorgeneem het, en dit geskrywe het in die Evangelies, soos, b.v., „Raka” (Matt. 5: 12) en „Abba” (Markus 14: 36). Op skool het die Saligmaker die ou Hebrees geleer, en Hy kon dit ook lees, soos ons sien waar Hy in die sinagoge te Nasaret die rol van Jesaja geneem en hoofstuk 61 gelees het, en waar Hy aan die kruis in Hebreus uitgeroep het: „Eli, Eli, lama sabagtani?” Dat die Saligmaker Grieks gepraat het is begryplik, en Hy het ook seker met Pilatus Grieks gepraat.


II

NEGE SKRYWERS

DIE EERSTE GESKRIF:

VOOR my op die tafel lê die Nuwe Testament in Afrikaans vertaal. Dit bestaan uit 26 geskrifte. Die skrywers is Mattheus, Markus, Lukas, Johannes, Paulus, Petrus, Jakobus, Judas en die onbekende skrywer van die brief aan die Hebreërs. Die aandagtige Bybelleser sal bemerk het dat ons Afrikaanse vertalers bo-aan die Brief aan die Hebreërs die naam van die Apostel Paulus as skrywer weggelaat het. Dit beteken dat hul dit twyfelagtig beskou wie die skrywer van die brief is. Geen wonder nie, want dit is al ver oor 'n duisend jaar onseker wie dit geskrywe het. Dit beteken dan, dat ten minste nege man die Nuwe Testament geskrywe het soos ons dit vandag het. U sal op die kaart wat hierby verskyn, bemerk dat die skrywe van die Ou Testament oor die duisend jaar geduur het. Nou sal u bemerk op die kaart dat die teboekstelling van die Nuwe Testament ook tyd geëis het, naamlik 'n halwe eeu, vanaf 50 tot 96 na Christus.

VAN WAAR KÖM DIE (AFRIKAANSE) BIJBEL.



DIE HERKOMS VAN DIE BIJBEL

KWARTEEU SONDER NUWE TESTAMENT.

U sal bemerk dat die Nuwe Testament as geskrif begin het omtrent 50 na Christus. Dit beteken dat die Kerk van die Here Jesus vanaf Sy hemelvaart vir byna 'n kwarteeu sonder die Nuwe Testament was. Dit wil sê dat vanaf die stigting van die gemeente op Pinksterdag, die nuwe gemeente tot op die jaar 50 sonder die Nuwe Testament moes klaarkom. Ons sal later verder duidelik maak dat gedurende hierdie eerste tydperk die eerste Christene nie behoefte gehad het aan 'n geskrif oor Jesus se lewe nie, omdat hul die Apostels nog in lewe gehad het. Van die lippe van die Apostels wat Jesus in Sy lewe geken en gesien en gehoor het, het hul gekry die verkondiging van die Evangelie van Jesus se lewe. Die Apostels het ook van die Saligmaker geen bevel gekry om te skrywe nie, maar wel om te preek. „Gaan en verkondig die Evangelie”, en „Julle moet My getuies wees”, was Sy bevel. Om van die lippe van Petrus en Johannes te hoor wat Jesus geleer en gedoen het, en van Sy dood en opstanding, was vir hul genoeg. Ons sien ook dat, toe daar 'n opvolger moes gekies word vir Judas, dit gedoen moes word uit „die manne wat saam met ons omgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in- en uitgegaan het” (Hand. 1: 22). So sien ons dat daar manne en vroue genoeg was om as getuies te vertel van wat hulle gesien en gehoor het aangaande Jesus. Ja, jare later nog, toe Paulus oor die opstanding aan Korinthe geskrywe het, kon hy hom beroep op „oor die vyfhonderd broeders tegelyk, waarvan sommige nog lewe”. En toe hy jare later sy brief aan Efese skrywe, praat hy nog van hierdie verkondiging, van hierdie prediking, as „die swaard van die Heilige Gees, dit is

die Woord van God". Die Grieks vir „woord" hier deur Paulus gebruik, is nie „logos", die geskrewe woord nie, maar „rema", die gesproke, die verkondigde woord. Die behoefte aan die Evangelieverhale op skrif is eers later gevoel, toe die Apostels en ooggetuies deur die dood begin wegval het. So het Petrus nog voor sy dood in sy eerste brief as volg geskrywe: „Ek sal my beywer dat julle ook gedurig na my heengaan hierdie dinge in gedagtenis kan hou."

DIE BEHOEFTE AAN 'N NUWE TESTAMENT.

Was die Kerk en die eerste Christene vir 'n kwarteeu sonder die Nuwe Testament, en het hul kon klaarkom alleen met die Ou Testament wat hul enigste Bybel was, tog kan ons dit goed verstaan dat hul later gevoel het dat dit so nie kon bly nie. Hoe vol en heilig die O.T. wat hul vir die kwarteeu na die hemelvaart gebruik het, ook al was, tog is dit begryplik dat hul op die duur daaraan nie genoeg gehad het nie—en ook nie genoeg kon hê nie. Hul wou Jesus Christus Self ken, vir wie hul „nooit na die vlees gesien het nie". „Hieraan was alles gelegen", merk die Leidse vertaling so tereg aan.

Hoewel hul vir Hom oral in die Ou Testament aangetref het, en hoewel hul besit het die mondelinge vertellings en prediking van die apostels, nogtans spreek dit vanself dat hulle direkte getuienisse op skrif oor Hom nodig gehad het en wou hê. Uit hierdie diepgevoelde behoefte het die eerste Christene uiteindelik die Vier Evangelies gekry.

Verder het dit geen bewys nodig nie dat, hoewel die Vier Evangelies die vernaamste geskryfte is, hul tog ook wou hoor, weet en lees wat Sy vernaamste volgelinge,

die Apostels, geleer en gedoen en ondervind het, en dat hulle dit op skrif wou besit. En so het dan na „die eerste kwarteeu sonder 'n Nuwe Testament,” die Nuwe Testament begin ontstaan.

Dit is in kort die geskiedenis van die ontstaan van die Nuwe Testament.

Maar laat ons dit nou meer in besonderhede behandel.

DIE EERSTE GESKRIF.

Die Nuwe Testament het as geskrif sy ontstaan te danke aan die omstandighede waaronder die eerste Christene gelewe het. Dit het dus nie begin met die vier Evangelie-beskrywings nie. Dit het ons probeer duidelik maak op die kaart. Die briewe van die Apostels is eers geskrywe, en dit het begin met Paulus se eerste Brief aan die Thessalonicense wat ons in die allervroegste kan sit in die jaar 50 na Christus. Die briewe van die Apostel Paulus en andere het onder die omstandighede noodsaaklik geword om belangrike vraagstukke te behandel wat ontstaan het in die nuwe gemeente. Ons noem by voorbeeld die besnydenis van die heidene in Handeling 15 genoem, en die koms van die Here Jesus, genoem in sy briewe aan die Thessalonicense, en ketterse leringe wat van die kant van die Jodendom ingedring het in die gemeentes. Kortom, ons kan sê dat die geskifte waaraan die eerste behoefte gevoel is, oor leerstellige kwessies gegaan het, en so vind ons dat Paulus se briewe die eerste geskifte uitmaak van die Nuwe Testament. Hulle was almal kant en klaar geskrywe en gelees in die gesamentlike byeenkomste van die Christene, voordat die eerste Evangelie-beskrywing verskyn het, naamlik dié van Markus. Dit probeer ons duidelik maak op die kaart. Sover ons kan oordeel het Paulus en Petrus nooit

een gesien of gelees van ons vier Evangelie-beskrywings nie. Ons sien in hulle briewe nie die minste melding van 'n Evangelie-beskrywing nie.

DIE PLEK VAN DIE EVANGELIES.

Hoewel die Evangelies nie die eerste geskifte is van die Nuwe Testament nie, tog vind ons in al die registers van die Nuwe Testament die vier Evangelies bo-aan die lys van die boeke, en dan kom die ander boeke daarna. So moet dit ook wees. Dit is ook met opset gedoen om ons Bybels so te druk met eers die Evangelies vooraan. Dit om meer as een rede: (a) omdat die hele Ou Testament heenwys na en uitloop op die koms van Jesus Christus; (b) omdat ons van vandag nie van die lippe van die Apostels van Jesus omtrent Sy lewe en dood kan hoor nie; (c) omdat die hele Nuwe Testament uitgaan van Jesus Christus; (d) omdat die fondament van ons geloof en van die onderwerpe wat behandel word in die sendbriewe, Jesus Christus is; (e) omdat die Christendom nie in die eerste plek gegrond is op 'n leer nie, maar op die historiese feit van die lewe en dood van Jesus Christus; (f) omdat nie Paulus nie, maar Jesus Christus die Stigter van die Christendom is; (g) omdat al die briewe en die orige deelvan die Nuwe Testament van die onderstelling uitgaan, dat die Christene die lewe en sterwe van Jesus Christus ken. Daarom beskrywe ons nou eerste die ontstaan van die Evangelies.

III

DIE ONTSTAAN VAN DIE EVANGELIEBOEKE

BOUSTOWWE

Waar kom die vier Evangeliebeskrywings vandaan? Hoe het Mattheus, Markus, Lukas en Johannes daartoe gekom om hul geskrifte op te stel? As ons weet dat daar meer as 'n kwarteeu verloop het tussen die hemelvaart van Jesus en die verskyning van die eerste Evangelie, nl. dié van Markus, en meer as 'n halwe eeu voordat Johannes die laaste geskrywe het; as ons weet wat alles deur Gods Gees gedoen was ter voorbereiding van die boustof eer ons vier Evangelies verskyn het, soos ons hul vandag het, dan sal ons hul meer waardeer. Hierdie „Boustof” waaruit die vier Evangelies gebore is, het bestaan uit die volgende:—

(a) *Die Mondelinge Evangelie.* Op die kaart van die vorige hoofstuk, waarna ons die leser dikwels sal verwys, sal u sien die aantekening: „Mondelinge Evangelie” tussen Jesus se koms en die begin van die Nuwe Testament. Ons moet nou eers goed verstaan wat daar bedoel word onder hierdie „mondelinge Evangelie”. Reeds in die vorige hoofstuk het ons probeer aantoon dat die eerste Christene die verhaal van Jesus se lewe en sterwe gehoor het van die lippe van die Apostels en die Christene wat die voorreg gehad het om Jesus te sien en te hoor, toe Hy nog op die aarde was. Slegs hulle kon vertel, soos Johannes later aan die end van die Nuwe Testament geskrywe het, „wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het, getuig en verkondig ons,” naamlik van Jesus Christus (1 Joh. 1: 1, 2).

Hierdie Christelike gemeente van die eerste eeu het weekliks bymekaar gekom op die Sabbatdag, en later ook op „die dag van die Here”, dit is op die eerste dag van die week, vir hul gewone godsdiensoefening. Ons kan ook goed verstaan dat hierdie godsdiensoefening hoofsaaklik bestaan het uit die aanhoor en luister na wat die Apostels vertel het as „getuies,” ooggetuies van Jesus. Wat ’n groot dag was dit nie vir hulle, wanneer een van die Apostels hul dorp of stad ’n besoek gebring het nie! Wat ’n groot dag was dit nie vir die stad Joppe, toe hul hoor dat die Apostel Petrus daar was en hulle vir hom kon gaan hoor vertel van Jesus nie! Om vir Petrus self te hoor vertel van sy verloëning van sy Saligmaker! (Hand. 9: 32). Wat ’n groot dag was dit nie vir Samaria toe Filippus hul besoek het, en nog meer, toe Petrus en Johannes hul ook later kom besoek het nie! (Hand. 8).

Eusebius, die geskiedskrywer van die eerste eeue, het ’n hoofstuk oor „de prediking van den Apostel Petrus te Rome”. Hy vertel hoe dat God „nog tijdens de Regeering van Claudius, den kloeke en groote der Apostelen, namelijk Petrus, voerde naar Rome, en deze bracht, als een echte veldheer Gods, hooggeschatte waar van het geestelijk licht uit het Oosten aan de Westerlingen”. Verder vertel Eusebius ons dat Petrus ook Babilon besoek het en die Evangelie daar verkondig het. Ons weet ook dat Johannes vir Efese besoek het en daar jare lank predikant was. Wat ’n groot dag was dit nie vir Rome, vir Babilon en vir Efese om vir Petrus en Johannes te gaan hoor preek nie! Niemand sou daardie dag wegbly nie. Dan weer was daar elke jaar op honderde plekke, voorbereidingsklasse om jong Christene of nuwe belyers hul

belydenis te help aflê en hul die doop te bedien. Wat 'n groot dag was dit dan nie as vir so 'n geleentheid van die Apostels opgekom het, om hul te hoor vertel van wat hul self van Jesus gesien het nie! Onvergeetlik moes die oomblik vir die kamerling gewees het om vir Filippus te hoor vertel. Onvergeetlik was die oomblik vir Saulus om op Damaskus vir Ananias te hoor vertel van Jesus Christus. Uit hierdie vertellings aangaande Jesus het feitlik die hele prediking bestaan in daardie ou dae. Hierdie verhale wat deur die Apostels gedurende meer as 'n kwarteeu oor en oor vertel was en diep in die geheues van die mense ingesink het, het later vaste vorm begin kry. So het daar ontstaan wat gewoonlik genoem word „*die Mondelinge Evangelie*”. Hierdie mondelinge Evangelie was dan ook die eerste boustof vir die skrywers soos Markus en Lukas en Mattheus.

(b) *Die Logia*, of „*Gesegdes van Jesus*”. Dit was die tweede „boustof” vir ons vier Evangelies gewees (sien die kaart). Logia is 'n Griekse woord wat beteken „korte uitsprake of gesegdes” van Jesus Christus. Nou weet ons dat Johannes aan die end van sy Evangelie geskrywe het dat „daar nog baie ander dinge is wat Jesus gedoen het” (Joh. 21: 25). Onder hierdie „baie ander dinge” moet ons ook tel dinge wat Jesus gespreek het. Sulke Logia of Gesegdes van die Heiland het diepe indruk gemaak en was deur die Christene in hul harte bewaar geword. Ook was dit in die loop van meer as 'n kwarteeu oor en oor vertel geword. So het Paulus self een hiervan gehoor en dit aangehaal in sy gesprek met die ouderlinge van Efese aan die end van sy lewe, nl. „dit is saliger om te gee as om te ontvang” (Hand. 20: 35).

Baie van hierdie Logia was in die begin nooit op skrif gesit nie, maar ons kan goed verstaan dat in die loop

van die jare meer as een Christen bang was dat dit sou verlore raak en toe 'n stukkie papyrusblaar geneem en daarop een of ander of meer neergeskrywe het. Nou het dit gebeur dat baie van hierdie Logia in die laaste jare in die Ooste opgegrawe is. Die belangrikste van hierdie opgrawings is die welbekende „*Oxyrynthus Papyri Logia*” wat in 1903 in Egipte opgegrawe is en waarvan in hierdie uitgawe 'n afdruk verskyn. Dit bestaan uit vyf gesegdes, naamlik:

Jesus sê: „Laat hom wat soek, nie ophou, voordat hy vind nie, en as hy vind, sal hy verwonder wees; verwonder sal hy die Koninkryk bereik, en as hy die Koninkryk bereik het, sal hy rus!

Jesus sê: „en die Koninkryk van die hemel is binne in julle, en dié wat vir homself ken, sal dit vind.

Stry dan om vir julle self te ken, en julle sal weet dat julle die seuns van die Vader is, en julle sal weet dat julle in die stad Gods is, en julle is die stad.”

Nog ander Logia vind ons vandag in die geskrifte van die skrywers van die eerste eeue, b.v. van Clemens van Rome, Origenes, Ambrosius wat op die manier vir ons bewaar gebly het.

Ons gee hiervan net 'n paar: „Salig is hy wat gee volgens die gebod”, en ook: „Jesus sê aan Sy dissipels: Vra groot dinge, en die kleine sal vir julle bygevoeg word en vra hemelse dinge en die aardse sal vir julle bygevoeg word”.

Baie van hierdie Logia moes verlore geraak het. Dit kan wees dat ons nog eendag in die Ooste sulkes wat tot nogtoe verlore is, sal opgrawe, soos b.v. die versameling wat die evangelis Mattheus in Aramees geskrywe het, en wat gebruik was in die opstel van die



OXYRYNTHUS POPYRI LOGIA

Evangelie van Mattheus, soos ons later sal duidelik maak.

Nou is dit so goed as seker dat die Evangeliste bekend was met hierdie Gesegdes van Jesus.

Ons kan dus kortliks sê dat die boustof vir opstel van die Evangelies was: (a) Die Mondelinge Evangelie; (b) die Logia wat nie opgeskrywe was nie, maar wat geleef het in die geheues van die eerste Christene en van die apostels; (c) die Logia wat later op skrif gestel is.

Dit sal ons verder duidelik maak in die volgende hoofstuk waar ons handel oor die Evangelies self.

IV

DIE EVANGELIEBOEK MARKUS

DIT is nou algemeen bekend en so goed as seker dat die Markus-Evangelie die eerste klaar geskrywe was van die vier Evangelies. Daarom neem ons die Markus-Evangelie eerste in hierdie artikel om te beskrywe hoedat dit ontstaan het. Op die kaart in die tweede hoofstuk sal u sien dat dit verskyn het in omtrent die jaar 65, dus meer as dertig jaar na die hemelvaart van Jesus. Ook sal u sien dat dit verskyn het na die dood van die Apostel Paulus, dus nadat Paulus se briewe almal al klaar geskrywe was. Ook sal u sien—en dit is 'n belangrike feit—dat dit verskyn het na die dood van Petrus.

In die vorige hoofstuk het ons geskrywe oor die Boustof vir die Evangeliebeskrywings, en het ons nadruk gelê op „die Mondelinge Evangelies” wat die skrywers soos Markus geken en gebruik van gemaak het. Die Markus-Evangelie is 'n baie treffende voorbeeld van die waarde van die Mondelinge Evangelie.

Die Mondelinge Evangelie van Petrus.

Dit het so gekom. Solank as wat Petrus geleef het, het hy rondgereis en het hy o.a. Rome en Babilon besoek, en oral het hy vertel wat hy gesien en gehoor het van sy Heiland. Nou is dit 'n bekende feit dat Markus die boesemvriend en reisgenoot van Petrus was en al die jare vir Petrus op sy reise vergesel het en hom hoor vertel het van Jesus. Hierdie vertellings of Mondelinge Evangelie van Petrus het Markus later uit sy hoof geken, en na Petrus se dood wat plaasgevind het tussen die jare 65 en 67, het hy onder ingewing van Gods Gees dit op skrif gesit. Petrus se stem het nou geswyg vir altyd. Wat hy vertel het van Jesus moes nie verlore gaan nie, en hoe eerder dit op skrif kon kom hoe beter. Dit het Markus gevoel. So sien ons Markus in die gees sit met 'n papiusrol van sowat 25 voet voor hom, en hy skrywe neer wat hy geleer het van Petrus. So dikwels ons dan Markus se Evangelie lees, sien ons die prediker en held van Pinksterdag voor ons staan en preek, en hoor ons sy stem. Daarom is dit dat Petrus in die Evangelie van Markus so sterk op die voorgrond tree, wat ons ook goed kan verstaan. Dit is ook moontlik en begryplik dat Markus, toe hy geskrywe het, een en ander self bygevoeg het en Petrus so sterk op die voorgrond gestel het—uit blote dankbaarheid. Al wat hy geweet het van Jesus het hy aan Petrus te danke gehad. Maar Markus het geskrywe onder die ingewing van God, en hy moes trou wees aan die goddelike waarheid. So sien ons, as ons hoofstukke 8: 33; 14: 31, 66-72 lees, dat hy nie vir Petrus gespaar het nie, maar dat hy geskrywe het ook van Petrus se foute. Soos ons vir Petrus ken, kan ons goed verstaan dat hy self in sy prediking vertel het van sy

verloëning van sy Meester. Hy het Jesus Christus gepredik, en nie vir homself nie! Hoe kon Markus ooit dit uitlaat as Petrus dit vertel het, en sekerlik vertel het met trane en met skaamte?

Markus gevra om te skrywe.

Voor my lê die Kerkgeskiedenis van die ou Eusebius. Hy het 'n hoofstuk oor die Evangelie van Markus waarin hy vertel hoe dat Markus daartoe gekom het om sy Evangelie te skrywe: „Zo zeer flikkerde de vlam der vroomheid in de breinen van Petrus' toehoorders op, dat zij niet in staat waren zich tevreden te stellen met eenmaal aanhoren, noch met de ongeschrevene leer der goddelijke verkondiging, maar bij Markus—die een volgeling van Petrus was—met velerlei smekingen aanhielden, dat hij hun schriftelijk een gedenkstuk mocht achterlaten van de door het Woord overgeleverde leer, en niet eerder aflieten, voor zij de man bewogen hadden en daardoor oorzaak geworden waren van het naar Markus genoemde Evangeliegeschrift”.

So is Markus dan gevra om die vertellings van Petrus op skrif te sit.

Die getuienis van Papias.

Verder gee Eusebius nog 'n ander baie interessante mededeling hoe dat Markus sy Evangelie by Petrus gekry het. Hy vertel dat kort na die dood van Johannes daar in die jaar 120 n.C. in Klein-Asië sekere biskop was met die naam van Papias. Hierdie Papias het in sy gemeente ontmoet een van die dogters van Filippus van wie ons lees in Hand. 21: 9. Hulle het vir Paulus en Petrus nog goed geken. Papias het egter nooit vir Petrus geken nie. Maar hy het nog meer vriende gehad as Filippus se

dogters wat vir die Apostels geken en gehoor het. Hiervan was Polycarpus, die martelaar, die vernaamste, en hy was ook 'n leerling van Johannes. Dit is moontlik dat Papias self vir Johannes leer ken het voor die Apostel se dood. Hierdie Papias het vir hom daarop toegelê om aan sy gemeente in sy prediking mee te deel wat mense soos Polycarpus wat die Apostels self hoor preek het, vertel het. Hy het gesê „ dat hij de dingen des geloofs ontvangen heeft van die met hen bekend waren”, en „ ik zal niet aarzelen. . . ook al wat ik ooit van de ouderlingen geleerd en in mijn geheugen geprent heb” aan sy gemeente mee te deel nie. Verder sê Papias: „ Indien er dan soms iemand kwam die de ouderen gevolgd had, deed ik onderzoek naar de woorden der ouderen, wat Andreas of wat Petrus gezegd had”, en dan noem hy nog in hierdie verband die name van Filippus, Thomas, Jakobus, Johannes, Mattheus. Van Markus se Evangelie sê hy: „ ook dit zeide de ouderling: Markus, die de tolk van Petrus was, heeft voor zo ver hij zich herinnerde, nauwkeurig opgeschreven de dingen” wat Petrus vertel het van Jesus. Verder verseker ons Papias dat Markus nie fout gemaak het nie, maar baie moeite gedoen het. „ Zo dat Markus in niets misdeed door zo enige dingen op te schrijven naar hij zich herinnerde. Voor een ding droeg hij zorg, dat hij niets van hetgeen hij hoorde achterwege liet of van iets 'n onjuist beeld gaf”. Dan voeg Eusebius hierby: „ Dit dan verhaalde Papias over Markus”.

V

DIE EVANGELIEBOEK MATTHEUS

JESUS LOGIA

ONS het gesien hoe dat die Evangelie van Markus ons 'n voorbeeld is van die waarde van die „Mondelinge Evangelie” vir die ontstaan van die Evangelies. Nou sal ons sien hoe dat die Evangelie van Mattheus vir ons 'n voorbeeld is van die waarde van die Logia (gesegdes) van Jesus. Reeds vantevore het ons melding gemaak van die Logia deur Mattheus geskrywe. Omtrent die jaar 60 het Mattheus so 'n versameling van Jesus Logia op skrif gestel in die Aramees-Hebreeuse taal. Dit was 'n versameling van gelykenisse, redevoerings en gesegdes van Jesus. Mattheus het dit opgestel, omdat in daardie tyd die Apostels al begin wegsterwe het. Petrus het egter toe nog gelewe, maar is omtrent vyf jaar later gekruisig, en toe het Markus sy Evangelie geskrywe na sy dood. Omtrent daardie tyd het Mattheus sy Logia uit die Aramees-Hebreeus in Grieks vertaal. Hierdie in Grieks vertaalde Logia van Jesus het saam met die Evangelie van Markus gedien as boustof vir die finale redaksie van die 28 hoofstukke van die wonderlike beskrywing van die Evangelie volgens Mattheus wat tussen die jare 70 en 80 verskyn het.

Biskop Papias ken Mattheus se Logia.

In ons hoofstuk oor Markus se Evangelie het ons geles wat Biskop Papias geskrywe het, hoe dat Markus die vertellings van Petrus op versoek teboekgestel het. Nou lees ons ook in Eusebius se kerkgeskiedenis dat Papias iets

geskrywe het oor die Logia van Mattheus in die volgende woorde: „Mattheus skreef in Hebreueusch. . . . de leeringen (Logia) des Heeren, en ieder vertolkte ze zoo goed hij kon”. Hierdie verklaring van Biskop Papias is ons vernaamste bron vir die kennis dat Mattheus 'n versameling van Jesus se Logia geskrywe het in Aramees-Hebreueus, en dat dit later in Grieks vertaal is. Dat dit dus histories waar is, moet ons aanneem.

Ons neem aan dat ons aan die dissipel Mattheus moet dink as die skrywer van die Evangelie na sy naam genoem. So sien ons die ou gewese tollenaar sit en skrywe op 'n groot papiirusrol wat voor hom lê. Voor hom lê ook 'n ander rol wat sy versameling van Jesus se Gesegdes (Logia) bevat wat hy goed 10 jaar tevore geskrywe het, en 5 jaar later in Grieks vertaal het, omdat volgens Papias „ieder dit vertolkte zoo goed hij kon”, en Mattheus wou tog graag dat elke Griekssprekende persoon dit reg moes verstaan.

Verder lê daar nog voor hom die 25-voet-rol van die Evangelie van Markus, en dit is moontlik dat hy nog ander los papiirus-blaaie van losse Gesegdes van Jesus ook voor hom gehad het, en dan nog het hy seker kennis gehad van een of ander Mondelinge Evangelie behalwe sy eie vertellings, want hy het ook self vir baie jare die Evangelie verkondig en vertel. So skrywe hy onder die ingewing Gods die Evangelie van Mattheus. Volgens die wyse waarop hy van die verwoesting van Jerusalem skrywe in 10: 23 en 16: 28 moes hy geskrywe het, óf net voor die verwoesting wat in die jaar 71 plaasgevind het, óf nie lank daarna nie, dus tussen 70 en 80 n.C., want hy veronderstel, óf dat dit nog nie plaasgevind het en die lesers daar niks van weet nie, óf dat dit pas plaasgevind het en die lesers daar nog alles van weet en hy dit dus

nie nodig ag om daarop enige kommentaar te maak nie.

DIE VERLORE SEUN SKRYWE

Mattheus, die tollenaar, vir wie Jesus gekry het op daardie so onvergeetlike dag van sy lewe, was een van die grootste vondse wat Jesus opgedoen het op Sy predikingtoere deur die land. Dit was vir die Jood 'n vreeslike lae daad as 'n mede-Jood vir hom laat gebruik het deur die gehate Romeinse owerheid as tollenaar om sy bestaan te maak deur belastings in te vorder van sy eie verdrukte nasie. Dit het hul beskou as volksverraad, en hul het so een verstoot en verag as 'n Jood wat dood en verlore was, verlore vir sy volk, as 'n Verlore Seun!

So 'n verlore seun van Israel was Mattheus, die tollenaar. Nou is daar skrifverklaarders met wie ons saamgaan, wat meen dat Mattheus, hierdie verlore seun van Israel, vir Jesus die aanleiding gegee het tot die gelykenis van die Verlore Seun. M.a.w. dat Jesus, toe Hy die gelykenis vertel het, aan Mattheus gedink het, en dat Mattheus die verlore seun is van die gelykenis. Geen wonder dat Mattheus jare daarna, toe hy al 'n ou man was, die drang in sy hart gevoel het om uit dankbaarheid aan Jesus en uit liefde vir Israel, die „Ouer Broer”, sy evangelieverhaal op skrif te stel nie. Dit word ook vandag algemeen aangeneem dat Mattheus sy evangelieverhaal geskrywe het *vir Israel*. Hy wou vir die Jood bewys uit die Ou Testament dat Jesus van Nasaret die Beloofde Messias is. Hy wou die „ouer broer” wat hom verag het, nie vergeet of verstoot nie, maar 'n laaste liefdedaad bewys eer hy sterf, en 'n laaste poging aanwend om hom tot bekering tot Christus te bring.

Hy het gehoor hoe Jesus oor Israel die oordeel uitgespreek het dat hul huis woes gelaat sou word. En nou, toe hy skrywe, het Jerusalem al geval en het hy al gesien die begin van Israel se verwerping en die begin van die vervulling van die oordeel oor Israel en Jerusalem. Dat Mattheus vir die Jood sy verhaal geskrywe het, sien ons o.a. duidelik uit die feit dat hy in die geslagsregister van Jesus in hoofstuk 1 Jesus se afkoms na die vlees beskrywe as uit Abraham, die vader van Israel as nasie, en as seun van Dawid. Hy begin sy Evangelie deur die Jood se aandag te trek met die woorde: „ die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham”. Ook sien ons dit uit die feit dat hy, van die vier evangeliste verreweg die meeste aanhalings uit die Ou Testament doen, nie minder as 47 aanhalings nie; asook uit die feit dat hy in hoofstuk 23 die strafrede van Jesus oor die Fariseër opgeneem het. In die Bergrede beskrywe hy ook vir Jesus as die Goddelike Wetgewer bo die orde van Moses. „ Wij kunnen dezen evangelist noemen den Israëliet, die in Jezus de vervulling ziet der Oud-Testamentische verwachting. In 11: 29 ziet het zachtmoedig zijn van Jezus wel terug op Numeri 12: 3, waar van Mozes gezegd wordt, dat hij zachtmoediger was dan alle menschen die op de aarde waren.” (Obbink). Kortom Mattheus wou die Jood, die verwerper van Jesus wat Jesus gekruisig het, oortuig dat Hy die Messias is van die Ou Testament.

Wat 'n monumentale, grootse werk het die veragte Verlore Seun dan nie vir *én* Jood *én* mensdom verrig nie! Wie sou dit ooit kon verwag het van hom! God gebruik die swakkes! Laat ons aan niemand wanhoop as ons aan Mattheus se Evangelie dink nie.

ΜΙΝ ΤὸΝ Αἴθρον ἑκ τῆς
θύρας τοῦ μνημείου
καὶ ἀναβλέψασαι θε-
ροῦσιν ὅτι ἀνακεκύ-
λισται ὄλιθος ἡ γὰρ
μέγαστος φάρα καὶ ἐλ-
θούσαι εἰς τὸ μνημε-
ιον εἶδον νεανίσκον
καθήμενον ἐν τοῖς
δεξιῶσι περιβεβλημέ-
νον στολὴν λευκὴν
καὶ ἐξέθαμβήθησαν
ὁ δὲ λέγει αὐταῖς μὴ
ἐκθαμβεῖσθε ἰνὴ ζητε-
τε τὸν ναζαρηνόν τῃ
ἐσταυρωμένον ἡ γὰρ
φθοῦκ ἐστὶν ὡς εἶπε
ὁ τόπος ὅπου ἐθῆκα
αὐτὸν ἀλλὰ ὑπάγετε
εἰπατε τοῖς μαθηταῖς
αὐτοῦ καὶ τῷ πετρω
ὅτι προἴει ὑμεῖς εἰς
τὴν γαλιλαίαν ἐκεῖ αὐ-
τὸν ὄψεσθε καθὼς εἶ-
πεν ὑμῖν καὶ ἐξελθού-
σαι ἐφύγον ἀπὸ τοῦ
μνημείου εἶχεν γὰρ
αὐτὰς τρομὸς καὶ ἐκ-
στασις καὶ οὐδενίου
δεν εἶπον ἐφοβούν
το γάρ: ॥

90
100
110
120
130
140
150
160
170
180
190
200
210
220
230
240
250
260
270
280
290
300
310
320
330
340
350
360
370
380
390
400
410
420
430
440
450
460
470
480
490
500
510
520
530
540
550
560
570
580
590
600
610
620
630
640
650
660
670
680
690
700
710
720
730
740
750
760
770
780
790
800
810
820
830
840
850
860
870
880
890
900
910
920
930
940
950
960
970
980
990
1000

ΚΑΤΕ

ΔΑΡΚΟΝ ॥

CODEX VATICANUS

'N EVANGELIE BYNA VERLORE

In die stukke oor die Ou Testament het ons gesien dat menige boek wat genoem is in die Ou Testament, verlore geraak het. Ons het ook gesien van die opgraving van een of ander kort versameling van Jesus se Logia. Was dit nie opgegrawe nie, dan was dit verlore, vandag nog. Dit is so goed as seker dat menige geskrif van Jesus se Logia (gesegdes) verlore geraak is. Wat 'n verlies!

Nou wil ons aantoon dat dieselfde lot byna die Evangelie van Markus getref het, en dat die Kerk van Christus byna sonder hierdie Evangelie was.

Dog die Heer het dit verhoed. Maar dit is so goed as seker, volgens die oudste handskrifte of afskrifte van die Bybelboeke, dat na vers 8 van die laaste hoofstuk van Markus, nl. hoofstuk 16, die slot van Markus verlore geraak het.

Die oudste handskrifte van die Evangelie van Markus eindig almal met vers 8 en het nie die deel 9-20 nie. As die leser aandagtig let op die afdruk uit die oudste handskrif, naamlik die Codex Vaticanus, sal u sien dat aan die slot iets gebeur het met die geskrif van Markus. Die laaste Griekse woord wat u daar sien, is die woord „ephobounto gar”, wat in ons Afrikaanse Bybel vertaal is, „want hulle was bang” (vers 8).

Die papyrusblaaie waarop die boeke geskrywe was, was nie sterk nie. As dit droog word, kan maklik 'n deel afbreek. Word dit nat dan kan dit ook vergaan. Daarmee moes die ou Kerk baie versigtig te werk gaan, anders kon 'n stuk uitbreek of vergaan.

Maar dit kom ons voor asof die ou Kerk ondanks haar versigtigheid tog daar 'n stuk tussen die woord

„ bang” en die slot „ Kata Markon” (volgens Markus), verlore laat gaan het.

Dit was ’n stukkie omtrent ’n halwe tot een voet lank, en daarop kon Markus nog heelwat geskrywe het.

Of daardie stuk wat verlore geraak het, ooit weer gekry is, weet ons nie. Omtrent sekerlik nooit. Dit is vir goed verlore. Dieselfde lot kon die hele geskrif getref het, maar die Heer het dit verhoed. Wie die slot wat nou in ons Bybel verskyn (verse 9-20), geskrywe het, weet ons nie. Of Markus dit self geskrywe het, weet ons ook nie. Dit is baie onwaarskynlik. Dan sou die oudste handskrifte dit nie uitgelaat het nie. Nou is daar in 1891 ontdek ’n Aramese handskrif wat bo die slot 9-20 die opskrif het, „ van die presbiter Ariston”.

Nou tref dit so dat Papias hierbo vermeld, juis van sekere „ Aristion” melding maak as een van die leerlinge van Jesus. Moontlik is Papias se „ Aristion” dieselfde as die Ariston van die Aramese handskrif.

Moontlik kon hierdie Aristion, een van de leerlinge van Jesus, dan die slot in ons Bybel van die Evangelie van Markus geskrywe het. As die stuk dan nie van Markus was nie, maar wel van Aristion, dan het dit die Heer behaag om Aristion na die dood van Markus te gebruik, en raak dit die inspirasie daarvan en die geloofwaardigheid nie aan nie. Ook kan ons sê dat, as die Heer Aristion gebruik het om verse 9-20 te skrywe, dit in hoofsaak kan teruggee wat Markus geskrywe het. Aristion het tog sekerlik gelees die deel wat Markus geskrywe het en wat verlore geraak het. In elk geval het hy, as een van die 70 leerlinge van Jesus, geweet van die verskyning van Jesus na Sy opstanding wat in verse 9-20 beskrywe word.

VI

DIE GESKRIFTE VAN LUKAS

DIE skrywers van die Nuwe Testament was almal Jode, behalwe Lukas. Hy was 'n Griek en het dus die voordeel gehad bo die ander skrywers van die Nuwe Testament dat hy in sy eie taal sy Bybelse boeke kon skrywe. Verder het hy nog 'n ander voordeel bo Mattheus en Markus en die andere gehad, behalwe Paulus, naamlik dat hy 'n geleerde was. Volgens wat Paulus van hom skrywe in Kol. 4: 14 was hy 'n geneesheer, want Paulus skrywe van hom as „ die geneesheer Lukas, die geliefde”. Uit die verband van wat Paulus verder skrywe in Kol. 4: 10-14, moet ons leer dat hy nie 'n Israeliet was nie, maar 'n Griek. Dit word ook vandag onder die Skrifverklaarders algemeen aangeneem dat die boeke van die Nuwe Testament wat van sy pen kom, geskrywe is in die beste en mooiste Grieks. Hierdie boeke is die Evangelie van Lukas en die boek Handeling. Net 'n paar woorde oor die ontstaan van elk van hierdie twee boeke.

DIE EVANGELIE VAN LUKAS

Die aandagtige leser sal onthou dat ons aangetoon het dat Markus en Mattheus as skrywers die gebruik gehad het van die „ Mondelinge Evangelie” wat bestaan het uit die verhale van mense wat Jesus geken het, en van die „ Logia” of „ Gesegdes” van Jesus, waarvan sommige as 'n versameling op skrif gestel was en sommige as los gesegdes op kort „ papyrus”-blare geskrywe, en vele selfs nooit op skrif was nie, maar geleef het in die geheue van die Christene.

Nou wil ons hier probeer duidelik maak dat Lukas,

toe hy sy Evangelie geskrywe het, gebruik gemaak het van die kort Evangelie van Markus wat seker voor hom gelê het op sy skryftafel, en sekerlik ten minste ook van die „Logia” wat Mattheus in Aramees-Hebreeus geskrywe het. Dit sal elkeen goed verstaan as ons weet dat Lukas sy Evangelieverhaal op skrif gesit het sowat tussen die jare 80 en 90 n.Ch., d.i. enige jare nadat Markus en Mattheus geskrywe het. Maar hy moes nog meer geskifte gehad het om te raadpleeg as die van Markus en Mattheus, as ons lees wat hy self skrywe in Lukas 1: 1, 2. Daar lees ons dat hy skrywe (vers 1), „aangesien baie onderneem het om ’n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is”, en vers 2, „soos hulle wat van die begin af ooggetuie en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het”. Hier spreek hy duidelik van „baie” wat „onderneem het om ’n verhaal” te skrywe, en ook wat „ooggetuie en dienaars van die Woord van die begin af was”, en dit alles „oorgelewer het”. Seker het hy dus meer bronne gehad om te raadpleeg as Markus en Mattheus.

As ons sy Evangelie lees, sal ons sien dat sy groot bydrae tot die Evangelieverhale die aantal pragtige gelykenisse is wat ons nie kry in Markus en Mattheus se Evangelies nie. Soos b.v. die van de Barmhartige Samaritaan (C 10), die Onbeskaamde Vriend (C 11), die Ryke Dwaas (C 12), die van die Verlore Skaap, Penning en Seun (C 15), die Ryke Man en Lasarus (C 16), en nog ’n paar ander. Waar het hy dit vandaan gekry?

Hy was ’n seun van Antiochië en het as jongman daar tot bekering gekom in die jaar 40, in die herlewing wat daar in Antiochië plaasgevind het waarvan ons lees in Hand. 11: 19, en waarvan ons ook lees dat „die

dissipels vir die eerste maal in Antiochië Christene genoem" is (Hand. 11: 26). Hy was een van hierdie bekeerlinge. Hy het dus vir Jesus nooit persoonlik geken en gehoor nie. Hy moes dus baie gehoor het van Jesus van die Christene wat hom tot bekering gebring het, en van wie ons lees in Hand. 11:19 „ wat verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stefanus ontstaan het" en wat uit Jerusalem gevlug het tot by Antiochië. Dit is dus moontlik dat hy hierdie gelykenisse en nog meer gekry het van hierdie Christene, of selfs uit ander geskrifte oor Jesus.

Ons weet nou dat, toe die Apostels en die ou geslag wat vir Jesus gehoor het, nog gelewe het, die Kerk tevrede was met hul „mondellinge Evangelie", maar namate die Apostels en oumense uitgesterwe het, na die mate het hul begin opskrywe wat vertel was oor Jesus. Nou sien ons dat toe Lukas sy Evangelie skrywe, dit al in die jare 80 tot 90 was. Toe was al die dissipels al dood, behalwe net Johannes wat toe op Patmos was, dus kan ons goed verstaan dat Lukas hier in sy eerste vers kan skrywe van „baie" wat dinge opgeteken het. Dit alles het hy voor hom gehad. So het dan, in kort, die Evangelie deur Lukas geskrywe sy ontstaan gehad.

VIR WIE WAS DIT BEDOEL?

Hierdie vraag moet nou net kortliks behandel word. Ons het gesien in die geval van Mattheus se Evangelie dat dit bedoel was vir die Jood, om die Jood uit die Ou Testament te bewys dat die Christus die beloofde Messias is. Nou sal ons sien dat Lukas sy Evangelie in die eerste plek bedoel het vir 'n persoon, nl. Theofilus. Van hom lees ons in hoofstuk 1: 3, waar Lukas skrywe: „ Ek het ook goedgedink, hooggeagte Theofilus, nadat

ek van vooraf alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe, sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is". Hierdie Theofilus was 'n heidense edelman wat ons sou noem: „U Eksellensie". Moontlik was hy 'n Griek. Hy was dus 'n man van hoë posisie en van groot invloed. Verder het hy belang gestel in en ondersoek ingestel aangaande Jesus Christus en die Christendom. Dit leer ons uit die woorde „waaromtrent u onderrig is". Hy was 'n heiden wat gesoek het na lig. Ons het gesien dat Markus volgens Papias, deur die Christene gevra was om sy Evangelie te skrywe. Nou is dit baie waarskynlik dat Theofilus vir Lukas versoek het om sy Evangelieboek op te stel, en dat hy homself verantwoordelik gehou het vir die onkoste en die verspreiding daarvan.

Lukas het dus sy boek bedoel vir Theofilus om hom tot die geloof in Christus te bring en te leer belangstel in die Christendom. Maar ons kan ook goed verstaan dat Lukas onder Gods leiding verder gesien het as net een persoon, en dat hy nie alleen vir Theofilus op die oog gehad het nie, maar die hele heidendom, Romein sowel as Griek. Hy wou Romein en Griek bewys dat Jesus die Saligmaker is van die mensdom. Hierdie universele strekking sien ons dwarsdeur die Evangelieboek. By voorbeeld sien ons dat Lukas alleen (van die vier Evangelies) vertel dat een van die moordenaars van die kruis begenadig is; dat hy alleen vertel dat Jesus 'n Samaritaan genees het wat alleen dankbaarheid kom bewys het; dat hy alleen die gelykenis beskrywe van die Verlore Seun. So skilder hy vir Jesus as die Heiland van die wêreld.

DIE BOEK HANDELINGE.

Dit is ook van die hand van Lukas. Hy het dit geskrywe na sy Evangelie. Dit leer ons uit Hand. 1:1, waar hy verwys na die Evangelie as „ die eerste verhaal”.

Die titel, „ Die Handeling van die Apostels”, kom nie van Lukas self nie, maar dateer uit die 2de eeu. Dit kan ook nie gesê word, dat die titel korrek teruggee wat die inhoud van die boek is nie. Beter sou dit gewees het om dit te noem: „ Die Handeling van die Verheerlikte Jesus”. Dit toon Lukas self vir ons aan in die eerste vers, waar hy spreek van „ alles wat Jesus begin het om te doen en te leer”. Wat Hy „ begin het”, sit Hy nou voort vanuit die hemel vanaf die regterhand van die Vader, en dit beskrywe Lukas nou in hierdie boek Handeling. Dwarsdeur die boek beskrywe Lukas dan vir ons dat Jesus, hoewel in die hemel, nog op aarde is en aktief optree deur Sy Gees en Sy Kerk; dat die wêreld en Sy Kerk met Hom as die lewende en aktiewe Saligmaker moet rekening hou; dat Hy, hoewel onsigbaar, nog op aarde aktief optree en ingryp in die geskiedenis. Hoewel vir ons onsigbaar, is Hy nog die grootste Figuur in die wêreld-drama. Dit is vir ons die groot boodskap, die groot bydrae van die Boek Handeling as 'n geskiedenis-boek in die N.T.

So sien ons in Hand. 1: 21 dat dit Jesus is wat vir Matthias aanwys as opvolger van Judas. Dit is Hy wat die kreupelgebore man van hoofstuk 3 genees het. Hy staan op aan die regterhand as Stefanus die martelaarsdood sterf. Hy keer die moordplan van Saulus van uit die hemel, spreek Saulus toe, beskerm Sy gemeente

op Damaskus, en red Paulus en maak van hom 'n ander mens. Hy besoek vir Paulus in die tronk van Jerusalem en spreek hom moed in (C 23: 11).

BRONNE.

Lukas moes in die opstel van hierdie boek ook Bronne geraadpleeg het. So het hy sekerlik gehoor van die gebeurtenisse in en om Palestina van manne soos Barnabas, Petrus en ander. Verder is dit duidelik dat hy, vandat hy Paulus ontmoet het en met hom saam gereis het, selfs aantekeninge, 'n reisjoernaal, gemaak het wat hy later verwerk het.

Dat hy, as geneesheer, die skrywer is, kan ook gesien word uit die feit dat die boek vol is van mediese terme, so ook sy Evangelie. Waar hy gebly het toe hy dit opgestel het, kan nie bepaal word nie. Plekke soos Rome, Efese en ander word genoem.

'N DERDE BOEK?

Die aandagtige leser het seker al bemerk dat die boek Handelingte baie kort afsluit. Dit vertel ons net dat Paulus in Rome aangekom het.

Verder niks. Van sy ontslag uit die tronk, van sy tweede gevangenskap in Rome, sy marteldood, en van die reise en die dood van Petrus en van die werk van Johannes jarelank in Efese, en van sy gevangenskap op Patmos, vertel hy niks nie. Geen wonder dat daar 'n beskouing is dat Lukas bedoel het om later 'n derde boek te skrywe nie. Of hy dit ooit geskrywe het, weet ons nie. In elk geval, as hy dit geskrywe het, dan is dit verlore geraak—wat 'n verlies dan! Het hy nooit sover gekom nie—moontlik was hy deur die dood verhinder—weer kan ons sê, wat 'n verlies dan!

VII

DIE BRIEWE VAN DIE NUWE TESTAMENT

HIER moet ons nou kort en beknopt wees en die artikels oor die ontstaan van die Bybelboeke self afsluit om in 'n paar volgende artikels te handel oor die belangrike vraag, hoe die Bybelboeke na ons afgekom het in die loop van die eeue deur middel o.a. van Bybelvertalings.

DIE APOSTEL PAULUS.

Handel ons oor die briewe van die Nuwe Testament, dan dink ons natuurlik allereers aan die van Paulus, en wel om meer as een rede. Om te begin, Paulus het verweg die meeste van die briewe geskrywe, en nog meer, sy brieue was die eerste om te verskyn. Feitlik was hulle almal kant en klaar geskrywe, soos reeds aangetoon, voordat een van die ander skrywers, soos Petrus, hul brieue geskrywe het. Ons kan ook nog verder gaan en sê dat Paulus se geskifte die eerste boeke van die Nuwe Testament was. Hul was nie alleen klaar voor die ander Apostels se briewe nie, maar ook voor die Evangelie van Markus wat die eerste Evangelie was. „Onze vaders gaven dus blijk van een zuiver historisch besef, toen zij in het desbetreffende Formulier de Pericoop over de instelling van het H. Avondmaal niet aan een der evangelieën, maar aan 1 Cor. 11 ontleenden, want dit bericht is het oudste”. Op die kaart wat verskyn het in hoofstuk II, het ons probeer aantoon dat die N.T. begin het met die eerste brief aan die Thessalonicense omtrent die jaar 50, dit is 15 jaar voor die Evangelie van Markus en 40 jaar voor die Evangelie van Johannes. Daar moet egter bygevoeg word dat sommige skrifverklaarders meen dat 1 Thess.

nie die eerste brief van Paulus en dus nie die eerste Bybelboek van die Nuwe Testament is nie, maar wel die brief aan Galate. Wat algemeen aangeneem word is dat Paulus die brief aan die Thess. geskrywe het aan die end van sy tweede sendingreis, en wel in Korinthe waar hy twee jaar deurgebring het (van 50 tot 52). Hiervan lees ons in Hand. 18 waar ons vertel word in vers 3 dat hy gebly het by Aquilla en Priscilla wat tentemakers van beroep was, „en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk”. Ons sien ook in die gees Paulus sit in die huis van Aquilla en Priscilla, en hy „werk” aan ’n tent en dikteer intussen sy brief aan Silvanus of Timotheus van wie ons lees in die eerste vers van sy brief. Maar nou word ook beweer, ’n beskouing wat ons egter nie aanneem nie, dat Paulus enige maande tevore in Korinthe die brief aan Galate geskrywe het. Sommige sit die Galate-brief selfs nog vroeër in die tweede sendingreis, en meen dat hy dit geskrywe het in Troas, voordat hy die gesig van die Macedoniese man gesien het. Dan is daar ook die teorie, dat die Galate-brief selfs nog vroeër geskrywe is, naamlik gedurende die twee jaar wat verloop het tussen sy eerste en tweede sendingreis, en wel op sy reis na die Sinode van Jerusalem (Hand. 15). Dit is bekend dat Paulus op sy eerste sendingreis die gemeentes van Galasië besoek het, b.v. Antiochië, Listre en Derbe, en die mening is dat hy kort daarop slegte nuus gekry het, naamlik dat enige Joodse dwaalleraars (’n soort van Sabbatariërs) daar verskyn het om die jonge Christene te verlei, en dat Paulus inderhaas hierop geantwoord het in sy brief aan die Galate.

Dit is dan duidelik dat die volgorde van Paulus se briewe in ons Bybels niks te doen het met die datums

van verskyning of met hul belangrikheid nie. Dis moontlik dat hul volgorde in die Nuwe Testament geskik is volgens hulle lengte. So staan die brief aan die Romeine eerste met sy 16 hoofstukke, daarna kom 1 Kor. met 16 hoofstukke, 2 Kor. met 12, ens. Dit kan ook wees dat die volgorde in ons Bybels te doen het met die belangrikheid van die stede van Rome en Korinthe as wêreldsentra.

Ons kan Paulus se briewe dus so indeel:—

- (a) Gedurende sy eerste sendingreis het nie een verskyn nie.
- (b) Gedurende die twee jaar tussen sy eerste en tweede sendingreis ook geeneen nie.
- (c) Gedurende sy tweede sendingreis het hy in Korinthe geskrywe, eers die briewe aan die Thessalonicense, en daarna aan die Galate.
- (d) Gedurende sy derde sendingreis, toe hy sowat twee jaar in Efese gewerk het, het verskyn sy twee briewe aan die Korinthiërs.

Nadat hy hier in Efese sowat twee jaar gebly het, moes hy van hier vlug, en is hy oor Troas na Macedonië en Griekeland. Nou lees ons in Hand. 20: 2: „Hy het daardie streke (Macedonië) deurgegaan en in Griekeland gekom, en daar het hy drie maande gebly”. Gedurende hierdie drie maande het hy gebly in Korinthe, en hier in Korinthe het hy geskrywe sy magistrale brief aan die Romeine, dit is sowat in die jaar 54. Dit blyk uit Romeine 16: 1, waar hy aan die gemeente vir Febe van Kenchreë aanbeveel. Kenchreë was 'n voorstad van Korinthe. Dit blyk ook uit vers 22 van Rom. 16 dat hy sy brief gedikteer het aan Tertius. Ons weet ook dat

Paulus later uit Korinthe vertrek het aan die end van sy derde reis om in Jerusalem die Paasfees van die jaar 55 te gaan bywoon, waar hy toe gearresteer is. Nou lees ons in Rom. 15 vanaf vers 19 dat hy op die punt staan om na Jerusalem te vertrek. „Voor zijn besef had hij in het Oosten (nl. Korinthe en ander plekke) zijn taak volbracht, hij wil nu over Rome naar Spanje reizen”. So skrywe hy in Rom. 15: 23, 24: „Nou dat ek geen plek meer het in hierdie streke nie en al baie jare die begeerte het om na julle (nl. na Rome) te kom, sal ek na julle (nl. in Rome) kom wanneer ek na Spanje reis, want ek hoop om op my deurreis julle te sien”. Om sy koms na Rome aan te kondig en voor te berei, het hy toe geskrywe sy brief aan die Romeine. Ons weet nou dat hy wel in Rome aangekom het, maar as ’n prisonier.

- (e) Gedurende sy eerste gevangenskap te Rome wat twee jaar geduur het, het hy geskrywe sy gevangenis-briewe, nl. Filippense, Kolossense, Filemon en Efesiërs.

Daarom het hy geskrywe in Fil. 1: 13: „Sodat my boeie openbaar geword het onder die gehele keiserlike lyfwag”. So ook praat hy in Kol. 4: 10 van „Aristargus, my mede-gevangene” en in Efes. 6: 20 noem hy homself „’n gesant in ’n ketting”, en in Efes. 4: 1 roep hy uit: „Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here”.

Ons moet die beskouing van die jongste tyd noem, wat ons egter nie aanneem nie, dat hierdie gevangenis-briewe geskrywe is uit die gevangenis te Efese gedurende sy tweejarige verblyf op sy tweede sendingreis. Hulle beweer dat Paulus in Efese in hierdie tyd in die tronk was, want hy vertel in 2 Kor. 11: 23 dat hy dikwels in

die tronk was. Die vernaamste rede om sy briewe te plaas in die tronk van Efese is omdat, te oordeel na Fil. 2: 25-30, Paulus uit die tronk uit vir Epafroditus na die gemeente van Filippi gestuur het, en hiervoor was Rome te ver van Filippi af.

- (f) Dis bekend dat Paulus na twee jaar weer uit die gevangenis te Rome vrygelaat is, en dat hy later vir die tweede maal in Rome in die tronk gekom het, toe hy ook die marteldood gesterf het, sowat in die jaar 66, en op die pad na Ostia begrawe is. Hier het hy toe kort voor sy dood sy briewe aan Titus en Timotheus geskrywe.

Aandoenlik is dan ook sy sug terwyl hy skrywe: „Ek word alreeds soos 'n dankoffer uitgegiet en die tyd van my heengaan is naby”, en tog roep hy triomferend uit: „Ek het die goeie stryd gestry” (2 Tim. 4: 6 en 7).

VERLORE BRIEWE.

So bevat die Nuwe Testament dan dertien briewe van Paulus. Dat hy meer as hierdie dertien geskrywe het is seker. Dit lei ons af uit tekste soos 2 Kor. 11: 28, waar hy skrywe van „my daaglikse drukte, die sorg van al die gemeentes”. Dis moontlik dat hy aan elke gemeente 'n brief geskrywe het. Ook lei ons af uit ander aanmerkings wat hy gemaak het, dat van sy briewe verlore geraak het. So lees ons in 1 Kor. 5: 11: „Nou skryf ek aan julle”, dit is, hierdie eerste brief aan die Korinthiërs; maar in vers 9 verwys hy na 'n brief voor hierdie 1 Kor.: „Ek het julle in my brief geskrywe.” Hierdie een wat hy noem „my brief”, is verlore geraak. Dit lei ons ook af uit 2 Kor. 2: 9 en 2 Kor. 7: 8, 9. Nog duideliker lees ons in Kol. 4: 16 dat hy praat van „Die brief uit Lao-

decea". Daar het dus briewe van Paulus vir die Kerk verlore gegaan.

HEBREËRS.

Die aandagtige leser sal reeds bemerk het dat ons Afrikaanse vertalers die naam van Paulus weggelaat het bo-aan die brief aan die Hebreërs. Tereg ook, want Paulus se naam kom nie voor in die Grieks nie. Dit beteken dan dat ons vertalers dit twyfelagtig beskou dat die Hebreërbrief van Paulus is. Feitlik, in die ou Christelike tye het die Kerk gemeen dat Barnabas die skrywer was. Dis ook bekend dat Origenes al in die derde eeu uitgeroep het: „Wie die brief aan die Hebreërs geskrywe het weet God alleen". Kalvyn en Luther het ook gemeen dat dit nie Paulus was nie.

PETRUS.

Toe Petrus sy twee briewe geskrywe het, was Paulus waarskynlik al dood. Moontlik het Petrus ook verskeie van Paulus se briewe gelees, wie weet almal. So skrywe hy in 2 Petr. 3: 15: „Soos ons geliefde broeder Paulus geskrywe het, net soos in al die briewe". Uit 1 Petr. 5: 12 sien ons dat Silvanus Petrus se sekretaris was. Miskien is dit die rede waarom die Grieks van Petrus se briewe so goed is, wat 'n mens nie sou verwag het van 'n ongeleerde visser soos Petrus was nie. Toe hy die brief geskrywe het, was sy geesteskind Markus by hom. Ons het gesien dat Markus in sy Evangelie beskrywe het Petrus se mondelinge Evangelie. Hy het ook sy brief gedikteer in Rome aan Silvanus. Hy noem Rome hier Babilon. Dat hy geskrywe het kort voor sy dood, lees ons uit 2 Petr. 1: 14, waar hy sê: „Ek weet dat die aflegging van my tentwoning op hande is, soos

onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het". So troos hy die „verstrooide" heidense Christene van Klein-Asië met die „lewende hoop" (1 Petr. 1: 1, 3). Volgens die legende is hy gekruisig, volgens sy eie versoek met sy hoof na onder.

Toe die Jode van Nasaret van Mark. 6: 3 spottend van Jesus gesê het: „Is hy nie die timmerman en die broer van Jakobus en Judas nie?" het hulle nooit gedroom dat Judas en Jakobus nog eendag die Bybel sou verryk met elkeen 'n brief te skryf nie. Hierdie twee briewe is geskrywe omtrent dieselfde tyd toe Petrus sy briewe geskrywe het, sowat 66 n.C.

VIII

JOHANNES SLUIT DIE BYBEL AF

DIT het die Heilige Gees behaag om Johannes te laat wag totdat Paulus en die ander skrywers van die Nuwe Testament klaar geskrywe het en al lank dood was, eerdad hy die pen opgevat het om te skrywe. Van sy hand het ons dan die welbekende Bybelboeke aan hom toegeken. Toe hy begin skrywe, was hy 'n ou man, ruim 90 jaar oud. Sy Evangelie het hy geskrywe omtrent die jaar 90 in Efese, waar hy baie jare die leraar was. Vir sowat 60 jaar na Jesus se opstanding het Johannes die Evangelie verkondig. Vir sowat 60 jaar het hy tyd gehad om te dink en te peins en te bid oor die Wonderpersoon, Jesus Christus, en Sy Goddelike woorde en werke. Hy het alles gelees wat Markus, Mattheus en Lukas van Jesus geskrywe het. Veral het hy gesien dat hul aldrie nadruk gelê het op die waaragtige mensheid van Jesus. Nou vat hy die pen op met

'n ander doel en skrywe hy sy Evangelie met hierdie doel nl. om nadruk te lê op die waaragtige Godheid van Jesus. Om sy eie woorde aan te haal: „Hierdie is beskrywe dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God” (Joh. 20: 31). Van hom het ons dan ook die verhale van Nikodemus, die Samaritaanse vrou, opwekking van Lasarus, die gelykenisse van die Goeie Herder, die Ware Wingerdstok en die Groot Gebed van Jesus die laaste aand. So het hy die drie ander Evangelies aangevul. Dit het hom jare geneem van nadenking en van skrywe.

'n Ou legende vertel dat Prochorus sy sekretaris was, en dit word in sommige van die oudste geskryfte voorgestel in 'n tekening wat voorstel dat Johannes as 'n ou man staan met sy linkerhand uitgestrek na die hemel, waaruit hy die hemelse ligstrale sien neerdaal en hy sy ingewing ontvang. Sy regterhand rus op Prochorus se hoof, terwyl hy dikteer en Prochorus skrywe: „In die begin was die Woord”.

Johannes sit op Patmos, die eiland, as 'n banneling deur keiser Domitianus se regering, en hier sien ons hom op skrif stel die visioene van Patmos in die boek Openbaring.

Na Domitianus se dood in die jaar 96 gaan hy weer terug na sy ou gemeente Efese, waar hy sy laaste lewensdae deurbring en waar hy sy briewe skrywe, en waar hy ook sterwe. Dit word algemeen beskou dat sy groot brief, gewoonlik genoem die „Eerste Brief van Johannes”, die laaste geskryf is van die N.T. en dus Gods Woord afsluit.

Dit word vertel dat hy weens ouderdom moes gedra word na die eredienste en dat hy gewoonlik, as die enigste Apostel in lewe, die Christene toespreek het

as „kinders”, „my kinders”, soos hy geskrywe het in sy briewe.

Toe Johannes die pen neergelê het, was die Bybel klaar geskrywe. Dit begin met Moses as die eerste skrywer en eindig met Johannes, van 1400 voor Christus tot 100 na Christus.

Dit het die heilige Gees 1500 jaar geneem!

Wat 'n geskiedenis! Wat 'n inhoud! Gods Woord!

DEEL III

DIE KANON VAN DIE OU TESTAMENT

I

DIE WOORD KANON

GROOT KEUSE VAN BOEKE

ONS gaan nou oor na die laaste stadium van die beskrywing van die ontstaan van die groot „Waarvandaan” van die Ou Testament as deel van ons Bybel. In die ontstaan en langsame wording van die Ou Testament as Bybelboek is daar Twee Groot Stadiums (so ook van die Nuwe Testament).

Die eerste is die langsame skrywe of teboekstelling van die aparte 39 boeke van die Ou Testament van Genesis tot Maleagi. Hierdie teboekstelling het ons probeer skets in die vorige hoofstukke. Ons het gesien dat dit 'n lang geskiedenis het.

Die Tweede Stadium is die langsame keuse, aanname, erkenning en vasstelling van sekere boeke uit al die baie boeke, uit die hele letterkunde, wat gedurende daardie 1100 en nog meer jare deur die volk van Israel en ander geskrywe was. Hierdie tweede stadium moet ons nou probeer behandel. Ons moet nou duidelik maak hoe dit gekom het dat hierdie 39 boeke in ons Bybel die Ou Testament uitmaak, die Woord van God van die

Ou Verbond uitgemaak het, en so in ons Bybels opgeneem is as die Kanon van die Ou Testament.

DIE WOORD „KANON”.

Voor in ons Bybel lees ons die woorde: „Die Kanonieke Boeke van die Ou Testament”. Die woord „Kanon” is ’n Griekse woord en beteken letterlik ’n reguit rietstok. Vandaar beteken dit norm, reël, lewensreël, soos ons sien in Gal. 6: 16; Fil. 3: 16. So verstaan ons onder die Kanon, of die Kanonieke boeke van die Bybel, daardie boeke wat vir ons met goddelike gesag en op onfeilbare wyse beskrywe Gods lewensreël vir ons, die mens op aarde. Die Kanon van die Ou Testament is dan daardie heilige versameling van heilige boeke wat in *wese* verskil van al die boeke van daardie eeue en wat Gods Woord, en alleen Gods Woord, uitmaak, omdat hulle geskrywe is onder die besondere ingewing van God. Hierdie keuse of erkenning het tyd geëis. Dit moes tyd geëis het. Ons moet dadelik weer sê: God is nooit haastig nie. Hy werk in die stilte. Hierdie 39 boeke se skrywe, het ons meermale gesê, het nie somarso kant en klaar uit die hemel geval, soos die Mohammedane glo dat hul Koran uit die hemel geval het nie.

Maar het die skrywe oor die 1100 jaar geduur, dan sal u sien dat die keuse of sekerheid dat hierdie 39 boeke, van Genesis tot Maleagi, die Ou Testament of die Kanon van die Ou Testament is, ook eeue geduur het. Ons moet dus nie dink dat, toe die skrywer van die boek Kronieke, die laaste skrywer van die Ou Testament, die dag in 336 v. C., sy pen neergelê het en die laaste Hebreeuse woord „Wejoal” (laat optrek) geskrywe het, Gods Kerk toe daardie dag al geweet het dat die Bybel,

die Kanon van die Ou Testament, begin met Genesis en eindig met Kronieke nie. Wel het hy geweet dat dit begin met Moses en die vyf boeke onder sy naam en 'n paar ander wat ons later sal noem, maar die end was nog nie uitgemaak nie.

Gods volk het geen duidelike Godsgebod gekry dat hul Genesis tot Maleagi, soos dit in ons Bybel staan, of Genesis tot Kronieke, soos dit in die Hebreëus staan, moes kies en vasstel as die Kanon nie. Nee, Gods Kerk of gemeente moes self tot die keuse kom, moes onder leiding van hul eie godsdienstige gevoel of hul eie godsdienstige instink en intuïsie voel en leer dat hierdie 39 boeke so in wese verskil van al die ander menigte Hebreëuse boeke, dat hul, en hul alleen, moes afgesonder, erken, aangeneem en vasgestel word as Kanoniek, as Gods Woord. Die mens, en ook Gods Kerk, is stadig om goddelike dinge te leer, en dit het Gods Gees eeue gekos om sy Kerk finaal te laat kies welke boeke Kanoniek is. Laat ons dan maar dadelik sê dat dit nie was voor 90 jaar na Jesus nie, dus toe Johannes van Patmos nog geleef het en besig was met die skrywe van sy Evangelie. Dit is eers finaal seker gemaak in die Sinode van Jamnia in die jaar 90 n.C., dus het dit geduur vanaf 336 v.C., die jaar van die verskyning van die Kronieke, tot 90 n.C. toe die Sinode van Jamnia gesit het . . . dus meer as 400 jaar.

Groot Keuse van Boeke.

As tussen Moses en Kronieke slegs hierdie 39 boeke in Hebreëus geskrywe was, dan sou dit 'n baie eenvoudige saak gewees het om die Kanon te bepaal. Maar nou moet ons nie dink dat die letterkunde van ou Israel so arm en klein was dat dit net uit 39 boeke, soos ons

dit tel, bestaan het nie. (Die Jode van Palestina het maar net 24 boeke getel. Hiertoe het hul gekom deur die dubbele boeke, by voorbeeld 1 en 2 Konings, as een te tel, ens., en ook die 12 kleiner profete as een boek, en Esra en Nehemia as een boek). 'n Volledige lys van al daardie boeke buitekant ons 39 kan ons nie gee nie.

Ander Boeke genoem in die Ou Testament.

Moontlik is dit van belang om 'n lys te gee van die vernaamste boeke wat in die Ou Testament genoem word, maar wat nie tot die Ou Testament behoort nie. Reeds het ons in die hoofstuk oor die teboekstelling van, by voorbeeld, die Kronieke gewys op ander bronne, ander boeke wat die skrywers genoem en gebruik het. So ook het die finale redaktor van die Psalms en Spreuke ander psalms en spreuke genoem.

So is daar dan: (1) Die boek van die Oorloë van die Here (Num. 21: 14, 15); (2) die boek van die Opregte (Jos. 10: 13; 2 Sam. 1: 18); (3) kronieke van koning Dawid (1 Kron. 27: 24); (4) die geskiedenisboek van Salomo (1 Kon. 11: 41); (5) die geskiedenis van die siener Samuel; (6) die geskiedenis van die profeet Natan (2 Kron. 9: 29); (7) die geskiedenis van die siener Gad (1 Kron. 29: 24); (8) die gesigte van die siener Jedi (2 Kron. 9: 29); (9) die geskiedenis van Iddo, die profeet (2 Kron. 13: 22); (10) profesie van Ahia, die Siloniet; (11) die geskiedenis van Semaja, die profeet; (12) die geskiedenis van Ussia deur Jesaja (2 Kron. 26: 22), ens. (sien verder Van Koetsveld, bls. 66).

Dis nodeloos om te sê dat hierdie, en nog baie ander boeke, spoorloos verlore gegaan het. Ek moet duidelik maak dat hier net sommige van die boeke genoem is wat in die Ou Testament by name genoem word. Ons

sal later skrywe van ander Hebreuse boeke wat nie in die Ou Testament genoem word nie, en wat nie verlore geraak het nie. Ons noem hul gewoonlik „die Apokriewe Boeke”.

BYBELS, VOOR „DIE BYBEL” WAS.

Ons het hierbo gesê dat die Kanon se vorming oor die 400 jaar geduur het, en dat dit eers in die Sinode van Jamnia met sekerheid neergelê is die kanonisiteit van ons 39 boeke (van Art. 4 Ned. Geloofsbelydenis). Nou moet dit nie verstaan word dat Gods volk al die eeue vanaf Moses (1450 voor Christus) tot op die Sinode van Jamnia (90 na Christus) sonder een of ander gesaghebbende Woord was nie! Reeds het ons hierbo gesê dat, toe die skrywer van Kronieke die dag sy pen neergelê het, hul wel nog nie geweet het watter boeke almal kanoniek was nie, maar hul wel geweet het dat die vyf boeke van Moses en 'n paar ander met goddelike gesag spreek, dus het die gelowiges wel al daardie jare „Bybels” gehad voordat „die Bybel” in die groot sin van die woord daar was.

Wat ons hier sê van die Ou Testament, is ook waar van die Nuwe Testament, soos ons later sal duidelik maak. Dat daar sulke „Bybels” was, sien ons duidelik in die Ou Testament. Ons sien dit allereers uit die ou gewoonte wat die ou volkere gehad het om hul heilige boeke te bewaar in heilige plekke. Dit was ook die gewoonte by Israel.

(a) *Die bewaring van heilige boeke in sekere plekke.* Duidelik lees ons dat Moses bevel gegee het om die „Wetboek” te bewaar in die ark. „Neem hierdie wetboek en sit dit neer aan die kant van die verbondsark” (Deut. 31: 26). Dieselfde het Josua gedoen: „Josua

het daardie woorde in die wetboek van God geskrywe” —hy het die wetboek aangevul—, en ’n groot klip geneem en dié daar opgerig onder die terpentynboom wat by die heilige plek van die Here is” (Jos. 24: 26). Ook Samuel het dit gedoen: „ Samuel het die reg van die koningskap in ’n boek geskrywe en voor die aangesig van die Here neergelê (1 Sam. 10: 25).

Toe koning Josia die tempel laat skoonmaak het, het Hilkia, die vrome Hoëpriester, die Boek in die tempel onder die vuilnis verwaarloos gekry. „ Ek het die Wetboek in die Huis van die Here gekry” (2 Kon. 22: 8), ens.

Behalwe die vermelding van hierdie ou gewoonte sien ons ook in die Ou Testament „ talrijke spore van een beginnenden verzamelarbeid”, soos die Chr. Enc. dit uitdruk.

(b) *Versameling van heilige boeke.* Sulke losse „ Bybels” was daar dan, en die behoefte is gevoel om van tyd tot tyd ’n offisiële versameling daarvan te maak. Van die eerste van hierdie versamelings lees ons in Exod. 24: 4-7. Hier sien ons duidelik dat Moses, met die medewerking van Israel en hul erkenning, goddelike wette in ’n bundel versamel het. Hierdie eerste offisiële versameling word genoem en is bekend as „ die Boek van die Verbond”. „ En hy het die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees”. En hierop het Israel uitgeroep: „ Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen en na luister!” Dit kan ons noem „ *die eerste Bybel van Israel*”.

Na hierdie versameling was daar ’n tweede waarvan ons lees in Deut. 31: 24, reeds onder (a) aangehaal: „ En toe Moses die woorde van hierdie wet klaar in ’n boek geskryf het tot die end toe,” gee hy dit aan die Leviete om dit in die ark te lê. So lees ons dikwels in

die Ou Testament van die Boek van Moses as 'n uitspraak van goddelike karakter en gesag.

Dan lees ons van 'n *derde offisiële versameling* van ander en later losse „Bybels” in een. Die profete was later die geestelike leidsmanne en raadgewers van Israel en het deur hul profesieë of prediking Gods raad verkondig. Nou sien ons duidelik hoedat die volk se natuurlike begeerte ontstaan het om hierdie profetiese Godsprake en die geskiedenis van daardie profete se tyd en hul optrede, nie alleen te boek te stel nie, maar ook te versamel en te besit in kleiner of groter bundels. Die profete en ook die volk het die geskryfte geken en het dit heilig geag. So lees ons in Jes. 34: 16: „Soek in die boek van die Here”. Hierdie „boek van die Here” is niks anders as versamelinge van profesieë nie.

So sien ons ook baie later in Dan. 9: 2 dat Daniel sê dat hy in die eerste jaar van Darius „in die boeke gemerk het.” Hierdie „boeke” is weer niks anders as 'n versameling van profesieë nie. Ons kan dit 'n *vierde versameling* noem. So lees ons nog van 'n *vyfde versameling* van o.a. Psalms. Daar is baie liederes of psalms geskrywe, en in die loop van die tyd is uit al dié ons 150 psalms versamel. Dawid en Salomo het hiermee begin vir die tempeldiens. So sien ons duidelik uit die laaste vers van Ps. 72 dat dit 'n versameling was, en dat die ander later gekom het. So sien ons dat daar 'n versameling van Spreuke was voor Hiskia se tyd, en dat hierdie versameling so belangrik was, dat hy instruksies gegee het tot 'n verder en tweede spreuke-versameling. Ons lees tog duidelik in Spr. 25: 1: „dit is ook spreuke van Salomo wat die manne van Hiskia versamel het”. So het dit aangegaan totdat die 150

Psalms klaar as een bundel versamel is; en so ook die Spreuke. Treffend sê hier die Chr. Enc., „ Uit deze gegevens van het Oude Testament zelf blijkt overtuigend, dat het geheel der Oud-Testamentische Geschriften in den vorm waarin wij het thans bezitten, niet maar op een bepaald moment is tot stand gekomen, maar de vrucht is van een eeuwen langen arbeid, die reeds in de vroegste tijden is begonnen en gestadig is voortgezet, tot zij ten slotte tot afronding gekomen is”. So kan ons sê dat Israel Bybels, losse Bybels, gehad het al die eeue voordat hul „die Bybel” van die Ou Testament as ’n afgeronde geheel gehad het. Gebruik ons die woord „ Kanon”, dan kan ons ook sê dat Israel drie Kanons gehad het voor die Kanon van die Ou Testament klaar was.

II

DRIE DELE—DRIE KANONS

IN die voorgaande hoofstuk het ons die uitdrukking gebruik dat Israel „ Bybels”, „ losse Bybels” gehad het, voordat hul „die Bybel”, die Ou Testament as ’n geheel, gehad het. So ook het ons gesê dat hul „ drie kanons” gehad het, voordat hul „ die Kanon” van die Ou Testament gehad het. Dit moet goed verstaan word. Hierdie feit is baie belangrik, as ons dit wil verstaan dat die wording van die Kanon van die Ou Testament ’n langsame, eeue-lange proses was. Gewoonlik word dit so voorgestel, dat Israel die Ou Testament as geheel gekry het in *drie* groot aparte dele, drie groepe van boeke, sodat ons kan sê dat hul in hoofsaak „ drie Bybels”, „ drie kanons”, gehad het, voordat hul „ die

Bybel", „ die Kanon" van die Ou Testament as geheel gehad het.

Dit beteken dat hul die eerste verskillende versameling in die loop van tyd saamgevat het, en dat dit uitgemaak het wat ons hier noem „ die Eerste (voorlopige) Bybel". Daarna het hul weer die latere versameling wat van tyd tot tyd gemaak was, saamgevat en dit het „ die Tweede Bybel" uitgemaak, en so tot met die latere versameling, „ 'n Derde Bybel".

So kan ons van hierdie eerste, tweede en derde Bybel spreek as die eerste, tweede en derde Kanon.

DIE EERSTE KANON—ESRA.

Dit was die „ *Vyf Boeke van Moses*", kortweg deur die Jood genoem die Thorah, die Wet. Die vorming en erkenning van hierdie eerste Kanon of Bybel was die groot werk van Esra met die hulp van Nehemia met die terugkeer na die ballingskap. Lees vir uself die belangrike beskrywing hiervan in Nehemia 8. Dit was 'n groot en plegtige fees vir die ou Kerk. „ Die hele volk van Israel het as een man bymekaar gekom en vir Esra gesê om die boek van die wet van Moses te bring". Esra het gestaan „ op 'n houtverhoog wat hul vir die geleentheid gemaak het—toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan". Esra het die boek van die Wet van Moses toe vir die volk voorgelees.

Esra het nou in Jerusalem van Babilon uit die ballingskap aangekom, en ons sien hoe dat die volk die Wet aangeneem het as van God. Dieselfde sien ons ook in Esra 7: 6 hoe Esra beskrywe word as „ 'n skrifgeleerde, ervaar in die Wet van Moses wat die Here gegee het". Ook sien ons dit in Esra 7: 11 en 12 uit die brief van Koning Artasasta dat die koning van Esra praat as

„skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel”. Die wet was dus lank in die bewussyn van Israel opgeneem as Goddelik. Wat hierdie gebeurtenis van groot belang maak, is dat ons hier in omtrent 457 jaar v.C. die *eerste openbare, offisiële erkenning* en vasstelling van die Boeke van Moses as „Gods Woord” in die geskiedenis van Israel het. Ons kan dit noem die eerste kanonisasie van Moses se boeke. Esra het niks nuuts op Israel geforseer nie, maar net wat al lankal deur hul erken was, offisiël bekragtig.

DIE TWEDE KANON.

Dit was die profetiese boeke en die profeties-geskiedenisboeke, Josua, Rigters, Samuel en Konings.

Hierdie geskiedenisboeke het die Ou Kerk van Israel genoem „die Vroeëre”, en die eintlike profesieë, Jesaja, ens. „die Latere Profetiese Boeke”. Ons het reeds tevore duidelik gemaak dat Gods ou volk hierdie geskiedenisboeke onder die profetiese getel het, omdat hul geskrywe was met ’n profetiese doel en met ’n profetiese inspirasie. „Door de grote feiten der geschiedenis arbeiden zij aan de opvoeding van Gods Volk”, sê van Koetsveld so pragtig.

Wanneer hierdie erkenning van hierdie tweede groep of „Tweede Bybel” of Kanon kon plaasgevind het, is moeilik om te sê. Natuurlik kon dit nie plaasgevind the voordat al die profesieë op skrif was nie. Ons het gensie dat in Jesaja se tyd (Jes. 34: 16) daar ’n versameling van profetiese boeke was, maar dit kon nooit die latere profete ingesluit het nie. So ook toe Daniel (Dan. 9: 2) gelees het in die profete-boeke wat o.a. Jeremia geskryf het, kon hierdie versameling ook nie die latere ingesluit het, wat toe nog nie geskrywe was nie. Dus ook in

Daniel se tyd was daar 'n profete-versameling wat die volk geken het as goddelik, en uit Dan. 9: 6 sien ons dat Israel die ongehoorsaamheid aan „U knegte, die profete” beskou het as oorsaak van hul ellende. So ook tydens Hosea, die laaste koning van Israel, soos ons leer uit 2 Kon. 17: 13, 14.

Voor my lê die Apokriewe boek, Makkabeërs, 2de boek 2: 13, 14, en hier lees ons van die „Geskrifte en Kommentare van Nehemia, hoe hy 'n biblioteek gestig het en daarin versamel het die geskrifte van die Konings en Profete”. Nou is dit 'n bekende feit dat Nehemia sowat 90 jaar na die end van die ballingskap na Jerusalem gekom het, en dat die Wet en die Profete reeds in sy tyd 'n versameling gevorm het, maar ook hierdie versameling kon onder die beste omstandighede net die profete-boeke bevat het wat toe klaar was, en het moontlik nog nie die van Sagaria, Haggai en Maleagi bevat nie. Dus moes hierdie laaste drie later bygevoeg gewees het. Wanneer en deur wie weet ons nie presies nie, seker nie voor 400 v.C. nie. Dus was die Tweede Kanon toe eers (400 v.C.) min of meer klaar. Let op, ons sê min of meer, dus nog nie finaal nie, want daar was nog lank daarna twyfel aangaande Esegïël se kanonisiteit.

DIE DERDE KANON.

Soos ons tevore gesê het, bestaan die Ou Testament volgens die Joodse indeling uit 24 boeke verdeel in drie groepe. Nou kom ons by die derde groep. Hierdie derde groep bestaan uit al die boeke wat nie tot die eerste twee kanons of groepe behoort nie. Van hierdie derde groep is die Psalms die vernaamste, en die laaste in die Hebreeuse Bybel van hierdie groep is die Kronieke-

boeke. Hierdie groep word gewoonlik kortweg „die Geskrifte” genoem, „Kethubin” in Hebreeus, „Hagiographa” in Grieks, wat letterlik beteken „Heilige Geskrifte”. Ons het hierbo gesê dat Dawid en Salomo al begin het met die versameling van die losse boeke of „losse Bybels” van hierdie groep, naamlik die Psalms. So ook Hiskia met ’n tweede versameling van die Spreuke (Spr. 25: 1). Onder hierdie groep val ook Daniël wat om een of ander rede nie deur die ou Jode onder die profete-boeke getel is nie. So ook Esra en Nehemia, wat nie getel is onder die profetiese geskiedenisboeke nie, moontlik omdat hul meer van staatkundige belang was en moontlik ook deur staatsmanne geskrywe was. Om hierdie derde groep tot een te versamel, sodat ons dit die „Derde Bybel” of „Derde Kanon” kan noem, het baie moeilik gegaan. Dit spreek vanself dat dit nie kon gebeur het voordat Esra en Nehemia en Kronieke klaar geskrywe was nie, en ook nie voordat al die 150 Psalms en Spreuke klaar versamel was nie. Ons weet dat party van die Psalms eers gedurende die ballingskap gedig is, en ons weet ook dat Kronieke, die laaste boek van die Ou Testament, nie voor 336 v.C. geskrywe is nie. Dus kon hierdie „derde Kanon” nie voor 336 v.C. klaar gewees het nie. Maar dit het selfs langer geduur as 336 v.C., voordat daar sekerheid, absolute sekerheid was. Verskeie boeke het die Ou Kerk baie moeilikheid en twyfel veroorsaak of hul tot Gods Woord behoort. Dit was Prediker, Hooglied, en Ester, veral die boek Ester. Hierdie derde groep was min of meer seker eers so laat as 200 v.C. Ons sê weer, min of meer. Absolute sekerheid het eers byna 300 jaar later gekom met die Sinode van Jamnia in 90 n.C. Daar was nog altyd

twyfel of Ester opgeneem moes word, en of ander Hebreuse boeke, die Apokriewe, uitgesluit moes word. Van Koetsveld stel dit so voor: „Zoo moeten wij ons den Hebreuwschen Bijbel voorstellen als een werk in drie delen, bij zeer lange tusschenpoozen uitgegeven, daar de Wet in hare tegenwoordige gedaante misschien 600 jaren voor Christus oud is, de profeten omstreeks 400 en de Schriften 200”.

III

TYDPERK TUSSEN OU EN NUWE TESTAMENT

Nou kom ons by 'n ander baie belangrike vraag: Hoe kan ons bewyse of spore aantoon van so 'n versameling van die drie bogenoemde groepe of Bybels of drie Kanons tussen die Ou en die Nuwe Testament, tussen die skrywer van Kronieke en Jesus in Sy prediking? Ons het gesien dat ons in die Ou Testament spore aantref van die drie groepe: die Wet, die Profete en die Geskrifte. Sekerheid van al die aparte 39 boeke kry ons nog nie in die Ou Testament nie. Hul word nie duidelik by name genoem nie. Nou moet ons na skrywers gaan wat tussen Kronieke (336 v.C.) en Jesus Christus geskrywe het. Hier sal ons baie belangrike getuienisse vind. Ons gee drie van die vernaamste:—

(a) *Die Boek Ecclesiasticus*.—Voor my op die tafel lê hierdie boek. Dit word ook genoem „die Wysheid van Jesus, die seun van Sirach”. „De oudste en hoogst merkwaardige getuigenis voor de Boekverzameling des Ouden Verbonds is de Voorrede” van hierdie boek, sê Van Koetsveld. Hierdie boek Ecclesiasticus is deur Jesus Sirach in sowat 200—180 jaar v.C. in Hebreus geskrywe. Hierdie Hebreuse boek het vir ons verlore

geraak. Maar 50 jaar daarna in omtrent 130 v.C. het hierdie man se kleinseun dit in Grieks vertaal, en so het ons dit nog in Grieks. Terloops gesê, dit maak nog deel uit van die Roomse Bybel. Nou, toe die kleinseun dit in Grieks vertaal het, het hy „'n Voorrede" geskrywe. In hierdie „Voorrede" lees ons o.a. „dat baie en groot dinge ons oorgelewer is deur" (let op) „die Wet en die Profete en deur ander wat hul voetstappe gevolg het, waarvoor dit betaamlik is om Israel te roem vir onderwysing en wysheid". Dan sê hy verder van sy grootvader, wie se werk hy vertaal: „my grootvader, Jesus, nadat hy vir hom oorgegee het om 'n studie te maak "(let op) „van die Wet en die Profete en die ander Boeke van ons Vaders"; en eindelik skrywe hy weer: „die Wet self en die Profete en die orige van die Boeke". Nou, wat sien ons hier? Ons sien dat hy tot driemaal toe van die drie groepe of drie kanons van die Ou Testament praat. Dit is seker dat hy onder wat hy noem „deur ander wat hul voetstappe gevolg het" en „ander Boeke van ons vaders" en „die orige van die Boeke", die Derde Groep, naamlik die Geskifte, bedoel het. Net die naam, „die Geskifte", kom nie voor nie, maar die saak wel.

As ons die „Voorrede" verder lees, sien ons dat hy hierdie drie groepe kenskets „as die *Bron* waaruit aan die Jode vele en groot dinge toegevloei het . . . as die Bron van onderwysing en wysheid". „Al spreek deze schrijver dus niet met zoo vele woorden het Goddelijk karakter der bedoelde boeken uit, toch toont hij ze duidelijk als een apart geheel van andere schrifturen af te sonderen. Hier hebben wij nu een onaanvechtbare getuigenis omtrent het bestaan van het Oude Testament. (Chr. Enc.)

„Dit is het oudste zekere bericht aangaande den Hebreuewschen Bijbel” sê Van Koetsveld, naamlik die berig van omtrent 130 jaar v.C. Maar nie alleen „die Voorrede” nie, maar ook die boek self wat Jesus Sirach geskrywe het, is hier van belang. As u deurlees hoofstukke 44-50, sal u sien dat hy die onsterflikheid roem en sing van Israel se groot manne wie se name in die Ou Testament voorkom. „Laat ons nou die lof sing van die beroemde manne en die Vaders wat ons verwek het”. In hierdie Lofsang van Israel se „groot manne” wie se name hy noem, is daar duidelike verwysings na elkeen van Moses se Vyf Boeke en die Profete en die meeste van die Derde Groep, nl. die Geskifte. Nog meer, hy vermeld duidelik „die Twaalf Profete, die Kleinere Profete: „En van die Twaalf Profete, hul gedagtenis is salig”. Dit bewys dan dat 50 jaar voor die kleinseun dit vertaal het (want die boek is geskrywe 50 jaar voordat dit vertaal is), dus twee eeue v.C., die Kanon van die Wet en die Profete en die grootste deel van die Derde Groep by die Ou Kerk al bekend was.

(b) *Die Boek Makkabeërs*. Hier het ons te doen met Joodse oorlewing, en dit bring ons nog verder terug as die jaar 130, die jaar van „die Voorrede” hierbo genoem.

Ons lees weer uit 2 Makkabeërs 2: 13, 14 waar op grond van ’n ou lewensgeskiedenis van Nehemia vertel word: „hoe hy (Nehemia) versamel het die skrifte van die Konings en die Profete en die skrifte van Dawid”, ens. Dis ’n welbekende feit dat, toe Israel die 70 jaar in Babilon en ver van die Tempel af was, hul behoefte gevoel het om al die ou geskifte te lees, en gevolglik te versamel en selfs oor te skrywe wat nie meer duidelik leesbaar was nie.

So was die ballingskap tot groot seën. So word dan hier vermeld die versameling deur Nehemia van die boeke wat toe in Nehemia se tyd al klaar was, naamlik die van die Tweede en Derde Groep of Kanon Onder „die Skrifte van Dawid” word sekerlik die Psalms bedoel. Ons sien, dat hier nie genoem word die Eerste Groep of die Wet nie, omdat die Wet toe al ou nuus was en reeds lank bekend en „deze toen reeds als een aangesloten eenheid met Goddelijk gezag gold” (Chr. Encyl.).

(c) *'n Ou Brief*. In die jare 180–145 v.C. het Koning Ptolemeus VI regeer oor Egipte, en in sy hof het 'n Joodse wysgeer, Aristobulus, 'n belangrike betrekking beklee. Aan hom het enige Jerusalemse Jode 'n brief geskrywe waarin o.a. hierdie aanhaling voorkom: „desgelyks het ook Judas (die Makkabeër, omtrent 160 v.C.) versamel al die dinge wat deur ons deur die oorlog wat ons gehad het verlore is en”, (let op) „hul bly by ons”. Die „oorlog” waarvan hier gepraat word, is die vervolging van die Jode deur die wrede Siriese koning, Antiochus, in omtrent 168 v.C. Sy woede het veral gebrand teen Jehova en die heilige Geskrifte. In Josefus en in 1 Makkabeërs 3 word beskrywe hoe hy die Bybels laat verbrand het. Judas het vir hom toe beywer om te versamel die geskrifte wat uit die vuur kon gered word. Dit ly geen twyfel uit die verband, dat „al die dinge wat deur ons verlore is” sinspeel op die geskrifte, van die Tweede en Derde Groep van die Ou Testament veral ook die Wetboek.

Dis genoeg dan vir die tydperk se bewyse van die Kanon van die Ou Testament tussen die Ou en die Nuwe Testament.

Duidelik het ons gesien in hierdie aangehaalde

getuienisse, dat daar sprake is van die Drie Groepe van die Ou Testament, nl., die Wet, die Profete en die Geskrifte, dieselfde Groepe wat Jesus behandel het volgens Lukas se Evangelie (24: 27). „Hy het begin van Moses en al die Profete af. . . en al die Skrifte wat op Hom betrekking het.”

Die vraag is egter of in hierdie versameling van die Drie Groepe hierbo vermeld al die 39 boeke ingesluit is. Hierop gee dit ons geen duidelike antwoord nie. Dit sal ons sien as ons handel oor die Nuwe Testament se getuienis en die bewyse van die jare na Jesus tot op die Sinode van Jamnia van die jaar 90 n.C.

IV

DIE SEPTUAGINT EN JESUS CHRISTUS

ONS het in die vorige hoofstuk behandel die spore van die Kanon van die Ou Testament in die tydperk tussen die Ou en die Nuwe Testament. Laat ons nou sien wat Jesus en die Apostels ons leer. Maar vooraf moet ons eers behandel die lig wat gewerp word deur die Griekse vertaling van die Ou Testament.

Die Septuagint.

Dit is die naam van die ou Griekse vertaling van die Ou Testament. Die naam „Septuagint” is ’n Griekse woord wat 70 beteken, so genoem omdat daar ’n legende is dat die Ou Testament uit die Hebreus in Grieks vertaal is deur 70 geleerdes en in 70 dae voltooi is. Die rede waarom die Septuagint vir ons van belang is, is omdat dit vertaal is voor die koms van Christus. Die vertaling het ruim 100 jaar geduur,

van 280 tot 150 voor Chr. Sommige plaas dit tussen 250 en 130 voor Christus. Dan was dit klaar omtrent die tyd toe Jesus, die kleinseun van Sirach, die „ Voorrede ” in die boek Ecclesiasticus geskryf het. So sien ons dan in die Septuagint wat die Ou Testament se boeke in daardie tyd was, twee eeue voor Christus. Te meer is die Septuagint van belang omdat dit in Egipte vertaal is. Nou is dit bekend dat die Palestynse Jode en die Egiptiese Jode verskil het, en die verskil kom nou hier duidelik op die voorgrond, want hierdie Griekse Ou Testament van Egipte het meer boeke as die 39 van ons Bybel. Dit bevat naamlik ook die Griekse vertaling van ander ou Hebreuse werke van die eeue voor Christus. Die Hebreus van hierdie ander boeke het verlore gegaan, maar, en dit is van belang, die Hebreus van ons 39 boeke van die Ou Testament het ons nog, en hul is in elke predikant se studeerkamer en word ook elke dag deur hulle gelees! Nou word die Palestynse Jode gewoonlik, en tereg ook, bestempel as die streng ortodokse deel van die ou Jodedom. Dit is minder bekend, maar dit is belangrik, dat die vraag omtrent die Kanon van die Ou Testament in die eerste plek ’n Joodse vraagstuk is, naamlik, watter boeke het die ou gelowige Joodse ortodokse Kerk as Gods Woord beskou? Nou sien ons, as ons die twee Joodse Bybels van die Ou Testament langs mekaar lê, naamlik die Hebreuse en die Griekse, dat die ou streng Joodse ortodokse Hebreuse Bybel *net die 39 boeke van die Ou Testament bevat*. Daarteenoor sien ons dat die Griekse Ou Testament, wat in Egipteland ontstaan het, behalwe ons 39 Bybelboeke, ook ’n aantal boeke bevat wat gewoonlik genoem word die Ou-Testamentiese Apokriewe boeke, soos Ecclesiasticus (reeds hierbo genoem),

Tobias, 3 Makkabeërs. Hierdie klompie ou-Testamentiese Apokriewe boeke het die Kerk van Egipte getel by die Kanon, maar Palestina het dit verwerp. Hier het ons dan 'n kragtige bewys dat ons Ou Testament dieselfde boeke bevat as wat die streng Ortodokse Joodse Kerk van Palestina in daardie tyd bevat het.

Die Bybel van Jesus Christus en die Apostels.

Nou kom ons by die punt wat vir ons as Christene die belangrikste is, naamlik, wat was die Ou Testament wat Jesus en die Apostels beskou het as hul Bybel, as Gods Woord? Of wat leer die Nuwe Testament ons omtrent die Bybel, die Ou-Testamentiese Kanon van daardie dae, voor daar 'n Nuwe Testament was? Nou het ons gesien dat daar vir ruim 200 jaar voor Jesus onder die Jode twee groot Joodse Bybels was, die Hebreuse en die Griekse. Dis omtrent seker dat Jesus en die Apostels albei geken en gelees het. Van die skrywers van die Nuwe Testament was Paulus 'n groot geleerde man wat Grieks geskrywe het, en van die ander skrywers was Lukas 'n Griek van afkoms, en moontlik was die skrywer van die Hebreër-brief 'n Grieksprekende uit Egipte. Ook weet ons dat die Apostels, waar hul die Ou Testament aangehaal het, meestal die Griekse vertaling aangehaal het en nie uit die Hebreus nie, omdat die ou Hebreus toe al 'n dooie taal was. Maar beteken dit nou dat hul hierdeur te kenne wou gee dat hul die sogenaamde Ou-Testamentiese Apokriewe boeke hierbo genoem, bygetel het as Gods Woord, en dat die Bybel van Jesus en die Apostels nie dieselfde was as wat ons vandag die Ou Testament, die Kanon van die Ou Testament, noem nie?

Hierop het die Christendom, die Protestantse Christendom, net een antwoord.

Laat ons nou kortliks aantoon:

(a) *Jesus se Sanksie en Imprimatur.*

Ons sal sien uit die wyse waarop Jesus en Sy Apostels die Ou Testament behandel, en die goddelike eerbied waarmee Hy en die Apostels van die Ou Testament gespreek het, dat Hy Sy sanksie en imprimatur gegee het aan *ons Ou Testament*. Lees by voorbeeld tekste soos Matt. 26: 54, waar Hy duidelik sê: „Hoe sou die Skrifte dan vervul word?” Daar is baie ander tekste (Mark. 14: 49; Hand. 17: 2; Rom. 15: 4) waar die uitdrukking „die Skrifte” voorkom. Onder hierdie „die Skrifte” word duidelik bedoel die Ou Testament as ’n aparte groep van boeke, of as een groot Boek wat van al die ander van daardie tyd moet onderskei word. Lees b.v. ook in Matt. 21: 42 hoe Jesus praat van Ps. 118: „Het julle nooit in die Skrifte gelees nie?” Hy beskou dit eenvoudig nie nodig om hier duidelik te maak dat Psalm 118 tot die Skrifte behoort nie, of wat Hy bedoel onder „die Skrifte” nie. Let ook daarop hoe Hy—en ook die Apostels—menigmaal van „die Skrifte” kortweg as „Die Skrif” spreek, asof Hy dit net as „een Boek” beskou: „Hy wat in My glo, soos die Skrif sê:” (Joh. 7: 38). Weer sien ons dat Hy aanneem dat almal verstaan watter boeke Hy bedoel onder „die Skrif”. Sien ook Joh. 2: 22; 10: 35; Rom. 4: 3. Verder sien ons ook dat dit vir Jesus in Sy versoeking genoeg was om te antwoord: „Daar is geskrywe”, en so ook vir Paulus voor die Joodse Raad in Hand. 23: 5: „Daar staan geskrywe”, en in Rom. 2: 24: „Soos geskrywe is”. Dis genoeg om net maar hierdie paar te noem. Ons

sien in hierdie uitdrukking die Goddelike gesag wat aan die Ou Testament deur Jesus en die Apostels gegee word. Baie treffend ook sê Jesus: „en die Skrif kan nie gebreek word nie” (Joh. 10: 35).

Toe Paulus in Efese gedurende sy derde reis die Korinthiërbriewe skrywe, sê hy duidelik dat, waar Israel „'n sluier oor die gesig” gehad het en God nie kon verstaan nie, hul „die Ou Testament” nie kon verstaan nie. Hierdie teks van 2 Kor. 3: 14, is baie belangrik, want hy noem hier duidelik „*die Ou Testament*” en gee dit Goddelike gesag. Hierdie punt, *Jesus se Sanksie en Imprimatur*, is miskien die belangrikste bewys wat die Nuwe Testament ons gee oor die Ou Testament. Dit toon duidelik dat Jesus en die Apostels, dus die eerste Christene, van die Ou Jode oorgeërwe het die geloof dat van alle boeke „die Ou Testament” van Goddelike afkoms is en Goddelike gesag het.

(b) *Dieselfde Getal Boeke?*

Hierdie vraag moet nou behandel word. Ons het hierbo gesien dat Jesus en die Apostels „die Skrifte”, „die Skrif”, „die Ou Testament” Goddelike gesag toegeken het. Maar volg nou hieruit die sekerheid dat dit dieselfde getal Boeke is as wat ons het, naamlik die 39 in ons Bybels? Kon, en kan dit nou nie net so goed sekere boeke uitgesluit of sekere boeke ingesluit het nie? Kon Jesus en die Apostels se Bybel, die Ou Testament van 2 Kor. 3: 14, nie 'n kleiner of 'n groter Boek gewees het nie? Nee. 'n Paar bewyse:

(1) Ons het al gesien dat die *Ou Joodse Kerk*, van wie Jesus en die Apostels hul respek vir „die Skrifte” oorgeërwe het, dit verdeel het in Drie Dele, Drie Groepe, Drie Kanons, naamlik die Wet, die Profete en die

Skrifte. Nou sien ons dat Jesus in die teenwoordigheid van Sy Apostels hierdie selfde indeling handhaaf: „alles wat oor My in die Wet en die Profete en die Psalms geskrywe is, moet vervul word” (Luk. 24: 44). Die derde deel is dikwels kortweg genoem die Psalms, omdat die Psalms die vernaamste was.

(2) Ons het ook gesien dat die Ou Joodse Kerk by die indeling van die Ou Testament in die drie bogenoemde dele dit laat begin het met Genesis en sluit met die boeke Kronieke. Nou sien ons dat Jesus duidelik toon dat Hy al die boeke tussen Genesis en Kronieke aanvaar in sy welbekende woorde, „sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde van die bloed van Abel af tot op die bloed van Sagaria” (Matt. 23: 35 en Luk. 11: 51). Hier haal Jesus aan die boek Genesis en 2 Kron. 24: 21, die eerste en die laaste boeke.

(3) Nou moet nog een gewigtige beswaar weggeneem word, naamlik dat sommige boeke van die Joodse Hebreuse Kanon wat nou ook ons Kanon is, nie in die Nuwe Testament aangehaal word nie. So word daarop gewys dat die Profete Obadja, Nahum en Sefanja nie in die Nuwe Testament aangehaal word nie. Maar ons antwoord is, dat die Ou Jode al die twaalf kleinere Profeteboeke nie as twaalf getel het soos ons doen nie, maar wel as net een boek, en hierdie een boek word dikwels aangehaal, o.a. waar Petrus Joël aanhaal in die Pinksterrede. Ook word daarop gewys dat Ester, Hooglied en Prediker nêrens in die Nuwe Testament aangehaal word nie. Maar weer is ons antwoord dat hierdie drie boeke, saam met Rut en Klaagliedere, een groep uitmaak en genoem word „Megilloth”, en dat die ander twee, Rut en Klaagliedere, wel in die Nuwe Testament voorkom. Dan nog word beweer dat Esra

en Nehemia nie aangehaal word nie, maar weer is ons antwoord hier dat Esra en Nehemia en Daniël en Kronieke saam een groep uitmaak, en dat hierdie groep wel in die Nuwe Testament voorkom, by voorbeeld Daniël in Matt. 24: 15 en Kronieke in Matt. 23 in die welbekende aanhaling van Jesus.

(4) Dan is dit ook 'n belangrike feit, dat hoewel die Apostels en die Heiland die Griekse vertaling geken het en daaruit aangehaal het, hul tog nooit uit een van die Apokriewe boeke aangehaal het wat ook in daardie vertaling voorkom nie.

Die Konklusie

Wartoe ons dan kom omtrent die getuienis van Jesus en die Apostels, is dat dit „zoo goed als zeker is dat de Heiland”—en die Apostels—„precies denzelfden Oud-Testamentischen Kanon voor zich had, als wij nu nog in den Hebreeuwschen, oorspronkelijken tekst bezitten” (Chr. Encyl.). Absolute sekerheid het later gekom, daarom sê ons hierbo „zoo goed als zeker”.

V

JOSEFUS EN DIE JOODSE SINODE VAN JAMNIA

Josefus.

Ons het hierbo gesê dat die bepaling van watter boeke die Ou Testament uitmaak, deur die eerste Christelike Kerk beskou is as die taak van die ou Joodse Kerk, en dat die Christene hul neergelê het by die ondervinding, gebruik en bevinding van die ou Joodse Kerk. Dit geld veral die Jamnia-Sinode.

Voor ons stilstaan by hierdie Sinode, net 'n woord oor die getuienis van die Joodse skrywer Josefus van sowat 90 na Christus. Voor my lê sy boek „C. Apion”. Deur die aanhaling wat ons van hom gee, word hy beskrywe as „*die eerste beslissende getuienis*” dat die Ou Testament van Jesus en die Apostels was soos ons dit vandag het. Hy skrywe: „Want ons het (dit is, nie soos die Grieke nie) menigte van boeke wat nie mekaar weerspreek nie, maar ons het net 22 boeke—waarin tereg geglo word”. „Dat hul goddelik is en goddelike leringe bevat, en ons is gewillig om vir hul te sterwe”. Dan gee hy die getal 22, wat al ons 39 boeke insluit. Hy kry net 22 deurdat hy, om maar 'n paar voorbeelde te gee, Rut—Rigters, Klaagliedere—Jeremia, elk as een tel, so ook die 12 kleinere Profete, „want dit is nie 'n nuwe ding nie dat ons gevangenes, baie in getal, dikwels in die loop van tyd gesien word op allerlei maniere gemartel en gedood, eer hul iets sal sê teen ons geskrifte”. Ons sien in die aanhaling dat hy van die Grieke gepraat het. Nou is dit juis van belang om hierop te let dat Josefus in Grieks skrywe aan Grieke. Hy was bekend met die Griekse vertaling wat behalwe ons Ou Testament ook die Apokriewe boeke bevat het. Hy wil juis te kenne gee dat hy as Jood vir die Jode skrywe en dat hy as Jood duidelik en met opset die Kanon van die Ou Testament wil beperk tot die getal wat bevat is in die Hebreuse geskrifte. Wat sy getuienis van nog meer belang maak, is sy opmerking dat dit geen beskouing van vandag of van gister is nie, maar 'n ou beskouing onder die Joodse Kerk.

Dus blyk dit *duidelik* dat Josefus in 90 na Christus presies dieselfde Ou Testament as Kanon gehad het as ons. Met so 'n eeuelange gebruik as Josefus van

skrywe, en met so 'n gesag as die van Josefus, was dit dus 'n maklike saak vir die Joodse Sinode van Jamnia wat ook in 90 n.C. gesit het, om vas te stel wat die Kanon van die Ou Testament was.

Die Joodse Sinode van Jamnia. >

Ons het vantevore gemeld dat die vervolginge, soos die van die Ballingskap van Babilon, Israel tot groot seën was. Nou moet ons onthou dat in 70 na Chr. Jerusalem verwoes en Israel oor die hele wêreld verstrooi is. Hul het nou nie meer die Tempel waar hul die Heilige Skrifte kan bewaar nie. Net soos in Babilon die behoefte gevoel is gedurende die 70 jare om die heilige boeke van die Wet en Profete en die Geskifte wat klaar was, te versamel, sodat dit nie kon verlore gaan nie; en net soos in die tyd van die vervolginge van Antiochus in 168 voor Christus hul ook die Heilige Boeke gered het uit die vlamme en versamel het; so het ook nou dieselfde behoefte by die Joodse Kerk ontstaan. Nou het Jerusalem geval, en Jamnia, 'n dorpie naby Jaffa, het nou die vernaamste Joodse sentrum geword, en nou voel hul na die val en verstrooiing van die Jode 'n nuwe belangstelling om die heilige boeke, wat volgens Josefus al lank deur Israel as heilig geag is, te bewaar en te beveilig.

So het die Joodse Kerk bymekaar gekom in 90 n.C. en Sinode gehou in Jamnia. Om die debat te lees is nogal interessant.

Die twyfel wat daar nog altyd was met betrekking tot die kanonisiteit van sekere boeke soos Prediker en Ester en Esegïel, het by hierdie tyd so te sê totaal verdwyn. En die Sinode van Jamnia het nie die Ou Testament op 'n onwillige Kerk geforseer nie; hulle het nie verklaar wat die Bybel moet wees nie, maar

hul het net met gesag verklaar wat al vir eeue die Bybel, die Kanon, was.

Dit was in die jaar 90 n.C. Toe was Johannes, die laaste skrywer van die Nuwe Testament, net besig om die Nuwe Testament af te sluit.

Dus kan ons sê dat, toe die Heilige Gees besig was om die Nuwe Testament af te sluit, wat die teboekstelling betref, Hy deur die Jamnia-Sinode die Ou Testament as 'n afgesonderde eenheid met goddelike gesag „as Gods Woord van die Ou Verbond” vasgestel het.

Hierdie besluit van die Joodse Kerk het die Christendom as vanself onder die leiding van God aanvaar. God werk wonderlik. Die Joodse Kerk het die Messias verwerp en veroordeel, en nou laat God dieselfde Joodse Kerk die Kanon van die Boeke, waarvan die Christus gesê het „hierdie is die wat van My getuig”, vasstel.

DEEL IV

DIE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT

I

NUWE-TESTAMENTIESE APOKRIEWE BOEKE

EVANGELIEBOEKE

„Is dit waar dat die Kanon van ons Ou Testament so laat as die jaar 90 na Christus in die Sinode van Jamnia eers bepaal is?” Hierdie vraag kan ons goed verstaan, toe die gewone Bybelleser op die kaart wat verskyn het in die begin van hierdie reeks, dit aangeteken gesien het dat die Kanon van die Ou Testament voorgestel is as bepaal op 90 jaar na Christus op die Sinode van Jamnia. Hierdie vraag, en hierdie beswaar wat so verstaanbaar is, het die skrywer reeds beantwoord in enige hoofstukke oor die Kanon van die Ou Testament. Ook kan ons dit goed verstaan, as met nog meer verbasing die vraag gestel word, „Is dit waar, wat op dieselfde kaart staan, dat die Kanon van ons Nuwe Testament eers so laat as die jaar 300 na Christus vasgestel is?”

Hierdie vraag wil ons nou probeer beantwoord in 'n paar stukke oor die Kanon van die Nuwe Testament. In kort kan ons hier sê, dat dit maar alte waar is dat die Kanon van die Nuwe Testament in die jaar 300 na Christus vasgestel was. Ja, ons kan verder gaan en

sê dat die jaartal selfs nog later kan gestel word. Ons kan sê dat dit eers in die jaar 360 in die Sinode van Laodicea bepaal is. Ons kan dit selfs nog later stel, en wel op die Sinode van Hippo in 393, en selfs nog later, en wel in Noord-Afrika op die Sinode van Kartago in die jaar 397. By hierdie datum kan ons staan en sê dat sedert hierdie datum, van die Sinode van Kartago, alle twyfel verdwyn het, en dit seker was dat die 27 boeke in ons „Afrikaanse” Bybel die Nuwe Testament uitmaak. U sien dus dat dit tyd geneem het. Die Kerk van Christus is stadig om ’n geestelike waarheid te vat. Dit het die Heilige Gees, nadat die Nuwe Testament klaar geskrywe was, dus ruim 300 jaar geneem om die Christelike Kerk te laat voel en te laat sien dat hierdie 27 boeke, en hul alleen, die Nuwe Testament, die tweede deel van Gods Woord, uitmaak, en dat Gods Woord, of die Bybel, bestaan uit die boeke van Genesis tot Openbaring.

DIE EERSTE STADIUM.

Ons het gesien dat die Ou Testament twee stadiums deurgemaak het. So ook die Nuwe Testament. Die eerste stadium van die Nuwe Testament was die skrywe, die teboekstelling deur die geïnspireerde skrywers, die Apostels, van die 27 boeke van Mattheus tot Openbaring. Dit het omtrent ’n halwe eeu geduur, van 50 na Christus tot sowat die jaar 100.

DIE TWEDE STADIUM.

By die Nuwe Testament, net soos by die Ou Testament, is gedoen die keuse uit al die Christelike geskrifte van die 27 wat ons vandag noem die Kanonieke boeke van die Nuwe Testament. Die langsame groei en

voltooiing van hierdie Tweede Stadium het soos aange-
toon ruim 300 jaar geduur.

DIE BYBEL IN DIE JAAR 100 NA CHRISTUS.

Om die langsame groei van die tweede stadium, of die vasstel van die Kanon van die Nuwe Testament, goed te verstaan moet ons dit eers goed vat dat, wat die Bybel van onse Heiland was, naamlik die Ou Testament, feitlik ook die Bybel was van die Christelike Kerk in die jaar 100, toe Johannes met die skrywe van sy Briewe die Nuwe Testament afgesluit het. Dit wil sê, die Bybel van die Kerk van Christus in die jaar 100 was nog niks meer nie as die 39 boeke van die Ou Testament. „Dit was die enige Kanon van die Heilige Skrifte” in die apostoliese dae. Wat ons vandag die Nuwe Testament noem as Gods Woord, was nog nie deur daardie Christene van die jaar 100 beskou en finaal aangeneem as die „Bybel” nie. Wel het hul die Evangelies van die Apostels, die Boek Handeling, die Briewe, en die boek Openbaring gehad, maar hul het dit nog saam met ander Christelike geskrifte beskou as gewone Christelike letterkunde. Hul moes nog leer dat daar ’n onderskeid in *wese* was tussen die vier Evangelies, die Boek Handeling, die Briewe, die Openbaring, en al die ander Christelike geskrifte.

’N GROOT KEUSE.

Soos die ou Kerk van die Ou Testament ’n groot keuse gehad het tussen baie geskrifte, watter hul moes verwerp en watter nie, so ook en nog meer het die Christelike Kerk gehad. Met hierdie onderskeid, dat die Katolieke Kerk, dit is die „Algemene Kerk” van die Christendom wat bestaan uit die vier groot dele,

nl. die Griekse Kerk, die Roomse Kerk, die Protestantse Kerk en die Anglikaanse Kerk, nog nooit eenstemmig was, en seker nooit eenstemmig sal word, omtrent die Kanon van die Ou Testament nie. Wat ons in die artikels beskrywe het as die Kanonieke Boeke van die Ou Testament, nl. ons 39 boeke, Genesis tot Maleagi, is die Kanon van die streng Protestantse Kerk alleen, terwyl die Roomse, die Griekse, en 'n deel van die Anglikaanse Kerk ook die Apokriewe boeke bytel en lees as Gods Woord. Maar met die Nuwe Testament is dit anders, Gode sy dank! Hier het die groot Katolieke Kerk eenstemmigheid bereik, en het b.v. die Roomse en ons Protestantse Kerk dieselfde 27 boeke, dieselfde Nuwe Testament. Nou is dit duidelik dat, as daar vir die Christene van die eerste paar eeue nie nog meer Christelike boeke was nie, dan was die vasstel van die Kanon 'n baie eenvoudige saak. Was daar net die vier beskrywings van die Evangelie wat ons het, en net die 21 Briewe en een Boek Handeling en een Boek Openbaring, dan was dit 'n baie eenvoudige saak. Maar nou was dit nie so nie. Hierdie boeke wat onder Gods leiding nie opgeneem is in die Kanon van die Nuwe Testament nie, noem ons gewoonlik die „*Nuwe-Testamentiese Apokriewe Boeke*”. En net soos die kanonieke boeke van die Nuwe Testament, bestaan ook die Apokriewe Boeke van die Nuwe Testament uit die vier dele, naamlik: (1) die Evangelies; (2) die Handeling van die Apostels; (3) die Briewe van die Apostels (?) en (4) die Openbarings.

I. DIE APOKRIEWE EVANGELIES BUITEKANT DIE NUWE TESTAMENT.

Voor my op die tafel lê 'n boek, „Evangelieën buiten het Nieuwe Testament”. Dan sê die uitgewer nog

daarby dat hy net die Evangelies van die eerste twee eeue teruggee. Die wat later ontstaan het, gee hy nie. Hy gee 'n lys van nie minder as 26 sulke evangelies buitekant ons vier nie. Miskien sal dit die Bybelleser interesseer as ons net die paar vernaamstes gee uit sy boek, nl. (1) Evangelie der Hebreëen, (2) Evangelie der Ebionieten, (3) Evangelie der Egyptenaars, (4) Evangelie van Petrus, (10) Evangelie van Matthias, (11) Evangelie van Philippus, (12) Evangelie van Thomas, (16) Evangelie van Judas, (17) van Eva, (18) van Maria en (26) Acta Pilati (die Handeling van Pilatus oor Jesus).

Hierdie 26 Evangelies en die ander wat die skrywer nie genoem het nie, kan verdeel word in drie klasse, nl. die waarvan die hele teks nog in ons besit is, die waarvan ons net „fragmente” het, en eindelijk die waarvan ons net die name het. Die waarvan ons nog die hele teks het is sewe in getal, soos b.v. die Evangelie van Thomas, en die Evangelie van Nikodemus, en die Pro-Evangelie van Jakobus, wat bestaan uit 25 hoofstukke. Van die waarvan ons net fragmente of stukke het, is seker die belangrikste (1) die Evangelie van die Hebreërs, (2) die Evangelie van die Egiptenaars, (3) die Evangelie van Petrus en (4) die belangrike Evangelie van Tatianus, ook genoem „Diatessaron”. Hieroor sal ons later verder uitwei. Alles te saam kan ons die getal stel op minstens 40. Laat ons kort aantekeninge oor 'n paar van hierdie boeke gee.

Die Evangelie van die Hebreërs.

Dit lê voor my op die tafel en bestaan net uit 23 fragmente, waarvan die tiende fragment wat handel oor die Ryke Jongeling, seker die belangrikste is. Dit lees so:

„Die ander ryk man sê toe vir Hom: Meester, wat goeds moet ek doen om die lewe te hê? Hy sê vir hom: Mens, volbring die Wet en die Profete. Hy antwoord Hom: Dit het ek gedoen. Hy sê toe vir hom: Gaan heen en verkoop al wat jy het en deel dit uit onder die armes, en kom dan en volg My. Toe begin die ryke sy kop te krap, en dit het hom nie beval nie, en die Heer sê vir hom: Hoe kan jy sê ek het die Wet en die Profete volbring, daar dit in die Wet geskrywe staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself, en baie van jou broers, seuns van Abraham, is oordek met vuil, en hul sterwe van honger, en jou huis is vol goed, en daar gaan niks uit na hulle nie? En toe hy omdraai, sê hy vir Sy dissipels wat by Hom sit: Simon, seun van Jonas, dit is makliker dat 'n kameel deur die oog van 'n naald gaan, dan dat 'n ryk man ingaan in die koninkryk van die hemele”.

Vergelyk dit met Matt. 19: 16-22. Dit kom voor, asof dit lig werp op die kort, beknopte verhaal van ons vier Evangelies.

Dat hierdie Evangelie in die tweede eeu en daarna van belang beskou is, kan gesien word uit die feit dat verskeie ou skrywers daarvan melding gemaak het. Die oudste skrywer wat ons hieroor kan raadpleeg, is die beroemde Clemens Alexandrinus van Noord-Afrika. Hierdie Clemens was een van die mees beroemde leraars van Alexandrië in Noord-Afrika. Hy is gebore omtrent 150 na Christus en het baie boekdele geskrywe. Een van sy werke lê voor ons, en hier lees ons: „Daarom staan ook in die Evangelie volgens die Hebreërs geskrywe: Wie bewonder het sal regeer, en wie regeer het, sal tot rus kom.” In sy tyd dus was hierdie Evangelie „een gezaghebbend, althans hooggeacht geschrift”.

Dit is byna seker dat hierdie geskrif in gebruik was in seker kringe. „Die kringen waren de Joodsgezinde Christenen”.

Maar waarom die Ou Kerk hierdie geskrif uiteindelik verwerp het, sal u sien as u fragment No. 4 lees: „Juis toe neem My Moeder, die Heilige Gees, vir My aan een van My hare, en sy dra vir My weg na die berg Tabor”. Hier word duidelik verwerp die bonatuurlike geboorte van Jesus.

Die Evangelie van Petrus.

Dit word so genoem, asof Petrus dit geskryf het, maar dit is nie so nie. In elk geval was hierdie Evangelie in die tweede eeu in gebruik in die gemeente Rhossus, naby Antiochië, en is dit 'n tydlang toegelaat deur Serapion, die biskop van Antiochië, totdat hy, na ondersoek, dit veroordeel het. Dit lees ons duidelik in Eusebius se Kerkgeskiedenis.

„Serapion erken die evangelie nie vir 'n egte geskrif van die apostel nie. In die gemeente Rhossus in Cilicië het hy dit gevind en het hy die gebruik daarvan toegestaan. Maar later het hy gevind dat sy woorde aanleiding gegee het tot ketterse denkbeelde. Daarom het hy toe 'n brief geskrywe dat hy spoedig self sou oorkom”.

Die uitslag was soos hierbo gesê, dat hy dit veroordeel het as doceties, dit is, dat dit nie die waaragtige mensheid van die Saligmaker erken nie. Maar dat dit vir eeue in sommige kringe nog in gebruik was, al het die biskop dit veroordeel, blyk uit die opgraving wat onlangs gedoen is in Noord-Egipte, van die graf van 'n Monnik wat in die agste eeu begrawe is. Hier is by die lyk gevind 'n fragment van hierdie Evangelie waarvan 'n vertaling voor ons lê. Dit begin met die woorde:

„Van die Jode het niemand hul hande gewas nie, ook nie Herodes nie en ook nie een van die regters nie . . . en toe hul hul hande nie wou was nie, het Pilatus opgestaan, en toe het koning Herodes die bevel gegee dat hul die Heer moes wegneem, en hy sê toe vir hul: Doen met Hom alles wat ek vir jul beveel het”.

Dit eindig o.a. met die woorde:

„Dit was die laaste dag van die fees van die Onge-suurde brode, en baie het die stad uitgegaan, omdat die fees klaar was. En ons, die twaalf dissipels van die Here, het geween en rou bedrywe, en bedroef weens wat daar gebeur het, het elkeen na sy huis gegaan”.

Hieruit kan ons sien dat dit nog tot die 8ste eeu gelees is en die moeite werd beskou is om dit af te skrywe, altans 'n deel, en dit aan 'n monnik meegee is op sy reis na die Ander Wêreld. Die fragment beslaan sowat vyf bladsye.

Waarom die Kerk van Christus dit uiteindelik uitgesluit het as nie kanoniek nie, kan ons geredelik sien, b.v. uit die eerste deel hierbo aangehaal, waaruit dit duidelik blyk, dat die geskrif in stryd is met ons vier Evangelies, omdat dit Herodes in die veroordeling van Jesus die hoofpersoon maak, en nie Pilatus nie. Dit is onwaar dat Herodes vir Pilatus beveel het om Jesus weg te voer: „doen met hom alles wat ek jou beveel het”. As u nog verder deurlees, vind u in vers 19 nog 'n merkwaardige afwyking van die vier Evangelies, naamlik, instede dat Jesus aan die kruis uitgeroep het: „My God, My God, waarom het U My verlaat?” lees ons die woorde: „My krag, My krag, U het My verlaat, en toe Hy dit gesê het, is Hy opgeneem.”

Die Evangelie van Thomas.

Soos reeds hierbo aangehaal het ons nog die hele teks hiervan. Dit was saam met die Pro-evangelie van Jakobus die oudste en mees populêre van die Apokriewe Evangelies. Dit dateer vanaf die tweede eeu en is uiteindelik verwerp, omdat dit ook Docetisme leer en dus die *mensheid* van Christus ontken.

Die Evangelie van die Egiptenaars.

Daar is geen twyfel aan dat hierdie Evangelie gedurende die tweede eeu by die Christene in Egipte in gebruik was nie. Uit hoeveel hoofstukke dit bestaan het weet ons nie. Daar het net 'n paar fragmente of stukkies oorgebly. Die groot Origenes gee ons net die naam daarvan, en wat hy daarvan skryf, is nie alte gunstig nie. Hy praat in sy kommentaar oor Lukas hiervan as een van die evangelies wat sommige mense „gewaag het om te skrywe”. Clemens van Alexandrië skryf meer hiervan. Clemens het gewoon in Egipte en was as leraar bekend met alles wat gaande was in Egipte, en so het hy met hierdie Evangelie van die Egiptenaars kennis gemaak. In een van sy geskrifte (Stromateis III) val hy 'n seker ketterse sekte aan, en in hierdie verband haal hy aan die Evangelie van die Egiptenaars met aanmerkings daaroor wat ongunstig is. Dit is wat hy skrywe: „Dit is, meen ek, in omloop met die Evangelie volgens die Egiptenaars. Hulle sê naamlik, dat die Heiland gesê het: Ek het gekom om die werke van die vrou te vernietig”.

Clemens skryf verder dat die volgende woorde ook voorkom in die Evangelie: „Tot hoelank sal die mense sterwe?” Waarop Jesus geantwoord het: „Solank as die vrou sal kinders baar”. Dit is geen wonder, dat Gods volk so 'n geskrif uiteindelik verwerp het nie.

II

DIE ANDER APOKRIEWE BOEKE
EN ANDER OU CHRISTELIKE BOEKE

DIE APOKRIEWE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS.

ONS het in die vorige stuk gesien dat daar ander Evangelies was buiten die vier van die Heilige Skrif. Ons het gesien waarom hul nie deur die Christelike Kerk as Kanoniek beskou is nie. Ons moet onthou dat, wie die skrywers ook al was, hul hul name skuilgehou het en valslik hul geskrifte uitgegee het onder die name van die Apostels, om op hierdie manier invloed en gesag te kry. Dieselfde is ook die geval met die bogenoemde: „Apokriewe Handeling”. Hul is geskrywe met 'n „verborge” (Apokriewe) ketterse doel. Hierdie ketterse doel was egter duideliker merkbaar in die Apokriewe Handeling as in die Apokriewe Evangelies. Om hierdie rede het die eerste Christelike Kerk hul net so gevrees as die ander Evangelies wat nie in ons Bybel is nie, en hul ook later totaal verwerp. Nogtans moet dit nie ontken word nie dat hul onder die volk groot invloed gehad het, soos ons lees in die geskrifte van Eusebius en Augustinus wat die boeke geken het. Gebrek aan ruimte verbied om aanhalings uit Eusebius en Augustinus te doen. Sommige van hierdie Apokriewe Handeling is baie oud, b.v. die middel van die tweede eeu. Behalwe baie kleinere fragmente (stukkies) van Handeling kan sowat 18 sulke bekende „Handeling” genoem word. Ons noem net 'n paar:—

1. Die Handeling van Petrus en Paulus, 'n boek wat Eusebius geken het.

2. Die Handeling van Barnabas waaromtrent voorgegee is dat Johannes Markus dit vertel het en geskryf het.
3. Die Handeling van Filippus. 'n Baie ou geskrif en baie in gebruik in die Ou Kerk.
4. Handeling en marteldood van Mattheus.
5. Handeling van Johannes. Ook 'n baie ou geskrif.
6. Reise van Thomas.

Hierdie geskrifte was vir eeue in gebruik, totdat hul uiteindelik uitgesluit is uit die Bybel.

APOKRIEWE BRIEWE.

So was daar ook Briewe in die Ou Kerk behalwe die 21 van die Nuwe Testament. Sulke Apokriewe briewe is by voorbeeld: „die Briewe van die Maagd Maria aan Ignatius”, die martelaar. Ons het, toe ons geskrywe het oor die Briewe van Paulus, aangetoon dat Paulus meer briewe geskrywe het as net die wat ons van hom het in die Nuwe Testament, en dat hulle vir ons verlore geraak het. So het ons gewys op Kol. 4: 16 waar Paulus praat van sy brief aan die gemeente van Laodicea wat vir ons verlore is. Dit is dan ook geen wonder dat in plek van hierdie verlore Laodicea-brief, iemand spoedig 'n ander een geskryf het, en voorgegee het dat dit die Brief van Paulus aan Laodicea was. Hierdie Apokriewe Brief aan Laodicea was in gebruik tot in die jaar 400. Verder het ons ook gesien uit 1 Kor. 5: 9, dat 'n brief van Paulus aan die Korinthiërs verlore geraak het. Dit is dan ook geen wonder dat iemand spoedig 'n ander brief geskryf het en voorgegee het dat dit die verlore Korinthiër-brief van Paulus was, om op hierdie manier

'n kettery in Paulus se naam die Kerk in te voer. Hierdie brief moes invloed gehad en baie gebruik gewees het, en selfs in Latyn vertaal geword het. Onlangs nog is 'n Latynse vertaling hiervan ontdek en het dit in druk verskyn.

APOKRIEWE OPENBARING-BOEKE.

Hiervan was daar ook 'n groot aantal. Ons het egter net van 8 die volle teks of fragmente. Miskien is die vernaamste *die Openbaring van Petrus*. Hiervan word melding gemaak in die geskrifte van ou skrywers, soos Augustinus en Clemens van Alexandrië. 'n Fragment hiervan is onlangs ontdek. Dan is daar nog *Die Openbaring van Stefanus*, gegrond op die gesig wat hy met sy steniging van Jesus gesien het. Dan ook *die Hemelvaart van Paulus*, gegrond op sy hemelse gesig wat in 2 Kor. 12: 2 voorkom. *Die Openbaring van Paulus* was ook 'n ander Openbaringboek. Al hierdie geskrifte het invloed gehad, maar is onder die leiding van God na geruime tyd uitgesluit uit die Nuwe Testament.

NOG ANDER GESKRIFTE.

Ons het al gesien dat Lukas, toe hy sy Evangelie geskryf het, in vers 1 van sy Evangelie-beskrywing melding maak van „baie” ander beskrywings van die lewe van Jesus. Sover ons weet, het hierdie „baie” geskrifte almal vir ons verlore geraak, behalwe ons Evangelie van Mattheus en Markus. Nou spreek dit vanself dat hierdie geskrifte gedurende die eerste eeu moes bekend gewees het en ook in aanmerking moes gekom het, toe die Ou Christelike Kerk tot die keuse van ons Vier Evangelies gekom het.

DIE EVANGELIE-FRAGMENT VAN FAJOEM.

Ons het hierbo gesê dat die geskifte wat Lukas voor hom gehad het, verlore geraak het. Natuurlik is dit nog altyd moontlik dat by voorbeeld in Egipte enige tyd van hul kan opgegrawe word. So is daar in die jongste tyd in Egipte op Fajoem 'n fragment-Evangelie opgegrawe onder die naam soos hierbo aangegee. Dit lê in 'n vertaling hier voor my op die tafel en bestaan slegs uit 7 reëls. Nou is daar groot geleerdes wat beweer dat dit die oorgeblewe Fragment is van 'n groter werk wat verloor is, en dat daardie werk een van die „baie” Evangeliebeskrywings is waar Lukas van vertel en wat hy geken het.

DIE TWEE BRIEWE VAN CLEMENS VAN ROME.

Vandat die Apostels van die toneel van die aardse lewe verdwyn het, was daar seker leiers in die Kerk wat die leerlinge van die Apostels was, en so het hul bekend geword as „die Apostoliese Vaders”. Hierdie manne het ook geskifte agtergelaat, en dit is baie verstaanbaar dat hul geskifte ten minste vir 'n tyd apostoliese gesag gehad het en in die Kerk in gebruik was. Dit is dan ook 'n feit dat hul in die begin nie duidelik onderskei is van die geskifte wat uit die Nuwe Testament uitgesluit moes word nie, en dat hul in die Kerk gebruik is saam met ons Nuwe Testament. Van hierdie geskifte is veral drie te noem wat so in aanmerking gekom het. Die vernaamste van hierdie drie is twee Griekse Briewe van Clemens van Rome. Ons het hul vandag nog in hul volle teks. Hul is geskrywe aan die Korinthiërs deur Clemens van Rome. Hierdie Clemens was biskop van Rome. Sommige meen dat dit hy is van wie ons

lees in Paulus se brief aan die Filippense (4: 3), en dat hy 'n leerling van Paulus en Petrus was, is seker.

Een van die oudste afskrifte van die Bybel wat daar vandag is, word genoem „die Codex van Alexandrië”. Voor my lê 'n lys van die geskrifte van hierdie Codex van Alexandrië, en daaronder sien ons „Clementos Epistole A, Clementos Epistole B”, dit is „die eerste brief en tweede brief van Clemens”. Van hierdie Codex van Alexandrië is daar 'n portret in die groot nuwe biblioteek van Johannesburg te sien. Dit bestaan uit vier dik en groot dele van alles tesame 773 bladsye waarvan 170 Nuwe Testament is, en aan die end van die boek Openbaring kan u lees die volle teks van albei die briewe van Clemens.

Dis dus duidelik hieruit dat die afskrywers van hierdie ou Bybel nog die briewe van Clemens as baie gesaghebbend beskou het en hul op die lys van die Bybelboeke gesit het.

Ons het reeds melding gemaak van die geskrifte van Clemens van Alexandrië van Egipte, en ons sien dat hy die Briewe van Clemens van Rome aanhaal, asof hy dit as geïnspireer beskou. Voor ons lê een van Clemens van Alexandrië se geskrifte (Stromateis 1, 7, 38) waar hy praat van „die Skrifte”, „derhalwe sê die Skrif,” naamlik Ps. 119, en in dieselfde verband sê hy: „So sê Clemens, as hy in die brief aan die Korinthiërs . . . uiteensit”. Dan haal hy duidelik hier aan die Eerste Brief van Clemens van Rome. Duidelik toon hy dus dat die Kerk nog nie duidelik en finaal die Clemensbriewe uitgesluit het uit die Nuwe Testament nie. Baie treffend nogal begin hierdie eerste brief van Clemens: „die gemeente Gods wat vreemdeling is in Rome

(Clemens skrywe uit Rome) aan die gemeente Gods wat vreemdeling is in Korinthe”.

Geen wonder dat so 'n brief wat so mooi begin, en van die hand is van 'n leerling van die Apostels, vir 'n tyd deur manne soos Clemens van Alexandrië nog nie duidelik en finaal verwerp was nie.

DIE BRIEF VAN BARNABAS.

Hierdie Brief begin met die woorde: „Wees gegroet, seuns en dogters, in die Naam van die Here wat ons liefgehad het in vrede,” en eindig met hoofstuk 21 met die woorde: „Vaarwel, kinders van die liefde en die vrede, die Heer van heerlikheid en van alle genade is met u gees”.

Ons het hierbo gesê dat van die geskrifte van die Apostoliese vaders daar veral drie is wat vir 'n tydlank apostoliese gesag gehad het, asof dit geïnspireer was. Hierdie brief van Barnabas is die tweede. Dit staan onder die naam van Barnabas, die reisgenoot van Paulus, maar dis so goed as seker dat die skrywer 'n ander Barnabas was, en wel 'n man van Egipte. Hierdie brief het ook groot invloed gehad onder die Christene van Alexandrië, en geen wonder dat Clemens van Alexandrië dit ook aanhaal asof hy dit as apostolies beskou het. As hy skryf: „derhalwe sê die Apostel Barnabas”, dan haal hy hier duidelik die brief van Barnabas aan.

Ons het hierbo gesê dat een van die oudste afskrifte van die Nuwe Testament die welbekende Codex van Alexandrië is, en dat die Briewe van Clemens van Rome daarin voorkom. Nou is daar 'n ander ou afskrif van die Griekse Nuwe Testament wat nie so lank gelede nie op wonderlike wyse ontdek is in 'n klooster op Sinai. Hierdie afskrif gevind op Sinai, word gewoonlik genoem

Die Codex van Sinai. As u nou die lys van geskifte nagaan wat op hierdie Codex van Sinai voorkom as behorende tot die Griekse Bybel, sal u onder aan die Boek Openbaring van Johannes die naam bygevoeg vind van hierdie brief van Barnabas. Hieruit sien ons dat ook die Brief van Barnabas in die begin deur sommige leiers, soos Clemens en die afskrywers van die Codex van Sinai, nog nie duidelik uitgesluit was uit die Nuwe Testament nie.

DIE HERDER VAN HERMAS.

Dit is die derde van die drie hierbogenoemde Apostoliese geskifte. Dit is 'n merkwaardige geskrif, en ons besit dit nog vandag in sy volle teks. Die naam Hermas vind ons in Rom. 16: 14. So het sommige uit die outyd tot die konklusie gekom dat Hermas van Rom. 16: 14 dit geskryf het. Dit is egter verkeerd; wie die skrywer is, weet ons nie. Die eerste wat hierdie fout begaan het, was die groot Origenes. Hy het 'n kommentaar geskrywe oor die Brief aan die Romeine, en hierin vind ons sy woorde oor Rom. 16: 14, nl.: „ Ek veronderstel dat hierdie Hermas die skrywer is . . . van die Herder”, en dan voeg hy ook nog hierdie merkwaardige woorde by: „'n geskrif wat ek veronderstel geïnspireer is”. Dus het selfs Origenes dit as geïnspireer beskou en dus ook almal wat hom as geestelike leidsman aangeneem het. Behalwe deur Origenes, word dit nog deur 'n ander ou geskrif genoem „goddelike geskrif”. Buitendien vind ons dit ook op die Codex-van-Sinai-afskrif van die Nuwe Testament. Moontlik het ook Clemens van Alexandrië dit beskou as „heilige geskrif” as hy daarvan sê: „immers ook die Herder, die Engel van die Bkering, sê vir Hermas”. Dit is dus verstaanbaar dat ook hierdie

boek in die begin die Christene moeilikheid gegee het toe hulle tot die keuse van ons 27 moes kom.

DIE BOEK DIDACHE (LEER).

Eer ons hierdie stuk afsluit, net 'n woord oor hierdie geskrif, ook „die Leer van die Twaalf Apostels” genoem, wat 'n vertaling is van die Griekse naam wat verkort word in „Didache”. Die geskrif sal omtrent so groot wees as Paulus se Brief aan die Galate. Dit was vir sowat 1800 jaar vir die Kerk verlore, totdat in 1883 dit ontdek is in goeie leesbare toestand in 'n klooster in Konstantinopel, sodat dit nou ook in 'n Nederlandse vertaling hier op my tafel lê. Hoewel dit as geskrif verlore was, tog het die Kerk daarvan geweet, soos ons sien uit die ou geskrifte. Dit word by voorbeeld aangehaal in die hierbogenoemde brief van Barnabas en die Herder van Hermas. Die feit dat dit aangehaal word in die brief van Barnabas en die Herder van Hermas, bewys vir ons twee belangrike feite, naamlik dat dit ouer is as die twee geskrifte wat dit aanhaal en dus 'n baie ou geskrif moet wees; en die tweede feit is dat dit deur Barnabas en Hermas sekerlik in hul tyd beskou is as 'n geskrif van gesag. Buitendien moet ons daarop let dat die meergenoemde Clemens van Alexandrië dit beskou het as „Heilige Skrif”. As Clemens wat in Egipte die leiding op Christelike gebied gegee het, dit beskou as „Heilige Skrif”, dan is dit duidelik dat die Kerk van Noord-Afrika dit ook gelees het as sodanig. Moontlik het die skrywer ook in Egipte gewoon. Maar nie alleen Clemens van Alexandrië nie, maar ook die groot Origenes van Egipte het van die Didache geskryf as „Heilige Skrif”.

DIE KEUSE NOG MOEILIKER.

So sien ons dat daar in die begin van die Christelike Kerk 'n groot Christelike letterkunde was wat baie geskifte bevat het behalwe die 27 Boeke van ons Nuwe Testament. Uit hierdie groot getal moes die Kerk dus kies watter die Nuwe Testament sou uitmaak. Wat die keuse nog moeiliker gemaak het, was die feit dat die Christendom uit baie nasies en uit baie tale bestaan het en in verskillende lande ver van mekaar versprei was en gewoon het. Dit was nie so met die Ou Testament nie. Toe het Gods Kerk net uit een nasie bestaan, naamlik die Joodse nasie. Die Christendom was in Noord-Afrika, met sulke belangrike groot sentra as Kartago en Alexandrië as hoofstede. Dit was in Asië in Palestina met Jerusalem, in Sirië met Antiochië, in Klein-Asië met Efese as sentra en hoofstede. In Europa was dit in Griekeland met stede Korinthe en Athene, in Macedonië met die stad Filippi, in Italië met Rome as sentra en hoofstede. Nog meer, elke sentrum het sy eie geestelike leidliede gehad, wat so goed as nooit met die ander daar ver in aanraking kon kom nie weens gebrek aan kommunikasie. Daar was geen kans vir die aparte Kerke om 'n Sinode te hou om eenstemmighied te bereik nie. Dis bekend dat die eerste Sinode eers in die jaar 323-325 gehou is in Nicea, en toe was die onderwerp nie watter geskifte die Nuwe Testament moes uitmaak nie, maar wel die kettery versprei deur Arius. Geen wonder dus dat die vasstel van die Kanon van die Nuwe Testament tyd gevat het nie.

III

GETUIENIS VAN DIE OU CHRISTELIKE
SKRYWERS

ONS het gesien hoe dit gegaan het met die keuse van die boeke van die Ou Testament. Geen Sinode of kerklike liggaam of kerklike leier het dit met geweld vasgestel en vir Gods volk bevel gegee en gesê: „Hierdie boeke is die Kanon van die Ou Testament, en hierdie boeke alleen mag en moet julle beskou as Gods Woord en die andere nie”.

Presies so was dit ook met die Kanon van die Nuwe Testament. Geen Sinode van die Christendom het as 'n wetsbepaling vasgestel dat die Nuwe Testament moes bestaan uit net ons 27 boeke nie. Die eerste groot Sinode wat gehou is nadat Johannes as skrywer die Nuwe Testament gesluit het, was dié van Nicea in 325, en hierdie Sinode het die aandag aan 'n ander saak gegee. Wat die latere Sinodes tot op die Sinode van Kartago in die jaar 397 gedoen het, was eweas die van Jamnia in 90 na Christus net om sanksie te gee aan die keuse wat toe alreeds deur die Christendom gedoen was. Hulle het net met sekerheid vasgestel dat die Christendom ons 27 boeke gekies het as die Tweede deel van Gods Woord, en die Nuwe Testament geag het as Gods Woord naas die Ou Testament, en dat die keuse reg was, en dat die Christen nou vir altyd die Kanon van die Nuwe Testament moes beskou as afgedaan.

DIE EERSTE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT—VIER
EVANGELIES.

ONS het gesien dat die eerste Kanon van die Ou Testament die vyf boeke van Moses was. Net so kan

ons sê dat die eerste Kanon van die Nuwe Testament die Vier Evangelies was. Dit het so natuurlik gekom. God lei ons gewoonlik van stap tot stap. Die eerste Christene het as vanself gevoel dat as die woorde en toesprake van Moses, en die vyf boeke van Moses, so belangrik is dat dit Gods Woord is, hoeveel te meer is die woorde en toesprake en werke van Christus en die vier boeke wat dit beskrywe, nie eweso Gods Woord nie! Toe die eerste Christene by hierdie gedagte gekom het, was die eerste groot stap gedoen om naas die Ou Testament nog 'n Nuwe Testament te stel as Gods Woord. Hierdie vier boeke is ons vier Evangelies. Die vier Evangelies dan, kan ons sê, was die „Eerste Nuwe Testament” wat die Christelike Kerk gehad het.

WANNEER?

Dis moeilik om presies te sê wanneer dit gebeur het. Ons kan egter tenminste met sekerheid aantoon, wanneer in die geskrifte van die eerste Christene die geskrifte Mattheus, Markus, Lukas en Johannes die *Naam* gekry het van „Evangelies” of selfs van „die Evangelie.” Voor ons lê die geskrifte van die ou Apologete (Verdedigers).

Hierdie manne, Apologete genoem, bring ons terug in die tyd toe die vervolging vanaf Nero tot later gewoed het. Dit is dus geen wonder nie, dat in die tyd van daardie vervolgings manne opgestaan het om die Christene in hul geskrifte teenoor die vervolgers te verdedig. Onder hierdie Apologete is seker die ver naamste die groot Justinus, die martelaar.

JUSTINUS, DIE MARTELAAR.

Hy is gebore omtrent die tyd toe Johannes die Nuwe Testament gesluit het of toe Johannes gesterwe het,

dus sowat die jaar 100. Van nature was hy 'n filosoof van aanleg, sodat hy sowel „ wysgeer ” as „ martelaar ” genoem word. Nadat hy vir 'n lang tyd na lig en vrede gesoek het by die ou filosowe, soos Plato en andere, het hy in Efese in die regering van Keiser Antonius Pius 'n Christen geword.

Van sy bekering vertel hy self in een van sy werke, „ Die Samespraak met die Jood Trypho ”. Hy vertel dat, toe hy eendag vir stilte gaan wandel het by die seekus, 'n ou man hom ontmoet het wat vir hom gelei het van Plato na Christus. Lees sy eie woorde in hoofstuk 1 van genoemde werk: „ terwyl ek in die vroeë môre in die omgange van Xystus (sport-terrein van Efese) gaan wandel het, het iemand vir my ontmoet en vir my gesê: Gegroet, wysgeer! en sodra hy dit gesê het, draai hy om en loop met my saam ”. En in die gesprek wat hierop gevolg het, sê die ou man uiteindelik vir Justinus: „ Bid dat voor alles aan jou die poorte van die lig mag geopen word, want die waarheid van die openbaring is nie verstaanbaar nie, behalwe vir hom aan wie God en Sy Christus dit gee op te begryp ”.

So het hy dan tot bekering gekom en het hy in Rome omtrent die jaar 140-150 sy drie groot werke geskrywe: „ eerste en tweede Apologia ” en „ Samespraak met die Jood Trypho ”.

Sy „ eerste en tweede Apologia ” of „ Pleitrede vir die Christene ” het hy geskrywe aan Keiser Pius om die onskuld van die Christene aan te toon, en die onreg om hul te straf net omdat hul Christene genoem word. So skryf hy aan die keiser: „ Immers, u straf tog niemand voordat sy skuld oortuigend bewys is nie. Waarom maak u dan met ons 'n uitsondering deur die naam as bewys vir ons skuld te neem! Want ons

beskuldiging is dat ons Christene is". (Ap. 1, C 4). In hoofstuk 66 van hierdie „Pleitrede" lees ons die belangrike woorde oor ons vier Evangelies: „want die Apostels het vir ons oorgelewer in hul geskifte wat evangelies genoem word".

Hier tref ons vir *die eerste maal* in die Christelike letterkunde aan die naam „Evangelies" vir die geskifte van Mattheus—Johannes. Dus het in hierdie tyd nie alleen die Christene, soos Justinus nie, maar ook die heidene, soos die keiser, die boeke Mattheus—Johannes geken as „Die Evangelies".

DIE WOORD „DIE EVANGELIE".

Maar het die Apologete moes skrywe aan die Romeinse Keiser om die Christene teen die heidene te verdedig, so het hul ook met Joodse vervolgers te doen gehad. So het ontstaan ook Justinus se groot werk, sy „Dialog" of „Samespraak met die Jood Trypho", wat hier op die tafel lê. Dit het nie minder as 142 hoofstukke nie. In hierdie samespraak sien ons dat Trypho, die Jood, bekend was met die verhale van Christus se lewe, en hul in die enkelvoud, „evangelie", genoem het. „Ook weet ek dat die voorskrifte in u sogenoemde *evangelie* so wonderlik is," het Trypho gesê (hoofstuk IV). Nog duideliker lees ons in hoofstuk 100 dat ook Justinus self die woord „Evangelie" in die enkelvoud gebruik vir ons evangelieboeke: „dog ook in *die evangelie* staan geskrywe". Dus was die uitdrukking „die evangelie" in daardie tyd al gebruiklik vir die vier boeke wat handel oor Christus se lewe en het selfs 'n Jood as Trypho geweet wat dit beteken. Maar ons kan nog 'n ander belangrike bewys gee uit 'n belangrike boek van daardie tyd. Dit was in Grieks genoem:

DIE „DIATESSARON”.

Eers 'n paar woorde oor die skrywer van hierdie belangrike boek. Sy naam was Tatianus. Hy was 'n bekende en ook 'n volgeling van die bogenoemde Justinus, die Martelaar. Waarskynlik was hy 'n Assiriër en goed bekend met die Griekse taal, vandaar dat hy sy boek die Griekse naam „Diatessaron” gegee het. Voor hy by die Christene aangesluit het, was hy 'n man van betekenis in heidense kringe. Eweas sy vriend Justinus, het hy seker 'n tydlang in Rome gewoon. Sy Christendom was egter nie ortodoks nie. Hy het ooreenkoms gehad met die gnostieke. Tog het hy groot roem verwerf as verdediger van die Christendom, en so word sy naam ook genoem onder „Die Apologete”, en lê voor ons sy „Apologia” of sy „Rede tot die Grieke”—'n werk van 42 hoofstukke. Dit is al werk van Tatianus wat ons vandag nog het in sy volle teks. In hierdie werk beveel hy aan en verdedig hy die Christendom en bestry hy die heidendom. Hierdie „Rede” van hom is gehou tot die Grieke by die opening van 'n leerkursus wat hy wou stig in die Ooste in Sirië. Hy begin met die woorde: „Wees nie so seer vyandig gesind jeens die barbare nie, o Griekse manne! en wees nie nydig teen hul leerstukke nie”. Onder „barbare” bedoel hy almal wat nie Grieke is nie en sluit hy in besonder die Christene in. Hy eindig sy boek met te verklaar dat hy met die Griekse filosofie en wetenskap bekend is, en dan sluit hy sy rede met die woorde: „en owerigens, daar ek weet wie God is, en dat die Skepping van Hom is, stel ek my bereid om in u belang die leerstukke te ondersoek”. Hy bedoel die „leerstukke” van die Christendom.

Nou behalwe hierdie „Rede tot die Grieke” het hy ook ’n boek geskrywe wat vir ons verlore geraak het, nl. die bogenoemde „Diatessaron”. Letterlik beteken hierdie naam „deur vier” of „die Evangelie deur vier”. Hierdie „Diatessaron” of „die Evangelie deur vier” werp baie lig op ons vier Evangelies. Dit is geskrywe deur Tatianus omtrent die jaar 160 na Christus, en in hierdie boek het hy probeer om ons vier Evangelies saam te vat en net een evangelieboek daarvan te maak, vandaar die naam Diatessaron.

Hierdie boek, sê ons, het vir ons verlore geraak, behalwe enkele stukke (fragmente), een waarvan hier voor ons lê. Ons gee ’n paar reëls hiervan.

’N FRAGMENT.

„Toe het Jesus van Galilea na die Jordaan na Johannes gekom om deur hom gedoop te word. Matt. 5: 13.

En Jesus was omtrent 30 jaar oud en was veronderstel die Seun van Josef te wees. Luk. 3: 23, 24.

Nou het Johannes vir Jesus na hom toe sien kom en gesê: daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Joh. 1: 29”.

So gaan dit aan. Hieruit sien u hoe dit ’n samevatting was van die vier Evangelies.

Die eerste man wat ons van hierdie werk vertel en dit by name noem, is die ou geskiedskrywer Eusebius. „Tatianus, ek weet nie hoe nie, het ’n sekere samevatting en byeenbrenging van die vier evangelies opgestel en dit Diatessaron genoem” (Eus. IV). Let op, Eusebius noem dit ’n „Samevatting” van die Evangelies. Hierdie boek was so belangrik, dat Eusebius gesê het dat dit in sy tyd, 200 jaar nadat dit geskrywe was, nog in gebruik

was. Sekere biskop na die tyd van Eusebius vertel ook nog verder dat hy 200 kopieë hiervan in sy gemeente gekry het, en dat dit gebruik was in plek van ons Vier Evangelies. „Tatianus het ook saamgestel die vier Evangelies genoem die Diatessaron. . . . En ek het self ook nog meer as 200 kopieë hiervan gekry in ons kerke (in Sirië) . . . ek het hul opsy laat sit en in hul plek ingevoer die Evangelies van die vier evangeliste”, het die biskop geskrywe. Ja, so belangrik was hierdie boek, dat die geleerde Ephraemus, die Siriër, ’n kommentaar hieroor uitgegee het in die jaar 373. Hierdie Kommentaar het ons gelukkig nog, en hieruit kan ons sien, b.v. dat die Diatessaron begin het met Joh. 1: 1.

Nou wat beteken hierdie boek vir ons doel? Dit, dat so vroeg as die jaar 160 die eerste kanon van die Nuwe Testament, nl. die vier Evangelies, al goed bekend was, en die vier Evangelies al uitgekies was uit al die ander Evangelies. Ja, dat ons vier Evangelies so goed bekend was, dat ’n leier soos Tatianus probeer het om hul te verwerk in een Evangelieboek. „Dit is die eerste duidelike bewys dat daar vier verhale oor Jesus se lewe was, waarvan die gesag uniek was”. (*Hastings se Woordeboek*).

IV

OU CHRISTELIKE SKRYWERS NOGEENS

DIE BRIEWE VAN IGNATIUS.

HY was een van die Apostoliese Vaders wat so genoem word, omdat hul die Apostels geken het en met hul gepraat het en hul leerlinge en opvolgers was. Nou

het ons van Ignatius 'n bundel van sewe briewe. Ignatius was biskop van Antiochië, en hy gaan nou na Rome om daar die marteldood te gaan sterwe. Op weg na Rome skryf hy sy sewe briewe. Onder hierdie sewe briewe val sy brief aan die gemeente van Filadelfia. In hierdie brief sal u sien dat hy die woord „Ewangelie” gebruik. Dit is wat hy geskryf het: „My broers, uitermate verheug versterk ek u, egter nie ek nie, maar Jesus Christus in wie ek gebonde” (as martelaar na Rome) „te meer vrees, omdat ek nog onvolmaak is. Maar u gebed tot God sal my volmaak, opdat ek die lot waarmee ek begenadig word, mag verwerf” (hy bedoel om te sterwe as martelaar), „my toevlug soek by die ewangelie . . . Maar ook die profete moet ons liefhê, omdat hul met die oog op die ewangelie gepreek het.”

Hier verwys hy dus die gemeente van Filadelfia nie alleen na die profete en hul geskifte nie, maar ook na die geskifte wat „*die Ewangelie*” van Jesus beskrywe het. Dit is 'n baie belangrike bewys. Ons het tevore daarop gewys dat in die jaar 100 die Bybel van die Christene nog net die Ou Testament was. As ons nou kan aantoon dat spoedig na die jaar 100 die Christelike leraars en skrywers al begin het om naas die boeke van die Ou Testament ook sommige van die Nuwe Testament te sit as gelykstaande met die Ou Testament, dan is dit bewys van die kanonisiteit van sulke geskifte. Nou is dit seker dat Ignatius die marteldood gesterf het tussen die jare 107 en 117. Dit beteken dan, dat so gou na die jaar 100 as die jare 107-117 hul al van die Ewangelies gepraat het as die gelyke van die profete se geskifte, en dat hul beskou is as deel van Gods Woord.

GODS WOORD GELEES IN GODS HUIS.

Ons lees in die Evangelies dat, toe Jesus op die Sabbatdag in die sinagoge in Nasaret was, hul vir hom gegee het om te lees die boek Jesaja. Dit bewys vir ons dat hul in Jesus se dae dieselfde gebruik gehad het wat tot vandag toe nog die gebruik is in Gods Kerk, om naamlik op Gods dag in die godsdiensoefeninge Gods Woord te lees. Ons sien ook, soos hier in die sinagoge, dat die eerste Christene, as hul vir godsdiensoefeninge bymekaar gekom het, in die begin net die Ou Testament alleen gelees het as Gods Woord. Maar vandag lees die Kerk van Christus oor die hele wêreld as Gods Woord ook die Nuwe Testament. Wanneer het dit begin? Dit moes op een of ander tyd begin het. Kan ons nou uit die geskiedenis en uit die geskifte aantoon, wanneer die leraars begin het om b.v. die vier Evangelies naas die Ou Testament te lees in Gods huis, dan het ons dadelik 'n bewys dat hul die Evangelies opgeneem het as Gods Woord. Ons het hierbo gesien dat in die Kerk in Sirië, in die Ooste, die boek Diatessaron die plek ingeneem het van die Vier Evangelies. Dit kan ook aangetoon word dat hierdie Evangelieboek, Diatessaron, in die Kerk gelees is naas die Ou Testament as Gods Woord. Dit is dus 'n duidelike bewys dat in daardie dae van die Diatessaron, dus in die jaar 160 na Christus, die Vier Evangelies al 'n plek ingeneem het naas die Ou Testament as Gods Woord. Die Evangelieboek, die Diatessaron, sou nooit as sodanig gebruik gewees het nie, as dit nie was, omdat die Evangelies waaruit hy saamgestel was, so in Gods huis gelees is nie.

Hiervan het ons egter gelukkig nog 'n baie duideliker bewys in die reeds genoemde geskrif van Justinus die

Martelaar wat die marteldood gesterf het in omtrent die jaar 163. In sy „Apologie” of „Pleitrede” vir die Christene wat hy aan Keiser Pius geskrywe het, lees ons in hoofstuk 67: „Op die dag wat hul Sondag noem, kom die mense van alle kante van stad en land bymekaar, terwyl dan die Gedenkskrifte *van die Apostels* of die Geskrifte van die Profete gelees word vir sover dit in die godsdiensoefening pas”. Dit is presies wat elke Sondag in ons Kerk gebeur. Wat Justinus hier „die Gedenkskrifte van die Apostels” noem, is niks anders as die Vier Evangelies nie. Hier sien ons duidelik dat die Evangelieboeke in Gods huis gelees is naas die Profete.

So sien ons dan dat die geskrifte Mattheus, Markus, Lukas en Johannes, die eerste vier van die Nuwe Testament, nie alleen „Evangelies” of „Evangelie” genoem is nie, maar ook in die ou Christelike Kerk in Gods huis gelees is as Gods Woord. Maar ons kan nog verder gaan en aantoon dat die Vier Evangelies beskou is as „Heilige Skrif” en so genoem is.

„DAAR IS GESKRYWE”.

Ons weet dat die Heiland met Sy versoeking vir Hom teenoor Satan op die Ou Testament beroep het met die woorde: „daar is geskrywe”. By ander geleenthede het Hy na die Ou Testament verwys as „Die Skrifte”. “Ondersoek die Skrifte” het Hy gesê. So word ook dwarsdeur die Nuwe Testament die Ou Testament beskrywe as „Die Skrifte”. Hierdeur is te kenne gegee die geloof in die Ou Testament as Gods Woord.

Maar nou word al vir eeue en eeue in die Kerk van Christus oor die hele wêreld op dieselfde wyse die Nuwe Testament beskrywe en behandel as „die Skrifte”, of „daar is geskrywe”. Met die oog op

die Vier Evangelies moet ons nou uit die ou geskifte aantoon, wanneer dit vir die eerste maal gedoen is. Dit moes tog op 'n seker tydstip 'n begin gehad het. Kan ons aantoon wanneer dit vir die eerste maal gedoen is, dan weet ons dat in daardie tyd die Vier Evangelies al beskou is as Gods Woord naas die Ou Testament. Eusebius, die ou geskiedskrywer van die jaar 300, haal aan 'n brief van Dionysius, die biskop van die Korinthiërs. Hierin sien ons dat die biskop skrywe: „Dit is dus nie te verwonder nie dat sommige hul op *die Geskifte* van die Here gewerp het nie”. Hier noem hy wel nie duidelik die Vier Evangelies nie, maar hul is sekerlik inbegryp in sy bedoeling.

Maar ons kan veel verder terug gaan. Ons het reeds hierbo aangehaal dat Justinus in 150 vir die Jood Trypho gesê het: „dog ook in die Evangelie staan geskrywe”.

Maar ons kan nog 'n belangriker getuie oproep as Justinus, naamlik.

CLEMENS, DIE APOSTOLIESE VADER.

In 'n vorige stuk het ons aangetoon dat Clemens twee briewe geskrywe het wat in die ou Kerk deur sommige beskou is as geïnspireerd. Sy tweede brief is geskrywe in die jaar 150. Hierin lees ons duidelik dat Clemens die Evangelies ewe goed as Heilige Skrif beskou het as b.v. die boek Jesaja. Ons lees b.v. dat hy skrywe in paragraaf 2: „Want Hy sê: jubel, onvrugbare wat nie gebaar het nie”. Nou weet ons almal dat Clemens hier vir Jesaja 54: 1 aanhaal. Maar nou volg 'n paar reëls verder hierdie merkwaardige woorde: „en 'n ander plek in die Skrif sê: Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars”. Hier haal hy duidelik die Evangelies Mattheus, Markus en Lukas aan. „Het

Evangelie is voor onze schryver even goed Heilige Schrift als het Oude Testament", sê iemand hier tereg.

BARNABAS.

Maar nou kan ons nog 10 jaar verder teruggaan en aantoon dat die apostoliese vader Barnabas van omtrent die jaar 140 in sy brief vir Matt. 22: 14 en 20: 16 aanhaal as „Heilige Geskrif” met die woorde: „gelyk geskrewe staan”. Dit vind ons in paragraaf 4 van sy brief.

Hier spreek Barnabas presies op dieselfde wyse van Mattheus se Evangelie as wat hy spreek van die boeke Exodus, Deuteronomium en Jesaja. Hy skryf b.v.: „Want die Skrif sê: En Moses was op die berg, en hy het veertig dae gevas”. Dit vind ons in Ex. 31: 18. 'n Weinig verder lees ons: „Want so spreek die Here: Moses, Moses, daal spoedig af, want jou volk wat jy uitgelei het, het die wet oortree.” Hier haal hy aan Deut. 9: 12.

'n Paar reëls verder skryf hy weer: „Want die Skrif sê: Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is.” Hier haal hy Jes. 5: 21 aan. Maar 'n paar reëls verder lees ons hierdie belangrike woorde: „gelyk geskrewe staan: vele is *geroepenes* maar {weinig *uitverkorenes*”. Hierdie woorde ken ons uit Mattheus se Evangelie.

Hierdie getuienis vir die kanonisiteit van die Evangelies is baie belangrik. Hierdie brief van Barnabas gee vir ons die *eerste geval* waar 'n boek van die Nuwe Testament aangehaal word as „Heilige Skrif” (Hastings se woordeboek).

KONKLUSIE.

Ons kom dan tot die konklusie, dat ons vier Evangelies in die middel van die tweede eeu, dit is

50 jaar na die dood van Johannes, of 50 jaar nadat die Nuwe Testament klaar geskrywe was, al as Gods Woord beskou is naas die Ou Testament.

v

HOE DIE KEUSE VAN DIE 27 KANONIEKE BOEKE GEDOEN IS

ONS het gesien in die vorige stuk dat die Vier Evangelies van die Nuwe Testament die eerste van die 27 Boeke van ons Nuwe Testament was om deur die Kerk aanvaar te word as Gods Woord naas die Ou Testament. Ons het hul genoem:—

DIE EERSTE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT.

Maar ons weet as Christene wat die Bybel, en by name die Nuwe Testament, liefhet en dus lees, dat die Nuwe Testament nie eindig met die Vier Evangelies nie. Ons weet dat daar nog 23 ander boeke is, van die Boek Handelingte af tot op die Boek Openbaring. Dit beteken dat ons nou weet dat die ontstaan van die Kanon van die Nuwe Testament na die jaar 150 n. Chr., toe die Vier Evangelies gekies was, nie stilgestaan het nie. Dit het gegroei.

ONS wil nou probeer aantoon dat die Heilige Gees die Kerk gelei het om in die loop van tyd uit die ganse Christelike letterkunde nog 23 ander boeke te kies en te aanvaar as Gods Woord. Ons sal sien dat dit nog eeue geduur het.

DIE TWEDE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT.

Die aandagtige leser sal hom herinner dat in die behandeling van die Kanon van die Ou Testament ons aangetoon het dat die aanvaarding van die hele Ou Testament ook eeue geduur het, en dat dit kan verdeel word in Drie Dele, of Drie Kanons. So het ons gesprek van die Eerste Kanon van die Ou Testament. Dit is die Vyf Boeke van Moses. Dan het ons ook gesprek van *Die Tweede Kanon van die Ou Testament*. Net so kan ons ook nou praat van die *Tweede Kanon van die Nuwe Testament*.

DIE APOSTELS NEEM DIE PLEK IN VAN DIE PROFETE.

Die leser sal onthou dat ons gesê het dat die Christene van die eerste eeu en 'n half as vanself gevoel het dat, as die woorde, die geskifte van Moses, en die boeke wat sy leeftyd beskrywe, nl. wat ons gewoonlik noem „die Vyf Boeke van Moses”, Gods Woord uitgemaak het, dan moes ook, en nog te meer, die boeke wat Jesus Christus se Woorde, Werke en Leeftyd beskrywe, „Gods Woord” uitmaak. Het Christus Jesus nie gesê dat Hy meer is as Moses nie! So het ontstaan „die Eerste Kanon van die Nuwe Testament”. Ons het ook gesien dat die Ou Kerk daarna gelei was om te voel dat, as die Boeke van Moses „Gods Woord” was, dan seker ook daardie Boeke wat die werke van die Profete beskrywe. So het gebore geword „*die Tweede Kanon van die Ou Testament*”. Dit was die Profetiese Boeke van die Ou Testament.

Maar nou sal ons sien dat iets soortgelyks plaasgevind het in die Christelike Kerk. Dit is, die Christene van die eerste twee eeue het as vanself gevoel dat, as die boodskappe en prediking en boeke oor die Profete,

„Gods Woord” uitmaak naas Moses se Vyf Boeke, dan net so die geskrifte van die Groot Apostels van die Nuwe Testament. So is „die Tweede Kanon van die Nuwe Testament” gebore. Die Apostels het in die plek getree van die Ou Profete.

As ons nou die ou geskrifte van die Christelike Kerk raadpleeg, sal ons sien dat hierdie „Tweede Kanon van die Nuwe Testament” gebore is in die jaar 200–220 na Christus. D.w.s. dit het die Kerk na 150 n. Chr. nog minstens 50 jaar geneem om seker te wees dat, behalwe die Vier Evangelies, die Nuwe Testament as „Gods Woord” nog 16 ander boeke bevat. Hierdie 16 ander boeke was die groot historiese boek wat handel oor die geskiedenis van die Apostels, nl. die boek Handeling, die 13 groot Briewe van die Apostel Paulus, die groot Eerste Brief van Johannes en die Eerste Brief van die Apostel Petrus.

Dit beteken dat daar nog onsekerheid was in die Kerk omtrent die 7 orige boeke van die Nuwe Testament.

Die ou Christelike geskrifte toon verder ook aan dat daar nie alleen nog onsekerheid was omtrent die kerklike opname van die 7 orige boeke van die Nuwe Testament nie, maar ook omtrent die nie-aanname of verwerping van sekere ander boeke wat ons weet wat vandag nie tot die Nuwe Testament behoort nie, soos b.v. die Twee Briewe van Clemens van Rome, die Brief van Barnabas. Dit moes wag vir ’n later tyd, en dit het ook nog meer as honderd jaar geneem.

KONKLUSIE.

Ons kom dan tot die konklusie in die woorde van ’n seker skrywer:¹ „Sowat in die jaar 200 n. Chr. is die

¹ Paterson Smyth: „Our Bible in the making”.

posisie van die Nuwe Testament feitlik vasgestel; al die vernaamste boeke van die Nuwe Testament word oral ontvang as heilige skrif. Wat hul betref, sluit die diskussie (dit is die 4 Evangelies en die 16 boeke hierbo genoem). Al wat nou nog oorbly om bestudeer te word, is die langsame ontstaan van die grenslyn. Daar is 7 kleinere boeke: Jakobus, 2 Petrus, 2, 3 Johannes, Judas, Hebreërs en Openbaring wat in sommige kerke aangeneem en gebruik was, maar nog nie in die Hele Kerk nie. Daar is ook 'n paar Apokriewe boeke wat nog onseker was en deur sommige as Heilige Skrif beskou was. Dit was Clemens, Barnabas en Hermas wat almal later uitgesluit is uit die „Heilige Skrif”.

Ons sal nou aantoon uit die ou Christelike Geskifte hoe dat daar in die jaar 200-220 n. Chr. sekerheid was met betrekking tot wat ons genoem het „die Tweede Kanon van die N. Testament”.

VI

DIE TWEDE KANON EN DIE OU CHRISTELIKE SKRYWERS

DAT daar sekerheid was omtrent die 16 boeke wat ons duidelikheidshalwe genoem het „die Tweede Kanon van die Nuwe Testament”, wil ons nou aantoon uit die geskifte van die Ou Skrywers.

DIE VERSAMELING VAN PAULUS SE 13 BRIEWE.

Onder hierdie versameling van sy briewe verstaan ons egter nog nie die kanonisasie of die Kerklike aanvaarding daarvan nie. Maar ons kan dit goed verstaan

dat, as Paulus meer briewe geskrywe het as die 13 van ons N. Testament, hierdie 13 dan eers as 'n bundel versamel moes geword het, eer hul as kanoniek kon aanvaar word. Hierdie versameling was die voorbereiding tot hul latere erkenning as „Heilige Skrif”.

WANNEER?

Wanneer hierdie versameling plaasgevind het, kan nie met sekerheid bepaal word nie. Wat ons seker weet is dat die boek Handelingte daar nog niks van geweet het nie, altans, Lukas maak daar geen melding van nie. Sommige skrifverklaarders meen dat die Boek Handelingte so laat as die jaar 80 eers geskrywe is. Dit beteken dan dat so laat as 80 n. Chr. daar nog nie 'n versameling van Paulus se 13 briewe was nie. Ons weet egter dat Polycarpus, die leerling van Johannes, in sy briewe tot driemaal toe die uitdrukking gebruik „soos Paulus leer”, 'n bewys dan dat hy hul geken het. Wat ons egter met redelike sekerheid kan sê, is dat hierdie versameling teen die end van die eerste eeu al moes geskied het. Dit wil sê dat, nadat hul versamel was, dit nog ruim 100 jaar geduur het, van die jaar 100 tot 200 n. Chr., voordat die Heilige Gees die hele Kerk laat voel het dat hulle „Heilige Skrif” is en van God ingegee is.

WIE?

Wie hierdie versameling gedoen het weet ons ook nie. Waarskynlik was dit die werk van een of ander gemeente.

WAAR?

Waar dit gedoen is weet ons ook nie. Skrifgeleerdes soos Harnack meen dat dit in Korinthe gedoen is. As

dit so is, dan het waarskynlik die gemeente van Korinthe dit gedoen.

HOE?

Hier moet ons maar gis, en die gissing is dat dit volgens Paulus se raad in Kol. 4: 16 is dat sy briewe in 'n bundel versamel is.

DIE „ APOSTOLOS”.

Vroeg in die 2e eeu was daar bekend in die Kerk die boek „ volumen Evangeliarium”, dit is, die „ evangelieboek”. Hierdie boek het bestaan uit kort stukke uit die evangelies om in die kerk te lees. Maar naas hierdie „ Evangeliarium” het daar later nog 'n ander boek gekom, „ Die Apostolos”.

Ons sien uit die brief van Ignatius aan Filadelfia wat hy op pad na Rome om die marteldood te ondergaan geskrywe het, dat hy van hierdie twee versamelings melding gemaak het: „ Maar u gebed tot God sal my volmaak, daar ek my toevlug soek by die Evangelie en by die Apostels”. Hy bedoel hierdie Twee Versamelings. So ook maak Tertullianus later van die boek „ Apostolos” melding in sy boek teen die ketter Marcion. Hy gebruik die woord „ Apostolos”. Nou, tot hierdie „ Apostolos”, soos die Ou Kerk dit genoem het, het behoort die 13 Paulus-briewe en ook die boek Handeling.

WAAROM DIE VERSAMELING?

Ons kan goed verstaan dat die Ou Kerk so'n versameling van Paulus se briewe gemaak het. Paulus was nie alleen teoloog en filosoof nie, maar hy was ook prakties. Hy het daeliks gesien wat die behoefte van die tyd was.

Uit hierdie behoefte is sy briewe gebore. Hy wou daarin lig werp op die vraagstukke van die tyd en veral in verband met die ketterye waarmee die jong gemeentes van sy tyd te doen gehad het, en die godsdienstige stryd oor die betekenis van die Ou Testament vir die Christene. So het die Ou Kerk te midde van stryd en ketterye behoefte gehad om van sy briewe 'n versameling te maak, en het hul dit toe gedoen. „Zoo wordt de Apostolos naast een dogmatisch, ook een levens- en een kerkelik boek. En overal waar men in den loop der eeuwen zich wilde verdedigen tegen wetsgodsdienst, tegen een godsdienst van de letter en van uiterlijke plechtigheden, greep men naar den Apostolos! Daardoor is de verzameling der Paulinische brieven het boek der *Reformaties* geworden”. (Obbink: Inleiding tot den Bijbel).

Behalwe hierdie rede was daar ook nog 'n ander rede vir die versameling van die briewe van die Apostolos. Dit was die feit dat daar baie valse geskifte verskyn het onder die name van die groot Apostels, sodat selfs Paulus in 2 Thess. 2: 1, 2 en Johannes in 1 Joh. 4: 1 teen sulke valse geskifte gewaarsku het. Nou kan ons goed verstaan hoe, as daar eers so 'n versameling van die Apostels se briewe gemaak was, die tweede stap maklik daarop moes volg, naamlik om die briewe van die versameling of van die boek „Apostolos”, te aanvaar as Gods Woord.

WIE WAS DIE EERSTE OM DIT TE DOEN?

God waak oor Sy Kerk. So het Hy Sy Ou Kerk hierin duidelik leiding gegee om Paulus se briewe as „Gods Woord” te ag. Dit het God gedoen in 2 verse in ons bybel, nl. 2 Petr. 3: 15 en 16. Dit is, die Heilige

Gees het hiertoe niemand minder gebruik as die Apostel Petrus nie. In hierdie 2 verse sien ons duidelik dat Petrus van Paulus se briewe skrywe as „ Skrifte”. Ons weet nou dat hierdie uitdrukking „ Skrif” of „ Skrifte” sowat 50-maal voorkom in die Nuwe Testament, en in al hierdie plekke word bedoel die Kanonieke boeke van die Ou Testament, die „ Woord Gods” van die Ou Testament. Dit is, Petrus sit hier Paulus se briewe naas die Ou Testament as skrifte van „ Gods Woord”. „ Dit is die eerste en vroegste getuienis van Paulus se briewe as deel van die Bybel”, skryf iemand tereg.

Nou weet ons dat Petrus as Apostel baie groot invloed gehad het in die Ou Kerk, en dat hierdie twee verse van Petrus deur die ou Kerk gelees en geken is. So kan ons goed verstaan hoe die eerste Christene gelei is om na verloop van tyd net soos Petrus Paulus se briewe te ag as „ Gods Woord”. Verder kan ons ook goed verstaan hoe hul daartoe gekom het om nie net Paulus se briewe nie, maar ook die groot briewe van Johannes en Petrus, naamlik 1 Johannes en 1 Petrus aan te neem as deel van die Bybel.

Ons het herhaaldelik gesê dat daar finaliteit was met betrekking tot die kanonisiteit van die 16 boeke teen die jare 200-220. Laat ons nou om dit te bewys 'n paar skrywers neem aan die begin van die 2de eeu, dit is kort na die jaar 100, en dan weer 'n paar neem teen die end van die 2de eeu, of teen die jaar 200. Die eerste getuie van kort na die jaar 100 wat ons oproep is:

DIE BRIEF VAN POLYCARPUS: BEGIN 2e EEU.

Polycarpus was 'n leerling van Johannes, die geliefde Apostel. Voor ons lê 'n boek van Irenaeus wat vir Polycarpus goed geken het, en vir Johannes ook. Hy

sê van Polycarpus: „Ook Polycarpus, wat nie alleen deur die Apostels onderrig was nie, en met vele wat die Christus gesien het, verkeer het.” Hierin sien ons dat Irenaeus vertel dat Polycarpus van die Apostels geken het. Verder sê Irenaeus ook: „Ek kan die plek aanwys waar die geseënde Polycarpus gesit het en geleer het, en hoe hy vertel het van sy gesprekke met Johannes en andere wat die Here gesien het”.

Hierdie Polycarpus was in lewe biskop van Smirna, die gemeente aan wie Johannes die brief in Openbaring geskrywe het. Hy het later die marteldood gesterwe.

Voor ons lê 'n brief getitel „De Marteldood van Polycarpus” waarin sy marteldood beskrywe word. Hier sien ons hoe die vyand tevergeefs geprobeer het om Polycarpus oor te haal om Jesus se naam te loën. Ons neem 'n paar uittreksels: „Ont sien u leeftyd . . . sweer by die genius van die Keiser, kom tot ander gedagtes”, sê hul vir hom. „Maar Polycarpus kyk met ernstige gelaat die ganse menigte van die heidene aan en spreek sugtend met sy blik na die hemel gerig. Maar toe die prokonsul aandring met die woorde: „Sweer en ek laat u los, smaad die Christus”, toe spreek Polycarpus: „Ses-en-tagtig jare dien ek Hom en in geen enkel opsig het Hy my ooit kwaad gedoen nie; hoe kan ek dan my Koning wat my gered het, beskimp? Ek is 'n Christen. As u die leer van die Christendom wil leer, gee my een dag en hoor!” Toe die Konsul nog probeer om hom oor te haal, sê hy: „Waarom draal u? Welaan, doen wat u wil.”

So het hy die brandstapel beklim, en toe hulle hom wou vasmaak, sê hy: „Laat my staan, want Hy wat my gee om die vuur te verdra, sal ook gee dat ek rustig op die brandstapel bly.”

Daar Polycarpus die bekende en geliefde biskop van Smirna was, het die gemeente van Filippi wat Paulus gestig het, hom versoek om aan hul 'n brief te skrywe om hul te leer en te vermaan.

Hierdie brief lê voor ons, en ons sien dat „ Talloze malen citeert hy N. Testamentische geskriften” as op gelyke voet met die O.T. Selfs skryf Polycarpus: „ Ek vertrou naamlik dat jy goed bekend is met die Heilige Skrifte. Alleen weet ek dat in hierdie Skrifte gesê word: Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie oor julle toorn ondergaan nie. Hier sien ons dat hy Ps. 4 : 5 en Ef. 4 : 26 aanhaal en van albei praat as „ Heilige Skrifte” en „ hierdie Skrifte”. Behalwe dat hy hier tot driemaal die woorde „ soos Paulus leer” gebruik, skryf hy ook: „ Nóg ek, nóg 'n ander wat my gelyke is, kan die wysheid van die salige Paulus wat aan julle briewe geskrywe het, navolg.” Paulus, weet ons, het 'n brief aan die Filip-pense geskrywe, en Polycarpus praat hiervan en van die ander briewe as „ heilige skrifte”. Hierdie aanhaling leer ons baie duidelik dat Polycarpus die Apostels se geskrifte op hoër peil as sy eie en die van sy tydgenote gestel het en op gelyke voet met die O.T. So 'n getuienis is baie belangrik.

Behalwe Polycarpus was daar uit hierdie tydperk twee ander groot manne van wie ons ook geskrifte het, nl. Ignatius van Antiochië en Clemens van Rome. Weens gebrek aan ruimte kan ons nie uit hul aanhaal nie; ons kan net daarop wys dat hul albei van Paulus se briewe skrywe asof hul dit beskou het as geïnspireerde skrifte. Ons lees by voorbeeld dat Ignatius skrywe: „Want daar staan geskrywe: God weerstaan die hoogmoediges.” Hier haal hy 1 Pet. 5 : 5 aan as Heilige Skrif.

Ignatius moes van Antiochië na Rome gaan om die

marteldood te sterwe, en so skrywe hy 'n brief aan Rome om die gemeente daar voor te berei vir sy koms. In hierdie brief skrywe die sterwende Ignatius: „Nie soos Petrus en Paulus beveel ek julle nie. Hul was Apostels. Ek is 'n veroordeelde”.

Van Clemens haal ons net aan, waar hy in sy brief aan die Korinthiërs duidelik verwys na Paulus se brief aan die Korinthiërs in die woorde: „Neem die brief van die salige Apostel Paulus. Waarlik op geestelike wyse het hy vir julle 'n brief geskrywe”. Let op die woorde „op geestelike wyse”. Hier sien ons dat ook Ignatius en Clemens vir die Apostels op 'n hoër peil stel as vir hulself.

Ons het die moeite gedoen om hierdie drie manne, Ignatius, Polycarpus en Clemens, se geskifte deur te lees, en ons sien dat hul dikwels al hierdie 16 boeke wat ons „die Tweede Kanon” noem, aanhaal. Die leser herinner hom dat ons gesê het, dat daar omtrent die oorblywende 7 boeke, nl. 2 Petrus, 2 en 3 Johannes, Jakobus, Judas, Hebreërs en Openbaring nog onsekerheid was in die jaar 200. Dit sien ons duidelik hier reeds in die begin van die tweede eeu.

Hierdie 7 boeke word selde deur hierdie drie ou skrywers aangehaal.

ONS SLOTSOM.

Ons kom dus tot die slotsom dat ons by hierdie drie ou Christelike skrywers van die begin van die tweede eeu sien dat:

- (a) Hul al die 16 boeke: Handelingte, Paulus se 13 briewe en 1 Johannes en 1 Petrus aanhaal en dus daarmee bekend was;

- (b) Hul selfs so ver gaan om van hul te skrywe as net sowel „Heilige Skrifte” as die van die Ou Testament;
- (c) Hul duidelik aantoon dat hul die geskifte van die Apostels op ’n hoër peil stel as hul eie geskifte.
- (d) Wat ook van belang is, is die feit, dat hierdie drie manne drie aparte wêrelddele verteenwoordig het, naamlik Rome, Smirna en Antiochië—dus het hul geskrywe as verteenwoordigers van die ganse Kerk die hele wêreld oor en het hul so die hele Christendom vertolk.

VII

DIE OU CHRISTELIKE SKRYWERS VAN DIE JAAR 200

ONS het nou stilgestaan by die drie ou skrywers van die begin van die tweede eeu. Laat ons nou sien hoe dat in 100 jaar se tyd, vanaf 100 tot 200, die Tweede Kanon gegroei het, deur te wys op wat die vernaamste skrywers van die jaar 200 of teen die end van die tweede eeu geskrywe het. Ons verwys hier weer kortliks na drie sulke manne, naamlik: Irenaeus van Suid-Frankryk, Clemens van Egipte en Tertullianus van Noord-Afrika.

IRENÆUS VAN SUID-FRANKRYK.

Hy was ’n baie groot man in die Ou Kerk. Hy word beskou as die eerste skrywer na die Apostels wat die naam verdien van „teoloog”. Die Ou Kerk het hom getel onder die „Confessore” of „Belyers”, dit is, onder die mense wat, hoewel hul nie self die marteldood gesterf het nie, tog hul belydenis van Jesus nie verloën

het nie. Hierdie titel van „Confessor” of „Belyer”, is ontleen aan die woord in Mattheüs 10: 32.

As jongeling het hy die martelaar Polycarpus geken en was hy selfs Polycarpus se leerling. Dit het ons gesien toe ons oor Polycarpus geskrywe het. Hy sê van sy ou leermeester: „Wat ek van hom gehoor het, dit het ek geskrywe, nie op papier nie, maar in my hart”. Ons het reeds aangehaal dat hy geskrywe het dat hy nog die plek kon aanwys waar Polycarpus gesit en onderwys gee het. Hy was later biskop in Suid-Frankryk en het gesterwe omtrent die jaar 202. Die vernaamste van sy werke is sy boek, „Teen die Kettters”. Hier, om net een voorbeeld te gee, lees ons in III. 7, dat hy dikwels van Paulus aanhaal, by voorbeeld, „ dat Paulus in 2 Kor. duidelik gesê het . . . ; ooreenkomstig die gewoonte van Paulus . . . ; want Paulus spreek . . . ”; ens. ens., en dan haal by hier aan die briewe van Paulus aan die Korinthiërs, Galate en Thessalonicense as „ Gods Woord”. Kortom, ons kan sê dat hy nie alleen die vier Evangelies nie, maar dat hy die 16 boeke waarmee ons nou te doen het, almal aanhaal as Gods Woord, behalwe die brief aan Filemon. In 11: 7 skryf hy duidelik: „ Al die skrifte roep uit. Ook Paulus”.

Dus tel hy duidelik Paulus se briewe onder „ Die Skrifte” wat „ uitroep”. As dit sy houding was teenoor Paulus, hoeveel te meer nie ook teenoor Johannes se briewe nie, omdat hy moontlik Johannes nog in lewê gesien het, en ’n leerling was van Polycarpus wat weer ’n leerling was van Johannes. Hy sê self dat hy dikwels Polycarpus hoor vertel het van Johannes.

Feit is dat die kettters teen wie Irenaeus sy boek geskryf het, die Gnostieke en Docete was teen wie ook Johannes geskrywe het in sy Eerste Brief.

Die aandagtige leser sal onthou dat ons gesê het dat daar teen die end van die jaar 200 onsekerheid was omtrent seker boeke, of hul verwerp moes word of nie. Dit sien ons duidelik selfs by die groot Irenaeus. Hy het die boek „die Herder” van Hermas aangeneem as geïnspireer. Hierdie informasie het ons te danke aan Eusebius, die groot geskiedskrywer. Dit sê Eusebius van Irenaeus: „Voorts ken hy (Irenaeus) nie alleen die geskrif van die Herder nie, maar aanvaar hy dit ook en sê: voortreffelik het ook die skrif gespreek wat sê. . . .” Dan haal Eusebius hier aan „Die Herder” wat Irenaeus die naam gee van „Skrif”, dit is Heilige Skrif.

CLEMENS VAN EGIPTE.

Ons het reeds in 'n vorige stuk iets meegedeel omtrent hierdie merkwaardige man wat teen die end van jaar 200 geskrywe het. Eusebius hierbo genoem het ook van hom geskrywe, en hieruit sien ons, asook uit Clemens se werke self, dat hy, behalwe die vier Evangelies, as Gods Woord aanvaar het al die 16 Boeke van ons Tweede Kanon, behalwe Filemon, wat hy uitlaat. Maar dan aanvaar hy ook enige van die 7 oorblywendes, waaromtrent egter in hierdie tyd nog nie eenstemmigheid was nie. Maar dit is van belang dat hy ook aanvaar het as geïnspireer die boeke wat Eusebius noem „die weersproke geskrifte”, nl. die briewe van Clemens van Rome aan die Korinthiërs, en van Barnabas, en die Herder, en die Openbaring van Petrus. „Hy het”, sê Eusebius omtrent Clemens, „van die geskrifte van die Verbond uiteensettinge gemaak, sonder die ‚Weersproke Geskrifte’ verby te gaan”. Op 'n ander plek skryf Eusebius weer van Clemens: „Hy het gebruik gemaak van die Weersproke Geskrifte,” en dan noem hy die Brief aan

die Hebreërs, en die van Barnabas en van Clemens en Judas as die „Weersproke Geskrifte”. Hul word deur Eusebius „Weersproke Geskrifte” genoem, omdat hul nog nie oral erken was as „Gods Woord” nie, maar in sommige dele „weersproke” was. (Eusebius VI. 13.)

Clemens was van Alexandrië in Egipte. Hoe die Christendom in Egipte gekom het, weet ons nie seker nie. Die oorlewering leer dat Markus die Kerk in Alexandrië gestig het. Alexandrië het later 'n groot sentrum van 'n Christelike skool geword, dit weet ons. So 'n skool het daar al bestaan teen die end van die tweede eeu. Clemens was 'n leerling van hierdie skool. Sy getuienis is dus van groot belang as verteenwoordiger van die Kerk van Egipte en van die skool van Alexandrië, Hierdie Skool van Alexandrië, ook soms genoem „die Alexandrynse Skool”, was vir eeue baie beroemd.

TERTULLIANUS VAN NOORD-WES-AFRIKA.

Was Clemens die verteenwoordiger van Egipte en Alexandrië, dan was Tertullianus die verteenwoordiger van die Kerk van Noord-Wes-Afrika, en wel van die beroemde Stad van Kartago wat so 'n groot rol gespeel het in die ou dae van die Romeinse Ryk. Dis hierdie stad waarvan Cato, die senator van Rome, gesê het: „Carthago delenda est” (Kartago moet verwoes word.) Tertullianus is in die jaar 190 tot die Christendom bekeer en het toe met krag die Christendom in sy geskrifte teen die heidendom en die heidense filosofie verdedig. Van hom is die welbekende woorde: „Wat het Athene met Jerusalem gemeen? Wat die Kerk met die Akademie?” Hy het hierin gemik teen die heidense filosofie. Van groot belang vir ons is dit om te weet, dat Tertullianus

die eerste Christelike skrywer is wat die naam „Nuwe Testament” gegee het aan die ewangeliese geskrifte. In sy „Verdedigings-geskrif teen Praxeas” skrywe hy: „As ek hierdie punt nie sal duidelik maak deur ondersoek van die Ou Skrif nie, dan sal ek die bewys vir ons standpunt neem uit die Nuwe Testament”.

Hier stel hy duidelik die „Ewangeliese Geskrifte” teenoor die Ou Testament wat hy hier die „Ou Skrif” noem. Teenoor hierdie „Ou Skrif” stel hy nou die „Nuwe Testament”.

Dan sê hy ook wat hy bedoel onder hierdie „Nuwe Testament” as „skrif”. „Want sowel in die Ewangelies as in die Apostels aanskou ek ’n sigbare en ’n onsigbare God”.

Nog duideliker noem hy in sy geskrif, „Teen die ketter Marcion”, die name van Paulus se briewe, en sê hy van hulle: „Wat bewaar geword het in die Kerke van die Apostels”. Hy noem die name van al die 13 Briewe van Paulus, ook die van Filemon wat Clemens en Irenaeus uitgelaat het, soos ons reeds gesien het.

ONS SLOTSOM.

Ons sien dan dat in die begin van die tweede eeu daar drie groot skrywers was wat drie bekende wêrelddele se standpunt teruggee en verteenwoordig, nl. Rome, Smirna van Klein-Asie en Antiochië van Sirië. Nou sien ons weer drie groot skrywers wat weer die algemene bevinding verteenwoordig van drie groot wêrelddele, nl. Frankryk, Egipte (Noord-Oos-Afrika) en Kartago (Noord-Wes-Afrika), en dus die hele Christendom vertolk. Ons sien dat die laaste drie finaal bevestig wat ons gevind het by die eerste drie. Dit is, dat in die jaar 200 daar finaal:

- (a) *Sekerheid* was dat, behalwe die vier Evangelies, die Nuwe Testament bestaan het uit die 16 boeke meermale genoem.
- (b) *Onsekerheid* was omtrent die ander 7 oorblywende boeke, nl. Judas, Jakobus, 2 Petrus, 2 en 3 Johannes, Hebreërs en Openbaring. Hul is nog deur Eusebius genoem „Weersproke Geskrifte’.
- (c) *Onsekerheid* was omtrent ’n paar apokriewe boeke, nl. die van Clemens, Barnabas, Hermas.

VIII

OU BYBEL-KATALOGUSSE.

DIE EERSTE

MAAR as ons so moet soek uit die geskrifte van die ou skrywers na bewyse vir die ontstaan van die Kanon van die Nuwe Testament, dan kan die aandagtige leser maklik vra: „Was daar dan nie in daardie ou dae lyste of katalogusse van die name van die boeke van die Nuwe Testament nie?’ Hierop wil ons nou antwoord gee en ons antwoord is: „Ja, daar was”. Tussen die jare 180 en 400 na Christus kan ons maklik 15 of 16 sulke katalogusse opnoem. Ons kan net hier sê dat na die jaar 200 ons die lys van die groot geleerde Origenes het wat Eusebius van skrywe, en die lys van Athanasius, vir ons beroemd uit die Sinode van Nicea van 323. Maar hieroor skryf ons later. In die tydperk waarmee ons nou besig is nl. 100–200 na Chr. is daar een so ’n lys. Dit is ook „*die Eerste Bybel-katalogus*” in die geskiedenis wat ons het. Hierdie lys werp lig op die 16 boeke waarmee ons nou te doen het. Dit word gewoonlik genoem:

DIE FRAGMENT VAN MURATORI.

Dit word genoem 'n „*Fragment*”, omdat dit maar 'n stuk is van 'n ou geskrif. As u dit lees, kan u duidelik sien dat daar 'n stuk van afgebreek is aan die begin en aan die end. Dit word genoem die „*Fragment van Muratori*”, omdat Muratori, die bibliotekaris van die Ambrosiaanse Biblioteek van Milaan in Italië, daar in die biblioteek op seker dag 'n stuk geskrif ontdek het. Hierdie stuk geskrif het na ondersoek geblyk van baie groot belang te wees vir die Kerk van Christus. Dit gee duidelik 'n opsomming van die bevinding van die hele Christendom van die Weste van die Ou Kerk met betrekking tot die Bybelboeke wat toe as Nuwe Testament erken was. Hierdie geskrif het Muratori ontdek sowat in die jaar 1740. Dit lê voor ons in Latyn. Waarskynlik het dit uit Ierland gekom waar dit in Latyn vertaal is in die 7de of 8ste eeu. Dit word nou oral aangeneem dat dit in Grieks geskrywe is sowat in die jaar 180. Daarom het ons hierbo gespreek van 16 katalogusse tussen die jare 180 en 400.

Wie die skrywer van hierdie geskrif was, weet niemand. Sommige meen dat dit Papias is wie se naam ons al verskeie male genoem het. Volgens die inhoud is dit moontlik dat 'n ou Christelike skrywer hierin die Christendom verdedig het teenoor een of ander ketter, en toe in sy verdediging wat hy in Grieks gedoen het, die name genoem het van die Nuwe Testament se boeke wat in die jaar 180 erken was.

Hieruit leer ons dan dat daar in die jaar 180 in Italië al 'n Nuwe Testament as 'n bundel bestaan het naas die Ou Testament. Met betrekking tot die 16 boeke

wat ons mee te doen het, is dit baie interessant dat hy hul almal by name noem.

Duidelik noem hy b.v. die Boek Handeling, „Acta Apostolorum”. „Dit is die eerste maal dat die Boek, ‚Acta Apostolorum’, by name genoem word”, sê ’n seker outoriteit. Ons het hierbo gesê dat dit duidelik is, dat daar iets afgebreek het aan die begin van die geskrif. Dit is dan ook so dat hy aan die begin verwys na die „Tweede Evangelieboek”, maar die naam Markus nie noem nie. Dan noem hy die naam van Lukas se Evangelie as „die derde boek van die Evangelie”. Mattheus as „die eerste” word glad nie genoem nie.

Van die 7 oorblywende boeke van die Nuwe Testament, nl. Hebreërs, 2 Petrus, 2 en 3 Johannes, Judas en Jakobus en Openbaring noem hy nie een nie, behalwe Openbaring. ’n Ander bewys dus van wat ons meermale gesê het, dat daar voor die jaar 200 sekerheid was omtrent die Kanon van die Nuwe Testament, behalwe die 7 oorblywende boeke.

Maar hierdie lys toon ook aan dat daar nog onsekerheid was omtrent seker ander boeke wat later uitgesluit is, nl. die Apokriewe boeke. So noem die lys die boeke, die Herder van Hermas, en die Openbaring van Petrus, asof hulle deel uitgemaak het van die Bybelboek.

IX

DIE DERDE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT

ONS het aangetoon in die behandeling van die ontstaan van die Kanon van die Ou Testament dat dit moeilik

gegaan het en lank geduur het om sekere boeke soos die boek Ester en andere in die Kanon te kry. Ons het hul toe ook genoem „Die Derde Kanon van die Ou Testament”. Nou wil ons aantoon dat ons net so kan praat van „’n Derde Kanon van die Nuwe Testament”. Toe hierdie „Derde Kanon” afgesluit was, dit is, toe hierdie boeke ook uiteindelik in die Kanon opgeneem was en die boeke van Clemens, Hermas en Barnabas uitgesluit was, was die Kanon van die Nuwe Testament kompleet. Hierdie is dan die 7 oorblywende boeke, nl. 2 Petrus, 2 en 3 Johannes, Judas, Jakobus, Hebreërs en Openbaring. Ons sal nou sien dat tussen die Tweede Kanon wat vasgestel is in die jaar 200, en hierdie Derde Kanon van die Nuwe Testament, daar nog 200 jaar verloop het. Dit wil sê dat die Kanon van die Nuwe Testament sowat in die jaar 400 eers finaal afsluit is. „Nadat nog gedurende 200 jare in die kerk gestreden is over die vraag, welke boeke behooren tot het Nieuwe Testament, hebben eindelijk de Conciliën van Hippo Regius (393) en Carthago (397) beleden, dat de 27 boeke die we nu tot het Nieuwe Testament rekenen, Canoniek waren. En die belijdenis is sinds door de Kerk gehandhaafd”. (*Christ. Encyclopaedie.*)

So vind ons dit ook in ons eie Belydenisskrif, die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 4.

HOE DIT GEKOM HET.

Het die genoemde Sinodes dit as ’n wet besluit waarby die Kerk hom moes neerlê dat die 7 oorblywende boeke tot die Nuwe Testament behoort, en dat sulke ou geskifte soos „die Herder van Hermas” en die Brief van Barnabas en die Briewe van Clemens nie mag opgeneem word as deel van die die Nuwe Testament nie?

Nee, so het die Heilige Gees nie met Sy Woord gedoen nie.

Die Heilige Gees het ook hier vir die Kerk „een fijn geestelijk instinct” gegee om gedurende die 200 jare, vanaf 200 tot 400 eenvoudig te voel: „daardie 7 oorblywende boeke behoort ook tot die Nuwe Testament, maar die geskifte Hermas, Barnabas en Clemens nie”. Die Kerk het dan ook juis gevoel. As ’n mens nou nog die geskifte van die Nuwe Testament lees en naas die werke van Barnabas, Clemens ens. lê, dan voel jy meteens die groot onderskeid. „’t Is alsof men opeens uit het bergland, waar het oog door machtige toppen geboeid wordt en een hooge frissche lucht om u heen zweeft, afdaald naar het lage en gewone. Het frissche en origineele ontbreekt hier”. Dit is dan ook vir ons geloof versterkend om „ook uit de mond van philologen” (geleerde taalkenners van die twintigste eeu) „te hooren, dat de Nieuwe Testamentische geschriften, wat geest en inhoud betreft, hoog boven de overige oud-christelijke uitsteken”, sê Dr. Lodder weer so treffend.

Die Sinodes het dan nie die Kanon gemaak nie, maar het slegs „’n reeds bestaande toestand gesanctioneerd”, sê Dr. Lodder weer tereg in Sy boek, „*De Betrouwbaarheid van het Nieuwe Testament*”.

So lees ons dan ook in ons Ned. Geloofsbelydenis in art. 5 aangaande ons Ou Testament en Nuwe Testament: „Net al hierdie boeke neem ons aan as heilig en Kanoniek om ons geloof daarna te rig,” ens. En van die genoemde apokriewe boeke lees ons in art. 6: „Hierdie boeke kan die Kerk wel lees, maar hul besit geensins die krag en gesag dat deur hulle getuienis enigiets van die geloof kan bevestig word nie”, soos by voorbeeld die leer van die vagevuur van die kerk

van Rome, wat uit een van die apokriewe boeke kom.

DIE GROOT VERVOLGING—2 FEBR. 303 NA CHRISTUS.

Die finale vasstel van die Kanon van die Nuwe Testament, het ons duidelik gesê, het geduur van 200 tot 400 na Christus. Laat ons nou maar die 100 jaar van 200 tot 300 oorslaan en net die belangrikste gebeurtenisse kies wat lig werp op die groei en afsluiting van die Kanon. Ons begin by die *Groot Vervolging* wat opnuut losgebars het teen die Christene. Die vervolging woed nou al vanaf Nero onder wie Paulus en Petrus gedood was. Ons is nou in die regering van Keiser Diocletianus. In die begin was hy die Christene goedgesind, en hul het o.a. die tempels kon oprig. Vyande van die Christendom het hom egter oorgehaal. Onverwags op 2 Febr. 303 vaardig hy sy Edik uit vir die groot vervolging. Hierdie vervolging is vir die saak waaroor ons skrywe, van groot belang, want dit het die saak van God gedien om mee te werk tot die vasstel van die Kanon.

Die vorige vervolgings was gemik op die lewens van die Christene. Hierdie vervolging het egter iets nuuts gehad, en dit was inbegryp in die Edik van 2 Febr. 303. „Dit voer in 'n nuwe politiek om die Skrifte te verbrand, wat belangrike gevolge gehad het op die Teks en op die Kanon”. (*Watkin: Early Church History.*)

Die vroeëre vervolgers het probeer om die kerk te berowe van sy leiers. Diocletianus probeer nou hul heilige geskrifte te vernietig wat die onfeilbare bron van hul geluk was. Ontsettend was Satan se lis nou. Om menselewes te laat doodmartel—hieraan het die Christene nou al gewoon geraak. Die tempels in vlamme te

sien opslaan—dit was nog vir Gods Kerk draaglik. Maar die Heilige Skrifte uit hul tempels, uit hul huise, uit hul binnekamers op te gee om verbrand te word! Baie het geweier om dit te doen, en hul is toe hierom gedood. Andere het egter probeer om hul lewes te red deur boeke af te gee, valse boeke wat nie bybels was nie, asof dit bybels was. Hierdie oorspronkelike Edik wat gelas het dat die kerke en skrifte moes vernietig word, is ongelukkig verlore geraak. Maar daar kan nie die minste twyfel bestaan dat die Edik 'n duidelike beskrywing gegee het van die boeke wat met vuur moes verbrand word nie, nl. die wat ons vandag die Bybel noem. Gelukkig het ons nog in hande die offisiële verslag van die verhoor van twee sulke Christene voor die regter waarin ons te lees kry die juiste uitdrukking wat toe gebruik is. Ons vind dit by Augustinus in een van sy geskrifte: „Bring uit”, sê die regter aan Biskop Paulus, „die skrifte van die wet”, en in die ander geval lees ons: „Ingentius het gevra of enige skrifte van u wet verbrand is”. „Proferte scripturas Legis”, „bring uit die skrifte van die Wet”, was die gewone uitdrukking. Later is dit verkort en was die bevel net „proferte scripturas”, „bring uit die Skrifte”.

Dit was vir elkeen duidelik dat hierdie offisiële uitdrukking bedoel het die Skrifte wat hulle in hul dienste en huise gebruik het as Gods Woord. Nou kan ons goed verstaan dat hierdie verbranding van die Skrifte die leiers van die Kerk op die gedagte gebring het om dadelik en noodsaaklik seker te maak watter „skrifte” goddelik is en watter menslik en vals is. Dis dan ook van belang om te weet dat „van daardie oomblik af aan die , Kanonieke Skrifte’ gewoonlik bekend was onder daardie duidelike titel”, d.w.s. dat die naam „ Kanonieke

Skrifte" in hierdie vervolging ontstaan het (*Westcott : The Canon of the New Testament*).

TWEE OOGGETUIES.

Die Heer van Sy Kerk en van Sy Woord het gesorg dat twee Christene wat dit alles met eie oë aanskou het, hierdie verbranding van die Skrifte vir ons beskrywe het, en Hy het hul geskifte bewaar tot vandag toe. Een van hierdie is Lactantius. Hy het tot bekering gekom twee jaar voor die vervolging deur die Edik van 303. Hy was onderwyser in Nicomedia waar Keiser Diocletianus sy paleis gehad het. Hier in Nicomedia het Lactantius gesien die verwoesting en verbranding van die Skrifte en het hy dit beskrywe in sy geskifte.

EUSEBIUS.

Die vernaamste ooggetuie en skrywer is egter seker die welbekende historicus, Eusebius, dikwels genoem „die vader van die Kerkgeskiedenis". Duidelik skryf hy: „Immers, ons het met eie oë gesien hoe die geboue van die Christene tot aan die grondveste uit die hoogte na die bodem gewerp is en die goddelike geskifte op die markte aan die vuur prysgegee is." En weer: „Keiserlike bevelskrifte wat verordineer het dat kerke met die bodem gelyk gemaak, en dat die skrifte deur vuur onsigbaar gemaak moes word."

Verder skrywe Eusebius ook hoe een van die Christene in Nicomedia waar Lactantius was, die Edik vernietig het. Hierop het hy toe die marteldood gesterf. „Sodra nou die geskifte aan die gemeentes van Nicomedia tentoongestel was, ruk terstond een, deur die ywer van God beweeg en deur 'n gloeiende geloof gedrywe, hierdie voor die oë en in die openbaar liggende stuk

as onheilig en allergoddeloost af en skeur dit aan stuk”.

Dis omtrent seker dat Lactantius dit gesien het. Nou kan ons goed verstaan dat, toe Eusebius so die verbranding van die Bybel staan en aanskou het, dit vir hom duidelik geword het watter boeke die Christene kosbaarder geag het as hul lewens, en dat hy op die gedagte gekom het om ’n lys op te trek van die name van „die Goddelike en heilige skrifte”, soos hy hul genoem het. So ’n lys, sal ons sien, het hy ook enige jare later werklikwaar opgetrek.

X

DIE KANON VAN DIE NUWE TESTAMENT AFGESLUIT

EEN VAN DIE OUDSTE BYBELS.

EUSEBIUS het ’n lys van die boeke van die Bybel opgetrek, toe Constantyn die Grote keiser was van die Romeinse Ryk. Dat hy die Christendom aangeneem het is bekend, asook dat hy ’n end gemaak het aan die vervolging van die Christene wat met Nero begin het. Eusebius was toe biskop van Cesarea, dieselfde stad waar Paulus 2 jaar lank in die tronk was, en daarom word dan ook Eusebius gewoonlik genoem „Eusebius van Cesarea”. Hy was baie gesteld op die vriendskap van die keiser en het ook ’n boek geskrywe nl. „Die Lewe van Constantyn”. In hierdie lewensbeskrywing skryf Eusebius van Cesarea van Constantyn: „Hy het hom gewy aan die studie van die Goddelike Skrifte”.

Nou weet ons dat Constantyn besluit het om vir hom ’n stad te bou wat ’n „Tweede Rome” moes wees, wat

ook sy naam sou dra. So het hy in die jaar 326 vir ou Bysantium wat reeds 600 jaar voor Christus gestig was, gekies en dit „Constantinopel” genoem. Pragtige paleise en kerke het hy gebou waarvan die vernaamste, „Die Sophia-Kerk”, nog bestaan, hoewel dit nou is soos Justinianus dit later herbou het. Nou het Constantyn die grootse gedagte gekry om vir hierdie „Tweede Rome” Bybels te kry. Hiervan lees ons duidelik in Eusebius se boek oor Constantyn se lewe dat, waar sy voorganger, Diocletianus, „bevel gegee het om die Goddelike geskrifte in die vlamme te vernietig, hy bevel gegee het dat hul moes vermeerder word op onkoste van die keiserlike skatkis”.

So was een van sy eerste gedagtes om vir Eusebius so ’n opdrag te gee. So skryf Eusebius van hierdie opdrag: „Om 50 Afskrifte van die goddelike skrif klaar te maak wat na sy, naamlik Eusebius, se oordeel vir die gebruik van die Kerk die nodigste was, geskrywe op klaargemaakte velle met die hulp van kundige wetenskaplikes goed bekend met die wetenskap”.

Dit was die keiser erns en, so lees ons, hy het verder „opdrag gegee aan die Goewerneur van die provinsie (waar die stad Cesarea was) om alles vir Eusebius te gee wat nodig was, en outoriteit is aan Eusebius gegee om twee koninklike rytuie te neem om spoedig die 50 Bybels na die keiser te vervoer, sodra dit klaar was”.

So sien ons in Cesarea se groot „Scriptorium” (Skryfkamer) ’n aantal skrifgeleerdes by hul tafels sit besig om 50 kopieë van die Bybel af te skrywe. Constantyn wil hul present gee aan die kerke van Constantinopel. Ons kan goed verstaan waarom Cesarea uitgekies is. Dit was omdat Eusebius beskou was as een van die geleerdste biskoppe van sy tyd, asook omdat sy

voorganger, die geleerde biskop Pamphilus, 'n beroemde biblioteek in Casarea gehad het. Nou kon Eusebius vry gebruik maak van hierdie biblioteek.

DIE BOEKE VAN HIERDIE OU BYBEL. DIE LYS.

Die 50 kopieë van die Griekse Bybel wat hy laat klaarmaak het vir die gebruik van Constantinopel se kerke, het „dus die standaard gevorm vir kerklike gebruik”. Nou, uit watter boeke hierdie Bybel bestaan het, is nie moeilik om uit te vind nie. Volgens wat Eusebius self skrywe in sy boeke oor die geskiedenis in deel III, het hy die geskrifte verdeel in 3 dele. Hy skrywe hier: „Nou dat ons sover gekom het, is dit redelik om die vermelde geskrifte van die Nuwe Testament” (let op, „van die Nuwe Testament”) „hier onder hoofde te stel”. Kortom, uit wat nou volg kom dit hierop neer, dat hy beskou het dat die 27 boeke van die Nuwe Testament bestaan uit twee klasse boeke, naamlik, (a) *Die Algemeen aangenome boeke*, nl. die 20 boeke wat ons meermale genoem het, en (b) *die Weersproke Boeke*, wat eweneens (let op) „aan die grote menigte bekend is”, en dan noem hy hier al die 7 boeke wat ons reeds genoem het, behalwe die boek Openbaring. Die boek Openbaring sit hy onder „die Algemeen Aangenome boeke”, maar met die woorde: „na hierdie moet 'n mens, as hy dit goed vind, die Openbaring van Johannes rangskik”. Maar dan praat hy nog van 'n derde klas wat hy kortweg noem „die onegtes”. Hierdie „onegte” boeke was nie deel van sy 50 Bybels nie.

Ons moet hierop let dat Eusebius in hierdie Bybels nog onderskeid maak tussen wat hy noem „die Algemeen aangenome Boeke” en die „Weersproke boeke”. Ons sal nou sien dat hierdie onderskeid sowat 30 jaar

later *geheel verdwyn het*. Ons sien ook hier dat daar in sy tyd nog onsekerheid was omtrent die Boek Openbaring. Ook hierdie onsekerheid het na 30 jaar verdwyn. Absolute sekerheid het daar gekom 50 jaar later. Tereg sê iemand: „Die vuur van die vervolger het sy werk gedoen, en 'n Nuwe Testament het uitgekome uit die vuur wat dit moes vernietig het”.

'N GROOT HERDERLIKE BRIEF—30 JAAR LATER.

Dit bring ons nou by Athanasius, die beroemde Biskop van Egipte van die stad Alexandrië. Hy was naas Augustinus die mees beroemde Kerkvader. Hy was biskop van Noord-Afrika vir sowat 46 jaar. Dit was sy gewoonte om elke jaar met Paasfees 'n Herderlike Brief aan die Kerk te skrywe oor groot kerklike sake van belang. Hierdie Herderlike Briewe is gewoonlik genoem sy „Epistolae Paschales” (sy Paasfees-Briewe). Die 39ste van hierdie, geskrywe in die jaar 367, lê voor ons in Grieks, Athanasius se skryftaal. Op Paasfees in die jaar 367 moes hierdie Pastorale Brief gelees word vanaf al die kansels in Noord-Afrika. Van groot belang is dit vir ons om te weet dat hierdie jaar se Herderlike Brief veral duidelik uitspraak gee oor die Kanonieke geskrifte.

Lees 'n deel van sy Brief:

„Ek wil aangaande hierdie Goddelike Geskrifte ter stawing van my onderneming gebruik maak van die model van die evangelie Lukas (sien Lukas 1: 1-3) en sê soos hy gesê het: Aangesien sommige onderneem het om vir hulself op te stel die sogenoemde apokriewe, en hul te meng met die Geïnspireerde Skrif, waarin ons die volste geloofsvertroue het wat van die begin af ooggetuies en bedienaars van die Woord was”. Nou volg 'n baie belangrike mededeling: „Ek het dit goed gedink, nadat

troue broeders by my aangedring het, om 'n lys (Katalogus) te publiseer van *die Kanonieke Boeke* wat aan ons oorgelewer is en wat geglo word Goddelik te wees. . . . Dit is dan die boeke van die Ou Verbond." Nou volg 'n lys van die Ou Testamentiese boeke, maar dan gee hy weer 'n lys van die boeke van die Nuwe Testament, en tereg sê 'n groot outoriteit: „ en hierdie Lys is presies die van ons Nuwe Testament van vandag." (Westcott: Canon of N.T. bl. 437.)

Later sê Athanasius in sy brief: „ Hierdie boeke is die fonteine van ons saligheid". Hier sien ons nou die belangrike feit dat Athanasius in sy groot Herderlike Brief die gemeente laat verstaan dat die onderskeid wat Eusebius 30 jaar gelede nog gemaak het tussen die „ *aangenomene en weersproke boeke*", en die twyfel aangaande die Boek Openbaring, al weggeval het in die kerk. „ En van daardie oomblik af aan was die vraagstuk vergoed opgelos", sê die groot Westcott.

Uit die aanhaling hierbo gelees, sien ons dat hy waar-sku teen die laksheid van sommige in die Kerk om die apokriewe boeke ook te lees asof hul geïnspireer was. „ Hy was dan ook die eerste om die 27 boeke van die Nuwe Testament by name te noem as uitsluitlik Kanoniek", sê *Schaff—Herzogg se Encyclopaedie*.

EUROPA SE BYBEL VIR 1000 JAAR—50 JAAR LATER.

Laat ons nou nog net een getuie oproep. Ons gaan sowat 20 jaar later as die Herderlike Paasfees-Briewe van Athanasius, dus 50 jaar later as Eusebius. Dis nou die jaar 385 na Chr. Ons is in Rome. Eusebius wat biskop was van Cesarea, het ons getoon wat die standpunt was van Asië, en Athanasius, biskop van Alexandrië het ons getoon die bevinding van die kerk van Noord-

Afrika. Nou het ons te doen met die groot geleerde *Hieronymus* van Rome, en ons sal sien dat sy standpunt presies en duidelik dieselfde is as die van Eusebius en Athanasius. *Dit is, Asië, Afrika en Europa stem saam en het dieselfde Bybel.* Dit is, die hele Kerk van Christus oor die hele wêreld het nou dieselfde Kanon.

Tereg sê die groot Schaff-Herzog Encycl. van hierdie Hieronymus die volgende, wat van groot belang is vir ons doel: „Hy verdien lof vir die duidelikheid waarmee hy nadruk gelê het op die onderskeid tussen die Ou Testamentiese Apokriewe boeke en die Hebraica Veritas (die ware Hebreuse) van die kanonieke boeke”.

In kort kan ons sê dat Damassus, die biskop van Rome, die biskop van die Latynse Kerk, aan *Hieronymus* opdrag gegee het om die Latynse kerk in die Weste te voorsien van 'n Latynse Bybel. Die 50 Bybels wat Eusebius vir die kerke van Constantinopel laat oorskrywe het, was in Grieks vir die Griekse Kerk. So het dan uiteindelik Hieronymus die Hebreuse Ou Testament en die Griekse Nuwe Testament in Latyn vertaal.

Hierdie Latynse Bybel het al die Kanonieke boeke van die Ou Testament en Nuwe Testament bevat. Hierdie Bybel is die beroemde Vulgaat. „Vir 1000 jaar was dit feitlik die Bybel vir die hele Europa” tot op die Hervorming.

DIE STEM VAN DIE SINODE VAN KARTAGO.

So was nou alles kant en klaar wat die Kanon betref. Europa met Rome, Asië met Cesarea, en Afrika met Alexandrië was nou eenstemmig. En toe die groot Sinode van Hippo van die jaar 393, en veral die van Kartago van Noord-Wes-Afrika, van die jaar 397 sit, kon hul net die Sinodale goedkeuring en sanksie gee aan

die Kerk se keuse van Bybel-boeke. So was dan die Sinode van Kartago van 397 waarop Augustinus teenwoordig was en groot invloed gehad het, die eerste sinode om 'n duidelike uitspraak te gee oor die Kanon van die Heilige Skrifte.

Hier, kan ons sê, sluit die vraagstuk van die Kanon van Gods Woord.

Die grootste kragte werk in die stilte. God het die Ou Testament gemaak! God het die Nuwe Testament gemaak! In die stilte, diep in die siele van geïnspireerde skrywers gemaak! Net so het God ook die Kanon van Sy Woord gemaak. Presies hoeveel manne God gebruik het om die Ou en Nuwe Testament klaar te skrywe sal die Ewigheid eenmaal openbaar! Hoeveel siele Hy in die stilte gebruik het in die keuse van die 66 Bybel-boeke as die Kanon, weet ons ook nie! Maar ons het dit as 'n ware Gawe van God. „Die hele Bybel vanaf Moses is soos een groot Tempel waaraan 2000 jaar gebou is”. „O Land, Land, hoor die Woord van die Here!”

DEEL V

HOE HET DIE BYBEL NA ONS TOE GEKOM?

I

DIE VRAAG

Hierdie vraag is baie belangrik. Daar kan 'n boek oor geskrywe word, instede van dit te beantwoord in 'n paar hoofstukke.

Hoe het die boodskappe, hoe het die 66 Bybel-boeke wat ons vandag ons Bybel noem, na ons toe gekom? Vanaf die eerste skrywer, Moses, van die jaar 1450 voor Christus tot op die afsluiting van die Kanon in die jaar 397 na Christus, 'n periode van sowat 2000 jaar—hoe het die letters, die woorde, die sinsnedes, in een woord, hoe het die teks, die Hebreeuse en Griekse Teks, gekom in die hande van ons vertalers? Hul moes die Bybel vertaal uit die Hebreeus en Grieks.

DIE OORSPRONKLIKE HANDSKRIFTE VERLORE.

Dit het ons probeer duidelik maak op die kaart afgedruk op bladsy 11. Dit is, al die handskrifte soos die skrywers, Moses tot op Johannes, dit agter gelaat het, is almal verlore geraak. Hoe graag sou ons nie nog met ons eie oë die geskrifte van Moses, die briewe van Paulus, die dierbare Evangelie van Johannes, ens., in hul eie handskrif wou lees nie! Wat 'n ontsettende verlies vir

die wêreld, sou ons sê, is dit nie dat ons dit nie het nie. Maar tog het ons dit vandag feitlik net soos dit die hande van Moses en Johannes verlaat het! Ons weet dat die handskrifte van b.v. Moses, wat geskryf was op die blaar van die papyrus plant, of selfs op velle, perkament, reeds lankal vergaan is. Ons weet ook dat tydens die verwoesting van Jerusalem onder Nebukadnesar van die handskrifte moet vernietig geword het. Ons kan ook verstaan dat deur die later vervolgings wat onder Nero begin het, en veral die van Diocletianus wat veral gemik het op die verbranding van die Bybel-boeke, sekerlik baie geskifte wat hul in hande gekry het, verbrand is!

Die groot Hieronymus vertel ons reeds van 'n biblioteek van Cesarea wat nie ver van Jerusalem is nie, wat binne 'n honderd jaar na sy oprigting verwoes is. Maar God het Sy Woord gemaak, en wat God gemaak het, sal die mens nie kan vernietig nie! Hoe het ons dan vandag die teks feitlik net soos hul die hande van die 60 of meer skrywers verlaat het? Ons verwys weer na die kaart op bladsy II. Hier sal ons sien dat Gods Woord na ons afgekom het langs drie weë:

- i.* Die Weg van BYBELVERTALINGS.
- ii.* Die Weg van AFSKRIFTE, van ou Bybel-geskifte.
- iii.* Die Weg van BYBEL-AANHALINGS, wat u vind in die OU Christelike Geskifte van ou Skrywers soos Barnabas, Irenaeus, ens.

Ons behandel nou hierdie drie weë een vir een, maar ons begin met die Weg van die Afskrifte.

II

DIE WEG VAN DIE AFSKRIFTE

(a) *Die Afskrywe van ou Geskrifte is 'n eeue-oue ding.*

VOOR die uitvinding van die boekdrukkuns was dit die enigste manier om 'n boek te bewaar van verlore te raak, of om dit te vermeerder. So is baie ou geskrifte van baie groot waarde aan die vergetelheid ontruk geword.

Wat 'n verlies sou dit nie vir die mens gewees het, as die ou Griekse en Romeinse letterkunde verlore gegaan het nie! Maar die werke van die Griekse reuse soos Homerus, Herodotus, Plato ens. en van die Latynse reuse soos Tacitus, Vergilius, ens., is almal so afgeskrywe en bewaar. Van Herodotus het ons vandag 109 en van Plato 11 sulke afskrifte. So is ook Josephus se werke, die Koran, die Vedas, die Bybel van die Hindoes, vandag nog te lees omdat hul afgeskrywe was. Dit was dan ook die geval met ons Bybel. Ons kan ook sê: „Van geen boek van die gryse oudheid het ons vandag so baie afskrifte as van die Heilige Skrifte nie, en staan die teks so vas as die van die Bybel nie”. In die begin het hul die afskrifte gemaak op papiusrolle, maar vanaf die jaar 400 na Christus was perkament (velle) die materiaal wat meesal gebruik is. Dit is omtrent seker dat die afskrywe van die Ou Testament al begin het in die dae van die ballingskap langs die riviere van Babilon, ja, miskien nog vroeër. Nog meer. Toe die Joodse Staat tot 'n val gekom het met die verwoesting van Jerusalem (70 n. Chr.), het die Joodse skrifgeleerdes alles in hul vermoë gedoen om

die Ou Testament tot 'n blywende en offisiële Bybel-Teks te bring.

(b) Die Afskrywers Versigtig en Akkuraat.

Dit sien ons allereers in die geval van die Ou Testamentiese boeke. Dit was die werk van die ou Rabbyne wat hul hiermee besig gehou het. Vir honderde jare het hul met kinderlike en byna afgodiese eerbied gewaak oor die letter van die Ou Testament. Dis bekend dat, sodra hul bemerk het dat 'n geskrif, die papyrus by voorbeeld, begin vergaan het, hul dit dan dadelik afgeskrywe het en die oue verbrand het. Verder, om die letter korrek te hou, is dit bekend hoe die Rabbyne al die letters van die Ou Testament getel het, watter letter die middelste letter, watter woord die middelste woord van die Ou Testament was, ens. Hul nougesetheid het 'n spreekwoord geword.

Hierdie nougesetheid omtrent die afskrywe van die Ou Testamentiese boeke het die Christene oorgeërf vir die afskrywe van die Nuwê Testament. So sien ons ook by voorbeeld dat Irenaeus van Suid-Frankryk van die 2de eeu hierop gewys het in een van sy boeke: „Wie jy ook mag wees wat hierdie boek afskrywe, ek besweer jou met 'n eed by onse Here Jesus Christus en by Sy heerlike Koms, dat jy versigtig nakyk wat jy afgeskrywe het, en dit korrigeer en vergelyk met hierdie kopie waarvan jy dit afgeskrywe het”.

Hier sien ons duidelik watter waarde Irenaeus geheg het aan die afskrywe van ou Bybelgeskrifte. Ons het hierbo melding gemaak van Hieronymus, hoe hy vertel het van die biblioteek op Cesarea wat verwoes was, maar ons lees ook dat hy vertel van twee ouderlinge van Cesarea wat die ou geskrifte probeer herstel het deur hul af te skrywe op perkament.

(c) *Die moeilikhede van die Afskrywers.*

Net soos daar vandag in die wêreld meer as een soort skrif is, so was daar ook in die ou dae verskillende soorte skrif. Daar is vandag die Chinese skrif en die Duitse, wat ons hier nie kan lees nie. Ons ou Statebybels was geskrywe in 'n soort skrif wat ons jongmense nie kan lees nie. So was daar in die ou dae die „spykerskrif” van die Babiloniërs. Hierdie „spykerskrif” het in Kanaan in die loop van jare in onbruik geraak en in die plek daarvan het daar gekom die „letterskrif”. Dat hierdie „letterskrif” in die plek van die spykerskrif gekom het in Kanaan is maklik te verstaan. Reeds in Moses se tyd het hul begin skrywe op papyrus, maar hierop kon hul nie die spykerskrif skrywe nie, want hiervoor het hul nodig gehad sagte kleitafeltjies wat in die wind en son moes droog word. Hoe hierdie oudste Hebreeuse skrif gelyk het, sien ons nog vandag op 'n klip wat ontdek is, en wat geskrywe was in die tyd van die Konings. Dit word gewoonlik genoem die „Moabietiese Steen”. Dit staan in 'n museum in Europa. (Sien die Afdruk hiervan in Deel 1. Hoofstuk 1.)

Maar as ons dit sal lê naas die teks van ons Hebreeuse Bybel, sal ons sien dat die skrif totaal verskil. Dit is, die ou Hebreeuse skrif, wat die vorm van letter betref, bestaan nie meer nie. Let wel, die inhoud van die Ou Testament het dieselfde gebly, en ons het vandag dieselfde Ou Testament wat Jesaja ens. gehad het, maar nie die letters van daardie dae nie.

Hierdie oudste Hebreeuse skrif, wat die letter-vorm betref, het bestaan tot op die ballingskap toe. Toe het dit geleidelik plek gemaak vir wat ons nou noem die „kwadraat” (vierkant vorm-skrif), of die Aramees-

Hebreeuse skrif. Die letters van ons Hebreeuse Bybels, soos dit nou in die Studeerkamers van ons predikante staan, is dan vierkant in vorm en is nie meer in die ou Hebreeuse skrif nie. Die duidelikste bewys hiervan is die gesegde van Jesus in Matt. 5: 18. Hier het hy veronderstel dat die „jota” ’n klein letter was, so groot as die „titteltjie”. Maar dit was net die geval in die Aramese kwadraatskrif. In die ou Hebreeuse skrif was die „jota” een van die grootste letters, „een seer groote letter” ¹sê ’n seker geleerde. Onlangs is ’n viertal rotsinskripsies opgegrawe wat in hierdie kwadraatskrif was, en dit bewys dat dit al in gebruik was in die tyd van die Makkabeërs, 160 jaar voor Jesus. Nou spreek dit vanself, om die hele Ou Testament oor te skrywe uit die Ou Hebreeuse skrif in die Aramese kwadraat-skrif, was voorwaar geen kleine saak nie.

(d) Die Konsonante-Moeilikheid.

Dit was ’n vername moeilikheid. Hierdie kwadraat-skrif het oorspronklik net konsonante (medeklinkers) gehad, en nie ook vokale nie, letters soos o, a, u, ens. Om dit duidelik te maak. In die ou kwadraatskrif sou ’n skrywer vir ’n seker woord net geskryf het die letter-konsonante BRD. Nou, dit kan gelees word *Bord*, *Brood*, *Breed*, ens. Dit spreek vanself, of die juiste woord moes wees Bord of Brood, ens. was, in die Teks self nie te lees nie, maar die korrekte lesing is deur die oorlewering en deur die inhoud alleen bepaal. Maar die oorlewering was op onderskeie plekke nie alte seker nie. Dit beteken dat die afskrywer baie seker moes gewees het van die regte uitspraak van so ’n woord, of dit was Brood en nie Breed nie.

¹ Obbink: Handleiding.

(e) Die Aanmekaar-skryf-moeilikheid.

In die kwadraatskrif was dit ook die gewoonte om woorde aanmekaar te skrywe sonder tussenruimte soos ons dit vandag het. So sou b.v. Gen. 1: 1 gelees het:

NDBGNTGDDMLNDRDGSKP

Dit kon alleen iemand lees wat die oorlewering en die in-houd van die Bybel goed geken het. Nou was die hele Ou Testament so geskrywe van Genesis tot Maleagi.

So het dit dan onder Gods leiding gebeur dat later, sowat 500 na Christus, die skrifgeleerdes vokale en tussenruimtes tussen die woorde ingevoeg het. So het dan die boonste lyn geskrywe gestaan:

iN Die BeGiN heT GoD Die HeMeL eN Die aaRDe GeSKaPe.

Tog, onder dit alles het Gods volk vandag die Ou Testament feitlik soos dit gekom het van die hande van Moses, Dawid, Jesaja en Maleagi. „Dis Wonderlik in ons oë, en dis van die Heer geskied.”

Dat die afskrywers van die Nuwe Testamentiese geskrifte ook hul moeilikhede gehad het, spreek vanself. Hieroor wei ons nie uit nie.

III

DIE OUDSTE HANDSKRIFTE

ONS het in die vorige hoofstukke geskrywe oor die „afskrywe” van die ou geskrifte. Ons het dit toe ook *Afskrifte* genoem. Maar in hierdie en volgende hoof-

stukke sal ons liever bly by die wetenskaplike naam en dit „Handschrifte” noem.

(a) *Van die Ou Testament* besit ons nie een Handskrif wat baie oud is nie. Ons het reeds melding gemaak van die feit dat die Jode so versigtig was, dat hul Handskrifte wat weens ouderdom begin vergaan het en moeilik leesbaar was, vernietig het. Tog is daar ’n menigte in getal. Die getal 3000 word genoem. Die oudste Handskrif van die Hebreus van die Ou Testament wat ons het, is van die jaar 916 na Chr., en dit bevat net die teks van die Profete. Die oudste wat die hele Ou Testament bevat in Hebreus, is van die jaar 1000, en is te vind in Petrograd. Die wat vir ons bewaar gebly het, is almal geskrifte in die kwadraatskrif.

(b) *Van die Nuwe Testament* besit ons oor die 4000 in getal. Hul, sowel as die 3000 van die Ou Testament, is versprei oor die hele wêreld en is te vind in biblioteke en in museums van beroemde stede. Sover ek weet het ons land nie een nie. Slegs 40 bevat geheel of gedeeltelik alle boeke van die Nuwe Testament. Baie bevat slegs klein deeltjies van die Nuwe Testament en so ook van die Ou Testament. So is daar een onlangs opgegrawe en genoem die „Philadelphia Papyrus” wat net Matt. 1: 1-12 bevat, en ’n ander een die „London Papyrus” wat net Hebr. 2-5, en 10-12 bevat.

Die oudste Handskrifte oor die Nuwe Testament is geskrywe in Hoofletters en word om hierdie rede genoem „Majuskels” of „Unciale”. Tussen die woorde is daar geen tussenruimtes nie. Die van jonger datum is geskrywe in klein letters en dus genoem „Minuskels”. Weens gebrek aan ruimte wil ons u net iets meedeel omtrent drie van die oudste en vernaamste Handskrifte.

(c) *Die Oudste Bybels in die Wêreld.*¹ Nie ten onregte nie, word hul dikwels van gepraat as „die Oudste Bybels in die Wêreld”. Hierdie Handskrifte laat ons die Bybel sien soos dit was kort na die dae van die Apostels. „Hul is die drie grootste skatte wat die Christelike Kerk besit—die oudste afskrifte van die Bybel in die wêreld”.

God het dit goed gevind om dit so te beskik dat hul vandag die eiendom is van twee groot dele van Christus se kerk.

Een van die drie, die *Handskrif of Codex Sinaiticus*, was die eiendom van die Griekse Kerk, en was in die Museum van Petrograd tot onlangs. Die tweede is die *Handskrif (Codex) Vaticanus* en is in die Vatikaan in Rome. Die derde behoort aan die Protestantse Kerk en is in London, nl. die *Handskrif (Codex) Alexandrinus.*”

Ons het hiervan net een eksemplaar van elk. Waarskynlik is al die ander verbrand in die groot vervolging van Diocletianus wat soos ons gesien het, direk gemik was op die vernietiging van Gods Woord. God het hul bewaar, en so is hul „uit die vuur geruk” vir Sy Kerk en vir ons.

Wat hul ouderdomme betref kan ons sê dat ons hul kan stel tussen die jare 300 en 450. Die twee oudstes is die Handskrifte Vaticanus en Sinaiticus.

(d) *Die Handskrif Sinaiticus.* Dit word so genoem na die Berg Sinai waar dit ontdek is sowat 77 jaar gelede. Vanaf die 4de eeu was daar op hierdie so goed bekende berg 'n klooster van die Griekse Kerk en is hierdie Sinaiticus-Handskrif daar bewaar. Ten gevolge van die geseënde Hervorming het daar 'n groot belangstelling onder die geleerdes van Europa ontstaan in

¹ Smyth: *How we got our Bible.*

verband met die Bybel. So het daar ook onder die geleerdes die dors en lus ontstaan om te gaan soek na Handskrifte van die Bybel. Een van die grootste van hierdie geleerdes van die laaste helfte van die 19e eeu was seker die ontdekker van hierdie werk, nl. Tischendorf. Sy hele lewe het hy gewy aan die ontdekking en studie van ou Handskrifte van die Bybel. Hy het die hele Ooste deur al die ou biblioteke deurgesnuffel. So het hy 'n mooi versameling gekry van Griekse, Siriese, Koptiese en Arabiese Handskrifte, totdat hy op 'n seker dag in die jaar 1844, en veral 1859, heel onverwags in die Sinai-Bergklooster hier-die een *van die oudste hele Bybels* van die wêreld raakgehoop het.

Tischendorf het geweet van die ou klooster op die berg Sinai. Verder het hy ook kon dink dat met die verwoestings van die Kerke deur die Mohammedane menige Christen in daardie klooster sou gevlug het en moontlik ou Handskrifte van die Bybel na die Klooster geneem het vir veiligheid. So het hy besluit om ook die klooster by Sinai te gaan besoek en daar te gaan soek na ou Handskrifte. Laat ons lees wat hy self geskrywe het: „Ek bespeur in die middel in die groot saal 'n groot en wye mandjie vol perkamente, en die bibliotekaris, 'n man wat graag inligting gee, vertel my dat twee hope papier net soos hierdie verteer deur die tyd, reeds aan die vlamme prysgegee was. Hoe groot was my verrassing om te midde van die hoop papier 'n aansienlike aantal bladsye van een eksemplaar van die Ou Testament in die Grieks te vind wat ek meteens vir een van die oudste gehou het wat ek ooit onder my oë gehad het”.¹ Nou verklaar hy verder dat die kloosterhoofde hul toestemming gegee het dat hy 'n derde van

¹ Dr. Lodder. De betroubaarheid van het N. Testament.

die perkamente, sowat 45 blaaië, in besit kon kry, terwyl hul tog van plan was om dit maar te verbrand. „Maar ek kon hulle nie daartoe kry om my die overblywende in besit af te staan nie”. Dit was in 1844. Maar om ’n lang verhaal kort te sny, Tischendorf was oortuig dat die orige deel van hierdie ou Handskrif êrens in die Klooster weggesteek was. Rus kon hy nie. Hy wou dit hê. In 1859 gaan hy die Klooster vir ’n derde keer besoek, en hierdie keer met ’n brief van die Keiser van Rusland, want die Sinai-klooster was die eiendom van die Kerk van Rusland, en gevolglik na lang gesukkel nooi die kloosterkok hom na sy sel toe en wys vir Tischendorf sy Bybel wat hy daeliks uit gelees het. Dit was 303 blaaië in ’n rooi doek gerol. 147 blaaië hiervan het tot die N. Testament behoort. Met een blik ontdek Tischendorf dat dit eintlik die groot skat was wat hy nou jarelank so na gesoek het. Stel u voor sy blydschap, en lees sy eie woorde: „En daar (in sy slaapkamer) by myself, alleen, het ek my oorgegee aan die verrukkings van my blydschap. Ek het geweet, dat ek in my hand het die grootste, kosbare skat van die Bybel, ’n dokument baie ouer en baie belangriker as enig iets nog ontdek in my soektog van 20 jaar.”

So is dit teen ryke geskenke van die Keiser na Rusland gebring en is dit in 1933 deur Engeland van die Sowjet-Regering gekoop vir £100,000 en is dit nou te sien in die Britse Museum.

Hierdie Codex Sinaiticus bevat die hele Nuwe Testament sowel as byna die hele Ou Testament. Geleerdes meen dat dit ontstaan het in sowat die jaar 340, dus was dit vir die Kerk verlore vir oor die 1500 jaar tot op die jaar 1859. Nou besit die Kerk dit.

(e) *Die Handskrif Vaticanus*. Hierdie een is net so oud as die vorige wat ontdek is op Sinai. Dit is van belang om daarop te wys dat Tischendorf meen dat die Handskrifte Sinaiticus en Vaticanus albei geskrywe is in die „ Scriptorium ” (skryfkamer) in Cesarea waarvan ons in 'n vorige hoofstuk geskrywe het. Dus meen hul dat dit twee van die 50 Bybels is wat Eusebius laat afskrywe het in Cesarea op versoek van Constantyn. Tot hierdie konklusie kom hul, omdat Tischendorf meen dat hy dieselfde handskrif van dieselfde skrywer vind in albei die Handskrifte. As dit juis is, dan is die Handskrifte Sinaiticus en Vaticanus „ die twee oudste Bybels vandag in die wêreld.” In elk geval is die Vaticanus vir die Teks van ons Bybel net so belangrik as die Sinaiticus, en is dit in elk geval net so oud. Dr. Lodder meen dat dit moontlik nog 50 jaar ouer is as die Sinaiticus. Dit bevat die hele Ou Testament en byna die hele Nuwe Testament. Dit word die Vaticanus genoem, omdat dit in die Vatikaan, die Paleis van die Pous, is. Dit het vir 400 of 500 jaar gelê in die biblioteek van die Vatikaan. Wel weet ons dat die Vatikaanse biblioteek 'n katalogus van die boeke in die biblioteek uitgegee het in die jaar 1881, en dat hierdie Bybel daarin genoem is, en dus kon dit bestudeer word vir die suiwere Griekse teks van die Nuwe Testament. In 1889 het daar 'n pragtige fotografiese edisie van verskyn. Dit bestaan uit so wat 700 blaaie.

(f) *Die Handskrif Alexandrinus*. Dit word so genoem omdat dit in Egipte geskrywe is, en ook oorspronklik aan die biblioteek van Alexandrië behoort het. Dit is in 1628 deur die Patriarg van Constantinopel as geskenk gegee aan Karel I van Engeland.

Ons het in Deel IV gesê dat van hierdie Handskrif

daar 'n portret is in Johannesburg. Dit bevat die hele Ou Testament in Grieks, die teks van die Septuagint, en die Hele Nuwe Testament.

Dit is duidelik uit die portret dat die Handskrif in die loop van die eeue skade gely het, sodat van bladsy 1 'n stuk weg is, en so ook van bladsy 2, en die teks van die Nuwe Testament begin eers met Matt. 25: 6; die ander voorgaande deel is verlore geraak.

Waar die Roomse Kerk een van die Handskrifte naamlik die Vaticanus besit, besit die Protestantse Kerk, en wel Engeland, twee, naamlik die Sinaiticus en die Alexandrinus.

(g) *Codex Washington*. In die biblioteek van Johannesburg is daar ook 'n portret van hierdie later-ontdekte Handskrif. Dit is in 1906 in die nabyheid van Kairo ontdek en deur 'n Amerikaner gekoop van 'n Arabier, en so het dit in Washington te lande gekom. 'n Mens kan sien dat die skrif nog baie duidelik is en dit bevat 374 bladsye met byna die hele Nuwe Testament.

Vandag word dit algemeen aangeneem „dat het oudste gedeelte van den tekst uit de vierde eeue na Chr. dateert”, sê Dr. Lodder.

Op hierdie Handskrifte kan ons dan vandag die teks van die oorspronklike Grieks van die Nuwe Testament te lees kry.

IV

DIE WEG VAN DIE BYBELVERTALINGS

Nou wil ons aantoon wat die betekenis is van al die Bybelvertalings in die loop van die eeue. Ons sal sien dat die Bybel na ons en na ons Afrikaanse Vertalers ook gekom het langs die „Weg van die Vertalings van die

Bybel". Om mee te begin kan ons dit sê: Ons weet nou van die Ou Handskrifte wat ons nou besit, maar ons weet ook van ou Handskrifte wat in die vervolgings verwoes geword het. Nou is dit baie moontlik, dat van hierdie oudste vertalings wat ons besit, vertalings is van daardie ou verlore Handskrifte en dat hul selfs nog ouer was as die wat ons hierbo genoem het en nog besit.

Tereg skrywe 'n outoriteit, nadat hy gehandel het oor 4095 Nuwe Testamentiese Handskrifte: „doch daarby vormen de oude Syrische, Koptische, Latijnsche, Arameesche vertalings nog een zeer welkom hulpmiddel om den oorspronklijken tekst vast te stellen. En zoo kan men zeggen, dat van geen geschrift der oudheid, de Tekst zoo zeer vaststaat als die van den Bijbel”.¹

Daar die Bybel Gods Woord is, kan ons verstaan, dat daar tallose vertalings van die Bybel in die loop van die eeue—tweeduisend en meer jare—ontstaan het. Hieroor kan 'n aparte boek geskrywe word. Ons wil met ons doel voor die oog net enkele opnoem om duidelik te maak hoedat ons Afrikaanse Bybel—en enige vertaling van ons tyd—afhanklik was van vorige oorsittings van Gods Woord in die volkstale.

(a) *Die Bybelvertalings voor die koms van Jesus*. Die enige vertaling wat ons het van voor die koms van ons Saligmaker, is die ou Griekse vertaling van die Ou Testament. Dit word gewoonlik genoem „die Septuaginta”.² (Septuaginta is Grieks vir 70). So word dit dikwels kortweg geskrywe „LXX” (70). Hollandse skrywers noem dit dikwels „De Zeventiger”.

Dit word so genoem volgens die ou oorlewering dat

¹ Obbink en Brouwer: Inleiding tot den Bijbel.

² Sien hieroor Deel III, Hoofstuk IV.

LXX (70) geleerdes dit vertaal het in LXX (70) dae. Hierdie oorlewering is natuurlik onjuis.

WAAROM IN GRIEKS VERTAAL?

Waarom moes die Ou Testament oorgesit word in Grieks? Die ou wêreld het vanaf die optree van Alexander die Grote bestaan onder die Grieke, en dus was die wêreld se offisiële taal Grieks. So het dan die Jode ook bestaan onder die Grieke. Veral het baie Jode deur die verstrooiing wat begin het met Nebukadnesar se verwoesting van Israel se aparte volksbestaan en van Jerusalem, gaan woon in Egipte en in Alexandrië, die stad wat Alexander laat bou het. So het duisende Jode Griekssprekendes geword. Ons sien ook in die boek Handelingte dat daar sprake is van klagtes dat die Griekse weduwees verwaarloos is deur die Apostels. Hierdie weduwees was Griekssprekende Joodse weduwees. Die gevolg was dat die Griekse Koning, om hierdie Jode tevrede te stel, bevel gegee het dat die Bybel van daardie dae, nl. die Hebreuse ou Testament, in Grieks vertaal moes word. Hierdie werk het begin in 280 v. Chr. en het 150 jaar geduur, en nie 70 dae soos die oorlewering geleer het nie.

TWEE OU JOODSE BYBELS.

So was daar toe onder die Jode „Twee Joodse Bybels”, die een in Hebreus vir die wat Hebreus geken het, en een in Grieks vir die Griekssprekendes. Hierdie LXX, die Griekse Ou Testament, het vir honderde jare vir baie Jode en ander Griekse nasies baie beteken. Dit het, om mee te begin, die prediking van die Apostels en hul geskrifte wat ook in Grieks was, en die koms van die Christendom voorberei. Dit het nog meer beteken

Dit word van dag algemeen erken, dat byna al die aanhalings wat die Apostels in hul geskryfte aangehaal het uit die Ou Testament, gedoen is uit hierdie Griekse Ou Testament. Dit kan ons goed verstaan. Maar nog meer, dit word vandag algemeen erken dat hierdie LXX afkom van 'n ander Hebreuse Teks of Handskrif as die ou Hebreuse Bybel wat die Jode gehad het, en die wat ons vandag nog het, en wat ons vertalers voor hul gehad het. Gevolglik is hierdie verskil vandag nog merkbaar, as ons die LXX sou vergelyk met die Hebreuse Teks soos ons dit het.

Nog 'n ander verskil. In die LXX is opgeneem sekere Apokriewe boeke wat nooit in die ou Hebreuse Ou Testament van Palestina opgeneem was nie. Ons moet nie vergeet dat die ou Jood van Palestina meer konserwatief was as die Jood van Alexandrië nie, en nooit die Apokriewe boeke in sy Hebreuse Bybel sou toelaat nie. Hier sien ons dan langs watter weg die Apokriewe boek van die LXX in die Roomse Bybel later ingekom het.

(b) DIE OUDSTE VERTALINGS NA CHRISTUS.

Ons weet dat die Christendom na sy stigting spoedig vir hom uitgebrei het. Aan die end van die Iste eeu was dit in Noord-Afrika, ook in die verre Ooste, ook in die verre Weste van Europa tot by Rome, en in Wes-Afrika tot by Kartago. So is daar spoedig die behoefte gevoel om Gods Woord te besit in die volkstaal. Die posisie was toe so:

I. Die ortodokse Jode wat vyande was van die Christendom, het onder die leiding van die ou skrifgeleerdes vasgeklem aan die ou Hebreuse Teks

van die Ou Testament. Langs hierdie weg het dit na ons gekom in ons Hebreeuse Bybels van vandag.

II. Die Christendom het hom uitgebrei onder die Griekssprekende nasies. Hul het hul gehou aan die Ou Testament in Grieks (LXX) en aan die Griekse Handskrif van die Nuwe Testament.

III. *Die Siriese Vertalings vir die Ooste.*

Die Christendom het hom ook uitgebrei na die verre Ooste waar die *Siriese Taal* geheers het. So het die behoefte ontstaan om Gods Woord oor te sit in die volkstaal, die Siriese, of anders genoem die Aramees-Siriese Taal. Die gevolg was dat in die jaar 150, dit is 60 jaar nadat Johannes sy Evangelie of sy Groot Brief geskrywe het, 'n vertaling van die 4 Evangelies in die Siriese Taal al klaar was. Dit beteken dat party van hierdie vertalers moontlik nog vir Johannes geken en gehoor het—dus eerstehandse kennis gehad het van baie woorde en uitdrukkings in Johannes se tyd in gebruik. Dan moet ons ook nie vergeet nie dat in die dae van Johannes die spreektaal van die Jode wat nie Grieke was nie, die Aramees-Hebreeus was, 'n taal baie na verwant aan die Aramees-Siriese taal waarin die 4 Evangelies nou vertaal was. Hierdie vertaling het dan Handskrifte van die 4 Evangelies gehad wat baie ouer was as die oudste wat ons reeds genoem het. So bring hierdie Siriese Evangelie ons dig by die oorspronklike teks van Mattheus-Johannes se Evangelies.

Geen wonder dat hierdie Siriese Evangeliebundel genoem word „*die oudste Evangeliebundel*” vertaal in 'n volkstaal. Maar dit is seker dat in die loop van 'n paar eeue daar ook ontstaan het verskeie

Siriese vertalings van die hele Bybel, behalwe die 4 Evangelies.

Die gevolg was dat daar sowat in die jaar 435 in die Siriese Kerk 'n sterk behoefte gevoel is aan 'n Siriese Volksbybel, 'n Siriese Standaard-Bybel. Met die gevolg dat daar ontstaan het:

IV. DIE PESCHITTA.

„Die Peschitta” is tot vandag toe nog die Bybel in die Ooste vir die Siriese Nasies. Dit is 'n vertaling van die hele Ou Testament direk uit die Hebreeus, dus in 'n taal wat baie naby die taal van ons Ou Testament Hebreeus is.

Dit bevat die hele Nuwe Testament behalwe 'n paar boeke. Die „Vier Evangelies in Siries” lê voor die skrywer op die tafel en is nog van belang.

V. KOPTIESE VERTALINGS VAN EGIPTES.

Nou het ons alreeds gesien dat die Griekse taal oppermagtig was in Noord-Egipte, veral onder die invloed van Alexandrië en van sulke groot manne soos Origenes. Maar in Suid-Egipte was die Koptiese taal die volkstaal. Daar het die Christendom die eerste posgevat onder die Koptes, die voorvaders van die Abessiniërs. Daar was die Koptiese Kerk. Die Koptes was so talryk dat hul taal meer as een dialek gehad het.

Nou is dit van belang om te weet dat sekere geleerdes van die Oxford-Universiteit onlangs ontdek het, dat daar in 150 na Chr. 'n Koptiese vertaling van die Bybel in die taal van opper-Egipte was. Nog meer, so wat 16 jaar gelede is daar ontdek 'n Koptiese Bybel van byna die hele Nuwe Testament in die Koptiese taal van Suid-Egipte.

VI. DIE LATYNSE LANDE.

Maar ook vir hierdie lande wat ons kan noem die Weste, met Kartago in Noord-Wes-Afrika, en Rome in Italië, wat as vanself aangewys was as die toonaangewende stede, ook vir hierdie lande moes die Bybel in Latyn vertaal word. Dit kom ons voor asof Noord-Wes-Afrika, met Kartago as die vernaamste stad, die eerste was om die Bybel te begin oorsit in Latyn, en dat Italië met Rome later gevolg het. Dis welbekend dat die vervolgings in 180 gewoed het teen die Christene van Kartago, en van daardie tyd is papiirusrolle van die Christene van Kartago gevind wat, behalwe ander dele, ook bevat het en duidelik noem: „die brief van Paulus”, watter brief weet ons nie. Altans die uitdrukking: „die Brief van Paulus”, kom voor in die papiirusrolle. Ons weet ook dat in daardie vervolging 'n Romeinse offisier aan die Christen Speratus gevra het; „Wat is daardie dinge in jou kis?”, waarop Speratus geantwoord het: „boeke en Briewe van Paulus, 'n regverdigde man”. So was daar aan die end van die tweede eeu heel party Bybelvertalings in Latyn.

'N LAYTNSE STANDAARD-VERTALING.

Maar tussen die 2e eeu en die end van die 4e eeu is daar gevoel, dat hierdie baie Latynse vertalings nie met mekaar ooreenkom nie en selfs so vol foute was, dat daar gevaar was dat die Latynsprekende nasies die suiwere Skrif van die dae van die Apostels sou verloor. So is daar behoefte gevoel aan 'n spesiale Latynse vertaling wat temidde van al die vertalings die plek kon opneem van die offisiële standaard-vertaling.

VII. DIE VULGAAT.

Dit was die welbekende Latynse Bybel, *die Vulgaat*, wat voltooi is teen die end van die 4e eeu. Al die vorige vermeldde Latynse vertalings was vir die doel van ons skrywe, en vir ons eie vertalers, van geen gewig nie. Hierdie Vulgaat egter wel.

Hierdie Vulgaat was die Bybel van die hele Wes-Europa en Noord-Wes-Afrika (Kartago) vir 'n volle duisend jaar. Soos die bogenoemde „Peschitta” die standaard-Bybel in Siries is vir die hele Ooste, net so is die Vulgaat die standaard-Bybel in Latyn vir al die Latynse lande, en ons sal later sien vir die hele Roomse Kerk.¹

„Geen ander boek het ooit so 'n invloed gehad op die ou geskiedenis van die Bybel as hierdie Vulgaat nie”.²

VIII. 'N GROOT GELEERDE.

Hierdie groot geleerde was *Hieronymus*. Veral was hy 'n geleerde Hebraicus. Die biskop van Rome het die behoefte gevoel aan 'n standaard Latynse Bybelvertaling. So het hy hierdie groot werk opgedra aan Hieronymus. Die vorige Latynse vertalings van die Ou Testament was almal vertalings van die ou LXX, dit is, hul het die Grieks van die LXX oorgesit in Latyn. Ons noem hul eenvoudig „die ou Latynse vertalings”. Hieronymus het dadelik as 'n geleerde gesien dat hy nie van hierdie „ou Latynse” bybels kon gebruik maak nie, omdat hul vertalings van 'n vertaling was. Dus het hy besluit om die Ou Testament direk uit die Hebreeus

¹ Sien Deel IV Hoofstuk X.

² P. Smyth: How we got the Bible.

te vertaal. So het hy al die Ou Testamentiese boeke vertaal uit die Hebreeus behalwe die Psalmbundel. Die Psalmbundel het hy vertaal uit 'n Griekse vertaling wat Origenes gemaak het. Die Nuwe Testament het hy nie so deeglik vertaal nie. Dit is meesal 'n hersiening met enige korreksies van enige bestaande Latynse vertalings.

(c) DIE HERVORMING EN DIE BYBELVERTALINGS.

As Protestante weet ons dat die Groot Hervorming nuwe belangstelling in die Bybel opgewek het. Ons weet ook „Na de Hervorming werd de Bijbel overgezet in alle Europeesche Talen”. Ons kan nie van almal iets skrywe nie, of hul selfs eens noem nie. Ons skryf net iets oor 'n paar wat vir ons doel van belang is.

I. DIE DUITSE BYBEL.

Ons ken die rol wat die groot Luther gespeel het in die Hervorming. Tereg sê die Chr. Enc. oor die vertalings: „Vooraan ging Luther”. Ons weet van sy verblyf in die kasteel van Wartburg. Daar het hy stilte gehad. Maar sy gees was te ywerig en te vol energie om stil te sit en niks te doen nie. So het hy in die stilte vir sy volk die Bybel in die Duitse taal gegee, en het van hom gekom die eerste volledige Bybel in Duits in die jaar 1534. Hierdie vertaling van Luther word nog altyd gebruik deur die Duitsers, en hoewel in 1883 hersien, is dit nog die Duitse Bybel.

II. DIE VULGAAT EN DIE KONSILIE VAN TRENTE.

Dis 'n welbekende feit dat Hieronymus wat die Vulgaat-Bybel in Latyn aan die Weste gegee het, teen die Apokriewe boeke was. Maar as gevolg van die

¹ Chr. Encycl.

drang op hom uitgeoefen deur die biskop, het hy twee Apokriewe boeke in Latyn vertaal. Ons weet ook nou dat hy geweier het om die Apokriewe boeke op een lyn te stel met die Kanonieke boeke van die Ou Testament. Ons het ook gesê dat die Vulgaat die Bybel van Westelike Europa was vir 1000 jaar lank. Maar wat gebeur nou na hierdie 1000 jaar? Die Hervorming breek uit. Die Kerk van Rome moes antwoord gee op die Hervorming, en so hou Rome die groot

KONSILIE VAN TRENTÉ.

Hier het sy o.a. vasgestel die Kanon van die Roomse Bybel en ook wat haar offisiële Bybel is vir al haar lidmate. Dit sou die Vulgaat wees, en dit is vandag nog die offisiële Bybel van Rome. Op die 15e Febr. 1546 besluit die Konsilie dan ook dat tot die Bybel behoort die Apokriewe boeke Tobit, Judith, Wysheid, Ecclesiasticus, 1 en 2 Makkabeërs, en dan volg hierdie woorde: „As enigeen nie hierdie boeke ontvang as heilig en kanoniek nie, laat hom vervloek wees!”

Tereg spreek Westcott in sy groot werk oor die Kanon van die Nuwe Testament van hierdie besluit as „hierdie fatale besluit”.

III. DIE ENGELSE BYBELS.

Daar is twee Engelse vertalings wat vir ons doel die meeste beteken. Die een is die Bybel wat meesal deur die Engelse volk gelees en gelief word, nl. die sogenoemde „Authorized Version” van die jaar 1611. Die ander een word meesal deur die geleerdes geraadpleeg nl. die sogenoemde „Revised Version” van die jaar 1881.

England se grootste geleerdes het hierdie „Revised Version” vertaal. Hul het kon gebruik maak van al die

jongste ontdekkings en opgrawings tussen 1621 en 1881. Veral het hul kon gebruik maak van die oudste Handskrifte wat maar kort van te vore ontdek was, soos die Sinaitica, Alexandria en Vaticana. Dit kon Luther en die vertalers van „Ons Staten Bijbel” by voorbeeld nie doen nie.

IV. DIE BYBEL VAN HOLLAND.

Daar is miskien geen land ter wêreld, waar die Bybel so baie vertalings gesien het as in Holland nie. Met ons doel voor die oog dink ons terug aan 1618-19, die dae van die Sinode van Dordrecht. Hierdie Dortse Sinode het vir die Ger. Kerk beteken wat die Sinode van Trent van 1545 beteken het vir Rome. In die gees sien ons die waardige Ds. Boogerman as voorsitter sit. Op die 177ste sitting, 6 Mei 1619, is ter sprake gebring die langgevoelde behoefte aan 'n Nasionale Bybel vir Nederland, sodat hul uiteindelik die besluit geneem het om so 'n Bybel te vertaal. Ses vertalers is aangestel, drie vir die Ou Testament en drie vir die Nuwe Testament. Die drie vir die Nuwe Testament was Walaeus, Hommius, Rolandus. Ses groot manne! Dit het verskyn in 1657 en word tot vandag nog genoem „De Staten Bijbel”. Geen pen kan beskrywe wat hierdie Ou Statebybel vir Nederland en vir ons voorouers uit Nederland en vir ons Voortrekkers en vir ons volk beteken het nie! Hierdie Bybel het 'n groot rol gespeel in die ontstaan van ons Afrikaanse Bybel. In kort kan ons nou vasstel dat die waarde van al die vertalings tweeledig is:

- (a) Deur dit terug te sit in Hebreeus, as dit die Ou Testament is, vind ons uit wat die oorspronklike

Hebreeuse woord of uitdrukking was, of wat die oorspronklike Griekse woord was, as dit die Nuwe Testament is.

- (b) Deur die vertalings met mekaar oor seker verse te vergelyk, kan ons gelei word om te sien wat die regte oorsetting is.

V

DIE WEG VAN BYBELAANHALINGS IN DIE OU GESKRIFTE

DIT word in ons kaart op bladsy 11 aangetoon as die Derde Weg waarlangs die oorspronklike geskrifte van die Bybel wat almal vir ons verlore gegaan het, in die loop van die eeue na ons gekom het.

Ons het reeds dikwels melding gemaak in vorige hoofstukke van die ou geskrifte van die Apostoliese Vaders en die Kerkvaders om te bewys hoe die ou geskrifte ons help in die bepaling van die Kanon van die Bybel. Maar hul het nog 'n ander waarde vir ons, en miskien 'n groter waarde. Dit is, om die Kerk te help om vas te stel wat die ware teks, wat die juiste woorde is wat die Bybelskrywers gebruik het. Is dit dan nie vir ons van groot belang om te weet dat die eerste ou skrywers wat by voorbeeld die Apostels aangehaal het, goeie bekendes van hul was, en selfs leerlinge of katkisante was van Paulus, Petrus en Johannes nie? So voer hul geskrifte ons terug na die oorspronklike Briewe of Evangelies van die Apostels. Dis ook baie verstaanbaar dat hul in die stryd van die Kerk teen kettery en vervolging dikwels aangehaal het wat die groot Apostels geskrywe het. Dit is selfs moontlik dat die eerste van

hul wat die Apostels geken het, nog die Apostels se handskrifte self gelees het, voordat dit verlore gegaan of vergaan het, en dit voor hul gehad het, toe hul die aanhalings gedoen het. Tereg sê die Chr. Encyclopaedie: „De Kerkvaders zijn dadelijk begonnen met de Schrift op velerlei wijze te citeeren”.

'n Ander skrywer sê dat „die aantal van hierdie geskifte”—en hy bedoel seker ook die aanhalings daaruit—„groot is, en hul moes vir die vasstel van die Teks meer gebruik gewees het¹.”

'n Ander skrywer sê weer so betekenisvol, dat daar soveel bybelverse aangehaal is deur hierdie Ou skrywers, dat ons vandag daarmee die Hele Ou en Nuwe Testament kon uitmaak en opmaak. Hierin is 'n groot waarheid, hoewel dit oordrewe is.

Laat ons nou net 'n paar van die ou geskifte opnoem wat wemel van aanhalings veral uit die Nuwe Testament. Daar is die Brief van Barnabas, die Brief van Clemens van Rome, die Pastor van Hermas, die Brief van Ignatius geskrywe op pad na Rome om daar die marteldood te ondergaan.

Die Brief van Polycarpus wat 'n leerling van Johannes was, is baie kort, maar dit het nie minder as 40 aanhalings uit die Nuwe Testament nie. Dan is daar nog die Geskifte van Irenaeus, Tatianus, die skrywer van die Diatessaron, Justinus die Martelaar, die groot Clemens van Alexandrië, Eusebius, Origenes, Tertullianus, Athanasius, Augustinus, ens.

¹ P. Smith: How we got the Bible.

VI

DIE TEXTUS RECEPTUS OF
„DIE AANGENOME TEKS”

ONS lees nou elke dag die Bybel in ons eie taal. Ek glo nie dat u besef wat 'n groot werk en moeite daar voorafgegaan het nie—watter reusewerk dit gekos het vanaf die tyd van Moses (1450 voor Christus) tot op die dag toe die gedagte by ons volk opgekom het om die Bybel in sy eie taal te hê, 'n tydperk van oor die 3350 jaar. Wat is daar dan gedoen?

Bekyk die kaart op bladsy 11 nog eens goed. U weet nou dat ons probeer aantoon het dat ons aan die Heilige Skrif gekom het langs Drie Weë, die van die Handskrifte, van die Bybelvertalings en van die Bybelaanhalings. Maar hoe het 'n ou al daardie massa materiaal na ons gekom in die vorm van Twee Boeke, naamlik:

die Ou Testament in Hebreeus en
die Nuwe Testament in Grieks?

DIE MASSORETE.

Ons begin met die Ou Testament. Hoe het ons aan die Hebreeuse Bybel gekom om dit te kan vertaal? Het ons vertalers die 3000 Handskrifte van die Ou Testament en al die Vertalings van die Ou Testament in die loop van 2000 jaar, en al die massa aanhalings uit die Ou Geskrifte voor hul op tafel gehad? Moes hul dit alles met mekaar vergelyk, woord vir woord, vers vir vers, om te kom by Gen. 1: 1 en so aan tot aan die laaste woorde in Maleagi? Sekerlik nie. Dit was 'n werk

van honderde jare! Hierdie werk was al gedoen honderde jare vantevore, en was al vir eeue klaar, voor ons ooit gedink het aan 'n volksbybel. Dit was die werk van die Joodse skrifgeleerdes, en veral van wat ons hierbo genoem het die Massorete. Hul word genoem Massorete na die Hebreeuse woord „Massora” wat „oorlewering” beteken. Dit is te betwyfel of ons vandag sonder die Massorete 'n Ou Testament sou gehad het. Tensy ons ons tevredegestel het met die LXX, wat 'n Griekse vertaling is van die Ou Testament en wat van 'n baie onsuiver Hebreeuse teks is.

Vanaf die Ballingskap na Babilon, maar nog veel meer vanaf die val van die Joodse Staat in die jaar 70 met die verwoesting van Jerusalem deur die Romeine, het die Joodse Skrifgeleerdes alles in hul vermoë gedoen om vas te stel 'n Standaard Offisiële Bybel vir die Joodse Kerk in die Hebreeuse Taal. „Geen Afskriften werden meer voor echt verkend, dan die door bekwame afschrijvers naar 'n algemeen geldend origineel, onder scherpe controle werden vervaardigd”.¹

Hierdie werk „vertegenwoordigt den litterairischen arbeid van een ontelbaar aantal Joodsche werkers, die aanving reeds in den voor-Maccabeesche tijd (165 voor Chr.) en door gaat tot het jaar 1425 na Chr., toen de Massora gedrukt werd”.²

Op ons kaart sien u die datum, 400–800 jaar na Christus, aangegee vir die Massora. In daardie tyd kon dit gelees word, maar dit was nog nie gedruk nie. En van 500 tot 800 het hul eers die vokaal-tekens en die punktuasie ingevoeg. Die leser sal hom herinner dat ons vantevore geskryf het dat die Hebreeuse taal bestaan

¹ Obbink—Brouwer: Inleiding tot den Bijbel.

² Chr. Encycl.

het alleen uit konsonante en nie ook uit vokale nie. Nou eers het hul vokaal- en leestekens ingevoeg.¹

DIE TEXTUS RECEPTUS VAN DIE MASSORA.

Ook genoem die offisiël aangenome teks vir die Ou Testament. Die eer kom die Joodse volk toe dat hul deur hul Joodse geleerdes vir ons die Ou Testament gegee het. Die eer kom verder die Jood, Jacob Ben Chajim, toe dat hy na al die materiaal wat verskaf was deur die Massorete en deur die Massora wat gedruk was in 1425, alles hersien het en sistematies gerangskik en gedruk het in die jaar 1524 in die welbekende „*Bomberg-uitgawe van die Ou Testament*”.

Sy uitgawe het geword die offisiële Hebreeuse Ou Testament en word tot vandag toe nog genoem:

DIE TEXTUS RECEPTUS OF AANGENOME TEKS VAN DIE O.T.

Hierdie boek is die Hebreeuse Bybel wat voor ons vertalers gelê het en wat hul moes vertaal in Afrikaans.

DIE NUWE TESTAMENT.

Ons wil hier ook vra, moes die Vertalers van die Nuwe Testament al die 4000 Handskrifte, klein en groot, oor die Nuwe Testament, en al die Bybelvertalings, en al die massa Aanhalings van die Kerkvaders, nou eers van voor af met makkaar vergelyk, woord vir woord, vers vir vers vanaf Matt. 1: 1 tot Openb. 22: 21 om die Nuwe Testament in Grieks op te maak, voordat hul dit kon vertaal?

Nee! So het God die Heer nie met Sy Woord, die Nuwe Testament, gehandel nie. Hierdie voorbereidingswerk vir die Vertalers van die Engelse volk en Duitse

¹ Sien Deel V. Hoofstuk II.

volk en ons volk het die Heer laat doen deur ander manne in die loop van eeue en eeue.

DIE TEKS-KRITICI.

Dit is die naam wat gewoonlik gegee word aan hierdie manne wat moes sorg vir die suiwer Griekse teks van die Nuwe Testament. Die woord „Kritiseer” waar die naam „Kritici” vandaan kom, beteken in Grieks „oordeel vorm”. Dus was die werk van die „Teks-Kritici” om uit al die materiaal van gegewens van 4000 Handskrifte, Vertalings en Aanhalings „oordeel te vorm” watter Griekse woorde die regte teks uitmaak.

Hierdie nuwe geleerdes het 'n reuse-arbeid verrig vir Christus se Kerk! Ons kan sê dat die eerste man wat hiermee begin het en vir ons die eerste Griekse uitgawe gegee het, die Hollander Erasmus, die Hervormer was. Ons kan onmoontlik al die name hier noem, maar ons kan nie nalaat om die name te noem van Griesbach en Tischendorf nie. Dis ook nie hier die plek om hul reuse-arbeid te beskrywe nie. „Niet alleen dat honderden handschriften letter voor letter zijn vergeleken, maar ook een menigte vertalingen en weder handschriften van oude vertalingen, als mede ontelbare aanhalingen van bijbelplaatsen bij de Kerkvaders”.¹

DIE TEXTUS RECEPTUS VAN DIE NUWE TESTAMENT.

Net soos daar 'n Aangenome Teks van die Ou Testament in Hebreeus moes verskyn, so het daar ook verskyn „Die Textus Receptus van die Nuwe Testament” in Grieks.

Na die uitgawe van Erasmus wat die eerste was, het daar nog meer verskyn, en elkeen het probeer verbeter

¹ Van Koetsveld: Van waar Onze Bijbel?

op die vorige. So het uiteindelik in 1523 verskyn die uitgawe van die geleerde Stefanus—met die hulp egter van die uitgawes van Erasmus en Beza. Hierdie uitgawe het die drukker Elzevier gedruk in 1624 en hul het vooraan die woorde gesit: „Textum ab omnibus Receptum” (Teks deur almal aangeneem) Hierdie Griekse Teks, genoem die Textus Receptus van die Nuwe Testament, het ten grondslag gelê van al die Bybelvertalings in die tyd van die Hervorming of van wat kort daarna ontstaan het, en dus ook van „De Staten Vertaling”.

Hierdie „Staten Vertaling” het dan in hoofsaak die teks van Stefanus gevolg. Van hierdie Griekse uitgawe was dit die geval dat dit nie een van die latere Handskrifte gebruik het nie, want hul is later eers ontdek. Alles te saam is daar maar nie meer as 25 Handskrifte geraadpleeg nie. Die oudste hiervan is die wat genoem word „Handskrif Beza”, die vriend van Calvyn. Hierdie Handskrif dateer uit die 6e eeu.

Na hierdie tyd het daar veral as gevolg van groot studie gedurende die afgelope eeue gemaak van die teks van die Nuwe Testament, verskeie uitgawes verskyn wat volle gebruik gemaak het van wat ons meermale genoem het „die oudste Bybels in die Wêreld”. Dit is die uitgawes veral van Baljon, van Soden, en van Nestle.

VERDELING IN HOOFSTUKKE.

Maar as ons ons die Bybel lees, dan sien ons dat dit verdeel is in hoofstukke en in verse wat genommer word. So kan ons spreek van Jesaja Hoofstuk 25 vers 8, ens.

Waar kom dit vandaan? Die eerste wat gewoonlik genoem word as verantwoordelik vir die indeling in Hoofstukke, is Langton van Engeland in die jaar 1228.

Vir die indeling in verse word genoem Robert Stefanus in die jaar 1551. Die verhaal is dat Stefanus te perd op 'n stap gereis het van Lyon na Parys en Frankryk. So het hy op sy perd die Nuwe Testament sit en lees en die verse afgemaak.

Ons Vertalers het voor hul gehad die *Textus Receptus* van die Nuwe Testament in Grieks. Hul moes dit vertaal.

VII

ONS AFRIKAANSE BYBEL

KOM laat ons saggies instap in die studeerkamer van een van ons vertalers. Hy is verdiep, druk besig met sy vertaling te doen. Hul was 5 in getal: Drs. du Toit, Fourie en van Rooyen vir die Ou Testament, en Drs. Kestell en Keet vir die Nuwe Testament. U sien hy sit by sy tafel.

Voor hom lê die vrug van die werk van baie eeue, ja, vanaf Moses. Daar lê voor hom die Hebreeuse Bybel—die aangenome Teks, en die Griekse Bybel—die aangenome Teks.

Verder sien u 'n skare van boeke wat hy voortdurend moet raadpleeg. As hy besig is met die Ou Testament, dan lê daar van die vernaamste *Ou Vertalings* wat hy uitgekies het, omdat hul veral lig werp op die Ou Testament. Die eerste is seker die LXX (Ou Testament in Grieks vertaal). Dan die Vulgaat van die Roomse Kerk in Latyn. Seker ook die Peschitta, die Bybel van die Ooste in Siries vertaal. Die Peschitta is van belang, want hul meen dat dit in die jaar 435 deur Siriese Christene direk uit die Hebreeus in Siries vertaal is.

Moontlik ook die Targum en die Pentateug van die Samaritane. Dan sien u ook lê daar die latere vertalings van en na die Hervorming tot op datum. Seker ook die groot Luther-Duitse Bybel, verskillende Amerikaanse en Engelse Bybels. Onder die Engelse Bybels kry seker die vernaamste plek die sogenaamde „ Revised Version ” van 1881.

DIE STATEN BIJBEL.

Maar die ereplek word gegee aan die Ou Staten Vertaling van Dort, omdat die drie Afrikaanse Kerke besluit het dat dit die basis moes vorm, saam met die Aangenome Teks van die Ou en Nuwe Testament, vir ons Afrikaanse Bybelvertaling.

Is die Vertaler wat u daar sien by sy tafel, belas met die oorsetting van die Nuwe Testament, dan lê daar seker voor hom ook die jongste Griekse uitgawes. Die Vertaler weet dat hy hom moet hou aan die Textus Receptus, maar hy weet ook dat van die druk van die Textus Receptus in die jaar 1624 en die ontstaan van die Staten Bijbel in 1637 driehonderd jare verloop het, en dat in die driehonderd jaar baie lig opgegaan het ten opsigte van die Griekse teks en die Griekse taal van die Nuwe Testament.

Sowat 100 jaar gelede, soos ons reeds gesê het, is ontdek die drie oudste Handskrifte, en gevolglik het die jongste Griekse uitgawes baie opgeneem uit hulle in die Teks van die Nuwe Testament. Die oudste Handskrif is gewoonlik die naaste aan die waarheid. Die jongste Griekse uitgawes, of noem dit Nuwe Testamente in Grieks, is seker die van Baljon, van Soden, en veral van Gerhardus Nestle. In hierdie Griekse Bybels het

die vertaler voor hom saamgevat die resultaat van die werk van die eeue: die Afskrifte van die Apostels se 27 geskrifte, die Vertaling van die Nuwe Testament, die Aanhalings en die Textus Receptus.

Maar u sien op die tafel lê al die vernaamste vertalings wat lig werp veral op die Nuwe Testament. So byna almal wat ons reeds hierbo genoem het, en daarby ook die jongste vertalings, soos die Leidse Nuwe Testament. Moontlik lê daar 'n boek wat handel oor die Aanhaling van die Kerkvaders; wie weet, miskien al die Kerkvaders se geskrifte self. Hiervoor het hy al 'n tweede tafel nodig.

Moontlik sien u op die vloer van sy studeerkamer 'n menigte van die beste kommentare lê om die betekenis te kry van die woorde—Hebreeus of Grieks.

Dan nog verskeie van die beste Hebreeuse woordeboeke en van die beste Griekse woordeboeke. Onder die laaste het hy seker gekoop (of geleen) die allerjongste Griekse Woordeboeke.

Waarom die jongste? Vroeër het ons, as ons wou weet wat 'n woord in die Griekse Nuwe Testament beteken, gegaan na die Ou woordeboeke van die ou klassieke Grieks—die taal waarin Thucydides en Plato geskryf het. Maar nou nie meer nie. Ons het nou later tyd die Griekse woordeboeke van die Nuwe Testament, omdat onder die leiding van die geleerde Deissman di ontdek is deur middel van opgrawings van papiri en inskripsies, dat daar 'n baie groot onderskeid is tussen die Ou Klassieke en die Grieks van die Nuwe Testament; dat die Grieks van ons Nuwe Testament behoort tot feitlik 'n aparte taalvorm, genoem die „Koine”, wat sy eie letterkunde het, en so het ons leer sien die

regte betekenis van baie Griekse woorde van die Nuwe Testament.

Iemand deel mee dat dit aangeneem word dat daar 550 Griekse woorde in ons Nuwe Testament is, en dat 500 hiervan teruggevind is in die papiri en inskripsies.¹

DIE VERSKYNING.

So het die heuglike dag aangebreek dat ons Afrikaanse Bybel verskyn het in 1933. Oral het u gelees van Bybel-feeste. Ons jong geslag het nou sy Bybel in sy eie taal. Groot was ook die ontvangs van ons Bybel. Ons volk het gekry wat hy wou gehad het.

VERBETERINGS.

Soos ons kon verwag, het ons vertalers enige verbeterings aangebring. Net 'n paar voorbeelde. *Neem een uit die Ou Testament.* Lees in ons Staten Bijbel 1 Sam. 13: 1. Hier staan „Saul was 'n jaar in zijn regering geweest en het tweede jaar. . . .” Ons vertaler het geweet dat hier bedoel word die ouderdom van Saul toe hy koning geword het. Ook het hy geweet dat die „Aangenome Teks” se Hebreus hier nie korrek is nie. Nie dat die gewyde skrywer hier gedwaal het nie, maar dat die Afskrif van die aangenome teks foutief was. Temeer het hy geweet dat die Hebreus van die LXX hier 'n ander en die korrekte lesing het. Toe het hy in sy vertaling die LXX gevolg. So lees dan ons Afrikaanse Bybel hier: „Saul was dertig jaar oud toe hy koning geword het. . . .” 'n Paar uit die Nuwe Testament:

In Fil. 3: 20 lees ons ou Bybel „onze wandel is in de hemelen.” Maar op grond van die opgrawings en

¹ Obbink—Brouwer.

ontdekkings is nou in ons nuutste Griekse woordeboeke die woord „burgerskap” aangegee as die betekenis van die Griekse woord „politeuma”. Gevolglik lees ons Afrikaanse Bybel, „ons burgerskap is in die hemele”. ’n Pragtige verbetering.

In Johannes 1: 5 lees ons ou Bybel „en de duisternis heeft hetzelfde niet begrepen”. Tereg sê iemand dat daar in hierdie vertaling „’n pessimistiese trek” is. Nou weer op grond van die nuwe lig van die taal van die Nuwe Testament het ons vertalers hier vertaal: „die duisternis het dit nie oorweldig nie”. Ja, die duisternis het die Woord, die Lig, Jesus Christus „nie oorweldig nie”. Ook selfs nie aan die kruis nie! Geweldige belofte!

Ek is klaar!

Ek hoop dat ek ’n redelike antwoord gegee het op die vraag: „waarvandaan ons Bybel? . . . en ons Afrikaanse Bybel?”

Mag hierdie boek daartoe bydra om ons volk te maak ’n volk wat sy Bybel lees en liefhet en doen wat daarin beveel word!